BenguFarm™

BEEF

ADVANCED BEEF CATTLE
MANAGEMENT SOFTWARE

# Handleiding

***Weergawe 18-06-2026***

Saamgestel deur

**Leslie Bergh & Tim Pauw**

**www.bengufarm.co.za**

**Kopiereg voorbehou deur BenguelaSoft (Pty) Ltd**
*Geen deel van hierdie dokument mag gedupliseer, gereproduseer of gepubliseer word in enige vorm sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie.*

# INHOUD: Bladsy

## AFDELING A – HOE OM TE BEGIN:


1. Wat behels die BenguFarm sagteware 5
2. Hoe om die handleiding te gebruik 5
3. Diere Identifikasie en Nommering 5
4. Installeer BenguFarm 6
5. Maak BenguFarm vir die Eerste Keer Oop 7
6. Registreer BenguFarm 7
7. Hoofskerm en Algemene Funksies 8
    - 7.1. Boodskappe wanneer BenguFarm Oopmaak 8
    - 7.2. Hoofskerm 9
    - 7.3. Kies Diere Skerm 12
    - 7.4. Algemene Funksies – Alle Skerms 12
    - 7.5. Verslae en Aantekenlyste 12
8. Opstellings 13
    - 8.1. Kudde Opstellings 13
    - 8.2. Groepe – Kalfseisoene, Kampe, Bestuursgroepe, Uitskot- en Verkoopgroepe 16
    - 8.3. Kontakte 19
    - 8.4. Ander Opstellings 19
9. Skep 'n Tweede Kudde en Wissel tussen Kuddes 19
10. Vertoon Opstellings – Hoofskerm en Ander 21
11. Stap-vir-Stap Hulp Funksie 21
12. Trek Dierdata in van Eksterne Bronne 22
13. Skep Dierrekords per Hand 23
14. Aflaai en Intrek van Logix (of Intergis) Data 24
    - 14.1. Algemeen 24
    - 14.2. Aflaai van Logix (of Intergis) Data 25
    - 14.3. Intrek van Logix (of Intergis) Data 26
15. Aankope – Diere en Semen van KI Bulle 27
16. Koppel Diere aan 'n Kamp of Groep en Skuif Diere 28
17. Kontroleer of alle Diere op Rekord is 29
18. Verander of Verwyder Data 29
19. Rugsteun en Herstel van die Databasis 30
20. Sinchronisasie van Data tussen Rekenaars 31


## AFDELING B – BASIESE FUNKSIES:


21. Basiese Stappe van Data-aantekening 33
22. Sinchronisasie van Ovulasie 33
23. Dekkings en Inteel Berekenings vir Beplande Parings 33
24. Stuur Dekkings 35
25. Dragtigheidsondersoeke 36
26. Kalwings/Kalwers gebore (insluitende aborsies, doodgebore kalwers, ens.) 36
27. Stuur Geboortekennisgewings 39
28. Intrek van Rekenaarnommers 40
29. Ouerskapbepalings en ander DNA Dienste 40
30. Inentings, Doserings, Dip en Aanvullings 41
31. Gewigte 42
    - 31.1. Algemeen 42
    - 31.2. Gewigte vir Prestasietoetsing 42
    - 31.3. Algemene en Voerkraalgewigte 44
32. Stuur Prestasietoetsdata (Gewigte) 44
33. Intrek van Diensverskaffer Berekende Prestasietoetsdata 45
34. Intrek van Teelwaardes 45
35. Seleksie en Inspeksie/Keuring 46
36. Intrek van Inspeksiedata 47
37. Verkope, Vrektes en Uitskotte 48

38. Stuur Oordragte en Kansellasies 49
39. Verskuif Diere na 'n Ander Kudde 50
40. Vergelyk BenguFarm BEEF met Logix/Intergis Kuddelys 50
41. Opgradeer die Program 52
42. Hernu die Program se Registrasie 52

**AFDELING C – ADDISIONELE EN GEVORDERDE FUNKSIES:**

Lêer
43. Herbereken Opsommende Data 54
44. Herbereken Verwagte Kalfdatums 54
45. Herbereken Outomatiese Dagboekinskrywings 54
46. Herbereken Inteelpersentasies 54
47. Soek Duplikaat Diere 54
48. Verander ID Nommers en/of -Name 54
49. Administratiewe Funksies 54
50. Foutopsporing en Probleemoplossing 55

Diere
51. Notas 55
52. Voorkoms Opmerkings 55
53. Familielyne 55
54. DNA Geverifiëerde Ouerskappe 56
55. Genomiese Resultate 56
56. Data Navigeerder 56
57. Soek Dier 56
58. Verwyder Elektroniese ID Nrs (EIDs) van Onaktiewe Diere 56
59. Ken 'n Elektroniese ID Nr (EID) aan 'n Ander Dier Toe 56
60. Elektroniese ID Nr (EID) geskiedenis 57
62. Skandeer en Soek EID 57
63. Verander Telers, Eienaars en/of Standplase 57

Reproduksie
64. Bengufarm GENETICS Telingsbestuur Module 57
65. Semen Toetse/Teelgeskiktheid 57
66. Semenvoorraad 57
64. Embriospoelings, -Inplantings en Embriovoorraad 57
67. Onbekende kalwings 57
68. Opdateer Geboortedata van Moeder-gekoppelde Kalwers 58

Produksie
69. Mates en Punte 58
70. Doen Aansoek vir Bul Groeitoetse 58
71. Pelviese Mates 58
72. Liggaansmates, Ultrasoniese Mates, Voerinnames en Bosluistellings 58
73. Bereken benaderde Voerkoste in Op-die-plaas Groeitoetse (Fase D) 58
74. Ankole Horingmates 59
75. Melkdata 59

Verskuiwings
76. Verskuif Diere na 'n Ander Plek 59
77. Naspeurbaarheid 59

Gesondheid
78. Toetse vir Siektes en Parasiete 59
79. Siektes, Beserings en Behandelings 60
80. Entstowwe, Doseermiddels en Aanvullings Voorraad 60
81. Medisyne Voorraad 60

Voeding
82. Voer-en Lek Voorraad 60
83. Voer en Lek Uitgesit per Kamp 60

Ander Data
84. Fotos en Dokumente 61
85. Dagboek en Bestuurskalender 61
86. Prosedures 61
87. Algemene Kudde Uitgawes en Inkomste 62
88. Reënval 62

89. Diverse Voorrade 62
90. Kamp Aktiwiteite 62
91. Diere Gesien 62
92. Versekering 62
93. Toekennings 62
94. Inspeksie Puntings 62
95. Wagyu Karkas Data 63
96. Kudde Notas 63
Verslae
97. My Dierdata Verslae 63
98. Kudde Ontleding 63
Data Stuur/Trek In
99. Stuur Dierfotos na Logix 65
100. Stuur Fase C / D Prestasietoets Aansoek na Diensverskaffer 65
101. Stuur Elektroniese EID Leser Lêers 65
102. Voerinnames intrek vanaf voerstelsel 65
103. Sinchroniseer BenguFarm MOBILE 65
Opstellings
104. My Diervelde 65
Opsies
105. Besigtig en Opdateer My Rekeningbesonderhede 66
106. Aksie Sleutels 66
107. Maak Databasis Leeg 66
Toevoegings
108. Voerkraal Bestuurder 66
Hulp
109. Teamviewer Afstand Ondersteuning 67
110. Vinnige Skakels 67

**BYLAES:**

Bylaag A – Opsomming van Basiese Take in BenguFarm BEEF 68
Bylaag B – Intrek van CSV-formaat / Excel Data 71
Bylaag C – Tru-Test XR5000 Skaal Data Uitruiling 76
Bylaag D – Agrident/Allflex EID Lesers Data Uitruiling 78
Bylaag E – Tru-Test EID Lesers Uitruiling 83
Bylaag F – Embrio Spoelings en -Inplantings 84
Bylaag G – Breedplan Opstellings en Data Stuur & Data Intrek 86
Bylaag H – Berekenings in BenguFarm BEEF 89
Bylaag I – Kontakbesonderhede en Opleiding 97

# AFDELING A – HOE OM TE BEGIN:

## 1. Wat behels die BenguFarm-BEEF sagteware?:

### 1.1 Tipes inligting waarvoor BenguFarm voorsiening maak:

BenguFarm-BEEF is 'n alles-in-een op-die-plaas beesbestuur inligtingstelsel. Dit is ontwikkel vir maklike en doeltreffende rekordhouding van 'n inventaris van diere, verskuiwings van diere, evaluering van reproduksie, produksie en voorkoms vir gebruik in seleksie en teling, dag-tot-dag bestuur, voorraadregisters, uitgawes en inkomste, bemarking en kudde ontleding. Watter inligting uit BenguFarm benodig word, sal natuurlik bepaal watter data aanteken moet word om die betrokke inligting te kan kry.

### 1.2 BenguFarm Mobile toepassing ("App"):

BenguFarm-MOBILE is 'n toepassing ("app") wat addisioneel aangekoop kan word. Dit is beskikbaar vir Android en Apple iOS bedryfstelsels om te gebruik op 'n slimfoon of tablet. BenguFarm-MOBILE kan gebruik word om alle belangrike data onmiddelik vas te lê terwyl daar met die diere gewerk word. Data wat aangeteken kan word, sluit in nuwe diere (registrasie), sinchronisasie van ovulasie, dekkings, dragtigheidsondersoeke, sementoetse, kalwings, gewigte, algemene notas, inentings, kamp-/groepverskuiwings, voer en lek uitgesit, toetse vir siektes, siektes, behandelings, inspeksies, diere gesien ("sightings"), mates en punte, prosedures, verkope en vrektes, kamp aktiwiteite asook reënval.

Die inligting wat aangeteken is op BenguFarm-MOBILE word dan gesinchroniseer met die BenguFarm databasis op die PC/skootrekenaar(s). Sinchronisasie van data kan deur middel van Wi-Fi of Internet ("cloud") koppeling gedoen word, afhangende van watter metode beskikbaar is en watter metode die gebruiker verkies.

Sien die **BenguFarm MOBILE handleiding** vir instruksies om data tussen BenguFarm MOBILE en BenguFarm BEEF te sinkroniseer.

## 2. Hoe om die handleiding te gebruik:

**Afdeling A** van die handleiding verduidelik wat gedoen moet word wanneer begin word met BenguFarm BEEF. **Afdeling B** van die handleiding verduidelik die rekordhouding en funksies wat nodig is vir die basiese gebruik van BenguFarm BEEF. Die items in die handleiding is basies in volgorde gelys soos wat dit in die praktyk gedoen sal word. **Afdeling C** van die handleiding verduidelik addisionele / gevorderde funksies.

**Die stappe om BenguFarm BEEF reg te kry vir vedere gebruik** is as volg:

1. Nommer alle diere met 'n unieke ID Nommer. (sien paragraaf 3).
2. Installeer en registreer BenguFarm BEEF. (sien paragrawe 4, 5 en 6).
3. Doen die nodige opstellings (kuddes, kalfseisoene, kampe, bestuursgroepe). (sien paragraaf 8).
4. Trek dierrekords in en/of skep per hand. (sien paragrawe 12 en 13).
5. Voeg data by:
    a. Teken aankoopdata aan. (sien paragraaf 15).
    b. Merk teel- en KI bulle as Teel/KI bulle en vir Sigbaar vir Reproduksie in alle kuddes. (sien paragraaf 12 of 13).
    c. Koppel diere aan kampe en/of bestuursgroepe. (sien paragraaf 16).
6. Kontroleer dat alle diere op rekord en korrek is. (sien paragraaf 17).

Sekere funksies in BenguFarm BEEF is slegs van toepassing op kuddes wat lid is van SA Stamoek se Logix Beef en/of prestasietoetsing doen deur die LNR se Nasionale Vleisbeesaantekening en -verbeteringskema en/of lid is van 'n telersgenootskap wat die Breedplan stelsel gebruik vir registrasie, prestasietoetsing en teelwaardes. Waar van toepassing, word hierdie funksies so aangedui in die onderskeie afdelings.

## 3. Diere Identifikasie en Nommering:

### Individuele identifikasie:

Individuele identifikasie van diere is natuurlik die basis van rekordhouding. Die mees algemene **metode van identifikasie** is 'n plastiese oorplaatjie met die die dier se unieke nommer daarop. Die verkeerde lees en/of neerskryf van oorplaatjie nommers is egter 'n algemene bron van foutiewe dierrekords. Elektroniese identifikasie is 'n metode wat vinnig veld wen, hoofsaaklik omdat die lees van 'n Elektroniese ID Nr (EID)

met behulp van ’n EID leser, vinnig en akkuraat is. BenguFarm intergreer ten volle met elektroniese identifikasie stelsels – gesels met jou BenguFarm agent of besoek bengufarm.co.za vir meer inligting.

Ons beveel sterk aan dat minstens twee wyses van individuele identifikasie gebruik word, vir die eenvoudige rede dat indien die een verlore gaan (bv. ‘n plastiese oorplaatjie wat uitskeur of afbreek), die dier steeds geïdentifiseer kan word en die historiese rekords dus nie verlore gaan nie. Die identifikasie metode vir **registreerde (stoet) diere** word voorgeskryf deur die betrokke telersgenootskap. Dit bestaan gewoonlik uit ‘n permanente (primêre) metode (bv. brand of tatoeëer) en ‘n sekondêre metode (bv. oorplaatjie of oorknippe en/of elektroniese ID), afhangende van die betrokke ras. Die individuele identifikasie metode vir **kommersiële (nie-stoet) diere** word nie voorgeskryf nie, maar een van die volgende opsies word aanbeveel:

- Brand of vriesbrand of tatoeëer + oorplaatjie (VID) ***of***
- Elektroniese ID (EID) + oorplaatjie ***of***
- Oorplaatjie + staal oorplaatjie ***of***
- Brand of vriesbrand of tatoeëer + elektroniese ID (EID).

Kalwers behoort so gou prakties moontlik na geboorte gemerk te word met minstens een van bogenoemde metodes, gewoonlik ’n plastiese oorplaatjie of oorknippe en/of elektroniese ID. Wanneer kalwers gespeen word, behoort hulle dan ook met ’n tweede metode gemerk te word, bv. brand of tatoeëer. Dit word ten sterkste ontmoedig om by geboorte kalwers met ’n tydelike ID Nommer in BenguFarm aan te teken en dan later, bv. wanneer hulle gespeen word en besluit word watter gehou gaan word, daardie kalwers se ID Nommers te verander, aangesien dit onnodige ekstra werk skep en verwarring kan veroorsaak.

**Indien Elektroniese IDs (EIDs) gebruik word**, sien Bylaag D van hierdie handleiding vir belangrike instruksies, veral met betrekking tot die hergebruik van EIDs.

### ID Nommer formaat:

Die nommer formaat vir **registreerde (stoet) diere** word voorgeskryf deur die betrokke telersgenootskap. Die internasionale ID Nommer format is die betrokke kudde se Kuddekenmerk (bv. ABC) + Jaar van Geboorte (bv. 19 vir 2019) + Volgnommer (bv. 1 vir die eerste kalf gebore in die jaar). In hierdie voorbeeld sal die dier se ID Nommer ABC191 wees. In BenguFarm behoort dit ABC190001 wees. Die voorafgaande nulle by die volgnommer is vir sortering doeleindes. Die nommer format vir **kommersiële (nie-stoet) diere** word nie voorgeskryf nie, maar ons beveel aan dat die ID Nommer bestaan uit die betrokke kudde se Brandmerk (opsioneel) + Jaar van Geboorte (bv. 19 vir 2019) + Volgnommer (bv. 1 vir die eerste kalf gebore in die jaar). Die meeste kommersiële boere gebruik net die jaar van geboorte plus ‘n volgnommer. In bogenoemde voorbeeld sal die dier se ID Nommer 191 wees. In BenguFarm sal dit 1901 of 19001 of 190001 wees, afhangende van hoeveel kalwers verwag word per jaar.

Dit is baie belangrik dat daar in BenguFarm BEEF **geen duplikaat nommers** mag wees nie, aangesien dit talle probleme veroorsaak. Verkieslik moet verskillende ID Nommers vir diere in verskillende kuddes op dieselfde databasis gebruik word, byvoorbeeld stoetdiere se volgnommers 1 – 499 en kommersiële diere se volgnommers 501 - 999. ’n Ander opsie is om in BenguFarm ’n letter vooraan die nommer te sit wat die kudde aandui, bv. **B**191 vir die eerste Bonsmarakalf van 2019 en **N**191 vir die eerste Ngunikalf van 2019. **Let wel:** Gebruik twee (nie slegs een nie) karakters vir die jaar van geboorte (bv. 19 in plaas van 9 vir diere gebore in 2019) om te verhoed dat daar duplikaat nommers oor die lang termyn in die BenguFarm databasis ontstaan. **Sien paragraaf 8, ID Metodes en Nommering, vir opstellings van verstek metodes en formate in BenguFarm.**

### Alternatiewe nommers:

Die ID Nr (ook genoem die visuele ID of VID) is die primêre nommer van ‘n dier in die program. Diere word op hierdie nommer opgesoek en gesorteer. BenguFarm maak egter ook voorsiening vir, waar van toepassing, die rekordhouding van ander nommers, naamlik: Elektroniese ID Nr (EID), Naspeurbaarheidsnommer, Rekenaarnommer (slegs stoet), Dier ID [amptelik] (slegs stoet), Dier Naam (slegs stoet), DNA Nommer (gewoonlik slegs stoet), Genomiese Nommer (gewoonlik slegs stoet), Biobanknommer (slegs stoet), Skaalnommer en Lotnommer. **Om ‘n dier op ‘n ander nommer op te soek**, gaan na Diere > Soek Dier.

## 4. Installeer BenguFarm:

**BenguFarm is die oorkoepelende sagteware produk met verskeie modules, naamlik BEEF, SHEEP & GOATS, GAME, PIGS en GENETICS.** In BenguFarm kan aparte databasisse vir die onderskeie modules opgestel word. Die module wat gebruik word vir die bestuur van vleisbeeste word BenguFarm BEEF genoem. Jy installeer dus BenguFarm, waarna ’n vleisbees databasis registreer word vir die BEEF module.

**Vir 'n video met stap-vir-stap instruksies om BenguFarm af te laai en te installeer**, besoek die BenguFarm "Support Channel" op YouTube by: youtube.com/@BenguFarm > BenguFarm Installation - **Step 1: Download and Install**. Onthou om die BenguFarm-ondersteuningskanaalskakel as 'n gunsteling te stoor vir toekomstige gebruik vir hulp met ander aspekte/funksies in Benguram.

**Om die program van die Internet af te laai en te installeer**:

- Gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Software. Volg die instruksies op die skerm om die volgende sagteware af te laai en te installeer:
  - Crystal Reports Run-Time for .NET Framework (32 -bit) [117MB] (derdeparty sagteware wat gebruik word vir die skep van verslae); en
  - BenguFarm (TM)Installer 3 November 2025 [84MB] of nuwer weergawe. **Nota:** Indien jy 'n sekuriteitswaarskuwing kry, kies "More Info > "Run" of "Allow" of "Run Anyway".
  - Indien jy die opsionele BenguFarm GENETICS Telingsbestuur module saam met BenguFarm BEEF gekoop het, moet die BenguFarm (TM) GENETICS Setup 9 Junie 2025 [37.5MB] of nuwer weergawe ook afgelaai en geïnstalleer word.
- Gaan na Downloads > Updates en laai die nuutste weergawe [56.6MB] van die BenguFarm sagteware af en installeer dit. Indien Windows die opsie "Discard" of "Keep" gee wanneer jy die opdateringslêer begin aflaai, kies "Keep" en dan "Keep Anyway". As jou rekenaar jou steeds nie toelaat om die lêer af te laai nie, deaktiveer jou rekenaar se antivirus tydelik en probeer weer. Sodra die aflaai voltooi is, moet die selfonttrekkende zip-lêer uitgevoer word. Kies "Run" in die dialoog "Download Complete". (Die aflaai voltooi dialoog word deur die webblaaier vertoon sodra die lêer aflaai voltooi is). Windows kan moontlik 'n sekuriteitswaarskuwing gee en die gebruiker vra of die lêer "Run" opdrag uitgevoer moet word of nie. Kies "More Info" en/of "Run" / "Run Anyway" om die opdateringlêer te laat loop.

## 5. Maak BenguFarm vir die eerste keer oop:

**Vir 'n video met stap-vir-stap instruksies om die aanvanklike opstellings te doen**, besoek die BenguFarm "Support Channel" op YouTube by: youtube.com/@BenguFarm > BenguFarm Installation – **Step 2: Enter Initial Settings**.

Dubbel kliek op die BenguFarm program logo op Windows se hoofskerm. 'n Boodskap "Do you want to allow this app (BenguFarm)…" sal vertoon. Kliek "Yes". BenguFarm sal nou oopmaak en die "Welkom in BenguFarm" skerm vertoon. Op hierdie skerm moet jy die volgende invoer:

- **Taal:** Kies die taal waarin jy verkies om op die program te werk. (Jy kan dit enige tyd verander indien nodig).
- **Geregistreerde Gebruiker Naam**: Dit word op die BenguFarm verwelkomings epos aangedui. (Bv. Vetbees Boerdery BK). Maak asseblief seker dat dit korrek is, aangesien jy dit nie later self kan verander nie. (Hierdie naam sal aan die onderkant van alle BenguFarm BEEF verslae vertoon word).
- **Primêre kudde:** Merk "Primêre Kudde (bv. Stoetkudde) wat ek op BenguFarm wil bestuur".
  - By **Module,** kies "Cattle".
  - By **Ras/Spesie**, kies die betrokke ras.
  - By **Kudde Naam/Beskrywing**, vul die naam van jou kudde, of primêre kudde indien jy meer as een kudde het, (bv. Mooibees Bonsmara Stoet) in.
  - **Basiese (nie-stoet) Program Uitleg**: Merk hierdie opsie indien die skerms, verslae en velde wat slegs op stoetkuddes van toepassing is, afgeskakel moet word. Hierdie opsie moet dus gemerk word indien dit 'n kommersiële (nie-stoet) kudde is.
- **Sekondêre kudde:** Merk "Sekondêre Kudde (bv. Kommersiële kudde) wat ek op BenguFarm wil bestuur" slegs indien 'n tweede kudde van toepassing is.
  - By **Module,** kies "Cattle".
  - By **Ras/Spesie**, kies die betrokke ras.
  - By **Kudde Naam/Beskrywing**, vul die naam van die betrokke kudde (bv. Vetbees Kommersieel) in.
- Merk die opsie by **Skep die Onderskeie Kuddes in dieselfde Databasis.** Indien jy twyfel oor hierdie opsie, lees die instruksies in paragraaf 9 vir die skep van addisionele kuddes voordat jy besluit oor die opsie "Skep die Onderskeie Kuddes in dieselfde Databasis".
- Kliek op "Aanvaar hierdie Opstellings".

## 6. Registreer BenguFarm BEEF:

**Vir 'n video met stap-vir-stap instruksies om BenguFarm te registreer,** besoek die BenguFarm "Support Channel" op YouTube by: youtube.com/@BenguFarm > BenguFarm Installation – **Step 3: Register or Renew Registration**.

Daar sal nou 'n skerm verskyn wat jou waarsku dat die program registrasie verval het/nog nie gedoen is nie en dat jy die program slegs vyf dae kan oopmaak sonder om te registreer. Indien jy onmiddellik wil registreer, kliek op "Registreer/Hernu Registrasie Nou". Op die Registrasieskerm by "BenguFarm Module (Spesie)", kies "Beeste". **Om te registreer**, kontak asseblief vir Philna Moulich by 051 4100 910 of stuur vir haar 'n e-pos na registration@benguelasoft.co.za. Verskaf aan haar die volgende besonderhede:

- Jou geregistreerde BenguFarm BEEF gebruiker naam (soos ingevul op die bestelvorm) en rekeningnommer (soos aangedui in die Welkom epos van BenguelaSoft),
- Die Rekenaar Identifikasie Kode (kode links bo-aan die registrasie skerm),
- Die aantal kuddes waarvoor jy die program wil registreer.

Vul by Rekeningnommer jou BenguFarm rekeningnommer (BPU....) in, by Toegang die toegangskode wat Philna vir jou sal gee en kliek dan op Verander Kliënt Rekeningnommer. Vul nou by Registrasie Kode die regisrasiekode en by Toegang die toegangskode in wat Philna vir jou sal gee en kliek dan op Registreer/Herregistreer.

Vir na-ure registrasies, kontak asseblief Mnr. Leslie Bergh (082 801 2026) of Mnr. Johan de Jager (083 305 1042) en verskaf bogenoemde besonderhede.

BenguFarm agente maak gebruik van **Teamviewer sagteware vir afstand (Internet) ondersteuning.** Teamviewer kan, indien geïnstalleer, vanuit BenguFarm oopgemaak word deur op die hoofskerm te gaan na Hulp > Teamviewer Afstand Ondersteuning. Indien nie geïnstalleer, kan Teamviewer afgelaai en geïnstalleer word by www.bengufarm.co.za > Downloads > Software > Teamviewer Remote Support Software.

**Let wel**:

- Indien BenguFarm op meer as een rekenaar geïnstalleer is, moet bogenoemde registrasieproses vir elke rekenaar gevolg word.
- Indien jy die opsionele BenguFarm GENETICS Telingsbestuur module saam met BenguFarm BEEF gekoop het, moet jy die GENETICS module ook registreer. Om BenguFarm GENETICS te registreer, gaan in BenguFarm BEEF na Reproduksie > BenguFarm GENETICS Telingsbestuur Module en volg bogenoemde registrasie stappe.

# 7. Hoofskerm en algemene funksies:

## 7.1 Boodskappe wanneer BenguFarm oopmaak:

- **"Do you want to allow this app (BenguFarm) from an unknown publisher…".** Hierdie is 'n Windows boodskap omdat dit nie BenguFarm program herken as 'n geregistreerde ontwikkelaar nie. Kliek "Yes" om voort te gaan om BenguFarm oop te maak.
- **"Dit word aanbeveel dat u die datastrukture van tyd tot tyd toets. Wil u die datastrukture nou toets?"** Hierdie funksie kyk of daar nie enige ontbrekende, foutiewe of korrupte data in die databasis is nie. Die proses is relatief vining – dit neem gewoolik nie langer as ongeveer 10 sekondes nie. Kliek "Ja" om die funksie uit te voer.
- **"Die diergetalle vir hierdie maand is nog nie gestoor nie. Wil u nou die diergetalle bereken en stoor?"** Hierdie boodskap sal verskyn volgens die opstellings by Opstellings > Kuddes > Herinneraars > "Herinner Interval om Diergetalle te Bereken". Die verstek opsie is Maandeliks. Kliek "Ja" om die getalle te stoor. Om 'n verslag van gestoorde diergetalle te skep, gaan na Verslae > Dier Lyste en Getalle > Diergetalle en -Waardes. Regs bo-aan die skerm by Laai Gestoorde Getalle kies die betrokke datum en kliek Laai.
- **"Dit is [#] dae sedert u laas die opsommende inligting herbereken het. Wil u nou die opsommende inligting herbereken?"** Hierdie funksie herbereken die opsommende data vir alle diere in die betrokke kudde in BenguFarm. Let asseblief op dat hierdie funksie in 'n groot databasis 'n hele paar minute kan neem om uit te voer. Hierdie boodskap sal verskyn volgens die opstellings by Opstellings > Kuddes > Herinneraars > "Herinner om opsommende inligting te bereken". Die verstek opsie is om elke 30 dae te herinner. Kliek "Ja" om die opsommende inligting te herbereken.
- **"Daar is laas op [datum] 'n rugsteun van hierdie databasis gemaak. Wil u nou 'n rugsteun maak?"** Hierdie boodskap sal verskyn waneer BenguFarm *toegemaak* word volgens die opstellings by Opstellings > Kuddes > Herinneraars > "Herinner om Rugsteun van Databasis te maak". Die verstek opsie is om elke 7 dae te herinner. Kliek "Ja" om die Rugsteun en Herstel skerm oop te maak.
- **"Dit wil voorkom of die diere se teelwaardes nie op datum is nie. Wil u nou die nuwe teelwaardes intrek?"** Hierdie boodskap is slegs van toepassing op stoetkuddes en sal verskyn volgens die opstellings by Opstellings > Kuddes > Herinneraars > "Herinner om nuutste Teelwaardes

af te laai". Die verstek opsie is om elke maand te herinner. Kliek "Ja" om die nuutste teelwaardes in te trek.

## 7.2 Hoofskerm:

- **Om die taal te verander** in BenguFarm, gaan na Opsies > Verander Taal.
- **Toegang tot alle invoerskerms, verslae en data stuur/intrek funksies** word op die hoofskerm verkry deur die menu aan die bokant van die skerm of deur die ooreenstemmende ikone.
- **Die grootste gedeelte van die hoofskerm word gebruik om diere se data te vertoon. Daar is twee opsies, naamlik die Kudde Uitleg en die Dier Uitleg.**
- **Om te wissel tussen hierdie twee hoofskerm vertoon opsies**, kliek aan die linkerkant van die skerm op Kudde Uitleg of Dier Uitleg**.**
    - **<u>Algemeen</u>:**
        - Die diere wat in die **lys van diere** op die hoofskerm verskyn, word bepaal deur die **algemene filters** Aktief / Onaktief / Manlik / Vroulik aan- of af te skakel. Die Groep Filter (regs van die Vroulik filter) of die Kies Diere skerm (die ikoon) kan gebruik word as addisionele filter.
        - **Aktiewe diere** is diere wat lewendig en in die betrokke kudde is. **Onaktiewe diere** is diere wat nie lewend in die betrokke kudde is nie, byvoorbeeld diere wat verkoop of dood is asook diere wat nooit in die kudde was nie, maar wat voorkom in die stamboom of nageslag van diere wat wel in die kudde is.
        - Diere se nommers word volgens **geslag op verskillende agtergrondkleure vertoon:**
            - Vroulik – Pienk
            - Manlik – Blou
            - Geslag Onseker – Rooi
            - Gekastreer – Oranje
        - **Om die nuutste/opgedateerde data te sien**, kliek op die Verfris Skerm ikoon.
        - **Let wel:** Indien diere na of van 'n groep geskuif word terwyl daardie groep met die groepfilter gekies is, sal die diere in die betrokke groep eers opgedateer vertoon word nadat die groepfilter afgeskakel is (Geen Groep Filter) en die betrokke groep weer gefilter word.

    - **<u>Kudde Uitleg</u>**: Hierdie uitleg word gebruik om sekere belangrike data van 'n groep diere (tipies alle diere in die kudde) in tabel uitleg te vertoon. Vir stap-vir-stap hulp, gaan in die hoofmenu na **Hulp** > Hulp met Hoofskerm > Kudde Uitleg.
        - **Om die nuutste/opgedateerde data te sien**, kliek op Verfris Skerm.
        - **Om data in kolomme volledig te vertoon**, kliek op Outo Wydte.
        - **Om te kies watter data vertoon moet word**, kliek op Vertoon Opsies onderaan die skerm en kies die betrokke afdelings of velde.
            - **Om sekere data van diere te verlig** "highlight" (bv. koeie met 'n gemiddelde tussenkalfperiode van meer as 400 dae) asook rangwaardes op te stel vir die gekose kriteria, kliek op die Stel Kuddeuitleg Verligting en Rangwaardes Op (ikoon met klein blokkies met verskillende kleure). Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig. **Let wel:** Indien Aktiveer Verligting en Rangwaardes gemerk is, word die veld OEK (Ouderdom Eerste Kalwing) van vroulike diere wat ouer as 36 maande is en nog nie 'n kalf op rekord het nie, outomaties rooi verlig. Die kolomme ID Nr, Vader en Moeder word ook outomaties onderskeidelik groen, blou en pienk verlig. Onder die afdeling Dragtigheid sal die Verwagte Kalfdatum outomaties rooi verlig word indien dit reeds meer as twee weke verby daardie datum is. **Vir 'n video met stap-vir-stap instruksies**, besoek die BenguFarm "Support Channel" op YouTube by: youtube.com/@BenguFarm > **Herd Layout: Highlighting – Highlight Values and Rank Values**.
            - **Om kolomme te vertoon vir Inentings, Doserings & Aanvullings, Siekte Toetse** (bv. Brucellose), **Mates en Punte** (bv. kondisiepunt, algemene voorkoms punt), **Prosedures** (bv. kastreer, onthoring) **en/of Addisionele Gewigte**, kliek op die Stel My Kolomme Op om te Vertoon (ikoon heel bo**). Vir 'n video met stap-vir-stap instruksies**, besoek die BenguFarm "Support Channel" op YouTube by: youtube.com/@BenguFarm > Herd Layout: Display My Columns – **Adding User Defined Columns**.

    - Om 'n nuwe uitleg op te stel, kliek op Voeg Uitleg By (regs bo) en in die Naam van Uitleg (links bo), gee dit 'n naam (bv. Inentings, Doserings en Aanvullings) en kliek Stoor.
    - Om 'n kolom by te voeg op hierdie uitleg, kliek Voeg Kolom By (links onder). By Tipe Data, kies die betrokke tipe data (bv. Inentings/ Doserings/Aanvullings), by Item, kies die betrokke data (bv. RB51 Entstof), by Vertoon, kies bv. Datum en by Filter, kies bv. Laaste. Kliek Stoor.
    - Op die hoofskerm se Kudde Uitleg by Vertoon Opsies merk die bokkie langs Vertoon My Kolomme en die die betrokke uitleg.
    - Na bogenoemde opstelling sal My Kolomme op die Kudde Uitleg net regs van die Gewig Indekse afdeling vertoon.
  - **Om die keuse van kolomme en verligting te stoor as die verstek opsies vir die betrokke kudde**, kliek op Stoor Opsies as Kudde Verstek onder die hofie Stoor/Laai Uitleg. Die gestoorde opsies sal outomaties gelaai word wanneer die kudde die volgende keer oopgemaak word.
  - **Om 'n uitleg te stoor vir hergebruik**, gee dit 'n naam by Stoor Uitleg As onder die hofie Stoor/Laai Uitleg en kliek op die Stoor ikoon.
  - **Om 'n gestoorde uitleg te laai**, kies by Laai Gestoorde Uitleg die betrokke uitleg en kliek op die Laai ikoon.
  - **Let wel:** Bestuursgroepe kolom: Indien 'n dier aan meer as een bestuursgroep gekoppel is, sal slegs een van die betrokke groepe vertoon word.
- **Om 'n verslag te skep van die data wat op die Kudde Uitleg vertoon word**, kliek op Vertoon Verslag. **Let wel:** Alle kolomme en alle diere wat vertoon word, sal ingesluit word in die verslag. Om slegs sekere kolomme in te sluit in die verslag, kliek op Vertoon Opsies en kies slegs die benodigde kolomme. Om slegs sekere diere in te sluit in die verslag, kies die betrokke diere deur middel van die filters bo-aan die skerm.
- **Om 'n spesifieke dier (of moeder of vader) se data in die Dier Uitleg hoofskerm uitleg te sien**, kliek op die betrokke dier se ID Nommer. Om terug te gaan na die betrokke dier in die Kudde Uitleg, kliek op die Kudde Uitleg skakel.
- **Om rekords te groepeer**, kliek op die kolomopskrif en hou die muisknoppie in. Beweeg nou met die muis na die oop gedeelte aan die bokant van die verslag waar daar staan "Trek 'n kolomopskrif hiernatoe om volgens daardie kolom te sorteer" en los die muisknoppie. Die kolomnaam sal nou in hierdie oop gedeelte vertoon word. Rekords kan op meer as een kolomwaardes groepeer word. Om die groepering te verwyder, regs kliek op die kolomopskrif en kies "UnGroup". **Vir 'n video met stap-vir-stap instruksies om rekords te groepeer, sorteer, filter en te kies**, besoek die BenguFarm "Support Channel" op YouTube by: youtube.com/@BenguFarm > Main Screen: Herd Layout – **Define Views, Sort, Filter, Group & Select**.
- **Om rekords te sorteer**, kliek op die betrokke kolom se opskrif. Om in die omgekeerde volgorde te sorteer, kliek 'n tweede keer op die betrokke kolom se opskrif. Om volgens verskeie kolomme gelyktydig te sorteer, hou die SHIFT sleutel op die sleutelbord in en kliek op die betrokke kolomopskrifte.
- **Om rekords te filter**, kliek aan die regterkant van 'n kolomopskrif op die filter knoppie. 'n Lys met al die waardes wat in daardie kolom voorkom sal vertoon word. Om slegs rekords te vertoon wat 'n spesifieke waarde het, kliek op daardie waarde. Daar kan ook op "(Custom)" gekliek word. 'n Skerm sal oopmaak waar byvoorbeeld gekies kan word om om alle rekords te vertoon met 'n waarde groter as 'n sekere waarde. Let op dat meer as een kolom op 'n slag gefilter kan word. Om 'n spesifieke kolom se filter af te haal, kliek op "(All)" by die filter opsies van die betrokke kolom. Om alle kolomfilters af te skakel, kliek links onderaan die hoofskerm op die X.
- **Om 'n kolom tydelik te skuif na 'n ander posisie in die tabel,** kliek op die betrokke kolom se opskrif en sleep ("drag") dit tot waar dit geplaas moet word en los ("drop") dit. Wanneer die betrokke skerm toegemaak en weer oopgemaak word, sal só 'n kolom weer op die oorspronklike plek vertoon word.
- **Om 'n kolom tydelik te verwyder vanaf die skerm,** kliek op die betrokke kolom se opskrif en sleep ("drag") dit weg totdat dit 'n groot kruis vertoon en los ("drop") dit. Wanneer die skerm of program toegemaak en weer oopgemaak word, sal só 'n kolom weer vertoon word.

        - **Om sekere data** (bv. Natuurlike Dekkings, Kunsmatige Inseminasies / Laparoskopieë, Verander Diere (Tabel Uitleg) of Verkope, Vrektes en Uitskotte) **aan te teken vir 'n groep diere**, merk die betrokke diere in die "K" kolom en kies die betrokke aantekenskerm uit die menu aan die bokant van die skerm of kliek die ooreenstemmende ikoon.
        - **Om diere te koppel aan of te skuif na 'n kamp of groep**, merk die betrokke diere in die "K" kolom en kliek op Koppel Diere aan Groep.
        - **Om diere in die My Verslae skerm te vertoon**, merk die betrokke diere in die "K" kolom en kliek op Vertoon in My Verslae.
        - **Om die data op die skerm te kopieër na die rekenaar se "Clipboard"**, kliek op Kopieër na Clipboard.

    - **<u>Dier Uitleg</u>:** Hierdie opsie bestaan uit vertoonvensters wat gebruik word om die data van 'n enkele dier te vertoon. Daar is verskeie vertoonvensters beskikbaar waarmee data van die dier wat links bo-aan die hoofskerm gekies is (natuurlik eers wanneer diere reeds in die BenguFarm databasis is), vertoon word. Daar is byvoorbeeld vertoonvensters vir algemene data, geboortedata, reproduksie- en nageslaggemiddeldes, stambome, fotos, ens. Vir stap-vir-stap hulp, gaan in die hoofmenu na **Hulp** > Hulp met Hoofskerm > Dier Uitleg.
        - Die vertoonvensters is in vier groepe of subskerms ingedeel. Jy kan een vertoonvenster per groep op 'n slag kies om te vertoon. Kliek bloot op die skakel van die betrokke vertoonvenster aan die onderkant van die betrokke groep.
        - **Om vertoonvensters wat nie gebruik word nie te verberg**, kliek op die "Vertoon" menu en onder die hofie Kies Hoofskerm Opkykskerms verwyder die regmerkie langs die betrokke vertoonvenster. **Vir 'n video met stap-vir-stap instruksies om vertoonvensters aan of af te skakel**, besoek die BenguFarm "Support Channel" op YouTube by: youtube.com/@BenguFarm > Main Screen - Herd Layout – **Customise Data to be Displayed**.
        - **Om 'n verslag te skep van die data wat in 'n vertoonskerm vertoon word**, kliek op die drukker ikoon in die regterkanste boonste hoek van die betrokke vertoonvenster. Vir verdere vertoon opstellings, sien paragraaf 10.
        - **Om 'n dier te kies** (wat reeds in die BenguFarm databasis is) om op die hoofskerm te vertoon, kliek op die pienk of blou blokkie links bo-aan die hoofskerm of druk Ctrl+Z op die sleutelbord. Die dier kan uit die lys gekies word of die ID Nr kan bloot ingetik word. Die pyltjies links en regs word gebruik om na die vorige en volgende diere en in die lys te beweeg.
        - **Om subskerms te vergroot of verklein,** gaan met die wyser op die bruin lyn tussen die subskerms en sleep en los ("drag and drop") tot die verlangde grootte.
    - **Wenk: Om die Kudde Uitleg** (in plaas van die Dier Uitleg), **te kies as die verstek uitleg vir die hoofskerm**, gaan na Vertoon en kliek die opsie Gebruik Kudde Uitleg as verstek Hoofskerm Uitleg.
- **Vir verdere hulp met die gebruik van die hoofskerm**, gaan na Hulp > Hulp met die Hoofskerm.
- **Wenk: Indien 'n dier(e) wat jy verwag in die dierlys moet wees nie gekry word nie**, kontroleer die volgende:
    - Indien jy meer as een kudde op BenguFarm het, maak seker jy soek die dier in die regte kudde. Soek die dier ook in die ander kuddes. Kyk ook in die ALL kudde of die dier nie per abuis in die ALL kudde (d.w.s. nie in 'n spesifieke kudde) is nie.
    - Indien jy die dier op die hoofskerm se Kudde Uitleg soek, maak seker die diere op ID Nommer gesorteer. Indien nie, kliek op die ID Nr se kolomopskrif om te sorteer op ID Nr.
    - Indien jy die dier op die hoofskerm se Kudde Uitleg soek en die dier waarna jy soek pas bygevoeg, maak seker jy het die hoofskerm verfris.
    - Is die korrekte algemene dierfilters gekies? Indien slegs aktiewe diere gelys word, kontroleer of die dier nie miskien onaktief is nie.
    - Kyk of daar nie 'n groepfilter gekies is wat die dier uitsluit nie.
    - Indien 'n groepfilter op die hoofskerm se Kudde Uitleg reeds gekies is en 'n dier(e) by daardie groep gevoeg is, moet die groepfilter ontkies word en weer gekies word voordat die dier in daardie groep vertoon sal word.
    - Kyk of daar nie 'n kolomfilter(s) gekies is op die hoofskerm se Kudde Uitleg wat die dier uitsluit nie. Kyk links onderaan die skerm vir akiewe kolomfilters.
    - Is die nommerformaat van die betrokke dier korrek? (bv. A210001, A 210001, A21001).

## 7.3 Kies Diere skerm:

- Die **Kies Diere skerm** word oral in BenguFarm gebruik om diere te kies vir data aantekening óf vir insluiting in 'n verslag. Die gebruiker kan diere met die hand kies (regterkant van die skerm) of diere kies wat aan ’n groep(e) gekoppel is en/of aan ’n filter(s) (linkerkant van die skerm) se kriteria voldoen. Indien diere met die Kies Diere per Hand gedeelte gekies word, kan die vinnige kies knoppies ("quick select buttons”) links onderaan die skerm gebruik word: Regmerkie = Kies alle diere, Kruisie = Kies geen diere, Horisontale weerligstraal = Kies alle rekords van eerste tot laaste gekose rekords, Pyle wat links en regs wys = Keer seleksie om. Hierdie vinnige kies knoppies kom oral in die program voor waar diere per hand gekies kan word. Die Kies Diere skerm maak oop wanneer die gebruiker kliek op die  ikoon in ’n aanteken- of verslag skerm. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.

## 7.4 Algemene Funksies – Alle skerms:

- **Om 'n skerm oop te maak, moet alle ander skerms eers toegemaak word.** Indien 'n skerm verklein (minimise) is, kan 'n ander skerm nie oopgemaak word nie.
- **BenguFarm kan slegs toegemaak word indien al die skerms toe is.**
- **Om vinnig ’n dier op die hoofskerm of ander kieslys te vind**, maak die betrokke lys oop en tik die dier se ID Nommer in te tik. Dieslfde geld om vinnig ’n item te vind in enige tipe kieslys.
- **Geslag aanduiding op skerms:** Die kolomopskrif is Manlik. Manlike diere het ’n regmerkie, vroulike diere nie.
- **Die algemene dierfilters** (Aktief / Onaktief / Manlik / Vroulik) word op alle skerms waar diere gekies kan word, bo-aan die betrokke skerm vertoon as vier blokkies. Die beskrywing van elke betrokke filter kan vertoon word deur met die wyser (“pointer”) oor die betrokke blokkie te beweeg.
- Op alle aantekeningskerms is **velde wat verpligtend/belangrik is om te voltooi op ’n geel agtergrond.** Velde met ’n wit agtergrond is opsioneel.
- **Om van een veld/kolom na die volgende te gaan** waar data ingevul moet word, gebruik die "Tab" of die “→” sleutels.
- **Om na die volgende of vorige lyn in ‘n kolom te gaan** waar data ingevul moet word, gebruik die “↓” en die “↑” sleutels.
- **Numeriese velde (bv. gewig, prys) MOET ‘n waarde in hê (0 of ander).**
- **Om 'n datum met behulp van die kalender te kies**, kies eers die jaar, dan die maand en kliek dan op die dag.
- **Om bestaande data te wysig of te verwyder**, sien paragraaf 18**.**
- **Om rekords op ’n skerm te sorteer of te filter asook om ’n kolom tydelik te skuif na ’n ander posisie in die tabel of tydelik te verwyder vanaf ’n skerm**, sien die instruksies hierbo by Hoofskerm > Kudde Uitleg.
- **Die volledige beskrywing van ’n kolomopskrif** kan vertoon word deur met die wyser (“pointer”) oor die betrokke kolomopskrif te beweeg.
- **Om diere te kies vir multi-verandering of verwydering**, merk die K (Kies) kolom en verander die betrokke data bo-aan die skerm in die Multi Verander / Voeg Nuwe By deel van die skerm.
- Dit word aanbeveel dat **kostes en pryse *sonder* BTW** aangeteken word.
- **Om ’n nuwe rekord te skep by Opstellings**, kliek op die “+” regs onderaan die skerm. Om ’n rekord te verwyder, kliek op die “-“ regs onder-aan die skerm.
- 'n **Stap-vir-stap Hulp funksie** is beskikbaar op die meeste skerms bo aan die regterkant van die skerm. Probeer dit gerus – jy sal verbaas wees hoe maklik dit werk.

## 7.5 Verslae en Aantekenlyste:

- Alle verslae kan geskep word via die **Verslae menu item**.
- Verslae met “(**aantekenlys**)” agter die verslagnaam is verslae met sekere blanko kolomme in die verslag. Die doel hiermee is om die betrokke verslag (aantekenlys) te **druk en na die kraal/drukgang/skaal te neem om data op aan te teken**, bv. ’n Weeglys waarop gewigte aangeteken kan word. Dit is natuurlik slegs van toepassing indien data-aantekening nie direk op die Mobile toep gedoen word nie.Die voordele om gedrukte aantekenlyste te gebruik is:
    - Diere is gesorteer, wat dit maklik maak om die data later in BenguFarm aan te teken;
    - Kan maklik kontroleer of alle diere gedoen is;
    - Alle benodigde info is op die aantekenlys gedruk;
    - Mors nie tyd om diere se ID Nommers neer te skyf nie;
    - Foute met identifikasie van diere kan maklik opgespoor word.
- Die toepaslike verslae word onder die betrokke paragraaf in hierdie handleiding gelys. Sien byvoorbeeld die Dragtigheidsondersoeke paragraaf waar die verslae van toepassing op dragtigheidsondersoeke gelys word.

- Sekere verslae (bv. Dekbare Verse en Koeie; Dekkings en Dragtighede; Inentings, Doserings, Dip en Aanvullings; Siekte Toetse en Gewigte en Toenames) het 'n "**Vertoon Werksblad**" opsie. Die doel met hierdie opsie is om diere op hierdie skerm te kan kies om te koppel aan 'n kamp of groep.
- Wanneer 'n verslag geskep word (Vertoon Verslag), is daar altyd opsies om die verslag te Druk of the Eksporteer. Met die eksporteer opsie kan 'n **verslag gestoor word in verskillende formate, bv. pdf of Excel** of die verslag kan direk uit BenguFarm ge-epos word aan 'n kontak. **Let wel:** Die direkte stuur per e-pos werk, vir sekere tegniese redes, nie altyd nie. Indien jy 'n probleem ondervind met hierdie opsie, kontak jou BenguFarm agent vir hulp om die SMTP Direkte E-pos opsie op te stel [Opstellings > Kuddes > E-pos > Gebruik SMTP Direkte E-pos].
- Met die **My Verslae** funksie (Verslae > My Verslae > Dierdata) kan jy jou eie pasgemaakte verslae skep en ook die uitlegte stoor vir toekomstige gebruik. Gebruik die Help funksie (regs bo-aan die skerm) vir stap-vir-stap instruksies.
- Op die hoofskerm se **Kudde Uitleg** kan jy die Vertoon Verslag funksie gebruik om 'n verslag van die vertoonde data te skep. Sien die paragraaf Hoofskerm > Kudde Uitleg.
- Om 'n verslag te skep waarop **diere van alle kuddes** op die betrokke databasis ingesluit is (waar van toepassing), gaan na die "ALL" kudde [Lêer > Verander Aktiewe Kudde Na > ALL].

# 8. Opstellings:

**Wenk**: **Om die taal te verander** in BenguFarm, gaan na Opsies > Verander Taal.

**Dit is baie belangrik dat elke kudde se opstellings gedoen word *voordat* jy die program begin gebruik om te verseker dat die program korrek en optimaal funksioneer.**

**Vir 'n video met stap-vir-stap instruksies vir die aanvanklike opstellings**, besoek die BenguFarm "Support Channel" op YouTube by: youtube.com/@BenguFarm > BenguFarm Installation **– Step 2: Entering Initial Settings**.

## 8.1 Kudde Opstellings:

Gaan na Opstellings > Kuddes. Voltooi/verander waar nodig die inligting onder die volgende hofies op die grys gedeelte van die skerm. **Let wel: Doen eerste die opstellings onder Algemeen, tweedens die Diensverskaffers en dan die res**. Vir die meeste opstellings is daar reeds verstek waardes of opsies gekies. Kontroleer hierdie waardes en verander dit slegs indien nodig vir jou spesifieke behoeftes.
**Let wel: Velde met 'n geel agtergrond is verpligtend, m.a.w. dit moet voltooi word. Velde met 'n wit agtergrond is opsioneel.**

- **Algemeen:**
  - **Naam** (verpligtend): Bv. Rooibees Bonsmaras.
  - **Beskrywing** (opsioneel): Bv. Bonsmara Stoetkudde.
  - **Eienaar** (opsioneel): Bv. Koos van der Merwe.
  - **Plaasnaam** (opsioneel): Bv. Soetwaterfontein.
  - **GNL Nommer** (opsioneel): RMIS naspeurbaarheid verstek kudde "Global Location Number".
  - **BenguFarm Module** (verpligtend): Beeste.
  - **Ras** (verpligtend): Bv. BON - Bonsmara. Indien dit 'n kruisraskudde is, kies BCM – Commercial Beef Cattle. **Hierdie opstelling is baie belangrik**, want dit bepaal sekere ras-spesifieke verstek opstellings. As jy dit verander, maak die program toe, weer oop en gaan dan na Lêer > Ondersteuning > Herbereken Opsommend Data vir die verandering om in werking te tree.
  - **Kuddetipe** (verpligtend): Merk Stoet of Kommersieel.
  - **Brandmerk**: Slegs van toepassing op kuddes wat gebruik maak van BKB se DSS (Decision Support Services). Kontak jou BKB DSS agent indien jy nie weet wat jou brandmerk kode is nie.
  - **KKM** (geregistreerde KuddeKenMerk of die brand letters van die kudde - verpligtend): Bv ABC.
  - **Voorvoegsel** (kuddenaam - slegs van toepassing op stoetkuddes): Bv. Rooibees.
  - **Genootskap Lid Nr** (slegs van toepassing op stoetkuddes en kommersiële kuddes wat registreer en/of prestasietoetsing doen deur SA Stamboek of die LNR of Breedplan): Voltooi die nommer met voorafgaande nulle sodat dit sewe syfers is, asook die raskode agteraan, bv. 0699999BON.
  - **Maak Fakture uit Aan** (opsioneel): Vul die naam in van die persoon of besigheid aan wie fakture uitgemaak moet word, bv. Rooibees Boerdery.
  - **BTW Nr** (opsioneel): Vul die BTW nommer in.
  - **Posadres** (opsioneel): Vul die posadres in.
  - **Poskode** (opsioneel): Bv 2500.
  - **Landkode** (opsioneel): Bv ZAR.
  - **Kontak Persoon** (verpligtend): Kliek op die kortpadknoppie heel regs (Skep outomaties kuddekontak vanaf kudde besonderhede). Kliek nou op die kortpadknoppie regs (wat lyk soos 'n

rooi notaboekie) om die Kontakte skerm oop te maak en vul die ontbrekende inligting, spesifiek die naam & van, selnommer en epos adres, in. Stoor. Kies nou hierdie kontak uit die lys van kontakte. **Nota**: Die kontakbesonderhede hier ingevul (naam & van, selnommer en epos adres) sal bo-aan alle verslae gedruk word.

  - **Teler, Eienaar en Standplaas** (opsioneel): Kies die kontak wat jy hierbo opgestel het, bv. Rooibees Boerdery.

- **<u>Diensverskaffers</u>** (slegs van toepassing op alle stoetkuddes en kommersiële kuddes wat prestasietoetsing doen deur SA Stamboek, die LNR of Breedplan): [**Nota**: Sien Bylaag G vir opstelling instruksies vir Breedplan as diensverskaffer].
  - **Registrasie, Prestasietoetsing en Teelwaardes:** Kies die betrokke diensverskaffer van hierdie kudde by elk.
  - **Gebruik Logix Direk Lêer Oplaai Funksionaliteit** (opsioneel – slegs van toepassing op Logix gebruikers. Lees asseblief die nota op die skerm en sien ook paragraaf 14):
    - Aanteken Gebruikersnaam: Vul jou Logix gebruikersnaam hier in.
    - Aanteken Wagwoord: Vul jou Logix wagwoord hier in.
    - Stuur e-pos Bekragtiging van Ontvangs van Data Na: Vul jou e-pos adres hier in.
  - **E-pos adresse:**
    - Indien Registrasie en Prestasietoetsing = Stamboek gekies is hierbo, moet die E-pos Dekkings, Geboortekennisgewings, Oordragte en Kansellasies Na asook E-pos Prestasietoetsdata Na adresse edata@studbook.co.za wees.
    - Indien Prestasietoetsing = LNR gekies is hierbo, verander die E-pos Prestasietoetsdata Na adres na intergis@arc.agric.za.
    - Indien Registrasie, Prestasietoetsing en Teelwaardes = Breedplan gekies is hierbo, sien Bylaag G of kontak jou BenguFarm BEEF agent of mnr. Leslie Bergh by leslie@benguelasoft.co.za of 0828012026.
- **<u>ID Metodes en Nommering</u>:** (Verwys paragraaf 3 vir algemene inligting oor ID metodes en nommering van diere)
  - **Verstek ID Formaat:** Die verstek ID formaat word gebruik om die formaat van die Dier ID Nr (visueel) veld in BenguFarm BEEF te bepaal volgens die dier se Kuddekenmerk (KKM), Jaar- en Volgnommer. Die verstek ID formaat in BenguFarm BEEF is HHHHYYNNNN. Die HHHH dui aan daar word voorsiening gemaak vir maksimum 4 karakters vir die Kuddekenmerk of brandmerk, die YY dui aan daar word voorsiening gemaak vir maksimum 2 karakters vir die Jaar van geboorte en die NNNN dui aan daar word voorsiening gemaak vir maksimum 4 karakters vir die volgnommer. Byvoorbeeld, as die kuddekenmerk ABC is, die jaar van geboorte 2020 en die volgnommer 123 is, sal die ID Nr geskep word as ABC200123. Kommersiële kuddes gebruik normaalweg net die jaar van geboorte en volgnommer om diere te identifiseer. In so 'n geval kan die verstek ID formaat gestel word as YYNNNN of YY-NNNN.
  - **Verstek Hoof ID Metode (Permanente ID):** Vir stoetkuddes is die verstek hoof ID metode volgens die betrokke telersgenootskap se voorskrif, bv. Brandmerk.
  - **Verstek Sub ID Metode (Visuele ID):** Vir stoetkuddes is die verstek sub ID metode volgens die betrokke telersgenootskap se voorskrif, bv. Oorplaatjie.
  - **Aparte Volgnommers vir Verse en Bulle:** Merk hierdie opsie slegs indien (binne hierdie kudde) daar *nie* een volgnommer reeks vir vers- en bulkalwers gebruik word *nie.* By Volgnommer Metode moet die toepaslike opsie dan gekies word vir Manlik en Vroulik. Indien aaneenlopende reekse volgnommers (binne hierdie kudde) vir vers- en bulkalwers gebruik word (bv. 1-100 vir verskalwers en 101-200 vir bulkalwers OF 1-100 vir verskalwers en 1-100 vir bulkalwers), merk Aaneenlopende Volgnommers by albei geslagte.
  - **Pas Volgnommer Opstellings van Eerste Kudde op Alle Kuddes toe:** Kies hierdie opsie as jy twee (of meer) kuddes op dieselfde databasis het, en jy gebruik een volgnommer reeks vir albei kuddes. BenguFarm sal dan die volgende beskikbare volgnommer, ongeag die kudde, toeken wanneer nuwe kalwers op die Kalwingskerm aangeteken word.
  - **Outo Verwyder EID wanneer Dier Verkoop of Dood is**: Hierdie opsie moet slegs verander word na "Nee" indien EIDs NIE verwyder moet word van diere wat verkoop of dood is nie, bv. vir naspeurbaarheid doeleindes. Dit kan nie deur die gebruiker verander word nie. Kontak jou BenguFarm agent om hiermee te help.
  - **Skep ID Nr (Visueel) vanaf EID (Elektroniese ID Nr) waar geen ID Nr gespesifiseer is nie:** Hierdie opsie moet slegs gekies word indien *slegs* mikroskyfie/elektroniese identifikasie gebruik word en BenguFarm BEEF *automaties* visuele ID Nrs moet skep vanaf die mikroskyfie/elektroniese identifikasie nommers wat ingetrek word in BenguFarm vanaf 'n elektroniese identifikasie leser of -skaal.
- **<u>Dekking, Dragtigheid en Kalwing</u>:**
  - **Huidige Kalfseisoen**: Ignoreer - sien Kalfseisoen opstellings hieronder.

    - Sien Bylaag H oor hoe **Minimum Ouderdom van Verse by Eerste Dekking, Gemid. Periode van Kalwing tot weer Gedek Word en Normale Periode Dragtig** gebruik word in die berekening van Verwagte Kalfdatum.
    - **Sinchronisasie** (indien van toepassing): Voltooi die # Dae van Insit tot Eerste Spuit; # Dae van Insit tot Tweede Spuit; # Dae van Insit tot Uithaal en # Dae van Uithaal tot KI / Lapa.
    - **Ander velde**: Kontroleer die verstek waardes/opsies en verander slegs indien nodig.
- **<u>Prestasietoetsing</u>:**
    - **Maksimum Toelaatbare Ouderdomsverskil tussen Diere in dieselfde Prestasietoetsgroep:** Die verstekwaarde (gewoonlik 100 dae) is korrek.
    - **Laat Jonger Minimum Speenouderdom van 60 dae toe weens Droogte**: Merk hierdie opsie slegs indien kalwers voor 150 dae ouderdom gespeen word weens droogte.
    - **Prestasietoetsgroepe (waar geen teelseisoene gebruik word nie):** Indien teelseisoene nie gebruik word nie, merk "Gebruik Verstek Groepe" en stel vier groepe van drie maande op.
    - **Weeg Kalwers by Geboorte:** Merk dit indien jy normaalweg kalwers weeg by geboorte.
    - **Weeg Koeie by Kalwing:** Merk dit indien jy normaalweg koeie weeg by kalwing.
    - **Bereken Gemiddelde Moeder Speengewigverhouding gebaseer op Individuele Diere** (m.a.w. by meerlinge word die speengewigte nie bymekaar getel nie). Ons beveel aan dat hierdie opsie AF moet wees, m.a.w. by meerlinge word die speengewigte bymekaar getel in die berekening.
    - **Prestasietoets Fases waarin Diere getoets word:** Merk die toepaslike fases waarin diere normaalweg getoets word. (Hierdie info word slegs gebruik vir outomatiese dagboekinskrywings).
    - **Bereken Algemene Nageslag GDO:** Merk hierdie opsie indien die GDO (Gemid. Daaglikse toename per dag van Ouderdom) bereken moet word vir kalwers wat nie prestasiegetoets is nie. Kies die minimum en maksimum ouderdom by weging vir die gewigte wat gebruik moet word asook die geboortegewigte wat gebruik moet word in die berekening vir kalwers wat nie geweeg is nie.
- **<u>E-pos</u>:**
    - **Gebruik Windows Opgestelde E-pos Program:** Merk hierdie opsie indien jy enige ander e-pos program *behalwe* Microsoft Outlook gebruik, bv. Gmail.
    - **Gebruik Microsoft Outlook vir E-posse:** Merk hierdie opsie indien jy Microsoft Outlook gebruik vir e-posse.
    - **Gebruik SMTP Direkte E-pos:** Merk hierdie opsie slegs indien jou BenguFarm BEEF agent dit aanbeveel waar jy probleme het om e-posse vanuit BenguFarm te stuur met jou gewone e-pos program.
    - **Stuur E-pos Direk:** Moenie merk nie.
    - **Vertoon E-pos Sukses:** Hierdie opsie moet gemerk wees.
- **<u>Verstek Gidse vir Lêers</u>:**
    - Met die installering van BenguFarm word daar outomaties 'n omslag ("folder") "BenguFarm" geskep op die rekenaar se hardeskyf (C:\BenguFarm\) met 'n subomslag "Beef" met drie subomslae, naamlik "Imports", "Exports" en "Backups" met subomslae vir jou kudde(s) in elk van hulle. Hierdie subomslae word dan outomaties as die verstek ("default") gidse ("paths") gestel in BenguFarm BEEF, waar data gestoor kan word. **Let wel:** Die verstek plek vir die stoor van rugsteun lêers (C:\BenguFarm\Beef\Backups\[Kudde]) is NIE 'n veilige plek nie, aangesien die rugsteun verlore sal wees indien die rekenaar gesteel word of iets oorkom. **Dit is UITERS BELANGRIK om die rugsteun lêers op 'n VEILIGE PLEK te stoor,** byvoorbeeld 'n web ("cloud") gebaseerde plek soos Dropbox, GoogleDrive of OneDrive en/of 'n eksterne hardeskyf of geheuestokkie. Kliek op die knoppie met die drie kolletjies om 'n veilige plek te kies.
    - **Verstek Gids waarin Fotos Gestoor word:** Moet NIE die verstek gids verander nie.
    - Konnekteer Netwerk Dryf as BenguFarm Oopmaak: **Indien jy die BenguFarm databasis op 'n netwerk wil plaas**, kontak jou BenguFarm agent of Mnr. Leslie Bergh by leslie@benguelasoft.co.za of 082 801 2026 vir instruksies hoe om dit op te stel.
- **<u>Herinneraars</u>:**
    - Kontroleer die verstek waardes en verander slegs indien nodig.
- **<u>Liggaamsmates</u>:**
    - **Koeie se Raamgrootte:** Die verstek raamgrootte is medium. Indien nodig, verander dit na klein- of grootraam. Hierdie raamgrootte word gebruik in die berekening van die ekwivalente aantal Grootvee-eenhede (GVEe).
    - **Gebruik Heuphoogte in die Lengte/Hoogte Verhouding:** Kies hierdie opsie indien BenguFarm die Heuphoogte in die Lengte/Hoogte Verhouding moet gebruik.
    - **Mates:** Selekteer watter liggaamsmates aangeteken word in groeitoetse van bulle vir prestasietoetsing.
- **<u>Punting</u>:**
    - Ignoreer – die verstek is korrek.

- **Ander:**
  - Kontroleer die verstek waardes en verander slegs indien nodig.
  - **Verstek groep kategorie:** Kies die groep kategorie wat die meeste gebruik sal word.
  - **Allflex APR / AWR Taak Kategorie:** Kies die Verstek opsie, *tensy* die kudde gebruik maak van BKB se DSS (Decision Support Services), in welke geval BKB – DSS gekies moet word.
  - **Laat Verkope, Vrektes en Uitskotte Rekords vir elke Kudde per Dier toe:** Merk hierdie opsie slegs indien jy meer as een kudde (op dieselfde databasis) het en jy meer as een verkooprekord per dier wil kan aanteken, bv. die dier is eers verkoop deur die teelkudde aan jou voerkraal en dan deur die voerkraal aan 'n ander instansie.
  - **Laat Data-aantekening in "ALL" Kudde Toe**: Merk hierdie opsie indien jy meer as een kudde (op dieselfde databasis) het om toe te laat dat die meeste data (dekkings, dragtighede, inentings, siektes en behandeling, gewigte, mates en punte nie vir prestasietoetsing, kamp- en groepverskuiwings, aankope, prosedures, ens.) in die ALL kudde aangeteken kan word.
  - **Outo Waarsku indien opgedateerde BenguFarm CLOUD Data Beskikbaar is:** Indien hierdie opstelling gemerk is, sal BenguFarm outomaties kyk vir nuwe data wat in die CLOUD beskikbaar is wanneer daar na 'n kudde gegaan word en daarna elke 10 minute. Hierdie funksie is slegs van toepassing op die databasis waarbinne tans gewerk word. Indien daar 'n verandering aan data is, word dit uitgelig en het die gebruiker die opsie om dadelik te sinchroniseer of nie.
  - **Interpreteer Nul Speengewig asof die dier Gespeen is:** Indien hierdie opsie NIE gemerk is nie, sal kalwers met 'n nul gewig in 'n speentoets as nie gespeen nie beskou word. Ons beveel aan dat hierdie opsie NIE gemerk moet word nie.

## 8.2 Groepe – Kalfseisoene, kampe, bestuursgroepe en ander:

### Diergetalle kategorieë:

BenguFarm koppel diere *outomaties* aan 'n Diergetalle kategorie (bv. Verskalwers, Jong Verse, Teelbare Verse, Jong Koeie, Volwasse Koeie, Ou Koeie) op grond van die dier se ouderdom, geslag en (vir vroulike diere) of daar nageslag op rekord is (koei) of nie (vers). Wanneer 'n vers se eerste kalwing aangeteken word in BenguFarm, sal haar kategorie byvoorbeeld *outomaties* verander van Teelbare Verse na Jong Koeie. Let asseblief op dat ouer vroulike diere *sonder* nageslag op BenguFarm, ongeag ouderdom, as Teelbare Verse gekategoriseer word, tensy die veld "Eerste Kalf nie op Rekord nie" gemerk is, in welke geval hulle gekategoriseer sal word as Jong Koeie of Volwasse Koeie of Ou Koeie, afhangend van hul ouderdom – sien paragraaf 12 of 13. Die diergetalle kategorieë word onder andere op die hoofskerm > Kudde Uitleg > Algemeen > Kategorie vertoon.

**Om die kriteria vir die onderskeie diergetalle kategorieë te sien**, gaan na Verslae > Dier Lyste en Getalle > Diergetalle en -Waardes. Links bo-aan die skerm by Kies Metode van Berekening, kliek op die opstellings kortpad knoppie (rooi notaboekie). Die Verstek Beesgetalle metode kan nie verander word nie. Indien die Verstek Beesgetalle metode nie aan jou behoeftes voldoen nie, kan jy jou eie metode opstel deur op Nuwe of Kopiëer te kliek. Ons beveel aan dat die Kopiëer opsie gekies word, net te verander waar nodig en dan te stoor met 'n naam. Bespreek dit asseblief jou eie kriteria met jou BenguFarm BEEF agent om seker te maak dat die kriteria só opgestel is dat sekere diere nie uitgesluit word uit die telling nie. **Wenk:** Om *gemiddelde* belasting- en markwaardes vir die verskillende kategorieë diere aan te teken, voltooi die Markwaarde en Belastingwaarde kolomme en Stoor. Om 'n ander berekeningsmetode te kies as die verstek metode vir die betrokke kudde, gaan na Opstellings > Kuddes > Herinneraars > Verstek Diergetalle Berekeningsmetode.

**Om 'n diergetalle en -waardes verslag te skep** wat die aantal diere in die kudde per kategorie aandui, gaan na Verslae > Dier Lyste en Getalle > Diergetalle en -waardes. Daar is twee opsies vir die verslag: Die Kategorie Uitleg lys die aantal diere per kategorie met waardes (indien opgestel) en grootvee-eenhede (GVE). Met die Kamp Uitleg word die aantal diere per kategorie per kamp gelys. **Nota**: Indien die diere in 'n kamp se # GVE meer is as die opgestelde # GVE vir die kamp, word die getal in rooi verlig (highlight").

### Eie Opgestelde Groepe:

In BenguFarm BEEF kan verskillende tipe groepe opgestel en diere daaraan gekoppel word. Die verskillende tipe groepe word genoem Kategorieë, bv. Kalfseisoene, Kampe, Bestuursgroepe, ens. Onder elke kategorie word die betrokke groepe opgestel. Onder Kalfseisoene kan daar byvoorbeeld 'n kalfseisoen "Lente 2019" opgestel word om alle kalwers gebore in daardie seisoen aan te koppel.

Groepe word gebruik om 'n groep diere maklik, vinnig en akkuraat te kies om data voor aan teken (bv. om uitslae van dragtigheidsondersoeke aan te teken vir alle diere in Kamp 1) of vir insluiting in 'n verslag (bv. om 'n weeglys te skep vir alle kalwers gebore in die Lente 2019 seisoen), om 'n inventaris te hê om te

kontroleer of al die diere in ‘n kamp of groep is, om te weet in watter kamp of groep ‘n dier is, om voer-en/of lekverbruik per kamp te kan aanteken en om die weiding benutting per kamp te kan bereken.

**Let wel:**

- Diere kan *nie* aan ‘n kategorie gekoppel word *nie*, hulle moet aan die groepe van die betrokke kategorie gekoppel word.
- Groepe in verskillende kategorieë is onafhanklik van mekaar. ’n Dier kan byvoorbeeld gelyktydig aan ’n sekere kalfseisoen, kamp en bestuursgroep gekoppel wees.

## Kalfseisoengroepe:

- Kalfseisoene word gebruik om, wanneer dekkings en dragtighede aangeteken word, die seisoen aan te dui waarin die betrokke koeie sal kalf. **LET WEL:** Wanneer dekkings aangeteken word, moet slegs die betrokke *dekrekords* aan ’n kalfseisoen gekoppel word**,** die betrokke verse en koeie self word NIE aan die kalfseisoen gekoppel nie. Wanneer kalwers se geboortedata op die Kalwingskerm aangeteken word, sal BenguFarm, indien die kalfseisoen gekies is, die kalwers aan die betrokke kalfseisoen koppel. Dit kan dan as groep gebruik word om die betrokke kalwers te kies wanneer nodig vir wegings, inentings, ens. **Wenk:** Indien kalwers vir een of ander rede nie aan ’n kalfseisoen gekoppel is nie of aan ’n verkeerde kalfseisoen gekoppel is, kan dit gedoen/reggestel word by Diere > Verander Diere (Tabel Uitleg). Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- **Om ’n nuwe kalfseisoen op te stel**, gaan na Opstellings > Kalfseisoene en kliek op die “+” (regter onderste hoek van die skerm). Dit word aanbeveel dat die jaar en eerste letter van die seisoen gebruik word vir die kalfseisoen kode, byvoorbeeld:

| | | Kalfseisoen | | Dekseisoen | | Kalwings | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kudde** | **In Gebruik** | **Kode** | **Naam** | **Begin Dek** | **Eindig Dek** | **Begin** | **End** |
| ALL | √ | 2017L | Kalwers gebore 2017 **L**ente | 15 Nov 2016 | 15 Feb 2017 | word bereken | word bereken |

Nadat die nuwe kalfseisoen gestoor is, kies die **Huidige Kalfseisoen** in die geel gedeelte van die skerm en kliek Stoor.
**Wenk:** Vir ’n artikel oor die voordele en implimentering van teelseisoene, kontak Mnr. Leslie Bergh by leslie@benguelasoft.co.za of 082 801 2026.

## Kampgroepe:

- Kampe word gebruik om diere in BenguFarm aan te koppel sodat rekord gehou kan word van watter diere in watter kampe is of was op ’n spesifieke datum. Dit kan dan gebruik word vir voorraadopname (“stock take”). Dit word ook gebruik om die weidingbenutting per kamp te bereken en ook om voer-en/of lekverbruik per kamp te kan aanteken.
- **Om ’n nuwe kamp op te stel,** gaan na Opstellings > Kampe en kliek op die “+” (regter onderste hoek van die skerm), byvoorbeeld:

| Kudde | In Gebruik | Toestel | Kode | Naam | Skaal ID | Grootte (ha) | Tipe Weiding | Drakrag (ha/GVE) | Totale GVE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ALL | √ | √ | UK1 | Uitsig Kamp 1 | UK1 | 25 | Suur bosveld | 5 | 5 |
| ALL | √ | √ | UK2 | Uitsig Kamp 2 | UK1 | 32 | Suur bosveld | 6 | 5.3 |

**Let wel:**

- Die opstel van kampgroottes en drakrag per kamp is opsioneel, maar dit is belangrik om die volle voordeel van die Weidingbenutting per Kamp verslag te kry (sien die gedeelte hieronder vir meer inligting).
- Indien jy ‘n voerkraal het, kan jy die onderskeie krale as “kampe” opstel in BenguFarm.
- Die kategorie Kampe op Plaas is só opgestel dat ’n dier slegs in een kamp op ’n slag kan wees. Indien ’n dier geskuif word van een kamp na ’n ander, word dit outomaties uit die vorige kamp gehaal.
- Indien van toepassing, vul in die Skaal ID veld die kamp se kode in soos dit op jou skaal se sagteware aangeteken is.

## Bestuursgroepe:

- Bestuursgroepe word gebruik om diere wat saam bestuur word, ongeag in watter kamp(e) die betrokke groep is, in BenguFarm aan ’n groep te koppel, byvoorbeeld Jong Verse, Dragtige Verse, Eerstekalf Koeie

en Volwasse Koeie. **Let wel:** Die werklike bestuursgroepe op die plaas dikteer hoe die bestuursgroepe in BenguFarm opgestel moet word, nie andersom nie. **Wenk:** Indien kampgroepe nie gebruik gaan word nie (bv. waar drukbeweiding toegepas word en diere kort-kort wissel tussen kampe), kan die kategorie Kampe op Plaas gebruik in plaas van Bestuursgroepe vir die opstel van bestuursroepe. Die voordeel om dit só te doen, is dat rekord gehou kan word in BenguFarm van die datum en rede waarom 'n dier geskuif is na die huidige bestuursgroep, bv. nie-dragtige diere wat na 'n ander dekproep geskuif is.

- **Om bestuursgroepe op te stel,** gaan na Opstellings > Groepe en Kampe. By Kies Kategorie bo links, kies Bestuursgroepe. **Let wel:** Ons beveel aan dat bestuursgroepe opgestel word dat 'n dier slegs in een bestuursgroep kan wees. Om dit te doen, merk die opsie **Slegs in een groep**. By Kies Groep/Kamp, kliek op Voeg by/Verander/Verwyder Groep/Kamp. Op die klein skermpie, klik op die "+" om 'n nuwe groep by te voeg. Merk die **Kalf** blokkie as jy wil hê dat nuwe kalwers wat op die Kalwing skerm aangeteken word outomaties aan hierdie groep gekoppel moet word. Merk die **Toestel** blokkie as jy wil hê dat hierdie groep beskikbaar moet wees op jou Mobile toepassing, EID-leser en Tru-Test XR5000-skaal, waar van toepassing.
- **Wenk:** By Opstellings > Kuddes > Ander > Verstek Groep Kategorie kan die groepe kategorie wat die meeste gebruik word, gekies word.

### Uitskot- en Verkoopgroepe:

- Uitskot en Verkoopgroepe word gebruik om diere wat uitgeskot of verkoop moet word, in BenguFarm aan 'n groep te koppel, byvoorbeeld koeie vir moontlike uitskot, speenkalwers om te verkoop, voerkraal diere om te verkoop en produksieveiling diere. Hierdie groepe stel jou in staat om, ongeag in watter kampe of bestuursgroepe diere wat uitgeskot of verkoop moet word is, te kan kies. Diere gekoppel aan 'n uitskot- of verkoopgroep, bly dus steeds in hul betrokke kamp- of bestuursgroep, tot tyd en wyl hulle verkoop is.
- Die kategorie Uitskot- en Verkoopgroepe se verstek opstelling is dat 'n dier in meer as een uitskot- of verkoopgroep op 'n slag kan wees. Om dit te verander sodat 'n dier slegs in een uitskot- of verkoopgroep groep op 'n slag kan wees, gaan na Opstellings > Groepe en Kampe > Kies Kategorie > Voeg By/Verander/Verwyder Kategorieë > merk die opsie Slegs in Een Groep langs die Uitskot- en Verkoopgroepe > Stoor > Gaan Uit.

**Sien paragraaf 16 vir hoe om diere aan 'n kamp of groep te koppel en te skuif**.

### Prestasietoetsgroepe:

- 'n Prestasietoetsgroep is normaalweg 'n subgroep van diere wat almal in dieselfde kalfseisoen gebore is. Die funksie van prestasietoetsgroepe is om 'n groep diere saam te stel waar die ouderdomverspreiding binne die toelaatbare ouderdomverspreiding is vir prestasietoetsing (sien Opstellings > Kuddes > Prestasietoetsgroepe). Hierdie groepe kan dan gekies word om diere in te sluit in 'n spesifieke prestasietoets. Kalwers word outomaties op die kalwingskerm ingedeel in prestasietoetsgroepe. So byvoorbeeld sal die kalwers wat in die eerste 100 dae van kalfseisoen 2017L gebore is, ingedeel word in prestasietoetsgroep 2017L-0, die volgende 100 dae in prestasietoetsgroep 2017L-1, ens.
- Indien nodig, kan **prestasietoetsgroepindelings verander** word deur te gaan na Produksie > Prestasietoetsgroep Indelings. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- **Let wel:** Diere hoef *nie* aan 'n prestasietoetsgroep gekoppel te wees om hulle in te sluit in 'n prestasietoets *nie* – dit maak dit net makliker om diere te selekteer vir 'n toets.

### Filtergroepe:

'n Filtergroep is 'n groep diere soos gekies deur 'n sekere stel kriteria. Hierdie kriteria kan opgestel en gestoor word in die My Dierdata Verslae [sien Verslae > My Verslae > Dierdata > Selekteer Diere (Kriteria)]. Jy kan byvoorbeeld kriteria opstel om alle aktiewe vroulike diere wat gebore is in 'n bepaalde jaar en nog nie gekalf het nie te lys. Hierdie kriteria kan dan gestoor word vir latere gebruik. Diere kan deur middel van gestoorde filtergroepe gekies word op die Kies Diere skerm, hoofskerm > Kudde Uitleg > Groepfilter asook in die My Dierdata verslae. **Let wel**: Dit is belangrik om daarop te let dat 'n filter groep nie as 'n spesifieke keuse van diere gestoor word êrens in die databasis nie. Die diere in die groep word bepaal deur die toepaslike gestoorde kriteria vir die filter op die tydstip wanneer die filter groep gekies word.

### Geboorte Kontemporêre Groepe opstellings:

- **Let wel:** ***Hierdie opstellings hoef slegs gedoen te word indien jy 'n stoetkudde het, SA Stamboek (Logix) gebruik as diensverskaffer en kalwers weeg by geboorte.***
- Geboorte kontemporêre groepe word slegs gebruik om kalwers se geboortegewigte in die toepaslike kontemporêre groepe in te deel vir die beraming van geboortegewig teelwaardes.

- **Om 'n nuwe geboorte kontemporêre groep op te stel**, gaan na Opstellings > Geboorte Kontemporêre Groepe en kliek op die "+" (regter onderste hoek van die skerm).
- Die Geboortegewig Kontemporêre Groepkode word saamgestel uit Jaar van Geboorte + Seisoen + Plaas/Bestuursgroep. In die kolom Jaar kies jy die jaar waarin (die meeste van) die betrokke groep kalwers gebore is. In die Seisoen kolom kies jy die (sub)seisoen waarin die groep kalwers gebore is. Ons beveel aan dat dieselfde seisoenkode toegeken word aan kalwers wat **maksimum twee maande in ouderdom verskil**. Indien jou kalwers byvoorbeeld van 1 September tot 30 November aankom, dan kies jy seisoen Vroeë Lente vir die kalwers gebore 1 Sept – 15 Okt en seisoen Laat Lente vir die kalwers gebore 16 Okt – 30 Nov. In die Plaas/Bestuursgroep kolom word 'n kode (dit moet twee karakters wees) ingevul vir die plaas en/of bestuursgroep, byvoorbeeld UA vir die kalwers van die plaas Uitkyk waar die koeie op Aangeplante weiding geloop het en UV vir die kalwers van die plaas Uitkyk waar die koeie op Veld weiding geloop het. Byvoorbeeld:

| Kudde | In Gebruik | Jaar | Seisoen | Plaas/Bestuursgroep | Naam (Beskrywing) |
|---|---|---|---|---|---|
| ALL | √ | 2017 | Vroeë Lente | UA | 2017 Vroeë Lente kalwers van Uitkyk op Aangeplante weiding |
| ALL | √ | 2017 | Vroeë Lente | UV | 2017 Vroeë Lente kalwers van Uitkyk op Veld weiding |
| ALL | √ | 2017 | Laat Lente | UV | 2017 Laat Lente kalwers van Uitkyk op Veld weiding |

**Let wel**: Onthou om met elke nuwe kalfseisoen die nodige geboortegewig groepkode opstellings te doen.

**Wenk:** Vir 'n artikel oor die nodigheid en samestelling van kontemporêre groepe vir geboortegewig, kontak Mnr. Leslie Bergh by leslie@benguelasoft.co.za of 082 801 2026.

### 8.3 Kontakte:

**Om kontakte vir persone of besighede op te stel** wat verskeie plekke in die program gebruik gaan word (bv. Eienaar, Bestuurder, Insemineerder, Kopers, Veeartse, Konsultante, Inspekteurs, ens.), gaan na Opstellings > Kontakte, kliek op die "+" (regter onderste hoek van die skerm) om 'n nuwe Kontak rekord te skep. **Let wel:** Die Besigheid veld (persoon of besigheid se naam) is die veld wat vertoon gaan word in die seleksie lys en is die enigste verpligte veld om te voltooi.

### 8.4 Ander Opstellings:

Al die ander lyste het verstek items wat reeds in die betrokke lys ingesluit is. Jy kan nie hierdie verstek items verander of verwyder nie, maar, waar nodig, kan jy addisionele items byvoeg deur te kliek op die "+" aan die regter onderkant van die skerm. Die Medisyne lys is die een lys wat uitgebrei sal moet word met jou eie lys van medisynes. **Wenk:** By sekere opstellings (bv. Kalfseisoene; Kampe; Entstowwe, Doseermiddels & Aanvullings; Medisynes, Siektes, Beserings & Parasiete, Verkope, Vrektes & Uitskotte) is daar 'n "In Gebruik" kolom. Items wat by In Gebruik gemerk is, word in die betrokke kieslys bo-aan die lys vertoon en die res daaronder om dit makliker te maak om 'n item te kies. By sekere items is daar ook 'n "Toestel" kolom. Items wat nie by Toestel gemerk is nie, word verberg in die betrokke kieslys op die Mobile toepassing ("app") en op die EID leser sodat die kieslys korter is.

## 9. Skep 'n tweede kudde en wissel tussen kuddes: (indien van toepasing)

- BenguFarm BEEF maak voorsiening dat jy meer as een kudde in die program opgestel kan word, sonder addisionele kostes, mits al die diere natuurlik aan een eienaar behoort. **'n Groep diere word as 'n ander kudde opgestel indien die ras en/of kudde tipe (stoet of kommersieel) verskil.**
  - **Telers wat stoet- en kommersiële diere het, word aanbeveel om aparte kuddes in BenguFarm op te stel,** aangesien dit die vergelyking van jou stoetkudde se diere op BenguFarm met die diere op Logix/by die Genootskap vergemaklik, asook die stuur van data soos dekkings, geboortes, gewigte, verkope en vrektes na Logix/die Genootskap, omdat jy nie hoef uit te soek watter diere se data gestuur moet word nie. Omdat die meeste data (uitgesonderd Gewigte vir Prestasietoetsing, Kalwings asook Verkope en Vrektes) in die ALL kudde kan aanteken (mits jy by Opstellings > Kuddes > Ander die opsie Laat Data-aantekening in "ALL" Kudde Toe gemerk het), bemoeilik twee aparte kuddes nie die aantekening van data wesenlik nie.
  - **Stoettelers wat meer as een stoetkudde het waar die ras, telersgenootskap lID Nommer, kuddekenmerk, voorvoegsel en/of ID Nommer formaat verskil, moet ook verskillende kuddes opstel.**

  - **Telers wat meer as een kommersiële kudde het wat *apart bestuur* word (bv. op versillende plase), behoort ook aparte kuddes op te stel.**
- Verskillende kuddes kan óf op dieselfde databasis geskep word, of op aparte databasisse.
  - Indien diere gedeel word tussen kuddes (bv. bulle wat in twee kuddes gebruik word) en/of diere van tyd tot tyd tussen kuddes skuif (bv. kommersiële koeie wat goedgekeur is vir opgradering en na die stoetkudde toe oorskuif of afgekeurde verse wat terugskuif na die kommersiële kudde) en/of indien embrios wat uit koeie in een kudde (bv. stoet) gespoel is in koeie in die ander kudde (bv. kommersieel) ingeplant word, beveel ons aan dat die kuddes op *dieselfde* databasis geskep word. Die skep van 'n tweede kudde op dieselfde databasis het ook die voordeel dat sekere opstellings (bv. Kampe, Kontakte en Kalfseisoene) nie vir albei kuddes apart opgestel hoef te word nie en dat daar nie van elke kudde 'n aparte gerugsteun gemaak hoef te word nie. Mits by Opstellings > Kuddes > Ander die opsie Laat Data-aantekening in "ALL" Kudde Toe gemerk is, kan die meeste data-aantekening, waar van toepassing, in die ALL kudde gedoen word. Dit het ook die voordeel dat, deur middel van die "ALL" kudde opsie, verslae en aantekenlyste geskep kan word wat alle diere, ongeag kudde, insluit.
  - Die enigste geval waar ons aanbeveel dat kuddes op *aparte* databasisse geskep word, is indien die versillende kuddes se rekordhouding in BenguFarm deur verskillende persone gedoen gaan word, bv. die bestuurder van plaas A hou die rekord van plaas A se kudde(s) op sy rekenaar en die bestuurder van plaas B hou die rekord van plaas B se kudde(s) op sy rekenaar. Dit het dan die voordeel dat elke bestuurder onafhanklik van die ander bestuurder(s) kan werk op BenguFarm en dat van elke plaas se BenguFarm data 'n aparte databasis rugsteun gemaak kan word en byvoorbeeld op die eienaar se rekenaar herstel word sonder om die ander plaas(e) se data te oorskryf.
  - **Indien jy onseker is watter opsie om te kies of meer inligting oor die opstelling van kuddes benodig, bespreek dit asseblief met jou BenguFarm BEEF agent.**
- **Om 'n tweede kudde op *dieselfde* databasis te skep**, gaan na Opstellings > Kuddes > Algemeen en kliek op die "+" onder-aan die skerm. Vul 'n naam in (bv. Kommersiële Kudde), kies die Ras en doen die res van die opstellings vir die kudde. Kliek op Stoor en Gaan Uit. **Let wel**: Sekere algemene kudde-opstellings sal outomaties ingevul word indien dit reeds by die eerste kudde wat geskep is ingevul is. **Dit word dus aanbeveel dat die eerste kudde se Algemeen opstellings eers gedoen word (sien paragraaf 8) voordat die addisionele kudde geskep word. Maak seker die Ras veld word voltooi vir elke kudde – dit is baie belangrik.**
- **Om 'n tweede kudde op 'n *aparte* databasis te skep**, gaan na Opsies > Databasisse. Kliek op + Voeg Nuwe By, kies die spesie (Beeste) en vul 'n naam vir die databasis in (bv. Kommersiële Kudde) in die veld Databasis Beskrywing. Kliek Aanvaar, Stoor en Gaan Uit.
- Indien die boodskap "**Maksimum aantal kuddes / databasisse oorskry**..." vertoon word, kontak asseblief vir Philna Moulich by 051 4100 910 of stuur vir haar 'n e-pos na registration@benguelasoft.co.za om 'n addisionele kudde en/of databasis te registreer.
- **Om tussen kuddes te wissel** in BenguFarm BEEF, gaan na Lêer > Verander Aktiewe Kudde Na. Kliek op Lys Alle en Selekteer, kies die betrokke kudde uit die lys en kliek Aktiveer.
- **Let wel**: Indien meer as een kudde op dieselfde databasis geskep is, skep BenguFarm BEEF outomaties 'n **ALL "kudde"**. Wanneer in die ALL "kudde" ingegaan word, kan diere van alle kuddes op die betrokke databasis in BenguFarm gesien word en kan alle verslae geskep word met alle diere op die betrokke databasis. **Indien by Opstellings > Kuddes > Ander die opsie Laat Data-aantekening in "ALL" Kudde Toe gemerk is, kan die meeste data in die ALL kudde aangeteken word.** Daar is egter sekere aantekenskerms (bv. Voeg Diere By Wizard, Kalwings, Gewigte vir Prestasietoetsing, Verkope, Vrektes en Uitskotte) wat nie beskikbaar is om in die ALL kudde te gebruik nie, aangesien hulle kudde-spesifieke opstellings in die agtergrond gebruik.
  - Indien twee (of meer) kuddes op dieselfde databasis geskep word, poog om **nie dieselfde ID Nommers** vir diere in die twee kuddes te gebruik nie, om verwarring met identifikasie te voorkom indien in die ALL "kudde" gewerk word. Indien een reeks nommers vir *alle* diere gebruik word, ongeag die kudde waarin hulle is, gaan na Opstellings > Kuddes > ID Metodes en Nommering en merk die opsie Pas Volgnommer Opstellings van Eerste Kudde op Alle Kuddes Toe.
- **Om diere tussen kuddes te skuif**, sien paragraaf 39.
- **Wenk:** Indien daar meer as een DATABASIS in BenguFarm is, kan 'n verstek databasis waarin die program moet oopmaak gekies word deur te gaan na Opsie > Databasisse > merk die toepaslike databasis > met die ↕ aan die regterkant beweeg daardie databasis na bo > Stoor. Indien daar meer as een KUDDE in dieselfde databasis in BenguFarm is, kan 'n verstek kudde nie gekies word om op oop te maak nie, BenguFarm sal oopmaak in die kudde waarin gewerk is toe BenguFarm toegemaak is.

## 10. Vertoon opstellings - Hoofskerm en ander:

Die doel met die Vertoon opsies is om BenguFarm pas te maak vir jou spesifieke behoeftes deur sekere skerms en sekere velde op sommige skerms wat nie gebruik word nie, te verberg ("hide"). Dit is veral handig vir **kommersiële (nie-stoet) telers** om funksies en skerms wat nie gebruik word nie, te verberg.

**Vir 'n video met stap-vir-stap instruksies om vertoonvensters aan of af te skakel**, besoek die BenguFarm "Support Channel" op YouTube by: youtube.com/@BenguFarm > Main Screen - Herd Layout **– Customise Data to be Displayed**.

Om jou BenguFarm BEEF op hierdie wyse pas te maak vir jou spesifieke behoeftes en meer gebruikersvriendelik te maak, gaan na die Vertoon menu item:

- **Om die Kudde Uitleg,** in plaas van die Dier Uitleg, **te kies as die verstek uitleg vir die hoofskerm**, gaan na Vertoon en kliek op Gebruik Kudde Uitleg as verstek Hoofskerm Uitleg.
- **Om velde wat op die hoofskerm Kudde Uitleg vertoon word te kies of te verberg,** gaan op die Kudde Uitleg na Vertoon Opsies. Om jou keuse van velde as die verstek opsies vir die betrokke kudde te stoor, kliek op Stoor Opsies as Kudde Verstek. Sien paragraaf 7.2 afdeling Kudde Uitleg vir verdere vertoon opsies wat beskikbaar is op die Kudde Uitleg.
- **Om funksies en velde wat slegs op stoetkuddes van toepassing is te verberg** (of wat tans verberg word te vertoon) **op die Hoofskerm, Kalwingskerm en Voeg By & Verander Diere skerm**, gaan na Vertoon > Kies Velde wat op Hoofskerm Opkykskerms Vertoon Word, kliek die opsie Merk Verstek Kommersieel Veld Keuses en Stoor.
- **Om funksies en verslae in die menu op die Hoofskerm en/of velde op die Kalwingskerm en Voeg By & Verander Diere skerm wat nie gebruik word nie te verberg** (of wat tans verberg word te vertoon), gaan na Vertoon > Verander Items wat Vertoon word in Program. Maak 'n regmerkie in die blokkie in die geel area langs "Vertoon slegs die gemerkte Funksies en/of Velde...". Kliek op die "+" langs Hoof Skerm Funksies, Voeg By en Verander Diere skerm en Kalwingskerm om die funksies en/of velde te kontroleer en, indien nodig, te verander wat jy vertoon wil hê. Kliek op Stoor. **Let wel**: Funksies en/of velde wat hierdie wyse verberg word, sal van toepassing wees op alle kuddes in die betrokke databasis.
- **Om die opkykskerms ("view windows") op die Dier Uitleg van die hoofskerm wat nie gebruik word nie te verberg** (of wat tans verberg word te vertoon), gaan na Vertoon en onder die opskrif Kies Hoofskerm Dier Uitleg Opkykskerms verwyder die regmerkie voor die betrokke opkykskerms. [Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig]. **Let wel**: Opkykskerms wat op hierdie wyse verberg word, sal slegs van toepassing wees op die betrokke kudde. Indien dit van toepassing moet wees op alle kuddes in die betrokke databasis, merk die opsie Pas toe op Alle Kuddes in hierdie Databasis en kliek Stoor.
- **Om spesifieke velde op sekere opkykskerms** (Algemeen, Geboorte, Laaste Dekking, Reproduksie & Nageslaggemiddeldes, Prestasietoetsdata en Teelwaardes) op die Dier Uitleg van die hoofskerm **wat nie gebruik word nie te verberg** (of wat tans verberg word te vertoon), gaan na Vertoon > Kies Velde wat op Hoofskerm Opkykskerms Vertoon Word. Kliek op die betrokke opkykskerm (bv. Algemeen) en haal die regmerkies af by die velde wat jy nie gebruik nie. Doen dieselfde vir die ander opkykskerms. Wanneer klaar is, kliek Stoor. **Let wel**: Velde op opkykskerms wat op hierdie wyse verberg word, sal slegs van toepassing wees op die betrokke kudde. Indien dit van toepassing moet wees op alle kuddes in die betrokke databasis, merk die opsie Pas toe op Alle Kuddes in hierdie Databasis en kliek Stoor.
- **Om spesifieke velde op die Nageslag opkykskerm wat nie gebruik word nie te verberg** (of wat tans verberg word te vertoon), gaan na Vertoon > Kies Velde wat op Nageslag Opkykskerm Vertoon Word. Haal die regmerkies af by die velde wat jy nie gebruik nie en kliek Gaan Uit. **Let wel**: Velde op die Nageslag opkykskerm wat op hierdie wyse verberg word, sal van toepassing wees op alle kuddes in alle databasisse van alle modules, waar van toepassing. Sekere velde wat nie van toepassing is op die spesifieke BenguFarm module nie, sal outomaties verberg word.

**Wenk:** Om 'n spesifieke dier (bv. jou gunsteling teelbul) te kies wat by verstek op die hoofskerm se Dier Uitleg vertoon moet word wanneer jy BenguFarm BEEF oopmaak, gaan na: Opstellings > Kuddes > Ander > Dier om te Vertoon wanneer BenguFarm BEEF Oopmaak.

## 11. Stap-vir-stap hulp funksie:

**'n Stap-vir-stap Hulp funksie** is beskibaar op die meeste skerms. Hierdie funksie het ten doel om die gebruiker stapsgewys deur die funksionering van elke skerm te neem. **Ons beveel aan dat jy hierdie stap-vir-stap Hulp funksies gebruik totdat jy vertroud is met die betrokke skerm**. Die Help funksie word geaktiveer deur op die "**Hulp**" knoppie op die betrokke skerm te kliek. Kies dan die betrokke funksie wat jy wil uitvoer en volg die stap-vir-stap instruksies. Let op die flikkerende pyltjie op een van die hoeke van die hulpskerm. Hierdie pyltjie dui aan waar op die skerm data ingevoer/funksie geaktiveer moet

word. Kliek op die ">>" knoppie om na die volgende stap gegaan. Kliek op die "<<" knoppie om na die vorige stap terug te gaan. Om die Hulpskerm toe te maak, kliek op die "X" knoppie.
**Kliek op die hoofskerm op die "Hulp" knoppie om jou te help met sekere basies funksies** in BenguFarm BEEF, naamlik Algemeen, Hantering van verskillende Kuddes, Kudde Uitleg en Dier Uitleg. Die nuutste weergawe van die betrokke BenguFarm handleiding kan ook hier afgelaai en oopgemaak word.

## 12. Trek dierdata in van eksterne bronne: (indien van toepassing)

- BenguFarm is nou gereed dat dierrekords ingetrek of per hand ingelees kan word. Die eerste keuse is natuurlik om data vanaf een of ander elektroniese lêer(s) in te trek, indien sodanige lêer(s) beskikbaar is. Indien sodanige lêer(s) (sien hieronder) nie beskikbaar is nie, moet die data per hand ingelees word. Sien paragraaf 13 vir instruksies hiervoor.
- Afhangende wat se data beskikbaar is, kan data van een (of in gevalle waar nodig van meer as een) van die volgende bronne ingetrek word. Kontak asseblief jou BenguFarm agent indien jy enige hulp benodig met die intrek van data.
- **Let wel:**
  - **Maak seker jy is in die regte kudde** waar die data ingetrek moet word.
  - Indien jy Stoetmeester **en** Logix/Intergis data wil intrek, moet jy eers die Stoetmeester data intrek en daarna die Logix/Intergis data.
  - Vir stoettelers is die aangewese opsie om data verkry van Logix (SA Stamboek) **of** van die betrokke telersgenootskap/registrerende owerheid wat van die Breedplan stelsel gebruik (waar van toepassing) in te trek.
- **Om Stoetmeester data in te trek**:
  - Gaan na Data Stuur/Trek In > Trek In > Databasis > Stoetmeester.
  - Kliek op Soek en kies die gids (folder/directory) waar die Stoetmeester bees SM3 lêer(s) lê en kies die toepaslike intrek opsies en die kudde waarheen die data ingetrek moet word. Indien jy ook Logix data gaan intrek, beveel ons aan dat jy NIE die Stoetmeester prestasietoetse intrek nie, m.a.w. "Los toetse uit" moet gemerk wees.
  - Kliek op "Trek In".

    **Let wel:** Hierdie funksie is bedoel om data in 'n leë databasis in te trek. Indien daar reeds data in jou BenguFarm BEEF databasis is sal die bestaande data van 'n dier oorskryf word met dit wat in die Stoetmeester lêer is. Diere met dieselfde ID Nr as diere wat reeds bestaan, sal nie gedupliseer word nie en inligting soos gewigte wat reeds bestaan sal ook nie gedupliseer word nie.
- **Om Herdmaster data in te trek**: Kontak jou BenguFarm agent vir hulp.
- **Om Logix (of Intergis) data in te trek**, sien paragraaf 14.
- **Om data van 'n ander BenguFarm BEEF gebruiker in te trek: Indien diere gekoop is by 'n mede BenguFarm gebruiker**, kan die verkoper 'n BenguFarm Dieroordraglêer met die betrokke diere se data skep [Data Stuur/Trek In > Stuur > BenguFarm Dieroordraglêer] en daardie lêer vir die koper stuur. **Om hierdie lêer in te trek,** gaan na Data Stuur/Trek In > Trek In > Databasis > BenguFarm Dieroordraglêer. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig. **Let wel:**
  - Maak seker jy is in die regte kudde waar die data ingetrek moet word.
  - Indien 'n dier(e) met dieselfde ID Nommer in 'n ander kudde(s) bestaan, maak seker die opsie Soek Slegs in Geselekteerde Kudde gemerk is.
  - Onder die Bestaande hofie, kontroleer of die Status van die diere wat ingetrek moet word korrek is en verander waar nodig voordat die data ingetrek word.
- **Om data verkry vanaf 'n telersgenootskap/registrerende owerheid wat van die Breedplan stelsel gebruik maak in te trek,** sien Bylaag G.
- **Om data wat op Excel aangeteken is in te trek**, sien Bylaag B of kontak jou BenguFarm BEEF agent indien verdere hulp benodig word.
- **Om diere aangeteken op die Agrident/Allflex APR500 / APR600 / APR450 / APR650 of AWR300 EID leser** (aangeteken met die Registrasie taak) **in te trek**, sien Bylaag D. **Vir 'n video met stap-vir-stap instruksies,** besoek die BenguFarm "Support Channel" op YouTube by: youtube.com/@BenguFarm >Uploading of Tasks to EID Reader - **Agrident APR 500, 600, 650 & AWR300**.
- **Om diere aangeteken op die Tru-Test SRS2/SRSi/XRS2/XRS2i EID Lesers** (aangeteken met die Registrasie taak) **in te trek**, sien Bylaag E. **Vir 'n video met stap-vir-stap instruksies,** besoek die BenguFarm "Support Channel" op YouTube by: youtube.com/@BenguFarm > **Tru-Test EID Reader Integration – SRS2/XRS2/XRS2i**.
- **Om diere aangeteken op die Tru-Test XR5000 skaal in te trek,** sien Bylaag C. **Vir videos met stap-vir-stap instruksies om die XR5000 skaal op te stel om met BenguFarm te integreer,** besoek die BenguFarm "Support Channel" op YouTube by: youtube.com/@BenguFarm:
  - Tru-Test XR5000 Integration – **Setting up Scale Field Links.**

  - Tru-Test XR5000 Integration: **Adding, Updating and Deleting Animals**.
  - Tru-Test XR5000 Integration: **Drafting**.
- **Om Stamboek teelwaardes in te trek**, sien paragraaf 34.
- **Om die algemene data van 'n dier op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Algemeen opkykskerm of gaan op die Kudde Uitleg na die Algemeen, Identifikasie en Geboorte afdelings.
- **Nadat die dierdata ingetrek is, kan die volgende data bygevoeg word, waar beskikbaar:**
  - **Om aankoopdata** (bv. datum gekoop, aankoopprys, van wie gekoop, ens.) **aan te teken**, sien paragraaf 15. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
  - **Om diere aan kampgroepe te koppel**, sien paragraaf 16. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
  - **Om jou teelbulle en KI-bulle te merk as teel/KI bulle**, gaan na Diere > Voeg by en Verander (Enkel dier uitleg) > Algemeen, merk ("highlight") die betrokke bul, maak 'n regmerkie in die veld "Teel/KI Bul" en kliek Stoor. Bulle gemerk as 'n teelbul word apart in die kategorie "Teelbulle" gelys op die hoofskerm se Kudde Uitleg in die Kategorie kolom asook in die Diergetalle en -waardes verslag. Die teelbulle word ook bo-aan die lys van bulle gelys wanneer dekkings aangeteken word.
  - **Indien 'n bul gebruik word in meer as een kudde** (bv. stoet en kommersieel) **wat op dieselfde databasis is**, gaan na Diere > Voeg By en Verander Diere (Enkel Dier Uitleg) > Algemene Data en merk die veld "Sigbaar vir Reproduksie in Alle Kuddes" en kliek Stoor. 'n Bul wat só gemerk is sal in die ander kudde(s) op die Dekkings skerm beskikbaar wees in die lys van bulle om te kies as die bul en by Kalwings om te kies as die vader van 'n kalf. Die bul sal egter nie in die ander kudde(s) gelys word as 'n aktiewe dier in die kuddelys nie.
  - **Indien daar vroulike diere in die kudde is wat reeds gekalf het, m.a.w. wat koeie is, maar die eerste kalwing nie op rekord is in BenguFarm nie**, gaan na Diere > Verander Diere (Tabel Uitleg) en merk die veld "Eerste Kalf nie op Rekord nie". Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig. Deur dit te doen sal dit verseker dat die betrokke koeie se kategorie (verwys paragraaf 8.2), afhangende van hul ouderdom, aangedui word as Jong Koeie of Volwasse Koeie of Ou Koeie in plaas van Teelbare Verse.
  - **Om die *gemiddelde* belasting- en markwaardes** vir verskillende kategorieë diere aan te teken, gaan na Verslae > Dier Lyste en Getalle > Diergetalle en –waardes. Kies Berekeningsmetode links bo-aan die skerm en kliek op die kortpadknoppie Stel Op en Verander Berekeningsmetodes vir Diergetalle, voltooi die Markwaarde en Belastingwaarde kolomme en kliek Stoor.
  - **Om die boekwaarde en markwaarde van *individuele* diere** aan te teken, gaan na Diere > Verander Diere (Tabel Uitleg). Gebruik die Hulp funksie indien nodig. **Let wel:** Wanneer aankoopdata van diere aangeteken word (Verskuiwings > Aankope), sal die aankoopprys outomaties ook as die boekwaarde van die dier opgeneem word, mits daar nie reeds 'n boekwaarde vir die dier aangeteken was nie.

## 13. Skep dierrekords per hand: (indien van toepassing)

- Indien die dierdata van alle diere in die kudde nie ingetrek kon word nie (verwys paragraaf 12), moet dit per hand geskep word. Vir hierdie doel word aanbeveel dat die **Voeg Diere By Wizard** skerm (Diere > Voeg Diere By Wizard) gebruik word om vinnig en maklik dierrekords te skep. [Die Voeg By en Verander Diere (Enkel Dier Uitleg) skerm kan ook gebruik word, maar die Voeg Diere By Wizard werk die maklikste vir die skep van nuwe dier rekords]. **Gebruik asseblief die kalwing skerm (Reproduksie > Kalwing) om kalwings aan te teken.**
- Op die Voeg Diere By Wizard skerm, kies by "Wat wil jy doen?" die opsie wat van toepassing is op jou kudde en beskikbare data, byvoorbeeld Voeg 'n Nuwe Dier by: Beperkte Data – Kommersiële Dier en volg die aanwysings.
- Die **minimum data** wat benodig word per dier is die ID Nr, Geslag, Ras, Geboortedatum, Status (Akief = Lewendig/In kudde, Onaktief = Dood/Nie in kudde) en Geregistreerd of Kommersiëel. [**Let wel**: Indien die presiese geboortedatum onbekend is, kies 'n benaderde datum, byvoorbeeld 01 Okt 2014 vir diere gebore gedurende 2014 en merk die Geboortedatum Onseker ("?") blokkie].
- Indien jy reeds op hierdie skerm die **diere wil koppel aan 'n kamp**, moet die kampe eers opgestel word. (Sien paragraaf 8 van hierdie handleiding). Indien Dier in Geen Kamp gekies word by Kamp, sal dit wat by verstek ingevul is by Datum in Kamp en Rede nie gestoor word nie, so laat dit onveranderd.
- Die velde Kuddekenmerk (indien van toepassing) en Jaar (van geboorte) sal outomaties voltooi word. **Sodra die Volgnommer voltooi word, sal die program outomaties die ID Nr (Visueel) skep** in die formaat soos opgestel by Opstellings > Kuddes > ID-Metodes en Nommering > Verstek ID Formaat. (Sien paragraaf 8 van hierdie handleiding). Indien nodig, kan die verstek ID Nr verander word.
- **Begin by die oudste diere** in die kudde en werk deur na die jonger diere. Indien jy die **moeder en/of vader** van 'n dier ook wil aanteken, skep eers 'n dierrekord vir die betrokke ouer(s) en wanneer jy dan die dier skep, kies jy die ouer(s) deur op die kieslys (dropdown) langs die betrokke ouer veld te kliek en

die ouer te kies. Indien die betrokke vader of moeder nie in die kudde is nie, skep hom/haar dan met Status as Onaktief.

- **Om die algemene data van 'n dier op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Algemeen opkykskerm of gaan op die Kudde Uitleg na die Algemeen, Identifikasie en Geboorte afdelings.
- **Om 'n dierrekord te verander (of te verwyder)**, sien paragraaf 18.
- **Nadat die basiese dierinligting geskep is, kan die volgende data bygevoeg word, waar beskikbaar:**
    - **Indien die aankoopdata** (bv. datum gekoop, aankoopprys, van wie gekoop) **nie reeds op die Voeg Diere By Wizard skerm aangeteken is nie**, kan dit op die Aankope skerm aangeteken word. Sien paragraaf 15. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
    - **Om gewigte aan te teken**, sien paragraaf 31.
    - **Om jou teelbulle en KI-bulle te merk as teel/KI bulle**, gaan na Diere > Voeg by en Verander (Enkel dier uitleg) > Algemene Data, merk ("highlight") die betrokke bul, merk die veld "Teel/KI Bul" en kliek Stoor. Bulle gemerk as 'n teelbul word apart in die kategorie "Teelbulle" gelys op die hoofskerm se Kudde Uitleg in die Kategorie kolom asook in die Diergetalle en -waardes verslag. Die teelbulle word ook bo-aan die lys van bulle gelys wanneer dekkings aangeteken word.
    - **Indien 'n bul gebruik word in meer as een kudde** (bv. stoet en kommersieel) **wat op dieselfde databasis is**, gaan na Diere > Voeg By en Verander Diere (Enkel Dier Uitleg) > Algemene Data en merk die veld "Sigbaar vir Reproduksie in Alle Kuddes" en kliek Stoor. 'n Bul wat só gemerk is sal in die ander kudde(s) op die Dekkings skerm beskikbaar wees in die lys van bulle om te kies as die bul en by Kalwings om te kies as die vader van 'n kalf. Die bul sal egter nie in die ander kudde(s) gelys word as 'n aktiewe dier in die kuddelys nie.
    - **Indien daar vroulike diere in die kudde is wat reeds gekalf het, m.a.w. wat koeie is, maar die eerste kalwing nie op rekord is in BenguFarm nie**, gaan na Diere > Verander Diere (Tabel Uitleg) en merk die veld "Eerste Kalf nie op Rekord nie". Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig. Deur dit te doen sal dit verseker dat die betrokke koeie se kategorie (verwys paragraaf 8.2), afhangende van hul ouderdom, aangedui word as Jong Koeie of Volwasse Koeie of Ou Koeie in plaas van Teelbare Verse.
    - **Om die *gemiddelde* belasting- en markwaardes vir verskillende kategorieë diere aan te teken**, gaan na Verslae > Dier Lyste en Getalle > Diergetalle en –waardes. By Kies die Metode van Berekening links bo-aan die skerm, kies die betrokke metode en kliek op die kortpadknoppie Voeg By en Verander Metode hoe om Diergetalle te Bereken, voltooi die Markwaarde en Belastingwaarde kolomme en Stoor.
    - **Om die boekwaarde en markwaarde van *individuele* diere aan te teken**, gaan na Diere > Verander Diere (Tabel Uitleg). Gebruik die Hulp funksie indien nodig. **Let wel:** Wanneer aankoopdata van diere aangeteken word (Verskuiwings > Aankope), sal die aankoopprys outomaties ook as die boekwaarde van die dier opgeneem word, mits daar nie reeds 'n boekwaarde vir die dier aangeteken was nie.

## 14. Aflaai en intrek van Logix (of Intergis) data: (indien van toepassing)

### 14.1 Algemeen:

**Hierdie gedeelte is slegs van toepassing op telers van genootskappe wat deur SA Stamboek registreer en/of lid is van Stamboek se Produksie-aantekening (Logix) of die LNR se Nasionale Vleisbeesaantekening en -verbeteringskema (Intergis).**

**Indien jy lid is van 'n telersgenootskap wat van die Breedplan stelsel gebruik maak, sien Bylaag G of kontak jou BenguFarm BEEF agent of Mnr. Leslie Bergh.**

As gevolg van die interafhanklikheid van BenguFarm BEEF en data van diere op Logix (of Intergis), sal ons telkens verwys na Logix, die internet toegang (www.logix.org.za) tot die Logix databasis van SA Stamboek (of Intergis, die internet toegang (www.intergis.agric.za) tot die LNR/Intergis databasis), en hoe Logix inskakel by BenguFarm BEEF. Vir meer inligting oor Logix, kontak Herman Labuschagne van SA Stamboek by 051 4100 900.

Met BenguFarm BEEF kan jy elektroniese lêers skep en stuur vir dekkings, embrio inplantings, geboortekennisgewings, prestasietoetsdata (Fase A & B gewigte), oordragte en kansellasies vir opname en verwerking op Logix. Daar is verskeie opsies, maar **ons beveel aan dat die Logix Direk Lêer Oplaai Funksionaliteit gebruik word om data na Logix te stuur**. Om dit op te stel, gaan na Opstellings > Kuddes > Diensverskaffers. Merk die opsie Gebruik Logix Direk Lêer Oplaai Funksionaliteit, vul jou Logix gebruikersnaam, -wagwoord en jou e-posadres in en klik op Stoor. Op dieselfde skerm, maak ook seker die korrekte epos adresse is opgestel. (Sien paragraaf

8, Opstellings > Kudde Opstellings > Diensverskaffers vir die toepaslike epos adresse). Op dieselfde skerm, kliek op die Algemeen skakel bo-aan die skerm en maak seker die Ras en Genootskap / Stamboek Lid Nommer is ingevul en korrek. Indien só opgestel, sal die Data Stuur funksies wat elektroniese lêers skep, Logix Direk (in plaas van jou epos program) gebruik om data te stuur na Logix.

Ontbrekende rekenaarnommers, PEN diere se afdelings, DNA geverifieerde ouerskappe, genomiese resultate, ontbrekende diere, inspeksiedata, diensverskaffer-berekende prestasietoetsdata (gekorrigeerde gewigte, indekse, ens.) en teelwaardes kan dan baie maklik met die Logix Direk funksies in BenguFarm BEEF ingetrek word (óf deur middel van die elektronies lêers wat per e-pos ontvang word) om sodoende jou BenguFarm BEEF data op datum te hou met jou kudde se data op die Logix databasis. Ons beveel aan dat die Logix Direk funksies in BenguFarm gebruik word (Data Stuur/Trek In > Logix Direk).

**Om gebruik te maak van die Logix funksies, moet jy op Logix 'n e-pos adres op rekord hê <u>en</u> "Ja" gemerk wees vir Elektroniese Data Opname.** [Om dit te kontroleer, gaan na www.logix.org.za > Navrae > Deelname > Deelnemer Besonderhede. Indien jy nie 'n Logix gebruiker is nie, kan jy 'n aansoekvorm aan-lyn invul op die Logix tuisblad by www.logix.org.za]. Indien jy nie geaktiveer is vir elektroniese data nie, kontak asseblief SA Stamboek by telefoonnommer 051 4100 900 of stuur 'n e-pos na help@logix.co.za.

Indien jy 'n **Logix (of Intergis) gebruiker** is, kan jy data van jou eie diere en/of van aangekoopte diere vanaf Logix (of Intergis) aflaai vir opname in BenguFarm BEEF – sien die instruksies hieronder by paragrawe 14.2 en 14.3.

Indien jy ***nie*** **'n Logix (of Intergis) gebruiker** is nie, kan jy ongelukkig *nie* self diere (bv. 'n KI bul of aangekoopte diere) se data van Logix aflaai nie. Jy kan egter wel as 'n Logix gasgebruiker veilingskatalogusse en sekere ander verslae aflaai. Indien jy 'n KI bul of geregistreerde diere wat jy aangekoop het se Logix data wil intrek in BenguFarm, kontak asseblief SA Stamboek by telefoonnommer 051 4100 900 of stuur 'n e-pos na **help@logix.co.za** en vra om vir jou die betrokke diere se 5-generasie Logix BEEFDATA lêer te stuur.

Sien paragraaf 12 vir **ander opsies** om nuwe diere en/of KI bulle se data in te trek.

Indien jy, vir watter rede ookal, *nie* die betrokke diere se dierdata elektronies kan ingetrek in BenguFarm BEEF nie, moet jy dit **per hand skep** vanaf data verkry vanaf die verkoper of uit die veilingskatalogus. Sien paragraaf 13 vir instruksies om dit te doen.

## 14.2 Aflaai van Logix (of Intergis) data:

**Let wel**:

- **Nuut aangekoopte diere:**
    - Indien Logix/Intergis <u>nie</u> oopgestel is vir jou betrokke ras nie (met ander woorde jy het slegs toegang tot diere in jou eie kudde), moet nuut aangekoopte diere reeds oorgedra wees na jou kudde voordat jy hul data kan aftrek.
    - Indien Logix/Intergis wel oopgestel is (sodat alle telers toegang het tot alle diere in die spesifieke ras), kan jy nuut aangekoopte diere se data aftrek al is hulle nog nie oorgedra na jou kudde nie.

**Om jou <u>hele kudde</u> se Logix (of Intergis) data af te laai:**

- Gaan in Logix (of Intergis) na Dienste > Data Onttrekking > Plaassagteware Volledig (V4)> Voltooi Deelnemerskode > Kies die betrokke ras (indien van toepassing) > Kies aantal Generasies (ons beveel aan om 5 generasies te kies) > Stuur > Wag dat lêer geskep word.
- Jy het nou die keuse om die data af te laai via een van twee formate, naamlik 'n csv of zip formaat lêer. Die zip formaat lêer is kleiner en sal dus vinniger aflaai. Kliek **regs** op die lêer formaat van jou keuse en kies Save Target As (of Save Link As, afhangende van die "browser" wat jy gebruik). Stoor die gekose lêer op 'n gepaste plek op jou rekenaar (bv. C:\BenguFarm\Beef\Imports\Kudde).

  **Let wel**: **Moet NIE hierdie lêer in Excel oopmaak NIE,** aangesien dit kan veroorsaak dat jy dit nie sal kan intrek in BenguFarm BEEF nie en/of dat datums foutief ingetrek word.

- Sien "Intrek van Logix/Intergis Dierdata" hieronder vir instruksies om hierdie data in BenguFarm BEEF in te trek.

**Om <u>ontbrekende of spesifieke diere</u> se Logix (of Intergis) data af te laai:**

- **Opsie 1 – Logix Direk (aanbevole opsie vir kuddes met SA Stamboek as diensverskaffer):**
  - **Let wel:** Met hierdie funksie kan jy slegs data van diere wat reeds oorgedra is op jou naam aflaai en intrek. Om data van **diere waarvan jy NIE die eienaar is nie** (bv. 'n **KI bul** of **diere wat gekoop is maar nog nie oorgedra is nie** waar jy nie eienaar asook "keeper" is op Logix nie) af te laai en in te trek, sien Opsie 2 hieronder.
  - Om **ontbrekende diere** (bv. wat onlangs aangekoop en reeds oorgedra is op jou naam) se data af te laai en in te trek, gaan in BenguFarm BEEF na Data Stuur/Trek In > Logix Direk > Trek Ontbrekende Diere In. **Wenk:** Indien 'n dier wat oorgedra is nie in die lys verskyn om ingetrek te word nie, skakel die nie-aktiewe filter aan en kyk of die dier nie reeds op BenguFarm is as 'n onaktiewe dier nie. (Die betrokke dier se data kon moontlik reeds as deel van 'n ander dier se stamboom- of nageslag rekords ingetrek gewees het). Indien wel, gaan na Diere > Voeg By en Verander Diere, kies die betrokke dier en verander die Status na Aktief.
  - Om **spesifieke diere** se data af te laai en in te trek, gaan in BenguFarm BEEF na Data Stuur/Trek In > Logix Direk > Trek Diere In. Op hierdie skerm kan of die rekenaarnommer **of** die ras, geslag, KKM, jaarsyfer en volgnommer van diere wat ingetrek moet en die aantal stamboom generasies wat ingetrek moet word, gespesifiseer word. Dit word aanbeveel om 5 generasies te kies.
- **Opsie 2:**
  - Gaan na die Logix webwerf **www.logix.org.za** (of Intergis webwerf www.intergis.agric.za) en teken aan met jou gebruikersnaam en wagwoord. (Indien jy nog nie 'n geregistreerde Logix gebruiker is nie, kan jy aanlyn aansoek doen op die Logix tuisblad).
  - Gaan in Logix (of Intergis) na Dienste > Data Onttrekking > Plaassagteware Volledig (V4) > Kies diere > Skep 'n nuwe groep (gee enige gepaste naam vir die groep, bv. Groep 1) **of** kies 'n Bestaande Groep van die lysie, indien van toepassing, en kliek Gaan Voort > Voeg dier by > Voltooi die dier se rekenaarnommer **of** ID Nommer in die formaat Raskode/Geslag/Jaar/Volgnommer > Stuur > Merk die dier in die blokkie links van sy/haar No > Voeg dier by lys [**of** Voeg dier by lys en kies nog, indien van toepassing] > Herhaal totdat al die betrokke diere gekies is en bygevoeg is tot die lys > Skep verslag > Kies die aantal stamboom generasies wat ingesluit moet word (ons beveel aan dat jy 3 generasies kies) > Stuur > Wag dat die lêer geskep word.
  - Jy het nou die keuse om die data af te laai via een van twee formate, naamlik 'n csv of zip formaat lêer. Die zip formaat lêer is kleiner en sal dus vinniger aflaai. Kliek **regs** op die lêer formaat van jou keuse en kies Save Target As (of Save Link As, afhangende van die "browser" wat jy gebruik). Stoor die gekose lêer op 'n gepaste plek op jou rekenaar (Bv. C:\BenguFarm\Beef\Imports\Kudde).

    **Let wel**: **Moet NIE hierdie lêer in Excel oopmaak NIE**, aangesien dit kan veroorsaak dat jy dit nie sal kan intrek in BenguFarm BEEF nie en/of dat datums foutief ingetrek word.
  - Sien "Intrek van Logix (of Intergis) Dierdata" hieronder vir instruksies om hierdie data in BenguFarm BEEF in te trek.

**Notas:**

- Indien jy navrae het oor Logix elektroniese data, kontak asseblief SA Stamboek by telefoonnommer 051 4100 900 of stuur 'n e-pos na **help@logix.co.za**.
- Om jou e-pos adres op Logix te verander of by te voeg of om jou Elektroniese Data Opname keuse te verander of te kontroleer, kontak asseblief vir Philna Moelich by telefoonnommer 051 4100 900 of stuur 'n e-pos na **philna@studbook.co.za**.

## 14.3 Intrek van Logix (of Intergis) dierdata in BenguFarm BEEF:

- Voordat jy voortgaan om die data in BenguFarm BEEF in te trek, maak eers 'n rugsteun van jou BenguFarm BEEF databasis (Lêer > Rugsteun en Herstel > Rugsteun).
- Gaan in BenguFarm BEEF na > Lêer > Verander Aktiewe Kudde Na en kies die kudde waarin die data ingetrek moet word.
- Maak seker die Genootskap (Stamboek) Lid Nommer [Opstellings > Kuddes > Algemeen] is korrek voltooi (sewe syfers plus die raskode, bv. <u>0</u>567890BON), dat die KKM en Ras voltooi is

en dat die Verstek ID Formaat [Opstellings > Kuddes > ID-Metodes en Nommering] opgestel is as HHHHYYNNNN.

- **Gaan na Data Stuur/Trek In > Trek In > Databasis > Logix (of Intergis) Hoof Datalêer**. Soek die csv of .zip formaat datalêer (BEEFDATA_....) waar jy dit gestoor het. **Let wel:** Die zip formaat lêer kan direk ingetrek word, sonder om eers die data te "extract". Kies die toepaslike intrekopsies (Die verstekopsies is gewoonlik reg) en klik op Trek In. Let op die opsie **Verwyder Bul Nageslag van Ander Eienaars** om bulle (soos KI bulle) se nageslag wat in ander kuddes gebore is te verwyder tydens intrek ten einde te verhoed dat onnodige diere in die databasis ingetrek word. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- Om te kontroleer of die dierdata korrek ingetrek is, gaan op die hoofskerm na die Kudde Uitleg, klik op Verfris Skerm en kyk of die betrokke diere in die "Aktief" lys verskyn.
  **Let wel:**
  - Indien die Stamboek Lid Nommer nie korrek voltooi is met die intrek van die data nie, sal die aktiewe diere verkeerdelik gelys word met status as "Onaktief". Om jou Stamboek LID Nr in BenguFarm BEEF op te stel, gaan na Opstellings > Kuddes > Algemeen > Genootskap (Stamboek) Lid Nr.
  - **Diere wat aangekoop is maar nog nie oorgedra is na jou kudde nie** wanneer jy die data aftrek via Logix, sal NIE ingesluit wees in die Logix lêer wat geskep is met alle diere in die kudde NIE. In só 'n geval, moet die verkoper en/of die betrokke telersgenootskap gekontak word om te reël dat die diere oorgedra word.
  - **KI bulle en ander bulle waarvan jy nie nie die eienaar is nie**, sal met Status "Onaktief" ingetrek word indien die "Kies Diere" opsie gebruik is toe die Logix lêer geskep is. Hulle sal dus nie op jou "Aktiewe diere" kuddelys verskyn nie. Om hulle maklik (bo-aan) jou lys van bulle te kry by die Dekkings/KI skerms, gaan na die Voeg by en Verander Diere skerm, skakel die Onaktiewe dier filter aan, soek die bulle en merk ("highlight", nie regmerkie) elk van hierdie bulle in die lys van diere. Maak 'n regmerkie in die veld "Teel/KI Bul" en kliek Stoor. **Let wel**: Die veld "Teel/KI Bul" sal slegs vertoon word indien die betrokke dier wat gekies is, 'n bul is.
  - Indien jy 'n betrokke dier(e) ook nie by die onaktiewe diere kry nie, maak seker die ID Nommer is nie byvoorbeeld ABC 180038 (met 'n spasie na die KKM) in plaas van ABC180038 nie. Probeer om die dier op rekenaarnommer te soek by Diere > Soek Dier.
- Indien jy voorheen reeds die betrokke diere per hand op BenguFarm ingevoer het, **maak seker dat daar met die intrek van die Logix data nie duplikaat dierrekords geskep is nie.** Om duplikaat diere soek, sien paragraaf 47.

## 15. Aankope – Diere en semen van KI bulle:

### Aangekoopte diere:

- **Om die dierdata van aangekoopte diere in te trek of aan te teken**, sien paragrawe 13 en 14 hierbo.
- **Om aankoopinligting** (by wie gekoop, aankoopdatum, prys, ensovoorts) **van aangekoopte diere aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Verskuiwings > Aankope. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig. **Let wel:** Indien dierrekords per hand geskep word met behulp van die Voeg Diere By Wizard skerm, kan die aankoopinligting daar aangeteken word.
- **Om 'n verslag te skep van diere wat aangekoop is**, gaan na Verslae > Aankope, Veilings, Verkope, Vrektes en Uitskotte > Aankope.
- **Om die aankoopdata van 'n dier op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Algemeen opkykskerm en rol af tot by die aankoopdata velde of gaan op die Kudde Uitleg na die Aankope afdeling.

### Aangekoopte semen van KI bulle en semen aandeel bulle:

- **Om die dierdata van 'n KI bul(le) en/of bulle waarvan 'n semen aandeel gekoop is in te trek of aan te teken**, sien paragrawe 12 en 13 hierbo.
  - Aangesien jy nie eienaar van hierdie bul(le) is nie, sal jy die opsie om *spesifieke* diere se Logix/Intergis data af te laai moet gebruik om die data van Logix af te laai en in te trek.
  - So 'n bul(le) sal met status Onaktief ingetrek word. Hou die status van KI bulle as Onaktief om te verseker dat hulle nie ingesluit word in jou kuddelys nie.
- **Om die semenvoorraad van bulle aan te teken in die Semen Voorraad register** (opsioneel), sien paragraaf 63.

**Algemeen:**

- **Om te verseker dat die teelbulle, insluitende KI bulle en/of bulle waarvan 'n semen aandeel gekoop is, bo-aan jou lys van bulle vertoon word op die Natuurlike Dekkings en KI skerms**, gaan na Diere > Voeg by en Verander (Enkel dier uitleg) > Algemeen, merk ("highlight") die betrokke bul, maak 'n regmerkie in die veld "Teel/KI Bul" en kliek Stoor. Bulle gemerk as 'n teelbul word ook apart in die kategorie "Teelbulle" gelys op die hoofskerm se Kudde Uitleg in die Kategorie kolom asook in die Diergetalle en -waardes verslag (Verslae > Dierlyste en -getalle > Diergetalle en -waardes).
- **Indien 'n bul gebruik word in meer as een kudde** (bv. stoet en kommersieel) **wat op dieselfde databasis is**, gaan na Diere > Voeg By en Verander Diere (Enkel Dier Uitleg) > Algemene Data en merk die veld "Sigbaar vir Reproduksie in Alle Kuddes" en kliek Stoor. 'n Bul wat só gemerk is sal in die ander kudde(s) op die Dekkings skerm beskikbaar wees in die lys van bulle om te kies as die bul en by Kalwings om te kies as die vader van 'n kalf. Die bul sal egter nie in die ander kudde(s) gelys word as 'n aktiewe dier in die kuddelys nie.
- **Indien jy hulp nodig het met die aflaai van Logix data van 'n KI bul of geregistreerde diere wat jy aangekoop het**, kontak asseblief SA Stamboek by telefoonnommer 051 4100 900 of stuur 'n e-pos na **help@logix.co.za** en vra om vir jou die betrokke diere se 5-generasie Logix BEEFDATA lêer te stuur.
- **Om diere aan kamp- of bestuursgroepe te koppel**, sien paragraaf 16.

## 16. Koppel diere aan 'n kamp of groep en skuif diere:

- **Om diere aan 'n groep (bv. 'n kamp of bestuursgroep) te koppel of om diere te skuif tussen groepe of kampe is daar verskillende skerms wat gebruik kan word:**
  - Diere kan op die hoofskerm se Kudde Uitleg en die meeste aantekenskerms asook sekere verslagskerms (waar die opsie Vertoon Werklys beskikbaar is) aan kampe of groepe gekoppel of verskuif word deur die betrokke diere te kies in die K-kolom en dan te kliek op Koppel Diere aan Groep. Hierdie funksie het verskeie opsies, bv. om gekose koeie se kalwers na dieselfde of 'n ander kamp te skuif as die moeders. **Let wel:** Indien diere na of van 'n groep geskuif word terwyl daardie groep met die groepfilter op die hoofskerm gekies is, sal die diere in die betrokke groep eers opgedateer vertoon word nadat die groepfilter afgeskakel is (Geen Groep Filter) en die betrokke groep weer gefilter word. OF
  - Gaan na Verskuiwings > Verskuif Diere na 'n ander Kamp of Groep. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
  - Diere kan aan 'n kamp gekoppel word op die Voeg Diere By Wizard, Voeg By en Verander Diere (Enkel Dier Uitleg) en Verander Diere (Tabel Uitleg) skerms.
  - Wanneer kalwings aangeteken word en die betrokke koei is in 'n kamp op datum van kalwing, sal BenguFarm outomaties die kalf in dieselfde kamp sit met rede Gebore in Kamp.
  - Wanneer kalwings aangeteken word en die betrokke koei aan 'n bestuursgroep (of 'n ander groep) gekoppel is, sal BenguFarm outomaties die kalf in dieselfde bestuursgroep as die moeder sit indien by Opstellings > Groepe en Kampe > Kategorie > Bestuursgroepe (of ander tipe groep) > Voeg by/Verander/Verwyder Kategoreë die kolom Plaas Kalf in Moeder Groep gemerk is.
- **Om diere wat in 'n bestuursgroep is ook aan 'n kamp te koppel (of andersom):**
  - Gaan op die hoofskerm na die Kudde Uitleg en by die groepfilter (regs van die Vroulik filter), kies die betrokke bestaande groep/kamp. Kies die diere in die K-kolom en kliek Koppel Diere aan Groep. Koppel hulle dan aan die verlangde groep of kamp; OF
  - Gaan na Verskuiwings > Verskuif diere na 'n ander Kamp of Groep. Kies die kamp waarna die diere geskuif moet word regs bo-aan die skerm as die aktiewe groep. In die middel van die skerm (onder die opskrif Voeg By/Verwyder Diere d.m.v. Groep/Kamp), by Kategorie, kies Bestuursgroepe. By Groep/Kamp, kies die betrokke bestuursgroep. Kliek aan die regterkant van die Groep/Kamp op die swart pyl om die diere in die betrokke bestuursgroep in die betrokke kamp te plaas. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- **Om *bestaande* kampverskuiwings van 'n dier te verander**, gaan na Diere > Voeg By en Verander Diere (Enkel Dier Uitleg) > Algemeen. By die Kampe veld, kliek op die Verander Kampverskuiwingsgeskiedenis knoppie.
- **Om 'n verslag te skep van diere per kamp of groep,** gaan na Verslae > Kampe en Kuddes > Diere per Kamp of Groep. **Let wel**: Die diere wat *nie* in 'n kamp geplaas is *nie*, sal gelys word in 'n "kamp" met kode "[geen]".
- **Om 'n verslag te skep van diere se verskuiwings/bewegings tussen kampe,** gaan na Verslae > Kampe en Kuddes > Kamp Verskuiwings.
- **Om 'n verslag te skep van die weiding benutting van kampe vir 'n sekere tydperk,** gaan na Verslae > Kampe en Kuddes > Weiding Benutting per Kamp. Hierdie verslag sal slegs beskikbaar wees

indien die kampe opgestel is met minstens die kampgroottes. **Wenk:** Kliek op die Berekenings inligtingsknoppie regs onderaan die skerm om te sien hoe die berekenings gedoen word. **Let wel:**
  - Hierdie verslag maak gebruik van die kampverskuiwings geskiedenis in BenguFarm. Dit is dus krities dat hierdie data beskikbaar is vir die tydperk waarvoor die verslag geskep word.
  - Om die volle voordeel van hierdie verslag te kry, spesifiek die persentasie wat die onderskeie kampe reeds benut is, is dit belangrik om kampgroottes en die drakrag (GVE/ha) per kamp op te stel by Opstellings > Kampe.
  - Diere wat verkoop of dood is, moet by Verkope, Vrektes en Uitskotte aangeteken word met 'n datum, ens. (dit wil sê hul status moet nie net na Onaktief verander word nie) om te verseker dat die periode in die laaste kamp korrek bereken word.
  - Om te sien hoe die aantal GVE bereken word vir verskillende kategorieë diere, gaan na Opstellings > Kuddes > Herinneraars > Verstek Diergetalle Berekeningsmetode en kliek op die opstellings knoppie. Maak seker dat die toepaslike raamgrootte gekies is by Opstellings > Kuddes > Liggaamsmates > Koeie se Raamgrootte,
  - Die aantal GVE word bereken volgens die kategorie waarin die betrokke dier was op die tydstip toe die dier in die kamp was.
- **Om die kampdata van 'n dier op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Algemeen opkykskerm en rol af tot by die kamp inligting of gaan op die Kudde Uitleg na die Kamp afdeling. **Wenk:** Filter die betrokke kamp by die Groepfilter om slegs 'n spesifieke kamp se diere te sien op die Kudde Uitleg.
- **Om ander groepe (bv. bestuursgroepe) waarin 'n dier is op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Algemeen opkykskerm en rol af tot by die My Groepe veld of gaan op die Kudde Uitleg na die Algemeen afdeling. Indien daar op die Kudde Uitleg nie 'n kolom is vir Bestuursroepe nie, gaan na Vertoon Opsies, merk die Vertoon Groepe van Kategorie opsie, kies Bestuursgroepe en kliek Stoor Opsies as Kudde Verstek.

## 17. Kontroleer of alle diere op rekord is:

- **Om die belangrikste data van diere in tabel uitleg op die hoofskerm op te kyk,** gaan na die Kudde Uitleg.
- **Om die data van 'n enkele dier op die hoofskerm op te kyk**, gaan na die Dier Uitleg, kies die betrokke dier se ID Nr in die blokkie (pienk of blou) links bo-aan die hoofskerm en kliek dan op die betrokke opkykskerm se skakel.
- **Om te kontroleer of alle diere in BenguFarm BEEF is**, kan jy 'n **kuddelys** verslag skep deur te gaan na Verslae > Dier Lyste en Getalle > Kuddelys. **Let wel**: Indien die Stamboek/LNR Lid Nommer nie korrek voltooi is met die intrek van die Logix data nie (sien hierbo), sal die aktiewe diere verkeerdelik gelys word met status "Onaktief".
- **Om 'n diergetalle en -waardes verslag te skep** wat die aantal diere in die kudde per kategorie (kalwers, koeie, bulle, ensovoorts) aandui, gaan na Verslae > Dier Lyste en Getalle > Diergetalle en -waardes. Sien paragraaf 8 vir meer inligting oor hoe die kategorieë gedefiniëer word, ens.
- **Om te kontroleer of daar duplikaat dierrekords geskep en/of ingetrek is,** sien paragraaf 47.

## 18. Verander of verwyder data:

- **Om *algemene* dierdata** (bv. geslag, geboortedatum, ID Nommer, vader, moeder en status) **te verander of verwyder**, is daar basies drie moontlike skerms wat jy kan gebruik, naamlik:
  - **Diere > Voeg By en Verander Diere (Enkel Dier Uitleg):** Gebruik hierdie skerm vir veranderings op enkel diere of velde wat uniek is per dier, byvoorbeeld ID Nr. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.

    **Wenk:** Die Voeg By en Verander Diere skerm kan gebruik word vir enkeldier veranderings asook vir multi-dier veranderings. Om 'n enkele dier te kies, moet daar net EEN keer op die dier se nommer gekliek word sodat die nommer net uitgelig is. Om verskeie diere te kies, moet daar DUBBEL gekliek word op 'n dier se nommer sodat daar 'n regmerkie in die blokkie langs die nommer verskyn. Kliek dan links onderaan die skerm op Multi Verander.
  - **Diere > Verander Diere (Tabel Uitleg)**: Gebruik hierdie skerm vir dieselfde veranderings op 'n aantal diere, byvoorbeeld om 'n groep kalwers se kalfseisoen te verander. Die skerm kan ook gebruik word om dierrekords te verwyder, indien nodig. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
  - **Reproduksie > Kalwingskerm**: Indien jy iets (bv. 'n kalfdatum) op 'n bestaande kalwing wil verander, kies die betrokke koei, kliek op die "N" langs haar nommer en kies die kalwing wat jy wil verander. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- **Om spesifieke (nie-algemene) data** (bv. dekkings, dragtigheidsondersoeke, gewigte/mates/punte nie gekoppel aan 'n toets, inentings, siektes en behandelings, prosedures, aankope en verkope) **te verander of te verwyder**, gaan na die skerm waar die betrokke tipe data oorspronklik ingelees is.

Indien natuurlike dekkings byvoorbeeld verander moet word, gaan na Reproduksie > Dekkings > Natuurlike Dekkings. Om die bestaande data wat verander moet word te vertoon, kliek regs bo-aan die skerm op **Laai Bestaande Rekords**. Wanneer die betrokke dier of groep diere gekies is, kan daardie dier(e) se data verander en gestoor word. Indien dieselfde verandering by verskeie diere aangebring moet word, merk die spesifieke diere wat se data verander moet word met 'n regmerkie in die eerste ("K" = **K**ies) kolom. Verander nou die betrokke data in die Multi Verander / Voeg Nuwe By area bo-aan die skerm en stoor. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.

- Die **Data Navigeerder** skerm [Diere > Data Navigeerder] kan ook gebruik word om verskeie tipes data te verander of te verwyder. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.

## 19. Rugsteun en herstel van die databasis(se) en ander inligting:

- **BAIE BELANGRIK!!! Lees asseblief die volgende paragraaf noukeurig deur.**
    - **Die BenguFarm databasis, fotos, ensovoorts word NIE in die "cloud" gestoor NIE, dit word op die rekenaar self gestoor.** Dit beteken dat, indien die rekenaar gesteel word of die hardeskyf beskadig word of 'n virus die rekenaarlêers beskadig, die BenguFarm data, ensovoorts verlore sal wees.
    - **Dit is dus krities belangrik om GEREELD 'n rugsteun te maak van jou BenguFarm databasis(se),** gestoorde verslaguitlegde, fotos & dokumente en die Genetics databasis (indien van toepassing), veral nadat jy heelwat nuwe data opgeneem of data verander het, voordat jy iemand anders laat werk aan jou rekenaar, ens.
    - **Dit is net so belangrik om die rugsteun op 'n VEILIGE PLEK te stoor,** byvoorbeeld 'n web ("cloud") gebaseerde plek soos Dropbox, GoogleDrive of OneDrive en/of 'n eksterne hardeskyf of geheuestokkie. Bêre hierdie eksterne hardeskyf of geheuestokkie apart van jou rekenaar op 'n veilige plek sodat dit nie saam met jou rekenaar gesteel kan word nie.
- **Om die verstek plek waar rugsteun lêers gemaak word te verander**, gaan na Opstellings > Kuddes > Verstek Gidse vir Lêers > Verstek Gids waar Rugsteunlêers gemaak sal word. **Let wel:** Die vooropgestelde plek op die rekenaar se hardeskyf (C:\BenguFarm\Beef\ Backups\[Kudde]) is NIE 'n veilige plek om die rugsteun te stoor nie, aangesien daardie rugsteun verlore sal wees indien die rekenaar gesteel word of iets oorkom.
- **Om 'n rugsteun te maak**, gaan na Lêer > Rugsteun en Herstel. Onder die hofie Maak 'n Rugsteun, kies die tipe data (Databasis(se), Gestoorde Verslaguitlegde, Fotos & Dokumente) waarvan jy 'n rugsteun wil maak. Onder die hofie Maak Rugsteun In, kies die plek waar jy die rugsteun lêer wil stoor. Kliek aan die regterkant op Rugsteun om die rugsteun te maak. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- Indien jy meer as een databasis in BenguFarm het, onthou om van elke databasis 'n rugsteun te maak.
- **Om 'n rugsteun te maak wat alles** (databasis(se), gestoorde verslaguitlegde, fotos & dokumente, ens.) **insluit**, kies Volledige Stelsel Rugsteun (BFSysBackup gids).
- Van tyd tot tyd kan ou rugsteun lêers wat nie meer benodig word nie, verwyder ("delete") word.
- **Om op te stel dat BenguFarm BEEF jou herinner om gereeld 'n rugsteun te maak**, gaan na Opstellings > Kuddes > Herinneraars.
- **Om 'n rugsteun te herstel**:
    - As jy meer as een databasis op BenguFarm het, maak seker jy is in die regte databasis.
    - Gaan na Lêer > Rugsteun en Herstel.
    - Dit is altyd 'n goeie idee om eers 'n rugsteun te maak van die huidige data voordat 'n rugsteun herstel word - net vir ingeval iets verkeerd loop.
    - **Om 'n <u>databasis</u> rugsteun te herstel**, moet onder die hofie Herstel 'n Rugsteun die opsie Herstel Volldige Stelsel Rugsteun (Kies BFSysBackup… gids) NIE gekies word NIE. Kliek op Soek, gaan na waar die rugsteun gestoor is, kies die **Database Backup**_[datum+tyd] **lêer** ("file"), kliek Maak Oop en kliek Herstel.
    - **Om 'n <u>volle stelsel</u> rugsteun te herstel**, kies onder die hofie Herstel 'n Rugsteun die opsie Herstel Volldige Stelsel Rugsteun (Kies BFSysBackup… gids). Kliek op Soek en gaan na waar die rugsteun gestoor is, kies die **BFSysBackup**_[datum+tyd] **gids** ("folder"), kliek Maak Oop en kliek Herstel. **Let wel:** Indien 'n volle stelsel rusteun herstel word, word ALLE databasisse se data oorskryf.
- **Om data van een rekenaar na 'n nuwe of ander rekenaar oor te dra:**
    - **Op die ou rekenaar:**
        - Plaas 'n geheuestokkie waarop jy 'n BenguFarm rugsteun gaan maak in die rekenaar.
        - Maak BenguFarm oop en gaan na Lêer > Rugsteun en Herstel.
        - Onder Maak 'n Rugsteun, kies onder Van Watter Data Moet 'n Rugsteun Gemaak Word die opsie Volledige Stelsel Rugsteun (BFSysBackup gids).
        - Kliek op Soek en kies die geheuestokkie drywer en gids ("folder") waar jy die rugsteun wil maak.

        - Kliek op Rugsteun. In die gids ("folder") wat gekies is, sal 'n sub-gids geskep word met die naam BFSysBackup_[datum+tyd] waarbinne al die betrokke data gestoor word.
        - Verwyder die geheuestokkie met die rugsteun daarop uit die rekenaar.
    - **Op die nuwe rekenaar:**
        - Plaas die geheuestokkie met die rugsteun daarop in die nuwe rekenaar.
        - Maak seker BenguFarm is dieselfde of nuwer weergawe as op die ou rekenaar. (Kyk bo-aan die hoofskerm vir die weergawe datum).
        - Maak BenguFarm oop en kies Herstel 'n Rugsteun vanaf die Welkom skerm.
        - Onder die hofie Herstel 'n Rugsteun, kies die opsie *Herstel Volldige Stelsel Rugsteun (Kies BFSysBackup… gids)*. Kliek op Soek en gaan na waar die rugsteun op die geheuestokkie is en kies die BFSysBackup_[datum+tyd] gids ("folder").
        - Kliek op Herstel.
        - Om BenguFarm op die nuwe rekenaar te registreer, kontak asseblief vir Philna Moulich by 051 4100 910 of stuur vir haar 'n e-pos na registration@benguelasoft.co.za en gee vir haar die Rekenaar Identifikasie Kode links bo-aan die Registrasie skerm asook julle BenguFarm rekeningnommer (BPU___).
        - Al jou BenguFarm data, fotos, opstellings en eie verslae behoort nou op jou nuwe rekenaar te wees.
- **Let wel:** Alle opstellings van al die kuddes (waar van toepassing) op die betrokke databasis word ingesluit in die rugsteun van die databasis. Bestaande opstellings word dus oorskryf wanneer 'n rugsteun herstel word.

## 20. Sinchronisasie van data tussen rekenaars:

**BenguFarm mag op meer as een rekenaar geïnstalleer word** met een lisensie (d.w.s. geen ekstra koste nie), solank as wat dit slegs vir die geregistreerde gebruiker se kudde(s) gebruik word. Om BenguFarm op 'n nuwe of addisionele rekenaar te installeer, dit te registreer en 'n rugsteun ("backup") te herstel, gaan na bengufarm.co.za > Downloads > Software. Rol af tot by "Install on new computer and transfer data**"** en volg die stap-vir stap instruksies.

**BAIE BELANGRIK!!!**

**Die BenguFarm databasis is NIE "cloud" gebaseer nie, dit is op die hardeskyf van die betrokke rekenaar waarop die program geïnstalleer is. Dit beteken dat data ingevoer/verandering normaalweg slegs op een rekenaar gedoen kan word tensy die Sinshronisasie via die "Cloud" opsie gebruik word of die BenguFarm databasis na 'n netwerkbiediener ("server") geskuif word – sien die opsies hieronder**.

**Indien BenguFarm op meer as een rekenaar geïnstalleer is, is daar verskeie opsies om die data tussen die rekenaars te sinchroniseer en vir alle persone wat op die program moet werk toegang te gee tot die nuutste data op BenguFarm. Hierdie opsies is:**

- **Sinchronisasie via die "Cloud"** (aanbevole opsie): Vir kliënte wat BenguFarm op meer as een rekenaar gebruik, maak hierdie funksie dit moontlik om data op twee of meer rekenaars aan te teken en van tyd tot tyd via die "Cloud" te sinchroniseer *sonder* die gevaar om data te verloor. Daar is tans geen ekstra koste om die "Cloud" sinchroniseer funksie te gebruik nie. Kliënte wat BenguFarm op meer as een rekenaar gebruik en van hierdie funksie gebruik wil maak, moet hul BenguFarm agent of Mnr. Leslie Bergh by leslie@benguelasoft.co.za of 0828012026 kontak om hierdie funksie te aktiveer. Tim Pauw sal dan vir die kliënt 'n e-pos stuur met die stap-vir-stap instruksies om die sinchroniasie te begin.
- **Meester rekenaar opsie:** Met hierdie opsie, moet die eienaar besluit op 'n meester rekenaar, met ander woorde die enigste rekenaar waarop nuwe data opgeneem en verander word. 'n Rugsteun ("backup") van die BenguFarm databasis word dan op 'n gereelde basis op die meester rekenaar gemaak, gedeel (bv. via geheuestokkie, e-pos, Teamviewer se File Transfer of Dropbox) met die ander gebruikers en elkeen van hulle herstel die rugsteun dan weer op sy/haar rekenaar. Die ander gebruikers gebruik dus die program net vir navrae en verslae, m.a.w. hulle voeg geen data by of verander of verwyder data nie. Hierdie proses is baie vinnig en maklik. **Nota:** Die eerste keer wat 'n rugsteun op een rekenaar gemaak en op ander rekenaar herstel word, word 'n registrasie- en toegang kode benodig om die BenguFarm databasis te registreer op die nuwe rekenaar. Daarna kan 'n rugsteun gemaak en herstel word sonder dat 'n registrasie en toegang kode benodig word. [Sien paragraaf 19 vir rugsteun en herstel funksies].
- **Netwerk opsie:** As die rekenaars gekoppel is aan 'n netwerk, bv. 'n LAN, kan BenguFarm geïnstalleer word op die verskillende rekenaars, die BenguFarm databasis kan op die bediener gesit word en elke rekenaar se BenguFarm gekoppel word aan die databasis op die bediener. Op hierdie wyse het almal gelyktydig toegang tot die dieselfde lewendige databasis. Afhangende van 'n paar tegniese aspekte, kan

die program in sekere gevalle 'n bietjie stadiger wees, omdat dit toegang moet verkry tot die databasis via 'n netwerk. Baie van ons kliënte maak gebruik van hierdie opsie, en op voorwaarde dat die bediener altyd aan is en al die mense altyd toegang het tot die bediener, werk hierdie opsie goed. Vir instruksies om BenguFarm vir 'n netwerk op te stel, kontak jou BenguFarm agent of Mnr. Leslie Bergh by leslie@benguelasoft.co.za of 0828012026.

- **Veelvuldige databasis opsie:** Hierdie opsie werk goed waar daar byvoorbeeld twee bestuurders, elkeen op 'n afsonderlike plaas, is wat elk verantwoordelik is vir die data opname op BenguFarm van die kuddes/spesies op 'n spesifieke plaas, bv. plaas A en plaas B onderskeidelik. In so 'n geval kan 'n aparte databasis vir elke bestuurder/plaas opgestel en registreer word. Op die eienaar se rekenaar word twee databasisse opgestel en registreer, een vir plaas A en een vir plaas B. Die bestuurder van plaas A kan op 'n gereelde basis 'n rugsteun van plaas A se databasis op sy rekenaar maak en dit stuur (per e-pos, Dropbox, ens.) aan die eienaar. Die eienaar kan die rugsteun op sy rekenaar herstel sonder om die data van plaas B te beïnvloed. Dieselfde geld vir die plaas B. Op hierdie manier kan die eienaar toegang hê tot die nuutste data sonder om direk te werk op die twee meester databasisse.

# AFDELING B – BASIESE FUNKSIES:

## 21. Basiese stappe van data-aantekening:

Die basiese stappe van die data-aantekening proses is as volg:

1. Druk aantekenlys (indien van toepassing); en
2. Teken data aan op aantekenlys; en
3. Voer data vanaf aantekenlys in op BenguFarm.
4. OF teken data aan op BenguFarm Mobile "app" en sinchroniseer met PC program.
5. OF teken data aan op EID leser of skaal en trek in BenguFarm in.
6. Kontroleer data op hoofskerm (Verfris Skerm).
7. Skep verslag(e) van data.
8. Stuur data na SA Stamboek / Telersgenootskap (indien van toepassing - stoetkuddes).
9. Trek data vanaf SA Stamboek (Logix) / Telersgenootskap ontvang in BenguFarm in (indien van toepassing - stoetkuddes)

## 22. Sinchronisasie van ovulasie: (indien van toepassing)

- **Maak seker die toepaslike waardes is opgestel** by Opstellings > Kuddes > Dekking, Dragtigheid en Kalwing vir # Dae van Insit tot Eerste Spuit; # Dae van Insit tot Tweede Spuit; # Dae van Insit tot Uithaal en # Dae van Uithaal tot KI / Lapa.
- **Om 'n lys te skep van alle dekbare verse en koeie**, gaan na Verslae > Reproduksie > Dekbare Verse en Koeie (aantekenlys).
- **Om sinchronisasies asook die daaropvolgende aksies aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Reproduksie > Sinchronisasie. Om addisionele/opvolg aksies data aan te teken by bestaande rekords, kliek op Laai Bestaande Rekords. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- **Om 'n verslag te skep van sinchronisasies asook die daaropvolgende aksies**, gaan na Verslae > Reproduksie > Sinchronisasie. **Let wel**: Aksies wat reeds gedoen is, word in normale lettertipe vertoon; aksies wat nog gedoen moet word, word in vetdruk ("bold") vertoon en aksies wat reeds gedoen moes wees, word in rooi vetdruk vertoon.
- **Om sinchronisasiedata van 'n dier op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Dek-, en Dragtigheidgeskiedenis opkykskerm (die Vertoon Sinchronisasies opsie regs bo-aan die opkyksubskerm moet aangeskakel wees) of gaan op die Kudde Uitleg na die Sinchronisasies afdeling.

## 23. Dekkings en inteel berekening vir beplande parings:

Ons beveel aan dat jy natuurlike dekkings en/of kunsmatige inseminasies/laparoskopieë (KIs) in BenguFarm BEEF aanteken sodra die bulle by die koeie gesit is en/of die KIs gedoen is. Dit het verskeie voordele, onder andere dat lyste om dragtighede op aan te teken uit BenguFarm BEEF gedruk kan word en dat dragtigheid- en kalfpersentasies bereken kan word per bul (of bulgroep) en seisoen. Wanneer kalwings in BenguFarm BEEF aangeteken word op die Kalwing skerm, word die moontlike of mees waarskynlike vader van die kalf dan ook outomaties gekies vanuit die bestaande dekkings vir die betrokke koei.

Stoettelers kan met die opsionele **GENETICS module, met behulp van teelwaardes en stambome, die beste parings te bepaal** volgens teeldoelwitte wat hulle self kan opstel vir hul eie kuddes. Vir meer inligting, kontak jou BenguFarm agent of Mnr. Leslie Bergh by leslie@benguelasoft.co.za of 082 801 2026 of besoek www.bengufarm.co.za > Products > Genetics.

Vir instruksies om die rekordhouding van **embriospoelings of die kolleksie van oösiete en *in vitro* bevrugting en embrio-inplantings** te doen, sien Bylaag F.

**Nota:** Telers wie lid is van 'n telersgenootskap wat van die Breedplan stelsel gebruik maak, sien Bylaag G.

- **Om 'n lys te skep van alle dekbare verse en koeie**, gaan na Verslae > Reproduksie > Dekbare Verse en Koeie (aantekenlys). **Wenk:** Kliek Vertoon Werkblad om diere aan groepe (bv. kampe of dekgroepe) te koppel.
- **Om 'n lys te skep waarop KIs en spesifieke, *waargenome* dekkings op aangeteken kan word** (indien van toepassing), gaan na Verslae > Reproduksie > Dekkings (aantekenlys).
- **Om die inteelpersentasies van die nageslag van moontlike parings te bereken**, gaan na Reproduksie > Inteel Berekening vir Beplande Parings. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
    - Inteelpersentasies in **rooi** is hoër as die waarde opgestel (verstek = 6.25%) vir "Waarsku indien Inteelpersentasie hoër is as" by Opstellings > Kuddes > Dekking, Dragtigheid en Kalwings en sulke parings moet liefs vermy word. **Let wel:** 'n Nul persent inteel kan óf beteken dat daar

geen gemeenskaplike voorouers is in die betrokke twee diere se stambome vir die gekose aantal generasies nie, óf dat stamboomdata onbreek.

- Merk die opsie "Bereken Inteling vir vroulike Diere gebore uit **meerbul parings** vir Moontlike Vaders" bo-aan die skerm om die inteling te bereken vir die gekose vroulike diere wat gebore is uit 'n meerbul paring, m.a.w. waar die vader ?MULTISIRE" is en die betrokke bulle gespesifiseer is. Indien hierdie opsie gemerk is, sal die inteling bereken word asof elk van die meerbulle die vader van die vroulike dier is en die hoogste inteling vir al die gegewe bulle, vertoon word. Let wel dat waar 'n dier sonder 'n vader, maar gebore uit 'n meerbul paring, enige ander plek in die stamboom voorkom, die berekening gedoen sal word asof daardie vader onbekend is.
- Indien die gloeilamp in die "**Q**" (Queen) kolom in rooi vertoon, beteken dit die vroulike dier is gebore as een van 'n tweeling saam met 'n manlike dier. Sulke vroulike diere is gewoonlik onvrugbaar.
- Klik op die **Algemene Inteel %** knoppie onderaan die skerm vir die inteel persentasies van sekere algemene parings.
- Wanneer die inteelpersentasies van die nageslag van moontlike parings bereken is en daar is inteling, gaan na die Stamboom opkykskerm op die Dier Uitleg van die hoofskerm van die betrokke ouers om te sien watter dier(e) die **gemeenskaplike voorouer** is.
- **Dekkings kan direk op hierdie skerm aangeteken word** deur die betrokke bul(le) en koei kombinasies te kies en onderaan die skerm die dekkings aan te teken vir die gekose kombinasies.
- Vir 'n **artikel oor die gevare van inteling**, kontak Mnr. Leslie Bergh by leslie@benguelasoft.co.za of 082 801 2026.
- **Om 'n stamboom verslag te skep**, gaan na Verslae > Dier, Stamboom en Nageslag > Stamboom. **Gemeenskaplike voorouers** (wat inteling tot gevolg het) word op 'n rooi agtergrond vertoon op die stamboom om hulle maklik te identifiseeer.
- **Om te sien watter diere verwant is aan 'n spesifieke dier** (bv. 'n bul), gaan na Verslae > Dier, Stamboom en Nageslag > Verwante Diere.

- **Indien geen dekseisoene gebruik word nie**, teken die dekkings aan met die Datum Bul(le) In die datum waarop die betrokke bul(le) by die betrokke groep koeie gesit is en die Datum Bul(le) Uit die verwagte of beplande datum wanneer die betrokke bul of, in die geval van multi-bul dekkings, een of meer van die bulle uitgehaal/vervang gaan word. Die Datum Bul(le) Uit van bestaande dekkings kan, wanneer nodig, verander word.
- **Voordat dekkings in BenguFarm BEEF aangeteken word**:
  - Maak seker dat **alle die koeie, verse en teelbulle (ook KI bulle, mede-gebruiker/leenbulle en mede-eienaar bulle) op rekord** is in BenguFarm BEEF. Sien paragraaf 14.2, subparagraaf *om ontbrekende of spesifieke diere se Logix (of Intergis) data af te laai* hoe om ontbrekende diere se data af te laai en paragraaf 14.3 om die data in BenguFarm in te trek.
  - Indien semen aangekoop is en rekord gehou word van **semenvoorraad**, teken die nuwe semen aankope aan by Reproduksie > Semenvoorraad.
  - **Dragtige vers of -koei aangekoop:**
    - Indien die verkoper die betrokke dekking aangeteken en na Logix gestuur het *voordat* die diere oorgedra is na julle, sal die dekkingsdata saam met die betrokke vers/koei se data ingetrek word wanneer jy die vers/koei se Logix data intrek.
    - Indie die verkoper *nie* die betrokke dekking na Logix gestuur het *nie*, sal jy self die betrokke dekking(s) in BenguFarm moet aanteken. Die betrokke bul of bulle waarvan sy dragtig gaan waarskynlik nie op jou BenguFarm wees nie. (Die lys van bulle wat in BenguFarm vertoon word is nie alle bulle wat by Logix op rekord is nie, slegs daardie wat ingetrek is vanaf Logix of 'n ander bron of met die hand geskep is.) In hierdie geval sal jy dus eers die betrokke bul of bulle waarvan sy dragtig is se data vanaf Logix moet intrek. Sien paragrawe 14.2 en 14.3 van die BenguFarm handleiding vir die instruksies om *spesifieke diere* se data vanaf Logix af te laai en in BenguFarm BEEF in te trek. Let op dat hierdie bulle waarskynlik in die *onaktiewe* lys van diere in BenguFarm wees.
  - Om te verseker dat jou **teelbulle** bo-aan die lys van bulle vertoon word op die Natuurlike Dekkings en KI/lapa skerms, gaan na die Voeg by en Verander Diere (Enkel Dier Uitleg) skerm, soek die bul (onthou om die Onaktiewe dier filter aan skakel in geval van KI bulle) en merk ("highlight") die bul. Maak 'n regmerkie in die veld "**Teel/KI Bul**" en Stoor. Dit sal ook tot gevolg hê dat die aktiewe teelbulle apart in die kategorie "Teelbulle" gelys word op die Diergetalle verslag (Verslae > Dier Lyste en Getalle > Diergetalle).
  - **Indien 'n bul in meer as een kudde gebruik word** (bv. stoet en kommersieel) wat op *dieselfde databasis* in BenguFarm BEEF is, gaan na Diere > Voeg By en Verander Diere (Enkel Dier Uitleg) > Algemene Data en merk die veld Sigbaar vir Reproduksie in Alle Kuddes en Stoor.

'n Bul wat só gemerk is sal by Dekkings beskikbaar wees in die lys van bulle om te kies as die bul en by Kalwings as die vader van 'n kalf. Die bul sal egter nie in die ander kudde gelys word as 'n aktiewe dier in die kuddelys nie.
    - Maak seker dat die betrokke **kalfseisoen** geskep is met die dektydperk. [Verwys die Opstellings afdeling om kalfseisoene te skep].
    - Indien diere gekoppel is aan **kamp- of bestuursgroepe**, onthou om die nuwe teelgroepe se diere in BenguFarm te skuif na die betrokke kamp of bestuursgroep in BenguFarm *voordat* die nuwe dekkings in BenguFarm aangeteken word, want dan kan die kamp of bestuursgroep gebruik word om die diere te kies vir die aanteken van dekkings. Indien daar ook kalwers in die kamp is, merk by Bestaande Groepe ook Geboortedatums en kies die geboortedatums só dat die kalwers uitgesluit word.
- **Om dekkings aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Reproduksie > Dekkings en kies die betrokke dekmetode (bv. Natuurlike Dekking). Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- **Indien KI opgevolg word met natuurlike dekkings ("optel" bulle)**, teken die KI rekords aan op die KI/Lapa skerm en dan die natuurlike dekkings op die Natuurlike Dekkings skerm.
    - **Wenk:** Om natuurlike dekkings aan te teken vir 'n spesifieke groep vroulike diere wat ge-KI is, koppel daardie diere aan 'n tydelike groep wanneer die KI rekords aangeteken word en kies dan daardie groep op die Natuurlike Dekkings skerm.
- **Indien koeie/verse op dieselfde dag met meer as een bul ge-KI word**, teken 'n aparte KI rekord vir elk van die bulle vir elk van die betrokke koeie/verse aan.
- **Indien multi-bulle dekgroepe gebruik word**, kies in die Bul veld die *verstek* "?MULTISIRE?" rekord wat direk onder die teelbulle gelys word.
    - **Let wel:** Moet NIE self 'n "Multisire" dier rekord skep NIE, aangesien BenguFarm dit as 'n werklike bul sal beskou en dan sal alle diere met "Multisire" as vader verwant wees.
    - Om die bulle in die spesifieke multi-bul groep te kies, merk die Multi Bulle blokkie en kliek dan op die "+" om die betrokke bulle te kies.
    - **Om te sien watter bulle die moontlke vader van 'n dier is**, gaan op die hoofskerm na die Dier Uitleg > Geboorte opkykskerm > Dek Bul(le).
- **Indien 'n bul gedurende die dekseisoen nie verder kan dek nie** (siek/beseer/dood):
    - Verander die Bul Uit datum op die bestaande dekrekords [Nauurlike Dekkings > Laai Bestaande Rekords];
    - Indien die bul dood is, verwyder die Teel/KI Bul merk by die bul se rekord en teken die vrekte aan op die Verkope, Vrektes en Uitskotte skerm;
    - Indien die bul vervang word met 'n ander bul vir die res van die dekseisoen, teken dekrekords vir die vervangingsbul aan by Nauurlike Dekkings.
- **Om 'n verslag te skep van bestaande dekkings**, gaan na Verslae > Reproduksie > Bestaande Dekkings (Deklyste**).** Sien Bylaag H vir verwagte kalfdatum berekening.
- **Om die laaste dekkingsdata van 'n dier op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Laaste Dekking opkykskerm of op die Kudde Uitleg na die Vorige- en Laaste Dekking afdelings. **Let wel:** Slegs bestaande dekkings, met ander woorde dekkings waarvan die koei nog nie gekalf het nie, word hier vertoon. Om alle dekkings- en dragtigheidsdata van 'n dier op die hoofskerm op te kyk, gaan op die Dier Uitleg na die Dek- en Dragtigheidsgeskiedenis opkykskerm.

## 24. Stuur dekkings: (Slegs van toepassing op kuddes wat lid is van SA Stamboek se Logix Beef)

- Nadat die dekkings ingelees is in BenguFarm BEEF (Reproduksie > Dekkings), moet die dekkingsdata na SA Stamboek (of LNR) gestuur word om die dekkings en/of KI data op te neem in die Logix (of Intergis) databasis.
- **Om dekkingsdata in elektroniese formaat (csv) te stuur na SA Stamboek** (of Intergis) (of dit te druk indien jy dit nie elektronies kan stuur nie), gaan na Data Stuur/Trek In > Stuur > Stamboek/LNR > Dekkings. Kies die betrokke dekkings wat jy wil stuur en kliek op Lys Dekkings volgens Seleksie Kriteria. [**Nota:** Telers wie lid is van 'n telersgenootskap wat van die Breedplan stelsel gebruik maak, sien Bylaag G].
- Kontroleer of daar enige **foute** is. Indien daar wel Foute voorkom, moet jy dit eers regmaak, aangesien BenguFarm BEEF jou NIE sal toelaat om dekkings data te stuur indien daar foute voorkom nie. Om die beskrywing van die fout te vertoon, beweeg die rekenaar se wyser oor die kolomopskrif. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig. **Let wel:** Om multi-bul dekkings te kan instuur, *moet* die betrokke bulle gekies gewees het toe die dekkings aangeteken is.
- Indien jy seker is dat alle data korrek en volledig is, kliek op **Skep Elektroniese Lêer** om 'n elektroniese lêer van die betrokke dekkingsdata te skep en te stuur. Indien die Gebruik Logix Direk Lêer Oplaai Funksionaliteit (sien Opstellings > Kuddes > Diensverskaffers) of die Gebruik SMTP Direkte E-pos opsie (sien Opstellings > Kuddes > E-pos) gekies is, sal die elektroniese lêer direk (m.a.w. nie d.m.v. jou e-

pos program nie) gestuur word na Logix. Indien data suksesvol gestuur is, sal 'n boodskap "Data suksesvol deur Logix ontvang" vertoon word. Indien nie, sal BenguFarm BEEF die elektroniese lêer outomaties aan 'n e-pos boodskap heg en in jou verstek e-pos program (bv. Outlook) se "Outbox" plaas. Die e-pos sal dan gestuur word wanneer jy aan-lyn is.

- Indien BenguFarm BEEF vir een of ander rede *nie* die elektroniese lêer kan stuur nie, sal 'n boodskap verskyn om jou hiervan te waarsku. Let op waar jy die lêer stoor wat aan die e-pos geheg moet word (bv. C:\BenguFarm\Beef\Exports\Kudde of C:\Program Files\BenguelaSoft\BenguFarm\Electronic\Send). Volg asseblief die instruksies op die waarskuwingboodskap skerm vir hulp om self 'n nuwe e-pos boodskap met jou e-pos program (bv. Outlook) te skep, die betrokke lêer aan die e-pos te heg en dit te stuur na edata@studbook.co.za (SA Stamboek) of intergis@arc.agric.za (LNR) afhangende wie jou diensverskaffer is. **Nota:** Onthou waar jy die lêer gestoor het om aan te heg aan die e-pos. [Vir hulp om probleme met die versending van data op te los, kontak jou BenguFarm agent].
- Sodra die data ontvang is, stuur Logix outomaties 'n e-pos boodskap na jou terug as bevestiging van ontvangs. Indien jy nie so 'n e-pos ontvang nie, kontak asseblief SA Stamboek by telefoonnommer 051 410 0900 of stuur 'n e-pos na **help@logix.co.za**.
- Indien jy nie fasiliteite het om die data elektronies te kan stuur nie, kan jy dit druk en faks of per gewone pos stuur. Om die dekkings en KI data te druk, kliek op Vertoon Drukstuk > Druk.
- **Om te kontroleer watter dekkings reeds gestuur is**, gaan na Verslae > Administrasie > Log van Lêers en Verslae Gestuur.

## 25. Dragtigheidsondersoeke:

- Voordat jy dragtigheidsondersoek uitslae aanteken, maak seker dat die betrokke dekkings (verwys paragraaf 23) en/of embrio inplantings (Bylaag F) reeds aangeteken is in BenguFarm BEEF.
- **Om 'n lys te skep om die dragtigheidsondersoek uitslae op aan te teken**, gaan na Verslae > Reproduksie > Verse en Koeie vir Dragtigheidsondersoek (aantekenlys).
- **Om dragtigheidsondersoek uitslae aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Reproduksie > Dragtigheidsondersoeke. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- **Om 'n verslag te skep van dekkings en dragtighede**, gaan na Verslae > Reproduksie > Dekkings en Dragtighede. **Let wel:** Indien die opsie Bestaande Dekkings gekies word, sal slegs dek- en dragtigheidsrekords waarvan die verse en koeie nog nie gekalf het nie, gelys word. Indien *slegs* die opsie Dragtig en/of Nie Dragtig (m.a.w. Bestaande Dekkings *nie* gekies *nie*) gekies word, sal dek- en dragtigheidsrekords van alle betrokke verse en koeie gelys word, ongeag of hulle al gekalf het of nog nie gekalf het nie. Sien Bylaag H vir verwagte kalfdatum berekening. **Wenk:** Kliek Vertoon Werkblad om diere aan groepe (bv. dragtig / nie-dragtig groepe) te koppel.
- **Om 'n verslag te skep wat 'n opsomming gee van dekkings en dragtighede per bul en/of seisoen**, gaan na Verslae > Reproduksie > Dekopsomming per Bul en/of Seisoen.
- **Om die laaste dekking se dragtigheidsdata van 'n dier op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Laaste Dekking opkykskerm of op die Kudde Uitleg na die Dragtigheid afdeling. Op die Kudde Uitleg word verwagte kalfdatums van koeie wat meer as 14 dae gelede reeds moes gekalf het, op 'n rooi agtergrond vertoon. **Let wel:**
    - Slegs bestaande dekkings, met ander woorde dekkings waarvan die koei/vers nog nie gekalf het nie, word hier vertoon.
    - Sodra dragtigheid aangeteken is, sal slegs die dekking(s) waarvan die koei/vers dragtig kan wees vertoon word by Laaste Bestaande Dekking (en by Vorige Dekking indien sy ook van daardie dekking dragtig kan wees). Indien 'n koei byvoorbeeld ge-KI is toe is 'n opvolgbul bygesit is en dragtigheid met 'n tydperk dragtig aangeteken is en die dragtigheidstydperk pas slegs by die opvolgbul se dekkingsrekord, sal slegs die natuurlike dekking vertoon word en nie die KI rekord ook nie. Indien die koei byvoorbeeld slegs 'n dekrekord van 1 November 2024 en 'n dragtigheidsrekord van *twee* maande dragtig op 1 Mei 2025 het, sal daardie dekrekord nie verskyn nie, aangesien sy op 1 Mei reeds *ses* (nie twee nie) maande dragtig moes wees van die KI dekking.

**Om *alle* dekkings- en dragtigheidsdata van 'n dier op die hoofskerm op te kyk**, gaan op die Dier Uitleg na die Dek- en Dragtigheidsgeskiedenis opkykskerm.

## 26. Kalwings/kalwers gebore (insluitende aborsies, doodgebore kalwers, ens.):

- **Om 'n verslag te skep van verse en koeie wat naby kalwing is**, gaan na Verslae > Reproduksie > Verse en Koeie Naby Kalwing (aantekenlys). Sien Bylaag H vir verwagte kalfdatum berekening.
- Voordat jy kalwings aanteken, maak seker dat die betrokke dekkings/embrio inplantings en dragtigheidsondersoek uitslae (indien van toepassing) reeds aangeteken is in BenguFarm BEEF (verwys paragrawe 23 en 25). **Let wel:** Die aantekening van dekkings is slegs van toepassing waar teelseisoene gebruik word. Sien hieronder hoe om die vader te kies waar geen dekkings aangeteken is nie.

- **Om kalwings (en kalwers) aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Reproduksie > Kalwings.
    - Kies die betrokke koei/vers, kies die kalfdatum, kies die vader en voltooi en/of verander die res van die besonderhede, waar van toepassing. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
    - **Indien die moeder van 'n kalf onbekend is**, kan die kalwing nie op die Kalwingskerm aangeteken word nie. Om só 'n kalf se geboorte aan te teken, gaan na Diere > Voeg By en Verander Diere (Enkel Dier Uitleg), kliek "+Voeg By", voltooi die nodige geboorte-inligting en Stoor. Wanneer die moeder later geïdentifiseer word, gaan terug na hierdie skerm, kies die kalf uit die dierlys, kies die moeder in die Moeder veld en Stoor.
    - **Let wel**:
        - Die meeste van die velde sal voltooi word met toepaslike data wat verkry word van die Opstellings wat jy in BenguFarm BEEF gedoen het (verwys paragraaf 8). Die kalf se geslag, geboortegewig en die koei se gewig by kalwing (indien geweeg) moet jy self invul.
        - **Indien daar 'n dekking(s) vir die betrokke koei aangeteken was** wat 'n kalwing op die kalfdatum tot gevolg kan hê (volgens die minimum en maksimum dragtigheidsperiode soos opgestel by Opstellings > Kuddes > Dekkings, Dragtigheid en Kalwings), sal die mees waarskynlike betrokke bul (op grond van die verwagte kalfdatum) se nommer outomaties vertoon word as die vader van die kalf. **Indien daar twee dekkings (bv. KI en natuurlik) gelys word as die moontlike dekkings**, is die vader nie seker nie omdat die kalfdatum binne die minimum- en maksimum dragtigheidsperiode vir meer as een dekking val. BenguFarm sal gevolglik Nuwe Dekking vertoon by Vader (Dekking). Indien die lysie van dekkings oopgemaak word, sal bestaande dekkings vir die koei vertoon word. Kies Nuwe Dekking. By Dekdata (blou gedeelte van die kalwingskerm), kies ?MULTISIRE? In die Bul veld en kies die betrokke moontlike bulle by Addisionele Bulle. Hierdie is tegnies die korrekte aantekening van die kalwing en dit sal ook help om te onthou om die korrekte vader met DNA te laat bevestig.
        - **Indien daar "Nuwe Dekking" in die Bul (Dekking) veld verskyn** nadat die kalfdatum ingevul is, beteken dit dat daar nie 'n dekking op rekord is vir die koei wat 'n kalwing op daardie kalfdatum tot gevolg kan hê nie. In hierdie geval moet die bul by die Dekdata aan die regterkant van skerm gekies word, in welke geval 'n verstek dekking rekord geskep sal word.
        - **Indien dekkings nie aangeteken is nie** (omdat geen dekseisoene gebruik word nie), die betrokke diere gekoppel is aan kampe en kamp verskuiwings geskiedenis beskikbaar is, kan jy die **moontlike vader van 'n kalf bepaal vanaf die kamp verskuiwing geskiedenis**. Op die Dekdata area van die Kalwing skerm, kliek op die knoppie "Bulle in Dieselfde Kamp as Koei by Dekking" verste regs van die Bul veld. Dit bring 'n venster op wat die bul(le) vertoon wat in dieselfde kamp as die koei was op die stadium wat die koei dragtig moes geword het. Jy kan hierdie bul (of bulle as muli-bulle) kies as die vader.
        - **Om 'n kalf se vader te verander** wat by geboorte as onbekend [?ONBEKEND?] OF multi-bul [?MULTISIRE?] OF foutief aangeteken is later te verander, gaan na die Voeg By en Verander Diere (enkel dier uitleg) en kies die betrokke kalf. In die Dekking (nie Vader nie) veld, kies die korrekte dekking (bul) of Nuwe Dekking uit die lys. 'n Dek Besonderhede skerm sal dan oopmaak (op 'n ligblou agtergrond). Kies hier die korrekte bul (vader), kliek Stoor en Gaan Uit.
        - Die **verstek kalfseisoen** is die kalfseisoen wat gekies is by die aanteken van die betrokke dekking wat die kalwing tot gevolg gehad het (indien daar 'n dekking aangeteken was), of andersins is dit die kalfseisoen wat as die Huidige Kalfseisoen gekies is by Opstellings > Kalfseisoene.
        - Indien die **verstek volgnommer** van die kalf verander moet word, verander dit in die Volgnommer veld.
        - **Aborsies, doodgebore kalwers asook kalwers wat dood is kort na geboorte** moet ook op die Kalwing skerm aangeteken word om die betrokke koeie se dragtigheidstatus te verander en om hul se reproduksierekords volledig te maak. Kies die toepaslike opsie (bv. Dood gebore) in die veld Kalf Status (by geboorte). 'n **Fiktiewe nommer** kan aan sulke kalwers toegeken word, bv. ABC2000D1 (D vir Dood) of ABC20**9**001 (volgnommer buite die normale reeks) vir die eerste doodgebore kalf in 2020. **Let wel:** Aborsies ná 7 maande dragtigheid word gereken as 'n kalfdatum en in aanmerking geneem by berekening van OEK en TKP. Aborsies vóór 7 maande dragtigheid word NIE as 'n kalfdatum gereken NIE en word NIE in aanmerking geneem by berekening van OEK en TKP nie, tensy by Opstellings > Kuddes > Dekkings, Dragtighede en Kalwings die opsie Sluit Vroeë Aborsies by TKP Berekening Uit, afgeskakel word.
        - **Indien 'n dragtige stoet vers/koei aangekoop is** en die dekking van die aangekoopte vers/koei met die betrokke bul ingestuur is na Logix deur die verkoper van die vers/koei, sal

die dekking op rekord wees op Logix en sal die dekking saam met die koei se data kan intrek kan word in BenguFarm – sien paragraaf 14. In hierdie geval kan die kalwing direk aanteken word in BenguFarm – die vader sal outomaties gekies word via die dekrekord. Indien die betrokke dekking NIE op rekord is op Logix nie, moet die koper die dekbesonderhede by die verkoper kry. Dan moet die betrokke bul se data eers vanaf Logix aflaai en intrek word (as onaktiewe dier) in BenguFarm. Sien paragrawe 14.2 en 14.3 vir hoe om dit te doen. Daarna moet die dekking in BenguFarm aanteken word en dan kan die kalwing aanteken word.

    - **Om koeie wat wat tydens dragtigheidsondersoek as dragtig aangeteken is maar toe nie gekalf het nie, se dragtigheidstatus reg te stel**, gaan na die Dragtigheidsondersoeke skerm, kliek op Laai Bestaande Ondersoeke, kies die betrokke koeie, verwyder die regmerkie in die Dragtig kolom en verander die Periode na 0 (nul). Maak 'n opmerking in die Opmerking kolom "Was oorspronklik dragtig getoets, maar het nie gekalf nie" en Stoor. As jy seker is of vermoed dat die koei geresorbeer of geaborteer het, teken dit op die Kalwingskerm aan met die toepaslike Geboorte Status.
    - **Om' 'n tweeling aan te teken**, maak seker dat jy in die veld # Kalwers (Geboorte Status), Tweeling kies. BenguFarm BEEF sal dan aan die bokant van die grys gedeelte van die skerm (kalf inligting), outomaties twee knoppies met kalfnommers skep. Kliek op die eerste kalf se nommer en voltooi die kalf se besonderhede. Kliek dan op die ander kalf se nommer en doen dieselfde.
    - **Stoettelers met SA Stamboek (Logix) as diensverskaffer:**
        - Om te verseker dat geboortes van kalwers wat gebore is uit 'n dekking deur 'n **leenbul** aanvaar gaan word op Logix, moet die eienaar van die bul vir Stamboek laat weet aan wie en vir watter tydperk die bul geleen word. (Om te kyk of 'n bul gemerk is as 'n leenbul, kyk op Logix by Navrae > Dierinligting > Dier > Mede Eienaars / Gebruikers).
        - Om te verseker dat geboortes van kalwers wat gebore is uit 'n dekking deur 'n **bul met mede-eienaars** aanvaar gaan word op Logix, moet die mede-eienaars van die bul vir Stamboek laat weet wie almal mede-eienaars is.
    - Om aan te teken dat 'n kalf deur 'n **pleegmoeder of hans** grootgemaak word, gaan op die Kalwing skerm na die veld Pleegmoeder (heel onder links). Dit kan ook aangeteken word deur te gaan na Diere > Voeg By en Verander Diere (enkel dier uitleg) > Algemeen > Pleegmoeder. In die lys is daar ook 'n **HANSHOKKE** opsie wat gebruik kan word vir kalwers wat hans grootgemaak word. Op die hoofskerm se Dier Uitleg kan op die Nageslag subskerm gesien word watter kalwers van 'n koei deur 'n pleegmoeder grootgemaak is. Op die kalf se rekord op die Geboorte subskerm kan gesien word watter koei die kalf se pleegmoeder is. Op die hoofskerm se Kudde Uitleg kan pleegmoeder opgekyk word in die Geboorte afdeling.
    - **Om bestaande kalwing/geboortedata te verander**, gaan na die Kalwing skerm, kies die betrokke koei, kliek op die "N" langs haar nommer en kies die kalwing wat jy wil verander.
    - **Om 'n bestaande kalwing/kalf te verwyder**, gaan na Diere > Voeg By en Verander Diere (Enkel Dier Uitleg). Kies die betrokke kalf en kliek Verwyder.
    - **Om 'n Elektroniese ID Nr (EID) wat op een dier gebruik was aan 'n nuwe dier toe te ken**, sien die instruksies in paragraaf 59.
    - Indien jy die **rassamestelling** (bv. 50% Bonsmara, 25% Angus, 25% Nguni) van die kalf wil aanteken, kliek op die ikoon "Stel die rassamestelling van hierdie kalf op" (regs van die Ras veld). Kliek op die "+", kies die eerste ras en vul die % in. Kliek weer op die "+", kies die tweede ras en vul die % in, ens. Kliek Aanvaar. Indien die ras*samestelling* van die ouers reeds aangeteken is, kan jy op die "Bereken outomaties vanaf Vader en Moeder" ikoon regs bo-aan die skermpie kliek om die rassamestelling van die kalf outomaties te bereken. **Nota:** Wanneer 'n nuwe dierrekord geskep word, word die rassamestelling outomaties voltooi vanaf die ras, bv. indien die ras Bonsmara is, sal die rassamestelling 100% Bonsmara wees. Die rassamestelling van 'n dier kan ook aangeteken of verander word deur te gaan na Diere > Voeg By en Verander Diere (Enkel Dier Uitleg) > Diverse Data > Rassamestelling. Die rassamestelling van 'n dier kan gedruk word op die My Verslae. [Verslae > My Verslae > Dierdata > Verslag Kolomme (Uitleg) > Algemeen > Rassamestelling].

- **Om 'n verslag te skep van verse en koeie wat reeds gekalf het/nog nie gekalf het nie**, gaan na Verslae > Reproduksie > Verse en Koeie Gekalf/Nog nie Gekalf (aantekenlys). Sien die notas by Verslag Interpretasie vir watter diere gelys word vir die verskillende senarios.
- **Om 'n verslag te skep wat 'n opsomming gee van dekkings, dragtighede en kalwings per bul en/of seisoen**, gaan na Verslae > Reproduksie > Dekopsomming per Bul en/of Seisoen.
- **Om 'n verslag te skep van kalwers gebore in 'n sekere tydperk** (bv. kalfseisoen of jaar), gaan na Verslae > Reproduksie > Geboortes. **Wenk:** Onthou om ook die onaktiewe filter te kies om kalwers wat as aborsies, doodgebore, dood tydens/kort na geboorte aangeteken is in te sluit. Dit is belangrik om die korrekte opsomming te kry van die persentasie kalwers wat lewendig gebore, doodgebore, ens. is.

- **Om die geboortedata van ’n dier op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Geboorte opkykskerm of op die Kudde Uitleg na die Geboorte afdeling.
- **Om die reproduksiedata van ’n koei op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Reproduksie en Nageslagemid. opkykskerm of op die Kudde Uitleg na die Reproduksie afdeling.
- Die verskillende **reproduksie verwerkings** in BenguFarm BEEF word verduidelik in Bylaag H.

## 27. Stuur geboortekennisgewings: (Slegs van toepassing op kuddes wat lid is van SA Stamboek se Logix Beef)

- Nadat die kalwings/geboortes ingelees is in BenguFarm BEEF (Reproduksie > Kalwings), moet die kalwings/geboortedata na SA Stamboek (of LNR) gestuur word om die kalwers op te neem in die Logix (of Intergis) databasis. [**Let wel:** Telersgenootskappe hef boetes op geboortekennisgewings wat nie betyds ingedien word nie].
- **Om nuwe geboortes elektronies te stuur na SA Stamboek** (of Intergis) (of dit te druk indien jy dit nie elektronies kan stuur nie), gaan na Data Stuur/Trek In > Stuur > Stamboek/LNR > Geboortekennisgewings. Kliek op Lys Geboortes Nog Nie Gestuur Nie. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig. [**Nota:** Telers wie lid is van ‘n telersgenootskap wat van die Breedplan stelsel gebruik maak, sien Bylaag G].
- **Korreksies op geboortes wat reeds gestuur was** (nadat die betrokke korreksies aan die geboortedata aangebring is in BenguFarm), kan NIE elektronies gestuur word NIE. Om korreksies op geboortes te laat doen op Logix, stuur ’n epos aan die SA Stamboek dataklerk van die betrokke ras en versoek die korreksie. Verskaf die betrokke dier se rekenaarnommer en/of die ID Nommer met instruksies wat verander moet word.
- Kontroleer of die **Opsies** korrek is vir al die betrokke diere. Kontroleer ook of daar enige **Foute/Ontbrekende Data of Waarskuwings** is. Deur die rekenaar se wyser oor die toepaslike kolomopskrif te beweeg, sal dit die besonderhede van die fout/ontbrekende data of waarskuwing wys. Indien daar foute en/of ontbrekende data is, sal BenguFarm BEEF jou NIE toelaat om die betrokke geboortekennisgewings te stuur nie. Die Waarskuwings is net om jou bewus te maak van *moontlike* foute of probleme, maar jy kan die betrokke geboortes stuur ten spyte van die waarskuwings. Om ’n verslag met die detail van foute en/of ontbrekende data te druk, kliek op Druk Foutverslag. Om foute en/of ontbrekende data reg te stel, kliek langs die dier op die drie kolletjies in die “i” kolom om die Voeg By en Verander Diere skerm oop te maak.
- **Let wel:** Indien **veranderings in die Opsies afdeling** (bv. NVR) op die Stuur Geboortekennisgewingskerm gedoen word, word hierdie veranderings outomaties op die betrokke diere se rekord in BenguFarm aangebring wanneer die data gestuur word.
- Indien jy seker is dat alle data korrek en volledig is, kliek op **Skep Elektroniese Lêer** om ’n elektroniese lêer van die gekose kalwers se geboortekennisgewings te skep en te stuur. Indien die Gebruik Logix Direk Lêer Oplaai Funksionaliteit (sien Opstellings > Kuddes > Diensverskaffers) of die Gebruik SMTP Direkte E-pos opsie (sien Opstellings > Kuddes > E-pos) gekies is, sal die elektroniese lêer direk (m.a.w. nie d.m.v. jou e-pos program nie) gestuur word na Logix. Indien data suksesvol gestuur is, sal ’n boodskap “Data suksesvol deur Logix ontvang” vertoon word. Indien nie, sal BenguFarm BEEF die elektroniese lêer outomaties aan ’n e-pos boodskap heg en in jou verstek e-pos program (bv. Outlook) se “Outbox” plaas. Die e-pos sal dan gestuur word wanneer jy aan lyn is.
- Indien BenguFarm BEEF vir een of ander rede *nie* die elektroniese lêer outomaties kan stuur nie, sal ’n boodskap verskyn om jou hiervan te waarsku. Let op waar jy die lêer stoor wat aan die e-pos geheg moet word (bv. C:\BenguFarm\Beef\Exports\Kudde of C:\Program Files\BenguelaSoft\BenguFarm\Electronic\Send). Volg die instuksies op die waarskuwingboodskap skerm vir hulp om self ’n nuwe e-pos boodskap met jou e-pos program (bv. Outlook) te skep, die betrokke lêer aan die e-pos te heg en dit te stuur na edata@studbook.co.za (Stamboek). **Nota:** Onthou waar jy die lêer gestoor het om aan te heg aan die e-pos. [Vir hulp om probleme met die versending van data op te los, kontak jou BenguFarm agent].
- Sodra die data ontvang is, stuur Logix outomaties ’n e-pos boodskap na jou terug as bevestiging van ontvangs. Indien jy nie so ’n e-pos ontvang nie, kontak asseblief SA Stamboek by telefoonnommer 051 410 0900 of stuur ‘n e-pos na **help@logix.co.za**.
- Indien jy nie fasiliteite het om die data elektronies te kan stuur nie, kan jy dit druk en faks of per gewone pos stuur. Om die geboortekennisgewings te druk, kliek op Vertoon Drukstuk > Druk.
- **Om te kontroleer watter geboortekennisgewings reeds gestuur is**, gaan na Verslae > Administrasie > Log van Lêers en Verslae Gestuur. **Let wel:** Sodra die elektroniese lêer geskep is, log BenguFarm die betrokke lêer as gestuur. Indien die data nie direk of via jou e-pos gestuur kon word nie, sal dit dus steeds as gestuur gelog wees, aangesien die lêer wel geskep is. Die beste bewys dat die geboortekennisgewings *ontvang* is deur Logix, is die ontvangserkenning e-pos wat jy behoort te ontvang het vanaf Logix.

## 28. Intrek van rekenaarnommers: (Slegs van toepassing op kuddes wat lid is van SA Stamboek se Logix Beef)

- Sodra die betrokke geboortekennisgewings opgeneem en verwerk is op Logix (of Intergis), stuur Logix weer outomaties 'n e-pos boodskap na jou as bevestiging van opname/verwerking. Aangeheg aan hierdie e-pos is 'n elektroniese lêer (BIRTHS_...) wat jy benodig om die rekenaarnommers in te trek in BenguFarm BEEF. [**Nota:** Telers wie lid is van 'n telersgenootskap wat van die Breedplan stelsel gebruik maak, sien Bylaag G].
- **Nota:** Indien jy om een of ander rede nie die e-pos ontvang het nie, kan jy die betrokke elektroniese lêer bekom deur na die Logix webwerf (www.logix.org.za) te gaan en aan die linkerkant van die skerm te kliek op Boodskappe. Die elektroniese lêers wat na jou gestuur is, word daar gestoor volgens die datum van opname/verwerking.
- **Om ontbrekende rekenaarnommers in te trek** in BenguFarm BEEF, is daar twee opsies:
  - **Opsie 1 – Logix Direk (aanbevole opsie vir kuddes met SA Stamboek as diensverskaffer)**:
    - Gaan in BenguFarm BEEF na Data Stuur/Trek In > Logix Direk > Trek Ontbrekende Rekenaarnommers In. 'n Opsie om die PEN (pending) diere se afdeling te opdateer is ook beskikbaar.
  - **Let op:** Diere word in BenguFarm gesoek volgens die dier se Kuddekenmerk (KKM), Jaar en Volgnommer as aparte velde, NIE op die ID Nr veld nie.**Opsie 2:**
    - Stoor die elektroniese lêer wat jy van Logix ontvang het op 'n gepaste plek op jou rekenaar (bv. C:\BenguFarm\Beef\Imports\... – sien Opstellings > Kuddes > Verstek Gidse vir Lêers). Dit kan in Outlook gedoen word deur te kliek op File > Save Attachment of andersins deur regs te kliek op die lêer en Save Target As te kies. Let op waar jy die lêer stoor. [**Let wel**: Moet NIE hierdie lêer in Excel oopmaak en stoor in xls of csv formaat NIE, aangesien dit sal veroorsaak dat jy dit nie sal kan intrek in BenguFarm BEEF nie en/of dat die datums foutief ingetrek word].
    - Gaan in BenguFarm BEEF na Data Stuur/Trek In > Trek In > Stamboek/LNR > Dierrekenaarnommers. Soek die betrokke elektroniese lêer (BIRTHS...) en kliek op Trek In. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
  - **Let wel**: BenguFarm BEEF gebruik die dier se KKM, Jaar, Volgnommer, Geslag en Ras om die betrokke dier in die BIRTHS... lêer te koppel aan die dier in die BenguFarm BEEF databasis. Diere met "ONBEKEND" in die "Betrokke Dier in BenguFarm BEEF" kolom se rekenaarnommer sal NIE ingetrek word nie. Om 'n onbekende dier per hand te koppel aan die regte dier in BenguFarm BEEF, kliek op die "ONBEKEND" en kies die betrokke dier uit die lys.
- **Om 'n verslag te skep van diere sonder rekenaarnommers**, gaan na Verslae > Administrasie > Diere sonder Rekenaarnommers.

## 29. Ouerskapbepalings en ander DNA dienste: (nie van toepassing op kommersiële kuddes nie)

- Ouerskappe moet bepaal word deur middel van DNA analises in onder andere die volgende gevalle indien jy die kalwers wil registreer:
  - Indien meerbul parings gedoen word. (Maak seker by jou telersgenootskap wat die vereistes is vir registrasie van kalwers uit meerbulparings);
  - Indien KI binne 28 dae na laaste KI datum opgevolg is deur natuurlike paring of 'n ander bul;
  - Alle kalwers gebore uit embrio oorplasings.
- **Om 'n DNA diensaanvraagvorm te druk** wat saam met die betrokke diere se biologiese monsters na die DNA laboratorium gestuur moet word, gaan in BenguFarm BEEF na Data Stuur/Trek In > Stuur > DNA Profieleringdienste Vorms en kies die betrokke laboratorium wat jy gebruik. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.

  **Let wel:**
  - Maak seker dat die rekenaarnommers van die diere wat DNA geanaliseer moet word in BenguFarm aangeteken is voordat die DNA diensaanvraagvorm geskep word.
  - Indien jy wil rekord hou van watter diere se DNA wanneer gestuur is vir ontleding, merk regs onderaan die skerm "Ja, hou rekord van onderstaande DNA monsters gestuur".
  - Om seker te maak die kliënt se besonderhede word volledig voltooi op die diensaanvraagvorm, maak seker alle tersaaklike velde (Eienaar, Plaasnaam, Maak Fakture uit Aan, BTW No en Posadres) is voltooi by Opstellings > Kuddes > Algemeen.
- **Om etikette te druk vir die merk van die koeverte waarin biologiese monsters** (bv. sterthare) **van diere geplaas word** vir instuur na 'n biobank (bv. by SA Stamboek) of 'n DNA laboratorium of hou vir latere gebruik, gaan na Data Stuur/Trek In > Stuur > DNA Profieleringdienste Vorms > Druk

Biologiese Monster Etikette. Kies die betrokke opsies links bo en links onder, kies die diere en kliek Vertoon Drukstuk. Kies nou die grootte van die etikette en ander opsies en kliek Vertoon Verslag.

- **Om 'n verslag te skep van DNA monsters wat gestuur is vir ontleding**, gaan na Verslae > Administrasie > Log van DNA Monsters Gestuur. Indien 'n dier se DNA Nommer nie op die verslag verskyn nie, dui dit aan dat die betrokke dier se uitslae nog nie ontvang is nie en/of nog nie in BenguFarm ingetrek/aangeteken is nie.
- **Om DNA geverifieerde ouerskappe en die meegaande DNA verwysingsnommers in te trek** wanneer die DNA verslag deur SA Stamboek vanaf die DNA laboratorium ontvang en op Logix gelaai is, gaan na Data Stuur/Trek In > Logix Direk > Trek DNA Ouerskappe In. **Let wel:**
    - Hierdie funksie soek die diere eers op rekenaarnommer in BenguFarm. Indien nie gevind word nie, word op ID Nr gesoek. Maak dus seker al die betrokke diere se rekenaarnommers op BenguFarm is voordat die DNA data ingetrek word.
    - Hierdie funksie sal outomaties ook die betrokke diere se ouers en die afdeling van PEN (pending) diere in BenguFarm BEEF opdateer volgens die ouerskap uitslae, MITS die betrokke ouer(s) natuurlik in die BenguFarm databasis is. Waar van toepassing, sal dit ook outomaties die ouer(s) sertifiseer as korrek. Gesertifiseerde ouers sal met die DNA ikoon aangetoon word op die hoofskerm in die Stamboom opkykskerm, die Stamboom verslag en in die My Verslae.
- **Indien bogenoemde Logix Direk funksie nie van toepassing is om die DNA geverifieerde ouerskappe en DNA verwysingsnommers in te trek nie,** kan dit op een van die volgende wyses gedoen wod:
    - Indien so deur jou versoek, kan die Unistel- asook Zoomics DNA laboratoriums die DNA verslag in csv-formaat aan jou stuur. Om so 'n csv-formaat lêer in te trek, gaan na Data Stuur/Trek In > Trek In > Unistel DNA Resultate óf Zoomics DNA DNA Resultate (watter een van toepassing is).
    - Vanaf die pdf-formaat DNA verslag ontvang van die DNA laboratorium, kan dit aangeteken word by Diere > DNA Geverifieerde Ouerskappe. **Let wel:** Die DNA nommers *moet* ingevul wees voordat die sertifisering veld gekliek kan word. Jy moet ook die sertifiseringsverklaring aan die onderkant van die skerm kliek voordat die data gestoor kan word. Gesertifiseerde ouers sal met die DNA ikoon aangetoon word op die hoofskerm in die Stamboom opkykskerm, die Stamboom verslag en in die My Verslae.
- Op die Voeg by en Verander Diere skerm [Diere > Voeg by en Verander Diere] word die ouers op dieselfde manier as gesertifiseer aangedui. As die ouers hier verander word, verval die sertifisering en moet die sertifisering vir die nuut gekose ouers weer op die sertifiseringskerm ingevoer word.
- **Om die DNA nommer van 'n dier op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Algemeen opkykskerm en rol af tot by DNA nommer of gaan op die Kudde Uitleg na die Identifikasie afdeling.
- **Om 'n verslag te skep wat aandui watter diere se ouers gesertifiseer is in BenguFarm**, gaan na Verslae > My Verslae > Dierdata. Kliek op Kies Diere (Kriteria) om die diere te kies. Kliek dan op Verslag Kolomme (Uitleg). Onder die Algemeem afdeling, kies Vader DNA Geverifieer en Moeder DNA Geverifieer. Kliek Besigtig Verslag om te sien hoe die verslag gaan lyk.
- **Wenk: Stoor die dier se DNA sertifikaat as 'n dokument** in BenguFarm – sien paragraaf 81.
- **Om genomiese resultate in te trek of aan te teken** (of verander/verwyder), sien paragraaf 55.

## 30. Inentings, doserings, dip en aanvullings:

- **Om entstowwe, doseer-/dipmiddels en aanvullings voorraad aan te teken**, sien paragraaf 77.
- **Om 'n lys van diere in 'n spesifieke kamp te kry wat *nie* geënt is nie**, gaan na Verslae > Gesondheid > Inentings, Doserings, Dip en Aanvullings. Kies aan die linkerkant die kritreria van die inentings wat gedoen is, bv. tussen twee datums. Aan die regterkant kies die betrokke kamp. Merk dan die opsie "Nie Ingeent, Dosering of Aanvulling Ontvang nie".
- **Om 'n lys te skep waarop inentings, doserings, dip en aanvullings aangeteken kan word,** gaan na Verslae > Gesondheid > Inentings, Doserings, Dip, Aanvullings en Prosedures (aantekenlys). By Kies Items om te Druk, kies die inentings/doserings/dip/aanvullings wat jy wil aanteken en voeg dit met die pyltjie wat regs wys by tot die Items wat Gedruk sal Word. **Wenk**: Om die dosis (soos opgestel by Gesondheid > Entstowwe, Doseer-/Dipmiddels en Aanvullings Voorraad) te druk, merk die opsie Druk Ent/Doseermiddel Dosis.
- **Om inentings, doserings, dip en aanvullings aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Gesondheid > Inentings, Doserings, Dip en Aanvullings. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- **Wenk:** Inligting soos **verstek dosis, ontrekkingsperiode en vervaldatum** van entstowwe, doseer-/dipmiddels en aanvullings kan aangeteken word op die voorraad register [Gesondheid > Entstowwe, Doseer-/Dipmiddels en Aanvullings Voorraad]. Wanneer Inentings, Doserings, Dip, Aanvullings aangeteken word, sal die koste per dier outomaties bereken word vanaf die Enstowwe, Doseermiddels

en Aanvullings Voorraad, mits die besending nommer ingevul word. Indien 'n besendingnommer nie ingevul word nie, sal die laaste aankope se eenheidsprys (totale prys / # eenhede) gebruik word.

- **Om 'n verslag te skep van inentings, doserings, dip en aanvullings gedoen,** gaan na Verslae > Gesondheid > Inentings, Doserings, Dip en Aanvullings. **Wenk:** Kliek Vertoon Werkblad om diere aan groepe (bv. geënt / nie geënt groepe) te koppel.
- **Om die inentingsdata, ens. van 'n dier op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Inentings, Doserings en Siekte Toetse opkykskerm. Om dit op die Kudde Uitleg te vertoon, gaan op die hoofskerm se Kudde Uitleg na Vertoon Opsies > kliek op die Stel My Kolomme om te Vertoon Op (ikoon heel bo).
- **Om inentings, ens.** wat op die hoofskerm se Kudde Uitleg opgestel is by Stel My Kolomme Op om te Vertoon (sien die item hierbo) **op My Verslae: Dierdata in te sluit**, gaan na Verslag Kolomme (Uitleg) > My Kolomme aan die onderkant van die lys. **Let wel:** Gestoorde My Verslae uitlegte wat My Kolomme bevat, sal, ween tegniese redes, nie met data gevul word nie.
- **Wenk**: Dit word aanbeveel om, waar nodig, die verstek lys van entstowwe, doseer-/dipmiddels en aanvullings uit te brei met die spesifieke middels wat jy gebruik. Dit kan gedoen word deur te gaan na Opstellings > Entstowwe, Doseer-/Dipmiddels en Aanvullings. Entstowwe, doseer-/dipmiddels en aanvullings in die verstek lys wat nie van toepassing is op jou kudde nie, kan afgeskakel word deur die regmerkies in die In Gebruik en Toestel (bv. APR500 / APR600 / AWR300) kolomme te verwyder.

# 31. Gewigte:

## 31.1 Algemeen:

- **Om 'n lys te skep waarop diere se gewigte aangeteken kan word tydens weging**, gaan na Verslae > Produksie > Weeglys (aantekenlys). **Wenke:**
  - **Indien koeie geweeg word tydens speen van hul kalwers, merk by Druk Opsies beide Skep Kolom vir Moedergewig en Sorteer Moeders Apart opsies**. 'n Ekstra kolom waar die koeie in numeriese volgorde gesorteer is sal bygevoeg word op die weeglys. Deur hierdie kolom te gebruik, kan die koeie maklik en vinnig op die weeglys gevind word. (Indien die koeinommers nie apart gesorteer is nie, is dit moeilik om 'n koei se nommer op die weeglys te kry, want 'n koei en haar kalf kom nie noodwendig saam in die drukgang nie). Jy kan dus op die weeglys sien wie is 'n kalf se moeder, maar jy vul die koeie se gewigte in waar die koeie gesorteer is, m.a.w. in die **Koei** ID Nr veld. 'n Betrokke kalf se ma se gewig gaan dus nie in dieselfde lyn staan as die kalf nie. Wanneer die gewigte vanaf die weeglys in BenguFarm ingelees word, teken eers al die kalfgewigte aan. Kliek dan op die kolomopskrif "Moeder". Die rekords op die skerm sal nou in dieselfde volgorde gesorteeer wees as in die Koei ID Nr veld op die weeglys. Die koeigewigte kan nou vining en maklik in volgorde ingelees word.
  - Om die **huidige gewig te vergelyk met die vorige gewig**, kies Laaste Gewig en Laaste Weegdatum by Sluit Kolomme In.
- BenguFarm maak voorsiening vir die intrek van gewigte van enige elektroniese skaal wat die funksie het om die aangetekende gewigte en diere se ID-nommers op die skaal te kan stoor en 'n elektroniese lêer van die gewigte en diere-ID-nommers te kan skep. Raadpleeg asseblief jou skaalvervaardiger of agent indien jy nie seker is of jou spesifieke skaalmodel hierdie kenmerke het nie.
- **Om data in te trek of data te stuur na 'n Tru-Test XR5000 skaal**, gaan na Data Stuur/Trek In > Tru-Test XR5000 Integrasie. Gebruik die **Hulp** funksie vir stap-vir-stap instruksies. Sien ook instruksies in Bylaag C. **Let wel:** Die XR5000 se drywers en sagteware moet vooraf op die rekenaar geïnstalleer wees.
- **Om gewigte vanaf 'n ander skaal in te trek** in BenguFarm BEEF, moet jy by die skaal 'n lêer (in csv formaat) skep met die betrokke diere se nommers en gewigte. Om hierdie gewigte in te trek, gaan na Data Stuur/Trek In > Trek In > Gewigte vanaf Skaal. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
  **Wenk:** Om die verstek skaal lêer formaat te kies vir jou spesifieke skaal, gaan na Opstellings > Kuddes > Ander > Verstek Elektroniese Skaal Lêer Formaat.
- Sekere skale maak voorsiening daarvoor om dierdata (bv. nommer, geboortedatum en geslag) te kan intrek in die skaalsagteware. **Om so 'n lêer met dierdata in BenguFarm te skep vir intrek in die skaalsagteware,** gaan na Data Stuur/Trek In > Stuur > Dierdata na Skaal.
- **Daar is twee skerms** in BenguFarm BEEF **waar gewigte aangeteken kan word**:

## 31.2 Gewigte vir prestasietoetsing:

- Sekere gewigte (voorspeen, speen, 12-maande en 18-maande gewigte) kan in BenguFarm verwerk word om aangepaste gewigte, GDOs (Gemiddelde groei per Dag van Ouderdom) en prestasie-indekse te verkry. Hierdie prestasie-indeks berekenings is bedoel vir seleksie doeleindes, aangesien dit gekorrigeer is vir die ouderdom van die dier, die ouderdom van die moeder, ens. – sien Bylaag H. **LET WEL: Die verwerking van gewigte vir prestasie-indekse is van toepassing op beide stoet en**

**kommersiële kuddes.** Die berekenings in BenguFarm is dieselfde as dié wat deur SA Stamboek op Logix gedoen word. Die BenguFarm-berekende data word afsonderlik gestoor van die Logix-berekende data wat, vir stoetkuddes, ingetrek kan word. Wanneer vertoon word op die hoofskerm se Kudde Uitleg en in verslae, word voorkeur gegee aan Logix-berekende indekse en word dit in vet ("bold") vertoon. BenguFarm berekende indekse word gewoon vertoon.

- **Diere moet aan die volgende vereistes voldoen** om in dieselfde prestasietoets ingesluit te word:
  - Die ouderdomsverskil tussen die oudste en jongste dier mag nie meer as 100 dae wees nie.
  - Alle diere se ouderdom op weegdatum moet binne die grense wees vir die betrokke toetstipe:
    - Voorspeen (A11): 51 - 150 dae (opsioneel)
    - Speen (A22): 151 - 270 dae
    - 12-maande (B12): 271 - 450 dae
    - 18-maande (B22): 451 - 634 dae
    - Sentrale Groeitoetse (C12, C22, C32): 179-278 dae by begin van toets
    - Op-die-Plaas Groeitoetse (D11, D21): 172-455 dae by begin van toets
  - Indien die diere nie almal op dieselfde dag geweeg is nie, mag die eerste en laaste weegdatums nie meer as 14 dae uit mekaar wees nie.
  - Die diere moet op weegdatum nog aktief in die betrokke kudde (op BenguFarm en Logix, waar van toepassing) wees, met ander woorde nie gekanselleer of oorgedra nie.
- Wanneer kalwers se geboortedata op die Kalwingskerm aangeteken word, sal BenguFarm, indien die veld Voeg By Tot Prestasietoetsgroep gemerk is, **outomaties die kalwers aan 'n prestasietoetsgroep binne die betrokke kalfseisoen koppel** volgens die minimum- en maksimum toelaatbare ouderdomsgrense asook die maksimum toelaatbare ouderdomsverskil (soos opgestel by Opstellings > Kuddes > Prestasietoetsing > Maksimum Toelaatbare Ouderdomsverskil...). Alle kalwers gebore in die eerste 100 dae van die seisoen sal aan die eerste prestasietoetsgroep (bv. Groep 2020S-0) gekoppel word en, indien die kalfseisoen langer is as 100 dae, die res aan die volgende prestasietoetsgroep (bv. 2020S-1). Die doel met prestasietoetsgroepe is dat dit gebruik kan word om 'n groep diere te kies vir evaluasie in 'n prestasietoets.
- **Indien verse vroeër gedek word**, sal die volle kalfseisoen (eerstekalfkoeie plus die res van die koeie) waarskynlik langer as 100 dae wees en gaan die kalwers outomaties in twee prestasietoetsgroepe ingedeel word soos hierbo verduidelik. Indien verkies word dat die eerstekalfkoeie se kalwers in een prestasietoetsgroep ingedeel word en die res van die koeie se kalwers in 'n tweede groep, kan die kalwers se prestasietoetsgroep indelings verander word – sien volgende item.
- Indien nodig, kan die **prestasietoetsgroep indelings verander** word. Gaan na Produksie > Prestasietoetsgroep Indelings. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- Indien kalwers aan 'n prestasietoetsgroep gekoppel is op die Kalwingskerm en die Kalwing skerm toegemaak word, verskyn 'n "Herbreken Outomatiese Dagboekinskrywings vir Prestasietoets Gewigte" skermpie. Indien "Bereken" gekliek word, sal BenguFarm die **datums bereken wanneer die betrokke groep kalwers geweeg moet word vir die onderskeie prestasietoetsgewigte.** Wanneer die betrokke groep kalwers geweeg moet word vir 'n sekere prestasietoetsgewig (bv. Speengewig), sal 'n herinneraar in die dagboek vertoon [Ander Data > Dagboek en Bestuurskalender].
- Indien die prestasietoets weegdatums vir een of ander rede nie bereken is nie nie, kan dit vir 'n betrokke kalfseisoen of groep kalwers bereken word deur te gaan na Produksie > **Bereken Weegdatums vir Prestasietoetsing.** Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- **Om gewigte vir prestasietoets doeleindes aan te teken** (of verander/verwyder) **of in te trek en te verwerk**, gaan na Produksie > Gewigte vir Prestasietoetsing. Gewigte wat reeds op BenguFarm is (bv. ingetrek vanaf 'n skaal of die Mobile toep of aangeteken op die Gewigte, Mates en Punte nie aan 'n Toets Gekoppel nie skerm), word outomaties in die toets vertoon nadat die diere gekies is en mits die weegdatum(s) binne die toetstydperk val. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
  - Kies die betrokke Voedingstatus (VS kolom), Moeder Voedingstatus (MVS), Grootmaakstatus (GS) en Opmerkings om diere binne die prestasietoets in subgroepe te verdeel om te verseker dat slegs diere wat saam bestuur en dieselfde voeding ontvang het, met mekaar vergelyk word. Verwys Bylaag H vir 'n verduideliking van die belangrikheid van kontemporêre groepe wanneer diere gekies word vir insluiting in 'n prestasietoets.
  - Indien 'n kalf siek, beseer, moeder siek, moeder dood, hans grootgemaak of vir 'n pleegmoeder gegee is, teken dita aan sodat dit in ag geneem kan word by indeksberekings. Indien 'n siek kalf nie aangedui word nie en dus met die res van die groep vergelyk word, kan hy/sy 'n baie lae indeks kry wat nie die kalf se genetiese groeivermoë en sy moeder se genetiese melkproduksie meriete weerspieël nie. Indien jy wel 'n indeks vir daardie dier wil kry, moenie die Dier Siek kode gee onder Opmerkings nie, maar maak die Voedingstatus kode iets anders as die res van die diere.
- **Om 'n verslag te skep van diere se prestasietoetsresultate** (gekorrigeerde gewigte, indekse, ens.), gaan na Verslae > Produksie > Prestasietoetsresultate. Sien Bylaag H vir die interpretasie en

gebruik van verwerkte prestasietoetsdata. **Let wel:** Indien die diensverskaffer berekende prestasietoetsdata reeds ingetrek is (sien paragraaf 33), sal die diensverskaffer berekende data op die verslag vertoon word in vet druk.

- **Om die gewigte van 'n dier op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Gewigte opkykskerm of op die Kudde Uitleg na die Gewigte afdeling.
- **Om die prestasietoetsresultate van 'n dier op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Prestasietoetsresultate opkykskerm of op die Kudde Uitleg na die Gewig Indekse afdeling. **Let wel:** Vetgedrukte prestasie-indekse op die hoofskerm > Kudde Uitleg asook op sekere verslae, bv. die Inspeksielys en Veilingskatalogus, is indekse wat vanaf Logix ingetrek is. Indekse wat nie vetgedruk is nie, is in BenguFarm bereken, met ander woorde die Logix-berekende indekse is nie beskikbaar nie of dit is nog nie ingetrek in BenguFarm nie.
- **Wenke:**
    - Vir 'n artikel met riglyne oor bestuur- en prestasietoetspraktyke vir akkurate teelwaardes, kontak Mnr. Leslie Bergh by leslie@benguelasoft.co.za of 082 801 2026.
    - Die verskillende **reproduksie- en prestasiedata verwerkings** in BenguFarm BEEF word verduidelik in Bylaag H.

### 31.3 Algemene- en voerkraal gewigte:

- **Om <u>algemene</u> gewigte** (byvoorbeeld maandelikse gewigte), wat nie noodwendig vir prestasietoetsdoeleindes gebruik gaan word nie, aan te teken (of verander/verwyder), gaan na Produksie > Gewigte, Mates en Punte nie aan 'n Toets gekoppel nie > Gewigte. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- **Om *alle* data waarvan in 'n <u>voerkraal</u> rekord gehou word op een skerm aan te teken** (of verander/verwyder)**,** gaan na Toevoegings > Voerkraal Bestuurder. Gebruik die **Hulp** funksie vir stap-vir-stap instruksies.
- **Om die gewigte van 'n dier op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Gewigte opkykskerm of op die Kudde Uitleg na die Gewigte afdeling.
- **Om 'n verslag te skep van diere se gewigte en toenames**, kliek op Gewigte en Toenames links onderaan die Gewigte, Mates en Punte nie aan 'n Toets gekoppel nie skerm OF gaan na Verslae > Produksie > Gewigte en Toenames. **Wenke**:
    - Indien die opsie Druk slegs Eerste en Laaste Gewigte in Tydperk gekies word, is 'n opsie Vertoon Werksblad beskikbaar wat gebruik kan word om diere aan 'n groep te koppel, bv. diere wat swaar genoeg is vir bemarking.
    - Kliek Vertoon Werkblad om diere aan groepe (bv. gewiggroepe) te koppel.

## 32. Stuur prestasietoetsdata (gewigte): (Slegs van toepassing op kuddes wat lid is van SA Stamboek se Logix Beef)

- Nadat die toets geskep en die gewigte aangeteken/opgeneem is in BenguFarm BEEF [Produksie > Gewigte vir Prestasietoetsing], moet hierdie data na Stamboek/LNR gestuur word om die diere se prestasietoetsdata op te neem in die Logix databasis.
- **Om prestasietoetsdata in elektroniese (csv) formaat te stuur na Stamboek** (of dit te druk indien jy dit nie elektronies kan stuur nie), gaan na Produksie > Gewigte vir Prestasietoetsing. By Huidige Toetse, kies die betrokke toets en kliek op die Laai Geselekteerde Toets ikoon. **Alternatiewelik** gaan na Data Stuur/Trek In > Stuur > Stamboek/LNR > Prestasietoetsdata. Kies die betrokke toets uit die lys van Beskikbare Toetse. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig. [**Nota:** Telers wie lid is van 'n telersgenootskap wat van die Breedplan stelsel gebruik maak, sien Bylaag G].
- Kontroleer of daar enige **foute** is – sien die kolomme aan die linkerkant van die skerm. Om die beskrywing van 'n fout te vertoon, beweeg die rekenaar se wyser oor die kolomopskrif. BenguFarm BEEF sal jou NIE toelaat om prestasietoetsdata te stuur indien daar foute en/of onbrekende data is nie.
- Indien jy seker is dat alle data korrek en volledig is, kliek op **Skep en Stuur Elektroniese Lêer van Data aan Diensverskaffer / Skep Elektroniese Lêer** (ikoon met rooi en blou pyltjies onderaan die skerm) om 'n elektroniese lêer van die gekose prestasietoets te skep en te stuur. Indien die Gebruik Logix Direk Lêer Oplaai Funksionaliteit (sien Opstellings > Kuddes > Diensverskaffers) of die Gebruik SMTP Direkte E-pos opsie (sien Opstellings > Kuddes > E-pos) gekies is, sal die elektroniese lêer direk (m.a.w. nie d.m.v. jou e-pos program nie) gestuur word na Logix. Indien data suksesvol gestuur is, sal 'n boodskap "Data suksesvol deur Logix ontvang" vertoon word. Indien nie, sal BenguFarm BEEF die elektroniese lêer outomaties aan 'n e-pos boodskap heg en in jou verstek e-pos program (bv. Outlook) se "Outbox" plaas. Die e-pos sal dan gestuur word wanneer jy aan lyn is.
- Indien BenguFarm BEEF vir een of ander rede *nie* die elektroniese lêer outomaties kan stuur nie, sal 'n boodskap verskyn om jou hiervan te waarsku. Let op waar jy die lêer stoor wat aan die e-pos geheg moet word (bv. C:\BenguFarm\Beef\Exports\Kudde of C:\Program Files\BenguelaSoft\BenguFarm\

- Electronic\Send). Volg die instruksies op die boodskap skerm vir hulp om self ’n nuwe e-pos boodskap met jou e-pos program (bv. Outlook) te skep, die betrokke lêer aan die e-pos te heg en dit te stuur na edata@studbook.co.za (Stamboek) of intergis@arc.agric.za (LNR), afhangende wie jou diensverskaffer is. **Nota:** Onthou waar jy die lêer gestoor het om aan te heg aan die e-pos. [Vir hulp om probleme met die versending van data op te los, kontak jou BenguFarm agent].
- Sodra die data ontvang is, stuur Logix outomaties ’n e-pos boodskap na jou terug as bevestiging van ontvangs. Indien jy nie so ’n e-pos ontvang nie, kontak asseblief SA Stamboek by telefoon nommer 051 410 0900 of stuur ‘n e-pos na **help@logix.co.za**.
- Indien jy nie fasiliteite het om die data elektronies te kan stuur nie, kan jy dit druk en faks of per gewone pos stuur. Om prestasietoetsdata te druk, kliek op Vertoon Drukstuk > Druk.
- **Om te kontroleer watter prestasietoetse reeds gestuur is**, gaan na Verslae > Administrasie > Log van Lêers en Verslae Gestuur.

## 33. Intrek van diensverskaffer berekende prestasietoetsdata: (Slegs van toepassing op kuddes wat lid is van SA Stamboek se Logix Beef)

- Sodra die betrokke prestasietoetsdata opgeneem en verwerk is op Logix, stuur Logix weer outomaties ’n e-pos boodskap na jou as bevestiging van opname/verwerking. Aangeheg aan hierdie e-pos boodskap is ‘n elektroniese lêer (BEEF_TEST_...) wat jy benodig om die diensverskaffer berekende prestasietoetsdata in te trek in BenguFarm BEEF.
- **Nota:** Indien jy om een of ander rede nie die e-pos ontvang het nie, kan jy die betrokke elektroniese lêer bekom deur na die Logix webwerf (**www.logix.org.za**) te gaan en aan die linkerkant van die skerm te kliek op Boodskappe. Die elektroniese lêers wat na jou gestuur is, word daar gestoor volgens die datum van opname/verwerking. Andersins kan jy in Logix gaan na Dienste > Data Onttrekking > Vleisbees > Bees Prestasie Data.

- **Om diensverskaffer berekende prestasietoetsdata in te trek** in BenguFarm BEEF, is daar twee opsies:
  - **Opsie 1 – Logix Direk (aanbevole opsie vir kuddes met SA Stamboek as diensverskaffer):**
    - Gaan in BenguFarm BEEF na Data Stuur/Trek In > Logix Direk > Trek Diensverskaffer Berekende Prestasietoetsdata In.
  - **Opsie 2:**
    - Stoor die elektroniese lêer wat jy van Logix ontvang het op ’n gepaste plek op jou rekenaar (bv. C:\BenguFarm\Beef\Imports\Kudde). Dit kan in Outlook gedoen word deur te kliek op File > Save Attachment of andersins deur regs te kliek op die lêer en Save Target As te kies. Let op waar jy die lêer stoor. [**Let wel**: Moet NIE hierdie lêer in Excel oopmaak en stoor in xls of csv formaat NIE, aangesien dit sal veroorsaak dat jy dit nie sal kan intrek in BenguFarm BEEF nie en/of dat die datums foutief ingetrek word].
    - Gaan in BenguFarm BEEF na Data Stuur/Trek In > Trek In > Stamboek/LNR > Diensverskaffer Berekende Prestasietoetsdata. Soek die betrokke elektroniese lêer (BEEF_TEST_...) en kliek op Trek In.
- **Let wel**: Die prestasietoetsindekse wat jy in BenguFarm BEEF verwerk het, word NIE oorskryf nie – dit word apart gestoor van die diensverskaffer (Logix) berekende indekse. By Opstellings > Kuddes > Ander kan jy stel of jy beide die diensverskaffer (Logix) berekende en BenguFarm berekende prestasietoetsdata wil sien op die hoofskerm se Dier Uitleg > Prestasietoetsdata vertoon skerm. Kies (merk) dit, indien nie reeds gedoen nie. Op die hoofskerm se Dier Uitleg > Prestasietoetsresultate word die BenguFarm indekse in 'n aparte kolom (Diensverskaffer Bereken = NEE) vanaf die diensverskaffer (Logix) indekse (Diensverskaffer Bereken = JA) vertoon. Op die hoofskerm se Kudde Uitleg > Gewig Indekse word die BenguFarm verwerkte indekse in gewone en die diensverskaffer (Logix) indekse in vet (“bold”) vertoon.
- Om ‘n elektroniese datalêer van jou **Fase C of D2 getoetse bulle** te skep vir intrek in jul BenguFarm, gaan op die Logix webwerf na Dienste > Data Onttrekking > Vleisbees > Plaassagteware Volledig (V4) > Kies Diere en volg die stappe om die lêer te skep. Om die data in te trek in BeefPro, gaan na Data Stuur/Opneem > Opneem > Databasis > Logix Hoof Data Lêer en volg die stappe.
- **Wenk: Om ’n verslag te skep van diere sonder diensverskaffer berekende prestasietoetsresultate**, gaan na Verslae > Administrasie > Diere sonder Diensverskaffer Berekende Prestasietoets Resultate.

## 34. Intrek van teelwaardes (met kudde- en rasgemiddeldes): (Slegs van toepassing op stoetkuddes wat lid is van SA Stamboek se Logix Beef)

- **Wenk:** Vir ’n artikel oor hoe om teelwaardes te verstaan en gebruik, kontak Mnr. Leslie Bergh by leslie@benguelasoft.co.za of 082 801 2026.

- Indien jy lid is van Stamboek, moet jy verseker dat jou BenguFarm BEEF databasis opgedateer word met jou diere se nuutste teelwaardes elke keer wanneer 'n nuwe BLUP ontleding vir jou betrokke ras gedoen is. Om te kyk watter **ontledingsdatum** se teelwaardes jy in BenguFarm het, kies een van jou koeie en kyk op die Dier Uitleg van die hoofskerm bo-aan die Teelwaardes opkykskerm by Analise Datum. [**Nota:** Telers wie lid is van 'n telersgenootskap wat van die Breedplan stelsel gebruik maak, sien Bylaag G].
- **Wenk**: By Opstellings > Kuddes > Herinneraars > Herinner om Nuutste Teelwaardes af te Laai, kan gestel word dat BenguFarm jou met sekere tussenposes herinner om nuwe teelwaardes in te trek.
- **Om jou diere se nuutste teelwaardes asook jou kudde- en die ras se nuwe gemiddelde teelwaardes in te trek** in BenguFarm BEEF, is daar twee opsies:
    - **Opsie 1 – Logix Direk (aanbevole opsie vir kuddes met SA Stamboek as diensverskaffer):**
        - Gaan in BenguFarm BEEF na Data Stuur / Trek In > Logix Direk > Trek Teelwaardes In. BenguFarm sal jou nou inlog op Logix, die nuutste teelwaardes vir die diere in die betrokke kudde soek, 'n lêer skep en dit in BenguFarm BEEF ingetrek sonder dat enige verdere aksie nodig is. Die nuutste teelwaardes (uitgesluit die kudde- en rasgemiddeldes) en teelwaarde indekse word ingetrek.
        - Indien jy 'n "time-out" boodskap van Logix kry, volg die instruksies op die skerm of Opsie 2 hieronder om die nuutste teelwaardes af te laai en in te trek.
    - **Opsie 2:**
        - Gaan in Logix na Teelwaardes > Teelwaardes met EBV Indekse.
        - U het nou die keuse om die data af te laai via een van twee formate, naamlik 'n csv of zip formaat lêer. Die zip formaat lêer is kleiner en sal dus vinniger aflaai. Kliek regs op die lêerformaat van jou keuse en kies Save Target As. Beide die csv en zip formate kan direk ingetrek word.
        - Stoor die betrokke elektroniese lêer (BEEFBLUP_...) op 'n gepaste plek op jou rekenaar (bv. C:\BenguFarm\Beef\Imports\Kudde). Dit kan gedoen word deur regs te kliek op die lêer en Save Target As te kies. Let asseblief op waar jy die lêer stoor.
        - Gaan in BenguFarm BEEF na Data Stuur/Trek In > Trek In > Stamboek/LNR > Teelwaardes, soek die betrokke elektroniese lêer (BEEFBLUP_...), kies die kudde en kliek op Trek In. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig. Die nuutste teelwaardes, kudde- en rasgemiddeldes en teelwaarde indekse word ingetrek.
- **Om 'n verslag van teelwaardes te skep**, gaan na Verslae > Produksie > Teelwaardes. Die verslag het 'n opsie om teelwaarde-indekse in plaas van teelwaardes te druk.
- **Om 'n stamboom verslag (met teelwaardes) te skep**, gaan na Verslae > Dier, Stamboom en Nageslag > Stamboom.
- **Om die teelwaardes van 'n dier op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Teelwaardes- of die Teelwaardes Grafiek opkykskerm of op die Kudde Uitleg na die Teelwaardes afdeling.

## 35. Seleksie en Inspeksie/keuring:

### Seleksie:

- **Om 'n verslag te skep van diere se prestasietoetsresultate** (gekorrigeerde gewigte, indekse, ens.), gaan na Verslae > Produksie > Prestasietoetsresultate.
- **Om 'n verslag te skep van koeie wat swak presteer ten opsigte van self-gekose reproduksie en -dragtigheid minimum standaarde**, gaan na Verslae > Inspeksies en Seleksies > Reproduksie en Dragtigheid Seleksie. Waardes wat nie voldoen aan die minimum kriteria nie, word in die verslag in vet gedruk en omraam.
- **Om 'n verslag te skep van diere wat swak presteer volgens self-gekose reproduksie-, produksie-, retensie- en teelwaardes minimum standaarde**, gaan na Verslae > Inspeksies en Seleksies > Teelkuddeseleksie. Waardes wat nie voldoen aan die minimum kriteria nie, word in die verslag in vet gedruk en omraam. Sien Bylaag H vir die interpretasie en gebruik van berekende waardes in BenguFarm. Let op dat retensie- en teelwaardes slegs beskikbaar is vir geregistreerde diere.
- **Om 'n nageslagopsomming van 'n koei of bul te skep**, gaan na Verslae > Dier, Stamboom en Nageslag > Nageslagopsomming.
- **Om sekere data van diere te verlig** "highlight" (bv. koeie met 'n gemiddelde tussenkalfperiode van meer as 400 dae) **op die hoofskerm se Kudde Uitleg** asook om rangwaardes op te stel vir die gekose kriteria (die totale rangwaarde sal vertoon word onder die Algemeen afdeling in die Rang kolom), kliek op Vertoon Opsies onderaan die hoofskerm se Kudde Uitleg en kliek dan bo-aan die Vertoon Opsies skerm op die Stel Kuddeuitleg Verligting Op knoppie (knoppie met klein blokkies met verskillende kleure).

Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig. Sien paragraaf 7 vir hoe om 'n verslag te skep met gekose kolomme van die hoofskerm se Kudde Uitleg.

**Inspeksie/keuring:** (nie van toepassing op kommersiële kuddes nie)

- **Om 'n lys van diere wat geïnspekteer/gekeur gaan word te skep waarop die inspeksiedata aangeteken kan word**, gaan na Verslae > Inspeksies & Seleksies > Inspeksielyste (aantekenlys). Alle diensverskaffer berekende prestasietoetsindekse, teelwaardes, ensovoorts wat op rekord is op BenguFarm BEEF, sal op die inspeksielys gedruk word vir gebruik deur die keurder. **Let wel:** Vetgedrukte prestasie-indekse is indekse wat vanaf Logix ingetrek is. Indekse wat nie vetgedruk is nie, is in BenguFarm bereken.
- **Let wel:** Inspeksielyste moet deur die keurder onderteken word en dit sal deur hom gestuur word na jou telersgenootskap of SA Stamboek vir opname op Logix. Inspeksielyste mag dus *nie* direk deur jou as teler ingestuur word *nie*.

## 36. Intrek van inspeksiedata: (nie van toepassing op kommersiële kuddes nie)

- Sodra die betrokke inspeksiedata opgeneem en verwerk is op Logix, stuur Logix outomaties 'n e-pos boodskap na jou as bevestiging van opname/verwerking. Aangeheg aan hierdie e-pos is 'n elektroniese lêer (INSPECTIONS_...) wat jy benodig om die inspeksiedata in te trek in BenguFarm BEEF.
- **Nota:** Indien jy om een of ander rede nie die e-pos ontvang het nie, kan jy die betrokke elektroniese lêer bekom deur na die Logix webwerf (www.logix.org.za) te gaan en aan die linkerkant van die skerm te kliek op Boodskappe. Die elektroniese lêers wat na jou gestuur is, word daar gestoor volgens die datum van opname/verwerking.
- **Om die inspeksiedata in BenguFarm BEEF in te trek,** is daar twee opsies:
  - **Opsie 1 – Logix Direk (aanbevole opsie vir kuddes met SA Stamboek as diensverskaffer):**
    - Gaan in BenguFarm BEEF na Data Stuur/Trek In > Logix Direk > Trek Inspeksie Data In. **Let wel:**
      - Hierdie funksie sal die volgende data intrek: Inspeksie datum, visuele punt (indien van toepassing), goed/afgekeur, afkeurrede(s), afdeling en subafdeling (indien van toepassing).
      - Indien die opsie Verander Status van Aktiewe Afgekeurde Diere na Onaktief onder-aan die skerm gemerk is, word die afgekeurde diere wat nog aktief in BenguFarm is, se status onaktief gemaak.
  - **Opsie 2:**
    - Stoor die elektroniese lêer wat jy van Logix ontvang het op 'n gepaste plek op jou rekenaar (bv. C:\BenguFarm\Beef\Imports\Kudde). Dit kan in Outlook gedoen word deur te kliek op File > Save Attachment of andersins deur regs te kliek op die lêer en Save Target As te kies. Let op waar jy die lêer stoor. [**Let wel**: Moet NIE hierdie lêer in Excel oopmaak en stoor in xls of csv formaat NIE, aangesien dit sal veroorsaak dat jy dit nie sal kan intrek in BenguFarm BEEF nie en/of dat die datums foutief ingetrek word].
    - Gaan in BenguFarm BEEF na Data Stuur/Trek In > Trek In > Stamboek/LNR > Inspeksies. Soek die betrokke elektroniese lêer (INSPECTIONS_...) en kliek op Trek In. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- Alternatiewelik kan die inspeksiedata aangeteken (of verander/verwyder) word deur te gaan na Ander Data > Inspeksies. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- **Kommersiële diere wat geïnspekeer en goedgekeur is as Eerste Aanvaarding diere**: Indien hierdie diere nog nie in op BenguFarm is nie, kan die inspeksiedata nie met bogenoemde metodes ingetrek word nie. Die inspeksie- en ander basiese dierdata moet in hierdie geval ingetrek word met Data Stuur/Trek In > Logix Direk > Trek Ontbrekende Diere In. Indien hierdie diere wel op BenguFarm is, maar in 'n kommersiële kudde, moet hulle eers geskuif word na die stoetkudde (sien paragraaf 39), dan moet hulle rekenaarnommers ingetrek word (Data Stuur/Trek In > Logix Direk > Trek Ontbrekende Rekenaarnommers In) en dan kan die inspeksiedata ingetrek word soos hierbo verduidelik.
- **Om afgekeurde diere te skuif na 'n ander (bv. kommersiële) kudde**, sien paragraaf 39.
- **Om die inspeksiedata van 'n dier op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Algemeen opkykskerm en rol af tot by die inspeksiedata velde of gaan op die Kudde Uitleg na die Keuring afdeling.
- **Om 'n verslag te skep van diere wat gekeur is,** gaan op die hoofskerm se Kudde Uitleg na die Keuring afdeling, kies die betrokke diere wat gekeur (of goedgekeur) is en kliek Vertoon in My Verslae. Kliek Verslag Kolomme (Uitleg), kliek langs die Algemeen afdeling op die "+", gaan die Inspeksie subafdeling en kies die betrokke velde wat jy wil insluit in die verslag.

## 37. Verkope, vrektes en uitskotte:

- **Om 'n verslag te skep met die belangrikste inligting van 'n dier(e) op een verslag**, gaan na Verslae > Dier, Stamboom en Nageslag > Dieropsomming. Hierdie verslag kan gebruik word vir om na voornemende kopers te stuur vir bemarkingsdoeleindes.
- **Om 'n veilingskatalogus te skep** (wat ook gebruik kan word vir uit-die-hand verkope), gaan Verslae > Aankope, Veilings, Verkope, Vrektes en Uitskotte > Veilingskatalogus.
- **Om 'n Veeverwydering Sertifikaat, Dokument van Identifikasie en/of Gesondheidsverklaring te druk**, gaan na Verslae > Aankope, Veilings, Verkope, Vrektes en Uitskotte > Veeverwydering Sertifikaat, Dokument van Identifikasie en Gesondheidsverklaring.
- Wanneer diere verkoop word, vrek, gesteel is of vir ander redes uit die kudde is, moet dit in BenguFarm BEEF aangeteken word om sodoende jou kuddelys op datum te hou. **Let wel**: Moet NIE diere wat die kudde verlaat het (onaktiewe diere) se dierrekords verwyder uit BenguFarm-BEEF nie, aangesien hulle op een of ander manier verbind mag wees aan ander diere in die databasis. Indien 'n dier verwyder word is die verwante dier(e) se stamboom of nageslag nie meer volledig nie.
- **Om 'n lys te skep waarop diere se gewigte aangeteken kan word tydens verkoop**, gaan na Verslae > Produksie > Weeglys (aantekenlys).
- **Om 'n lys te skep waarop diere se verkoop-/dooddata aangeteken kan word,** gaan na Verslae > Dierlyste en Getalle > Kuddelys. Heel regs is kolomme om die datum en rede waarom diere uit die kudde is op aan te teken.
- **Om die verkoopinligting** (aan wie verkoop, verkoopdatum, rede vir verkoop, gewig, prys, ensovoorts) **van verkoopde diere of diere wat vir ander redes** (byvoobeeld gevrek, gesteel, ensovoorts) **uit die kudde is aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Verskuiwings > Verkope, Vrektes en Uitskotte. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- **Let wel:**
    - Wanneer diere die kudde verlaat (verkoop, dood, gesteel, ens.), moet NIE die diere se status net onaktief maak NIE, aangesien daar agterna geen rekord gaan wees waarom of wanneer hulle die kudde verlaat het nie. Stoettelers sal dan ook nie oordragte en kansellasies kan instuur na hul diensverskaffer nie.
    - Wanneer diere die kudde verlaat het, word hulle NIE outomaties uit die kamp en/of groep(e) uitgehaal NIE. Indien jy wel die diere uit die kamp en/of groep(e) wil haal waarin hul was toe hulle die kudde verlaat het, kan dit gedoen word, maar dit is *nie* nodig nie, aangesien jy normaalweg net met die aktiewe diere in 'n kamp of groep werk.
    - Indien 'n teelbul verkoop of dood is, onthou om die Teel/KI Bul merk te verwyder by die bul se rekord. [Diere > Voeg By en Verwyder Diere > Agemeen > Teel/KI Bul].
- **Indien die koper ook 'n BenguFarm gebruiker is, kan jy vir die koper die betrokke diere se data elektronies stuur wat hy dan in sy BenguFarm kan intrek.** Om hierdie elektroniese lêer met die data van die verkoopte diere te skep, gaan na Data Stuur/Trek In > Stuur > BenguFarm Dieroordraglêer. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig. **Let wel:** Die volgende data word *nie* ingesluit in die Dieroordraglêer nie:
    - Kampe en Groepe
    - Inentings, Doserings, Siekte Toetse, Siektes en Behandelings
    - Prosedures
    - Aankope en Verkope
    - Fotos en Dokumente.
- Indien diere met 'n elektroniese nommer (EID skyfie) gemerk is, kan die EID verwyder word wanneer die dier verkoop word of doodgaan en weer gebruik word vir 'n ander dier. Indien verkope en vrektes direk in BenguFarm of op 'n EID leser of op die BenguFarm MOBILE toepassing aangeteken word, word die betrokke EID Nommers outomaties verwyder wanneer die betrokke data ingetrek word**. *Voordat* EIDs hergebruik word, is dit krities belangrik dat die Vee Uit en Dateer Leser Data Op stap gedoen word** by Data Stuur/Trek In > Trek In > RFID Experts APR500 / APR600 en AWR300 Leser om te verseker die EID word met hergebruik aan die *nuwe* dier se rekord gekoppel. **Om Elektroniese ID Nrs (EIDs) te verwyder/ontkoppel van diere wat verkoop of dood (d.w.s. onaktief) is**, sien paragraaf 58. **Om die EID Nommer van een dier aan 'n nuwe dier toe te ken**, sien paragraaf 59.
- **Om 'n verslag te skep van diere wat wat verkoop is of vir ander redes uit die kudde is**, gaan na Verslae > Aankope, Veilings, Verkope, Vrektes en Uitskotte > Verkope, Vrektes en Uitskotte.
- **Om 'n verslag te skep van die diere wat** gedurende 'n sekere tydperk **tot die kudde toegevoeg is** (kalwers gebore, diere aangekoop, geskuif vanaf 'n ander kudde) **en die kudde verlaat het** (verkoop, dood, geskuif na 'n ander kudde, ens.), gaan na Verslae > Dier Lyste en Getalle > Diergetalle Rekonsiliasie. **Let wel:**

- Vir hierdie verslag om die korrekte getalle te weerspieël en alle betrokke waardes te vertoon, is dit nodig dat alle toepaslike data soos diere gebore, aangekoop, geskuif vanaf 'n ander kudde, verkoop, dood en geskuif na 'n ander kudde aangeteken word met, waar van toepassing, die aankoooprys, verkoopprys en verlies.
- Om die begin- en eindtotale in die verslag te sien, moet die opsie "Tussen Twee Gestoorde Diergetalle Datums" gekies word.

- **Om die verkoopdata van 'n dier op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Algemeen opkykskerm en rol af tot by die verkoopdata velde of gaan op die Kudde Uitleg na die Verkope en Vrektes afdeling. **Wenk**: Onthou om die Onaktief filter aan te skakel om die dier te sien in die lys van diere.
- **Om 'n dier wat verkeerdelik as verkoop of dood aangeteken is, weer te herstel**, gaan na Diere > Voeg By en Verander Diere (Enkel Dier Uitleg). Skakel die Onaktiewe filter aan en kies die betrokke dier. Op die Algemene Data skerm, verander die Status na Aktief. Op die Diverse Data skerm, verwyder die Gekanselleer rekord en Stoor. Op dieselfde skerm, kliek op Verander Gedetaileerde Oordrag / Kansellasie Rekord. Die Verkope, Vrektes en Uitskotte skerm sal nou oopmaak en die betrokke dier se rekord sal outomaties gelaai word. Kies die rekord en kliek Verwyder en Stoor. **Wenk:** Indien dit 'n registreerde dier is, onthou om by jou diensverskaffer (bv. SA Stamboek) aan te vra dat die dier heringestel word.
- **Wenk: Om 'n verslag te skep van alle aktiwiteite aangeteken in BenguFarm gedurende 'n gekose tydperk,** gaan na Verslae > Administrasie > Log van Aktiwiteite Aangeteken.

## 38. Stuur oordragte en kansellasies: (Slegs van toepassing op kuddes wat lid is van SA Stamboek se Logix Beef)

- Nadat die verkope en/of vrektes in BenguFarm BEEF aangeteken is (Verskuiwings > Verkope, Vrektes en Uitskotte), moet hierdie data na SA Stamboek gestuur word om die diere oor te dra op die nuwe eienaar se naam en/of hulle af te haal van jou kudde se inventaris op Logix. **Let wel:** Om 'n oordag na Logix te stuur, moet die koper gekies word uit die BenguFarm Kontakte lys en moet die kontak, behalwe vir die Besigheid naam, ook die Stamboek lID Nommer OF 'n adres in hê om te verseker dat die dier na die korrekte nuwe eienaar oorgedra word.
- **Om oordrag- en/of kansellasiekennisgewings elektronies te stuur na SA Stamboek/LNR** (of dit te druk indien jy dit nie elektronies kan stuur nie) direk van die Verkope, Vrektes en Uitskotte skerm, kliek links onderaan die skerm op Skep en Stuur Elektroniese Lêer van Data aan Diensverskaffer ikoon. Indien die rekords nie reeds op die skerm is nie, kliek eers op Laai Bestaande Rekords en kies die rekords wat gestuur moet word. **Alternatiewelik** gaan na Data Stuur/Trek In > Stuur > Stamboek/LNR > Oordragte en Kansellasies. Kliek op Lys Oordragte en Kansellasies Wat Nog Nie Gestuur Is Nie. Indien jy reeds die betrokke oordragte en/of kansellasies gestuur het of dit gedruk het en dit vir watter rede ook al weer wil stuur, kliek op Kies Diere. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig. [**Nota:** Telers wie lid is van 'n telersgenootskap wat van die Breedplan stelsel gebruik maak, sien Bylaag G].
- Kontroleer of die **Opsies** korrek is vir al die betrokke diere. Kontroleer ook of daar enige **Foute** is. Om die beskrywing van 'n fout te vertoon, gaan met die rekenaar se wyser oor die kolomopskrif. Indien wel, maak 'n nota van die betrokke dier(e) en die probleem. Om dit reg te stel, kliek op die drie kolletjies in die "$" kolom. **Let wel:** Indien diere verkoop is en en die Verkoop (Oordrag) veld gemerk is, moet die koper se adres en/of Stamboek lID Nommer (bv. 0678678BON) ingevul word op die koper se kontak. Om dit in te vul of verander, kliek op die drie kolletjies in die Kontakte kolom.
- Indien jy seker is dat alle data korrek en volledig is, kliek op **Skep en Stuur Elektroniese Lêer van Data aan Diensverskaffer / Skep Elektroniese Lêer** (ikoon met rooi en blou pyltjies onderaan die skerm) om 'n elektroniese lêer(s) van die gekose oordragte en/of kansellasies te skep en te stuur. Indien die Gebruik Logix Direk Lêer Oplaai Funksionaliteit (sien Opstellings > Kuddes > Diensverskaffers) of die Gebruik SMTP Direkte E-pos opsie (sien Opstellings > Kuddes > E-pos) gekies is, sal die elektroniese lêer direk (m.a.w. nie d.m.v. jou e-pos program nie) gestuur word na Logix. Indien data suksesvol gestuur is, sal 'n boodskap "Data suksesvol deur Logix ontvang" vertoon word. Indien nie, sal BenguFarm BEEF die elektroniese lêer outomaties aan 'n e-pos boodskap heg en in jou verstek e-pos program (bv. Outlook) se "Outbox" plaas. Die e-pos sal dan gestuur word wanneer jy aan lyn is.
- Indien BenguFarm BEEF vir een of ander rede *nie* die elektroniese lêer outomaties kan stuur nie, sal 'n boodskap verskyn om jou hiervan te waarsku. Let op waar jy die lêer stoor wat aan die e-pos geheg moet word (bv. C:\BenguFarm\Beef\Exports\Kudde of C:\Program Files\BenguelaSoft\BenguFarm\Electronic\Send). Volg die instuksies op die waarskuwingboodskap skerm vir hulp om self 'n nuwe e-pos boodskap met jou e-pos program (bv. Outlook) te skep, die betrokke lêer(s) aan die e-pos te heg en dit te stuur na edata@studbook.co.za (Stamboek) of intergis@arc.agric.za (LNR), afhangende wie jou diensverskaffer is. **Nota:** Onthou waar jy die lêer gestoor het om aan te heg aan die e-pos. [Vir hulp

om probleme met die versending van data op te los, kontak jou BenguFarm agent]. **LET WEL**: **Oordragte en kansellasies word in twee aparte lêers gestoor. Onthou om albei te stuur.**
  - Sodra die data ontvang is, stuur Logix outomaties 'n e-pos boodskap na jou terug as bevestiging van ontvangs. Indien jy nie so 'n e-pos ontvang nie, kontak asseblief SA Stamboek by telefoonnommer 051 410 0900 of stuur 'n e-pos na **help@logix.co.za**.
  - Indien jy nie fasiliteite het om die data elektronies te kan stuur nie, kan jy dit druk en faks of per gewone pos stuur. Om die kansellasies te druk, kliek op Vertoon Kansellasies Drukstuk > Druk. Om oordragte te druk, kliek op Vertoon Oordragte Drukstuk > Druk.
  - **Om te kontroleer watter kansellasies en oordragte reeds gestuur is**, gaan na Verslae > Administrasie > Log van Lêers en Verslae Gestuur.

## 39. Verskuif diere na 'n ander kudde:

- **Om 'n nuwe kudde te skep,** sien paragraaf 9.
- Hoe jy die diere in BenguFarm van een kudde na 'n ander kudde (byvoorbeeld van 'n stoet- na 'n kommersiële kudde) skuif, hang daarvan af of die twee kuddes op een databasis of op verskillende databasisse is. **Wenk:** Om te kyk of die onderskeie kuddes op dieselfde databasis is, gaan na Lêer > Verander Aktiewe Kudde Na > Lys Alle en Selekteer.
- **Indien die twee kuddes op *dieselfde* databasis is**, kan jy die diere bloot skuif van die een kudde na die ander. Gaan in die kudde waar**uit** jy die diere wil skuif na Verskuiwings > Verskuif Diere na Ander Kudde. Merk die betrokke diere in die "K" kolom en kies dan bo-aan die skerm die kudde waar**heen** die diere geskuif moet word, vul die datum in, kies die rede, verander, indien van toepassing, die Registreerd (R)/Kommersieel (K) asook die Afdeling en Stoor. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig. **Let wel:** Onthou om, waar van toepassing, die betrokke diere se kamp en/of bestuursgroep te verander. **Wenk:** Indien 'n geregistreerde dier gekanselleer en na die kommersiële kudde geskuif moet word, teken eers die kansellasie aan by Verskuiwings > Verkope, Vrektes en Uitskotte, maar moet *nie* die status verander na (die verstek) Onaktief *nie*, m.a.w. hou die status Aktief. Stuur die kansellasie na die diensverskaffer (bv. Stamboek). Skuif dan die (aktiewe) dier na die kommersiële kudde.
- **Om 'n verslag te skep van diere se verskuiwings tussen kuddes op *dieselfde* databasis,** gaan na Verslae > Kampe en Kuddes > Kudde Verskuiwings.
- **Om die kuddeverskuiwings data van 'n dier op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Algemeen opkykskerm en rol af tot by die Kudde inligting.

- **Om 'n verslag te skep van die diere wat gedurende 'n sekere tydperk tot die kudde toegevoeg is** (diere gebore, aangekoop, geskuif vanaf 'n ander kudde) **en die kudde verlaat het** (verkoop, dood, geskuif na 'n ander kudde), gaan na Verslae > Dier Lyste en Getalle > Diergetalle Rekonsiliasie. **Let wel:**
  - Vir hierdie verslag om die korrekte getalle te weerspieël en alle betrokke waardes te vertoon, is dit nodig dat alle toepaslike data soos diere gebore, aangekoop, geskuif vanaf 'n ander kudde, verkoop, dood en geskuif na 'n ander kudde aangeteken word met, waar van toepassing, die aankoooprys, verkoopprys en verlies.
  - Om die begin- en eindtotale in die verslag te sien, moet die opsie "Tussen Twee Gestoorde Diergetalle Datums" gekies word.

- **Indien die twee kuddes op 'n *aparte* databasisse is**, moet jy die diere oordra d.m.v. 'n Dieroordraglêer. Gaan in die kudde waar**uit** jy die diere wil skuif na Data Stuur/Trek In > Stuur > BenguFarm Dieroordraglêer, kies die betrokke diere, kies die oordrag opsies en skep die Dieroordraglêer. Let op waar die lêer gestoor word. Om die Dieroordraglêer in die ander kudde (op 'n ander databasis) in te trek, gaan in die kudde waar**heen** jy die diere wil skuif na Data Stuur/Trek In > Trek In > Databasis > BenguFarm Dieroordraglêer. Soek die lêer waar dit gestoor is en kliek op **Trek In**. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.

**Wenk: Om diere tussen kampe of ander groepe te skuif**, gaan na Verskuiwings > Verskuif Diere na 'n ander Kamp of Groep. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.

## 40. Vergelyk BenguFarm BEEF kuddelys met Logix/Intergis kuddelys: (Slegs van toepassing op kuddes wat lid is van SA Stamoek se Logix Beef)

- **Om te kontroleer of jou BenguFarm BEEF kuddelys ooreenstem met jou Logix/Intergis kuddelys** (indien van toepassing en indien jy geregistreer is as Logix Gebruiker), gaan as volg te werk: [Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig].
  - **Opsie 1 – Logix Direk (aanbevole opsie vir kuddes met SA Stamboek as diensverskaffer):**

- Gaan in BenguFarm BEEF na Data Stuur/Trek In > Logix Direk > Vergelyk BenguFarm BEEF en Logix Kuddes Lyste.
- Verskille tussen die twee BenguFarm BEEF en Logix kuddelyste (aktiewe diere) word as volg aangedui:
  - By elke veld word die BenguFarm BEEF data in die eerste kolom vertoon, gevolg deur die Logix data in die volgende kolom.
  - Diere op 'n **rooi** agtergrond is (steeds) aktief in die BenguFarm BEEF databasis, maar:
    - Die dier kan nie gevind word op die Logix databasis nie. Die rede kan byvoorbeeld wees dat die dier se geboorte in BenguFarm aangeteken is maar die geboortekennisgewing is nie na Stamboek gestuur nie of wel gestuur is maar vir een of ander rede nie aanvaar is nie. Dit kan ook wees dat die dier se nommer foutief is op BenguFarm BEEF; en/of
    - Die dier is wel op Logix, maar jy is nie die eienaar van die dier nie. Die rede kan byvoorbeeld wees dat 'n oordrag reeds vir die betrokke dier ingestuur is Stamboek toe, maar dit is nog nie in BenguFarm BEEF aangeteken (op die Verkope, Vrektes en Uitskotte skerm) nie, of daar is nagelaat om die dier se status te verander na "Onaktief"; en/of
    - Die dier is wel op Logix, maar die dier is gekanselleer of dood. Die rede kan byvoorbeeld wees dat 'n kansellasie vir die betrokke dier reeds ingestuur is Stamboek toe, maar dit is nog nie in BenguFarm BEEF aangeteken (op die Verkope, Vrektes en Uitskotte skerm) nie, of daar is nagelaat om die dier se status in BenguFarm BEEF te verander na "Onaktief". Dit kan ook wees dat die dier outomaties op Logix gekanselleer is, bv. omdat dit nie meer voldoen aan die minimum rasstandaarde nie, maar in BenguFarm is die dier nog aktief.
    - Indien 'n dier se geboorte in BenguFarm aangeteken is maar die geboortekennisgewing is nie na Stamboek gestuur nie, kies die betrokke dier(e) en stuur die geboortekennisgewing(s) na Stamboek deur op Stuur Geboortekennisgewings onderaan die skerm te kliek.
  - Diere op 'n **bruin** agtergrond is op beide die Logix databasis asook die BenguFarm BEEF databasis, maar die dier se status op BenguFarm BEEF is "Onaktief", terwyl dit op Logix aktief (geregistreer) is, met ander woorde jy is die eienaar van dier en die dier is nie gekanselleer of dood nie. (Sien die rekenaarnommer heel regs om die dier te identifiseer. Ignoreer die BenguFarm BEEF geboortedatum – dit is 'n fiktiewe datum). Die rede kan byvoorbeeld wees dat die betrokke dier reeds in BenguFarm BEEF as gekanselleer of oorgedra aangeteken is, maar die kansellasie of oordrag nie ingestuur is Stamboek toe nie. Indien die dier nog in die kudde is, verander net die dier se status in BenguFarm BEEF na aktief. Indien die dier nie meer in die kudde is nie en dit is reeds so aangeteken op die Verkope, Vrektes en Uitskotte skerm (daar sal 'n kolletjie in die $ kolom wees), kies die betrokke dier(e) en stuur die dier se kansellasie of oordrag na Stamboek deur op Stuur Oordragte/Kansellasies onderaan die skerm te kliek. Indien die dier nie meer in die kudde is nie en dit is nog *nie* aangeteken op die Verkope, Vrektes en Uitskotte skerm *nie* (nie 'n kolletjie in die $ kolom nie), kies die betrokke dier(e) en skep 'n kansellasie of oordrag rekord deur op die Skep Oordragte/Kansellasies onderaan die skerm te kliek. Stuur dan die kansellasie of oordrag na Stamboek deur op Stuur Oordragte/Kansellasies onderaan die skerm te kliek.
  - Diere op 'n **oranje** agtergrond kon glad nie in die BenguFarm BEEF databasis gevind word nie, maar is (steeds) aktief (geregistreer) op die Logix databasis. Die rede kan byvoorbeeld wees dat dit 'n aangekoopte dier is wat op Logix reeds oorgedra is, maar dat die dier se data nie in BenguFarm ingetrek is nie. Dit mag ook wees dat die dier se rekenaarnommer nie in BenguFarm BEEF is nie en gevolglik nie gevind kan word nie. Dit mag ook wees dat die dier wel nie in BenguFarm BEEF is nie, byvoorbeeld waar die kalwing nie op BenguFarm BEEF aangeteken is nie, maar direk op Logix of via 'n papier dokument ingestuur is. Indien dit 'n aangekoopte dier is wat op Logix reeds oorgedra is, maar dier se data is nog nie in BenguFarm ingetrek nie, kies die betrokke dier(e) en trek die dier(e) se Logix data in deur op Trek Diere In onderaan die skerm te kliek.
  - Diere op 'n **wit** agtergrond is aktief in beide die BenguFarm en Logix kuddelyste, maar inligting in die velde op 'n rooi agtergrond verskil (bv. aantal kalwers). As 'n koei se aantal kalwers in BenguFarm BEEF byvoorbeeld een meer is as op Logix, kan die rede moontlik wees dat die laaste kalf van die koei reeds aangeteken is in BenguFarm BEEF, maar die betrokke kalf se geboortekennisgewing nog nie ingestuur is Stamboek toe nie. Indien laasgenoemde die rede is, stuur die betrokke kalwers se geboortekennisgewings na Stamboek. **Let wel:** Waar die aantal nageslag by 'n **bul** verskil, is dit nie noodwendig 'n

probleem nie. Dit mag bloot ’n geval wees dat die betrokke bul ook nageslag in ‘n ander kudde(s) op BenguFarm of Logix het.

- **Wenk:** Om die kuddelys verskille te druk met die agtergrondkleure, doen ‘n “Print Screen” (PrtSc op jou rekenaar se sleutelbord) en plak (‘‘paste”) dit na ’n Excel dokument.
- Veranderings aan ‘n dier se status, geslag, geboortedatum, ras, afdeling en onderafdeling kan direk op die vergelykende lys in die ooreenstemmende BenguFarm kolomme gemaak word. Nadat die veranderings gedoen is, kliek Stoor.

- **Opsie 2**: **(enigste opsie vir kuddes met LNR as diensverskaffer)**
  - Gaan na die Logix webwerf (www.logix.org.za) > Verslae > Inventaris > Vleisbeeste > Inventarislys.
  - Laai die csv **of** die zip formaat lêer af. (Die zip formaat lêer is kleiner en sal dus vinniger aflaai). Kliek **regs** op die lêer formaat van jou keuse en kies Save Target As. [**Let wel**: Moet NIE hierdie lêer in Excel oopmaak en stoor in xls of csv formaat NIE, aangesien dit sal veroorsaak dat jy dit nie sal kan intrek in BenguFarm BEEF nie en/of dat die datums foutief ingetrek word].
  - Stoor die gekose lêer op ’n gepaste plek op jou rekenaar (Bv. C:\BenguFarm\Beef\Imports\).
  - Gaan in BenguFarm BEEF na Verslae > Dier Lyste en Getalle > Vergelyk BenguFarm BEEF en Logix Per-Capita Lyste.
  - Kliek regs bo-aan die skerm op Soek en Vergelyk met Logix csv of zip Per-Kapita Lêer.
  - Soek en kies die csv of .zip formaat inventarislêer (INVBEEF...) waar jy dit gestoor het.
  - Sien Opsie 1 hierbo vir verduideliking van enige verskille tussen die twee kuddelyste.

## 41. Opgradeer die program:

- Dit is belangrik om altyd jou BenguFarm program te opdateer na die nuutste weergawe (die weergawe datum verskyn bo-aan die hoofskerm, bv. "BenguFarm (TM) [BEEF] **v7 November 2025**). Wanneer daar ’n nuwe weergawe beskikbaar is, word gebruikers per e-pos in kennis gestel dat ’n nuwe opgradering beskikbaar is op die BenguFarm webwerf www.bengufarm.co.za.
- **Daar is drie wyses wat gebruik kan word om jou BenguFarm program via die internet te opgradeer** na die nuutste weergawe:
  - As jy aan-lyn is en die outomatiese opgradering opsie (Opstellings > Kuddes > Herinneraars > Kyk Outomaties vir Nuutste BenguFarm Opgradering) gekies is, sal BenguFarm jou herinner wanneer 'n nuwe opgradering beskikbaar is. Volg die instruksies om die program te opgradeer.
  - Om bogenoemde proses self te begin, gaan in BenguFarm na Lêer > Opgradeer vanaf Web en volg die instruksies.
  - Maak jou BenguFarm **toe**, gaan na die BenguFarm webwerf www.bengufarm.co.za > Downloads > Updates, laai die opgradering lêer af en installeer. Die instruksies hoe om dit te doen, is op die webblad.
    - Indien Windows die opsie "Discard" of "Keep" gee wanneer jy die opdateringslêer begin aflaai, kies "Keep" en dan “Keep Anyway”. As jou rekenaar jou steeds nie toelaat om die lêer af te laai nie, deaktiveer jou rekenaar se antivirus tydelik en probeer weer. Sodra die aflaai voltooi is, moet die selfonttrekkende zip-lêer uitgevoer word. Kies "Run" in die dialoog "Download Complete". (Die aflaai voltooi dialoog word deur die webblaaier vertoon sodra die lêer aflaai voltooi is). Windows kan moontlik 'n sekuriteitswaarskuwing gee en die gebruiker vra of die lêer “Run” opdrag uitgevoer moet word of nie. Kies "More Info" en/of "Run" / "Run Anyway" om die opdateringlêer te laat loop.
- Wanneer die opgradering proses voltooi is, maak BenguFarm oop en kyk of die nuutste weergawe datum bo-aan die hoofskerm staan, byvoorbeeld "BenguFarm (TM) [BEEF] **v7 November 2025.**
- **Wenk:** Om te sien wat bygevoeg en verander is in BenguFarm, gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Newsletter. Kies die nuutste nuusbrief en gaan na die Wat is Nuut afdeling.

## 42. Hernu die program se registrasie:

Jou BenguFarm program sal jou jaarliks ongeveer ’n maand voordat die program se registrasie gaan verval, waarsku. BenguelaSoft BK stuur ongeveer ’n maand voordat jou BenguFarm BEEF se lisensie verval aan jou ’n faktuur per e-pos vir die verskuldigde lisensiefooi. Indien jy om een of ander rede nie ’n faktuur ontvang het nie, kyk asseblief in jou “Junk Mail folder” en indien dit ook nie daar is nie, kontak asseblief vir Philna Moulich by 051 4100 910 of stuur vir haar 'n e-pos na registration@benguelasoft.co.za.

**Om jou BenguFarm te herregistreer, volg die volgende instruksies:**

- Sodra jy die lisensiefooi betaal het, stuur asseblief die bewys van betaling aan Tim Pauw by accounts@benguelasoft.co.za.
- Vir die outomatiese herregistrasie funksie in BenguFarm om te werk, moet die volgende in plek wees:

- Jou rekenaar moet aanlyn wees op die internet wanneer jy BenguFarm oopmaak;
  - Jou BenguFarm BEEF module se lisensiefooi moet opbetaald wees;
  - Die lisensiefooi betaling moet reeds aangeteken wees op die BenguFarm kliëntedatabasis (laat asseblief vyf werksdae na betaling toe hiervoor); en
  - Jou BenguFarm rekeningnommer (BPU....) moet aangeteken wees in jou BenguFarm. (Indien jou rekening nommer aangeteken is, sal dit langs jou rekening naam bo-aan die hoofskerm verskyn).
  - Die betrokke BenguFarm databasis se Rekenaar Identifikasie Kode (bo-aan die registrasieskerm) moet reeds op die BenguFarm kliëntedatabasis geregistreer wees.
- Indien bogenoemde alles in plek is en jou BenguFarm se registrasie reeds verval het of binnekort gaan verval, sal jou BenguFarm, wanneer jy dit oopmaak, aan die BenguFarm kliëntedatabasis op die Internet koppel en outomaties jou BenguFarm registrasie hernu. ’n Boodskap “Herregistrasie suksesvol. U het toegang tot [datum]” sal op die skerm verskyn. In sulke gevalle is dit is dus nie nodig om die nuwe registrasiekodes met die hand op die registrasieskerm in te vul nie.
- Ongeag die outomatiese herregistrasie opsie, sal BenguelaSoft in elk geval binne vyf werksdae vanaf datum van ontvangs van betaling vir jou ’n e-pos stuur met die registrasie- en toegangskodes vir die Rekenaar Identifikasie Kodes (RIKs) wat ons vir jou op rekord het (verwys onderstaande nota). Indien die outomatiese herregistrasie onsuksesvol was, gaan na Opsies > Registrasie en tik op die registrasieskerm dié registrasie- en toegangskode in wat ooreenstem met die betrokke RIK en kliek op Registreer/Herregistreer.
- **Indien die outomatiese herregistrasie onsuksesvol was, en die RIK nie in die e-pos ingesluit is nie,** kontak asseblief vir Philna Moulich by 051 4100 910 of stuur vir haar 'n e-pos na registration@benguelasoft.co.za terwyl jy op die registrasieskerm is en verskaf aan haar jou BenguFarm rekeningnaam, rekeningnommer (wat begin met BPU) en die RIK waarvoor jy ’n nuwe registrasiekode benodig. Sy sal dan vir jou ’n registrasiekode en toegangskode gee wat jy op die registrasieskerm moet invul. Kliek dan op Registreer/Herregistreer.

**Let wel:**

  - Maak asseblief seker dat ons jou korrekte e-pos, selfoonnommer en ander kontakbesonderhede op rekord het. Indien jy aan-lyn is op die Internet, kan jy jou rekeningbesonderhede kontroleer en, indien nodig, verander deur in BenguFarm te gaan na Opsies > Besigtig/Opdateer my Rekeningbesonderhede. Andersins, kontak asseblief Philna Moulich.
  - Elke databasis in BenguFarm het 'n ander RIK. Die RIKs van elke rekenaar waarop BenguFarm geïnstalleer is, is ook verskillend. Jy moet dus die RIKs van al die databasisse op al die rekenaars waarop BenguFarm geïnstalleer is verskaf en vir elk ‘n registrasiekode en toegangskode kry. Om die RIKs van die ander databasisse te kry, verander die aktiewe kudde na die betrokke databasis (Lêer > Verander Aktiewe Kudde na) en gaan dan weer na "Opsies > Registrasie" . Doen dieselfde vir elke rekenaar waarop BenguFarm geïnstalleer is.

# AFDELING C – ADDISIONELE EN GEVORDERDE FUNKSIES:

## Lêer

### 43. Herbereken opsommende data:

- Om opsommende data te herbereken, gaan na Lêer > Ondersteuning > Herbereken Opsommende Data.

### 44. Herbereken verwagte Kalfdatums:

- Verwagte kalfdatums moet herbereken word indien die Jongste Ouderdom by 1ste Dekking, Rusperiode van Kalwing tot Dekking of Minimum-, Normale- of Maksimum Periode Dragtig opstellings [Opstellings > Kuddes > Dekking, Dragtigheid en Kalwing] vir die betrokke kudde verander is.
- Om verwagte kalfdatums te herbereken, gaan na Lêer > Ondersteuning > Herbereken Verwagte Kalfdatums.

### 45. Herbereken outomatiese dagboekinskrywings:

- Om outomatiese dagboekinskrywings te herbereken, gaan na Lêer > Ondersteuning > Herbereken Outomatiese Dagboekinskrywing.

### 46. Herbereken inteelpersentasies:

- Om inteelpersentasies te herbereken, gaan na Lêer > Ondersteuning > Herbereken Inteelpersentasies.

### 47. Soek duplikaat diere:

- BenguFarm sal normaalweg nie toelaat dat duplikaat dierrekords (diere met dieselfde ID Nr) geskep word nie, maar wanneer 'n dierrekord eers met die hand geskep is óf ingetrek is deur middel van een of ander lêer en dan ook ingetrek word vanaf 'n ander lêer is dit in sekere omstandighede moontlik dat duplikaat rekords wel kan ontstaan. 'n Voorbeeld is wanneer data eers vanaf 'n ander sagteware pakket, soos Stoetmeester, ingetrek is in BenguFarm en daarna ook vanaf 'n Logix lêer ingetrek is. Vir diere wat in Stoetmeester nie rekenaarnommers gehad het nie óf waar die rekenaarnommer foutief was, sal duplikaat rekords dan geskep word.
- **Om diere met dieselfde visuele- of Elektroniese ID Nr (EID) of rekenaarnommer te soek**, gaan na Lêer > Ondersteuning > Soek Duplikaat Diere. **Let wel**: Diere met duplikaat nommers word oor alle kuddes in die betrokke databasis gesoek. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- Indien daar diere in *dieselfde kudde* is met dieselfde ID Nommer, kan dit lei tot verskeie probleme. Indien daar werklik twee diere is met dieselfde ID Nommer (bv. een aangekoop en een self geteel), voeg 'n letter by agteraan die nommer om die diere se nommers uniek te maak , bv. 190022A en 190022B.
- **Om 'n verslag te skep van duplikaat diere,** kliek op Vertoon Verslag.
- **Om die belangrikste data** (algemene dierdata, stamboomdata, nageslagdata, gewigte, ens.) **van duplikaat dierrekords te konsolideer in een dierrekord** (d.w.s. kopiëer van die dierrekord wat verwyder gaan word na die een wat behou moet word) **en dan die ander dierrekord te verwyder**, gebruik die **Hulp** funksie vir stap-vir-stap instruksies.

### 48. Verander ID Nommers en/of -name:

- **Let wel**: Dit word sterk aanbeveel dat 'n rugsteun gemaak word van die betrokke databasis voordat hierdie funksie gebruik word.
- Gaan na Opstellings > Kuddes > ID Metodes en Nommering en maak seker die Verstek ID Formaat is korrek opgestel vir diererekords wat in die toekoms geskep gaan word. Sien paragraaf 8.1, ID Metodes en -Nommering.
- Gaan na Diere > Verander Diere (tabel uitleg). By Kies Velde om te Vertoon, kies die velde KKM, Jaar, Volgnommer en, indien van toepassing, Voorvoegsel (Kuddenaam). Maak seker hierdie velde is, waar van toepassing, ingevul en korrek by ALLE aktiewe diere in die betrokke kudde, aangesien hierdie drie velde gebruik sal word om die ID Nrs te herskep volgens die Verstek ID Formaat opstelling. Indien enige iets bygevoeg of verander is, kliek Stoor.
- Om diere se ID Nommers en/of -name te verander in BenguFarm BEEF, gaan na Lêer > Ondersteuning > Verander ID Nommers en/of Name. Kies die toepaslike opsie en kies of die veranderings slegs vir sekere diere [Verander vir Seleksie van Diere] of vir alle diere [Verander vir Alle Kwalifiserende Diere] gedoen moet word.

### 49. Administratiewe funksies:

- BenguFarm beskik oor verskeie administratiewe funksies om data reg te stel of te verander (bv. om duplikaat diere te vind en te verwyder nadat Stoetmeester en Logix/Intergis data ingetrek is), bulle (soos

KI bulle) se nageslag wat in ander kuddes gebore is te verwyder ten einde onnodige diere in die databasis te vewyder en die databasis kleiner te maak, ens.). Gaan na Lêer > Ondersteuning > Administratiewe Funksies. Jou BenguFarm agent sal jou na hierdie funksies verwys wanneer nodig en aan jou die wagwoord verskaf om toegang te kry tot hierdie funksies. **Let wel**: Dit word sterk aanbeveel dat 'n rugsteun gemaak word van die betrokke databasis voordat enige administratiewe funksie gebruik word.

## 50. Foutopsporing en probleemoplossing:

- Indien jy 'n foutboodskap (bv. "An unhandeled exception has occured...") in BenguFarm BEEF kry, sal die volgende stappe dit in die meeste gevalle oplos:
    - Gaan na Lêer > Ondersteuning > Toets Datastrukture en DBNul waardes.
    - Gaan na Lêer > Ondersteuning > Kompakteer en Herstel Databasis.
    - Gaan na Lêer > Ondersteuning > Herbereken Opsommende Data. Kies die opsie Alle Diere sonder Opsommende Inligting en kliek Bereken.
    - Gaan na Opstellings > Kuddes > Algemeen en maak seker dat alle toepaslike opstellings voltooi is en korrek is.
    - Maak BenguFarm toe en weer oop.
- Indien bogenoemde stappe nie die probleem oplos nie, gaan in BenguFarm na Lêer > Opgradeer vanaf Web OF maak BenguFarm toe en gaan met jou Internet leser na www.bengufarm.co.za > Downloads > Updates. Laai die nuutste opgradering af, installeer dit en maak BenguFarm weer oop.
- Indien dit steeds nie die probleem oplos nie, kontak jou BenguFarm BEEF agent vir hulp.

# Diere

## 51. Notas:

- **Om 'n algemene nota** (bv. "Halfsuster van duurste bul op Nasionale Veiling 2012") **by 'n dier aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Diere > Voeg by & Verander Diere (Enkel Dier Uitleg) > Diverse Data > Notas of by Diere > Verander Diere (Tabel Uitleg) > Notas. **Notas kan ook op die Dier Uitleg van die hoofskerm op die Notas opkykskerm aangeteken word.** Dit is die *enigste* opkykskerm waar data ingevoer en gestoor kan word. (Kliek op die "stiffy" skyf ikoon om die nuwe nota te stoor).
- Notas kan slegs ingesluit word in My Verslae deur te gaan na Verslae > My Verslae > Dierdata. Kliek op Verslag Kolomme (Uitleg) en kies dan Algemeen > Notas.
- **Om 'n nota wat betrekking het op die *kudde as geheel* aan te teken**, gaan na Ander Data > Kudde Notas. Kudde notas kan op die Dier Uitleg van die hoofskerm op die Kudde Notas opkykskerm opgekyk word.

## 52. Voorkoms opmerkings:

- **Om voorkoms opmerkings** (bv. Wollerige haarkleed) **by 'n dier aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Diere > Voeg by & Verander Diere (Enkel Dier Uitleg) > Algemeen > Voorkoms Opmerkings of by Diere > Verander Diere (Tabel Uitleg) > Voorkoms Opmerkings. Soek die opmerking(s) onder die betrokke afdeling en merk dit (byvoorbeeld onder die afdeling Vel en Haarkleed > Kroes/Wollerige Somer Haarkleed). **Voorkoms Opmerkings kan ook op die Dier Uitleg van die hoofskerm se Notas opkykskerm onder die Voorkoms Opmerkings hofie aangeteken en gestoor word.**
- Voorkoms Opmerkings kan slegs insluit word in die My Dierdata Verslae deur te gaan na Verslae > My Verslae > Dierdata. Kliek op Verslag Kolomme (Uitleg) en kies dan Algemeen > Voorkoms Opmerkings.

## 53. Familielyne:

- **Die doel met die aanteken van familielyne** is om aan te dui dat 'n dier geteel is uit 'n spesifieke familie. Rekord kan gehou word van óf moederlyne óf vaderlyne.
- **Om op stel of die program rekord moet hou van moederlyne óf vaderlyne**, gaan na Opstellings > Kuddes > Dekkings, Dragtighede en Kalwing en kies Teel Moederlyne óf Teel Vaderlyne en, indien van toepassing, Forseer Geselekteerde Lyn. Indien Teel Moederlyne gekies is, sal 'n kalf die familielyn van die moeder kry. Indien die moeder nie 'n familielyn het nie, kry die kalf die familielyn van die vader. Vaderlyne net andersom. Indien Forseer Geselekteerde Lyn gekies is en byvoorbeeld Teel Moederlyn opgestel is en die moeder het nie 'n familielyn nie, sal die vader se familielyn NIE gebruik word NIE.
- **Die familielyn kan aangeteken word vir 'n dier** op die Kalwingskerm, Voeg by en Verander Diere skerm asook die Verander Diere skerm.
- **Op die kalwing skerm sal 'n kalf outomaties gekoppel** word aan die moeder se familielyn, mits die moeder se familielyn aangeteken is, of aan die vader se familielyn, mits die vader se familielyn aangeteken is.

- **Om 'n dier se familielyn op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na Geboorte > Familielyn en op die Kudde Uitleg na die Geboorte afdeling.
- **Diere van 'n spesifieke familielyn kan gekies word** deur middel van die Kies Diere skerm > Kies Diere per Groep(e) / Filter(s) > Familielyn.
- **Die familielyn kan slegs ingesluit word in die Dieropsomming verslag en die My Verslae** deur te gaan na Verslae > My Verslae > Dierdata. Kliek op Verslag Kolomme (Uitleg) en kies dan Geboorte > Familielyn.

## 54. DNA geverifiëerde ouerskappe:

Sien paragraaf 29 hoe om diere se DNA geverifiëerde ouerskappe in BenguFarm te gesertifiseer.

## 55. Genomiese resultate

- **Om jou diere se genomiese resultate in te trek** in BenguFarm BEEF, :
  - **Opsie 1 – Logix Direk (aanbevole opsie vir kuddes met SA Stamboek as diensverskaffer):**
    - Gaan in BenguFarm BEEF na Data Stuur / Trek In > Logix Direk > Trek Genomiese Resultate In. BenguFarm sal jou nou inlog op Logix, die nuutste genomiese resultate vir die diere in die betrokke kudde soek, 'n lêer skep en dit in BenguFarm BEEF ingetrek sonder dat enige verdere aksie nodig is. **Let wel:** Hierdie funksie soek die diere slegs op rekenaarnommer in BenguFarm. Maak dus seker dat al die betrokke diere se rekenaarnommers op BenguFarm is voordat die genomiese resultate ingetrek word.
    - Indien jy 'n "time-out" boodskap van Logix kry, volg die instruksies op die skerm of Opsie 2 hieronder om die genomiese resultate af te laai en in te trek.
  - **Opsie 2:** Alternatiewelik kan jy, wanneer jy die genomiese resultate verslag ontvang het van die DNA laboratorium, die betrokke diere se genomiese resultate aanteken (of verander/verwyder) by Diere > Genomiese Resultate.
- **Om 'n dier se genomiese resultate op die hoofskerm op te kyk**, gaan op die Dier Uitleg na die Genomiese Resultate opkykskerm. Om die resultate te druk, kliek op die drukker ikoon regs bo-aan die Genomiese Resultate opkykskerm. **Wenk**: Om hierdie opkykskerm te vertoon, gaan na Vertoon > Kies Hoofskerm Dier Uitleg Opkykskerms > Genomiese Resultate.
- **Om 'n verslag te skep van genomiese resultate**, gaan na Verslae > My Verslae > Vertoon Kolomme (Uitleg) > Genomiese Toetsing.

## 56. Data navigeerder:

- Die Data Navigeerder skerm is baie handig om verskeie tipes data van die hele kudde (verstek opsie) of 'n geselekteerde groep diere saam te vertoon op een skerm. Veranderings aan data en verwydering van rekords kan ook op die betrokke data skerm aangebring word via die Data Navigeerder skerm. **Wenk:** Die Data Navigeerder skerm kan ook gebruik word om diere te selekteer en sorteer en om vinnig 'n verslag te skep. Dit is 'n baie handige skerm om te gebruik. Gaan na Diere > Data Navigeerder. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.

## 57. Soek dier:

- **Om 'n dier te soek op ID Nommer of 'n ander nommer** (bv. mikroskyfie/elektroniese nommer, rekenaarnommer, DNA nommer, genomiese nommer, ens.) of gedeelte van 'n nommer in BenguFarm BEEF, gaan na Diere > Soek Dier. Hierdie funksie is veral handig om te sien wat die oorplaatjie nommer was wanneer 'n dier se visuele oorplaatjie verloor het.

## 58. Verwyder Elektroniese ID Nrs (EIDs) van onaktiewe diere:

- **Om Elektroniese ID Nrs (EIDs) te verwyder/ontkoppel van diere wat verkoop of dood (d.w.s. onaktief) is** in BenguFarm BEEF, gaan na Diere > Verwyder Elektroniese ID Nrs (EIDs) van Onaktiewe Diere. **Let wel**: Voordat jy hierdie funksie uitvoer, maak eers verseker dat die status van die diere wat verkoop/dood is, onaktief is.

## 59. Ken 'n Elektroniese ID Nr (EID) aan 'n ander dier toe:

- **Om die nommer van 'n mikroskyfie (EID) wat op een dier was aan 'n nuwe dier toe te ken** in BenguFarm BEEF, gaan na Diere > Ken Mikroskyfie (EID) aan Ander Dier Toe.
- Kies die betrokke dier en tik die Elektroniese ID D) in wat aan die dier toegeken moet word. Die dier wat tans hierdie Elektroniese ID Nr (EID) het, sal onder gelys word en die Elektroniese ID Nr (EID) sal outomaties uitgevee word by daardie dier, m.a.w. nadat die betrokke Elektroniese ID Nr by die nuwe dier ingevul en gestoor is, sal die Elektroniese ID Nr (EID) veld by die vorige dier wat dit gehad het,

blanko wees. Indien nodig, kan hier 'n ander Elektroniese ID Nr (EID) vir hierdie dier ingelees word, maar dis egter onwaarskynlik, aangesien 'n hertoekenning van ‘n mikroskyfie gewoonlik gebeur waar die dier wat tans die skyfie het, geslag of verkoop word.

- **Let wel**:
  - BenguFarm hou NIE rekord van die vorige dier(e) wat ‘n spesifieke Elektroniese ID Nr (EID) gehad het nie. Indien jy wel sodanige rekord wil hou, stel ons voor dat jy die Elektroniese ID Nr (EID) by die vorige dier los, maar ‘n karakter byvoeg om dit ‘n unieke nommer te maak, bv. die eerste dier wat die Elektroniese ID Nr 123456789 gehad het is 123456789**-A**, die 2de dier wat hierdie Elektroniese ID Nr gehad het 123456789**-B**, ens. Dier wat wat tans die Elektroniese ID Nr het, is natuurlik net 123456789.
  - Indien *slegs* van elektroniese identifikasie (EIDs) gebruik gemaak word, sien Opstellings > Kuddes > Skep ID Nr (Visueel) vanaf EID (Elektroniese ID Nr) waar geen ID Nr Gespesifiseer is nie.

## 60. Elektroniese ID Nr (EID) geskiedenis:

- **Om die EID geskiedenis van 'n spesifieke EID Nommer of die geskiedenis van die EIDS van 'n spesifieke dier op te kyk**, gaan na Diere > Elektroniese ID Nr (EID) Geskiedenis.

## 61. Skandeer en Soek EID:

- **Om ‘n EID te skandeer met ‘n EID leser sodat BenguFarm die dier(e) waaraan die betrokke EID gekoppel is te soek**, gaan na Diere > Skandeer en Soek EID.

## 62. Verander telers, eienaars en/of standplase:

- Om een of verskeie diere se telers, eienaars en/of standplase te verander in BenguFarm, gaan na Diere > Verander Telers, Eienaars en/of Standplase. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.

**Reproduksie**

## 63. BenguFarm GENETICS telingsbestuur module:

- Stoettelers kan met die opsionele **GENETICS module** met behulp van teelwaardes en stambome die **beste parings te bepaal** volgens teeldoelwitte wat hulle self kan opstel vir hul eie kuddes. Vir meer inligting, kontak Mnr. Leslie Bergh by leslie@benguelasoft.co.za of 082 801 2026 of besoek www.bengufarm.co.za > Products > Genetics. Vir ‘n GENETICS module handleiding, gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Manuals.

## 64. Sementoetse / Teelgeskiktheid toetse:

- **Om die resultate van sementoetse aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Reproduksie > Sementoetse. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig [moet nog ontwikkel word].
- **Om ‘n bul se laaste semen toets resultate op die hoofskerm op te kyk**, gaan op die Dier Uitleg na die Sementoets opkykskerm. **Wenk:** Indien die skakel vir Sementoets nie gevind kan word nie, gaan na Vertoon en onder die opskrif Kies Hoofskerm Dier Uitleg Opkykskerms maak ’n regmerkie voor die die item Sementoets.
- Nota: ’n Verslag vir semen toetse resultate moet nog ontwikkel word.

## 65. Semen voorraad:

- **Om die gevriesde semen van KI bulle aan te teken** (of verander/verwyder) **in die Semen Voorraad register** (opsioneel), gaan na Reproduksie > Semenvoorraad. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- Wanneer KI rekords aangeteken word, word die semen voorraad outomaties opgedateer, mits Gevries gekies is by Semen Tipe op die KI skerm. Indien Vars gekies word, sal daardie KI rekords geen invloed hê op die semen voorraad nie.
- Om ’n **verslag te skep van semen voorraad**, gaan na Verslae > Reproduksie > Semen Voorraad.

## 66. Embriospoelings, -inplantings en embriovoorraad:

- Sien Bylaag F.

## 67. Onbekende kalwings:

- Hierdie skerm word gebruik om kalfrekords te skep waar geen werklike kalfdata beskikbaar is nie, byvoorbeeld waar dit onmoontlik/onprakties is om individuele kalwings aan te teken, maar rekord gehou wil word van diere wat waarskynlik wel gekalf het, op grond daarvan dat hulle positief getoets was vir

dragtigheid. Kalwers sal geskep word slegs vir koeie en verse wat getoets is vir dragtigheid en wat dragtig bevestig is. ID Nommers word outomaties aan die kalwers toegeken volgens die opgestelde formaat en beskikbare volgnommers.

## 68. Opdateer Geboortedata van moeder-gekoppelde kalwers:

- Hierdie skerm word gebruik om die geboortedatums van die laaste kalwers wat aan 'n moeder gekoppel is, op te dateer. Terselfterdtyd kan gekies word om die vaders van die kalwers outomaties op te dateer volgens die dekgeskiedenis van die moeders.

## Produksie

## 69. Mates en Punte:

- **Om 'n lys te skep waarop mates of punte van verskeie eienskappe aangeteken kan word**, gaan na Verslae > Produksie > Mates en Punte (aantekenlys).
- **Om mates of punte** (bv. Kondisie Punt of Algemene Voorkoms Punt) **van eienkappe aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Produksie > Gewigte, Mates en Punte nie aan 'n Toets gekoppel nie > Mates en Punte. **Let wel**: Slegs mates of punte met numeriese waardes kan hier aangeteken word. Om eienskappe met alfa waardes aan teken, sien paragraaf 100.
- Om addisionele eienskappe op te stel, gaan na Opstellings > Eienskappe.
- **Om 'n verslag van mates of punte te skep**, gaan na Verslae > Produksie > Mates en Punte Verslag.
- **Om 'n dier se mates of punte op die hoofskerm op te kyk**, gaan op die Dier Uitleg na die Mates en Punte opkykskerm. Om mates en punte op die Kudde Uitleg te vertoon, gaan op die hoofskerm se Kudde Uitleg na Vertoon Opsies > kliek op die Stel My Kolomme om te Vertoon Op (ikoon heel bo).
- **Om mates en punte** wat op die hoofskerm se Kudde Uitleg opgestel is by Stel My Kolomme Op om te Vertoon (sien die item hierbo) **op My Verslae: Dierdata in te sluit**, gaan na Verslag Kolomme (Uitleg) > My Kolomme aan die onderkant van die lys. **Let wel:** Gestoorde My Verslae uitlegte wat My Kolomme bevat, sal, weens tegniese redes, nie met data gevul word nie.

## 70. Doen aansoek vir bul groeitoetse (Slegs van toepassing op kuddes wat lid is van SA Stamboek se Logix Beef)

Indien jy bulle wil toets in 'n Sentrale Groeitoets (Fase C) en/of Op-die-Plaas Groeitoets (Fase D), kan jy die nodige **aansoekvorms** asook 'n lys van die betrokke bulle en hul besonderhede in BenguFarm BEEF voltooi en stuur na die LNR of Stamboek. Gaan na Data Stuur/Trek In > Stuur > Stamboek/LNR > Fase C/D Prestasietoets Aansoekvorm. Let wel dat jy hierdie vorm kan druk of in elektroniese formaat kan stoor en **stuur na jou betrokke Stamboek tegniese adviseur of LNR streekskantoor of bultoetssentrum** (let wel, NIE na Logix nie).

## 71. Pelviese mates:

- **Om pelviese mates aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Produksie > Pelviese Mates.
- **Om 'n verslag te skep van pelviese mates en verwerkings** (gekorrigeerde pelvisopening, indekse, ens.), gaan na Verslae > Produksie > Prestasietoetsresultate > Pelvis Mates. Sien Bylaag H vir die interpretasie en gebruik van verwerkte pelvismates.

## 72. Liggaamsmates, ultrasoniese mates, voerinnames en bosluistellings:

- Liggaamsmates, ultrasoniese mates van sekere karkaseienskappe, voerinnames en bosluistellings word normaalweg slegs aangeteken by amptelike groeitoetse van bulle. In sulke gevalle sal die data deur die betrokke diensverskaffer (bv. SA Stamboek of die LNR) onder wie se toesig die toets uitgevoer word, aangeteken word.
- Om hierdie tipe data aan te teken in BenguFarm BEEF, gaan na Produksie en kies Liggaamsmates of Ultrasoniese Mates of Voerinnames of Bosluistellings.

## 73. Bereken benaderde voerkoste in op-die-plaas groeitoetse (Fase D):

- **Om benaderde voerkoste (volgens diergewig) per bul te bereken** vir diere in 'n plaas groeitoets (Fase D), gaan na Produksie > Gewigte vir Prestasietoetsing. Kies die betrokke toets en kliek Spesifiseer Voerkoste. Vul die datum, koste/kg voer en persentasie van diergewig gevoer in en kliek Stoor. **Let op**: Die betrokke diergewigte moet reeds ingevoer moet wees om die voerkoste te bereken.
- **Om 'n voerkoste verslag te druk**, gaan na Verslae > Gewigte, Metings, Prestasietoetsing & Teelwaardes > Prestasietoetsresultate. Wanneer die skerm oopmaak, kies die toets links-bo aan die skerm en kliek links-onder op Voerkostes.

## 74. Ankole Horingmates: (Slegs beskikbaar indien ras opgestel is as Ankole)

- **Om ’n lys te skep waarop diere se horingmates en ander eienskappe aangeteken kan word**, gaan na Verslae > Produksie > Eienskaplyste (aantekenlys). By Kies Items om te Druk, kies die eienskappe wat jy wil aanteken en voeg dit met die regs pyltjie by tot die Items wat Gedruk sal Word.
- **Om horingmates van diere aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Produksie > Horing- en Ander Mates. **Let wel:** Horingmates moet met desimale aangeteken word.
- **Om ‘n verslag van mates of punte van ander eienskappe te skep**, gaan na Verslae > Produksie > Mates en Punte Verslag.
- **Om die horingmates van ‘n dier op die hoofskerm se Dier Uitleg op te kyk,** gaan na die Horingmates opkykskerm.
  - Die **horinggroei per maand sedert geboorte** word in **ronde hakkies** na die mate vertoon.
  - **Om die horinggroei tussen metings** (in plaas van sedert geboorte) **te vertoon**, gaan na Vertoon > Horingmates Opkykskerm Opsies en kies Vertoon Groei Tussen Metings. Die groei tussen metings word in **vierkantige hakkies** vertoon na die meting.
  - **Om te kies watter eienskappe vertoon word op die grafiek**, kliek op die hamer en moersleutel knoppie links bo-aan die grafiek.
- **Om die *laaste* horingmates van diere op die hoofskerm se Kudde Uitleg op te kyk,** gaan na die Laaste Horingmates afdeling.
- **Om ‘n verslag van horingmates te skep om diere se horingroei met mekaar te vergelyk met behulp van ‘n horinggroei indeks**, gaan na Verslae > Gewigte, Mates, Prestasietoetsing en Teelwaardes > Horingmates Evaluasie.

## 75. Melkdata:

- **Om melkproduksie- en melkontedingsdata aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Produksie > Melkdata.
- **Om ‘n verslag van melkdata te skep**, gaan na Verslae > Produksie > Melk Produksie Opsomming. **Wenk:** Kliek Vertoon Werkblad om diere aan groepe (bv. produksiegroepe) te koppel.
- **Om ‘n melk laktasies verslag te skep,** gaan na Verslae > My Verslae > Melk Laktasies.

# Verskuiwings

## 76. Verskuif diere na ‘n ander plek:

- **Om (tydelike) verskuiwings van diere vanaf die plaas na ’n ander plek (standplaas)**, bv. ’n bultoetssentrum, **aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Verskuiwings > Verskuif Diere na ’n Ander Plek. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- **Let wel: Om diere tussen kuddes (bv. stoet na kommersieel) te skuif**, gaan na Verskuiwings > Skuif Diere na Ander Kudde. **Om diere tussen kampe of ander groepe te skuif**, gaan na Verskuiwings > Verskuif Diere na ‘n ander Kamp of Groep.

## 77. Naspeurbaarheid:

- **BenguFarm is gesertifiseer as versoenbaar met die RMIS-naspeurbaarheidstelsel**. As ’n voorvereiste moet jy jul RMIS Persoonlike Toegangsteken bo-aan die BenguFarm RMIS Naspeurbaarheid Integrasieskerm inlees. RMIS het ‘n gids beskikbaar gestel met instruksies oor hoe RMIS-kliënte hul Persoonlike Toegangsteken kan bekom. ’n Skakel na die gids is beskikbaar by bengufarm.co.za > Contact > Links > RMIS Traceability Platform.
- **Om RMIS naspeurbaarheid oordragte en dier oordrag groep(e) vir ‘n spesifieke oordrag te skep** asook hoe om oordragte en diere te ontvang, gaan in BenguFarm na Data Stuur/Trek In > RMIS Naspeurbaarheid. Gebruik die Hulp funksie vir stap-vir-stap instruksies om die skerm te gebruik.

# Gesondheid

## 78. Toetse vir siektes en parasiete:

- **Om ’n lys te skep waarop toetse vir siektes en parasiete aangeteken kan word**, gaan na Verslae > Gesondheid > Siekte- en Parasiet Toetse (aantekenlys). [Nog nie beskikbaar nie]
- **Om die uitslae van toetse vir siektes en parasiete aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Gesondheid > Siekte en Parasiet Toetse.
- **Om ‘n verslag van die uitslae van toetse vir siektes en parasiete te skep**, gaan na Verslae > Gesondheid > Siekte en Parasiet Toetse. **Wenk:** Kliek Vertoon Werkblad om diere aan groepe (bv. Getoets / nie getoets groepe) te koppel.
- **Om ‘n dier se uitslae van toetse vir siektes op die hoofskerm op te kyk**, gaan op die Dier Uitleg na die Inentings, Doserings en Siekte Toetse > Siekte en Parasiet Toetse opkykskerm. Om toetse vir

siektes op die Kudde Uitleg te vertoon, gaan op die hoofskerm se Kudde Uitleg na Vertoon Opsies > kliek op die Stel My Kolomme om te Vertoon Op (ikoon heel bo). [Nog nie beskikbaar nie]

## 79. Siektes, beserings en behandelings:

- **Om medisyne voorraad aan te teken**, sien paragraaf 78.
- **Om siektes, beserings en behandelings aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Gesondheid > Siektes, Beserings en Behandelings. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig. Wanneer Behandelings aangeteken word, sal die koste per dier outomaties bereken word vanaf die Medisyne Voorraad, mits die besending nommer ingevul word. Indien 'n besendingnommer nie ingevul word nie, sal die laaste aankope se eenheidsprys (totale prys / # eenhede) gebruik word.
- **Wenk:** Inligting soos **verstek dosis, ontrekkingsperiode en vervaldatum** van medisyne kan aangeteken word op die voorraad register [Gesondheid > Medisyne Voorraad].
- **Om 'n verslag te skep van siektes, beserings en behandelings,** gaan na Verslae > Gesondheid > Siektes, Beserings en Behandelings.
- **Om die siektes, beserings en behandelings van 'n dier op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Siektes en Behandelings opkykskerm.
- **Wenk**: Dit word aanbeveel om, waar nodig, die verstek lys van medisynes uit te brei met die spesifieke middels wat jy gebruik. Dit kan gedoen word deur te gaan na Opstellings > Medisynes. Medisynes in die verstek lys wat nie van toepassing is op jou kudde nie, kan afgeskakel word deur die regmerkies in die In Gebruik en Toestel (bv. APR500 / APR600 / AWR300) kolomme te verwyder. Dieselfde geld ook vir die Siektes, Besering en Parasiete opstelling. Items wat in die "Toets" kolom van die Siektes lys gemerk is, sal verskyn in die kieslys op die Siekte Toetse skerm.

## 80. Entstowwe, doseer-/dipmiddels en aanvullings voorraad:

- **Om entstowwe, doseer-/dipmiddels en aanvullings** (soos multiminerale- of multivitamiene) **voorraad aan te teken** (of verander/verwyder) (opsioneel), gaan na Gesondheid > Entstowwe, Doseer-/Dipmiddels en Aanvullings Voorraad. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- Wanneer inentings, doserings, dip en aanvullings rekords aangeteken word, word die entstowwe, doseer-/dipmiddels en aanvullings voorraad outomaties opgedateer.
- Op die Dagboek en Bestuurskalender skerm onder die Voorraad naby Verval kategorie sal 'n waarskuwing verskyn indien die betrokke besending entstof naby die vervaldatum is.

## 81. Medisyne voorraad:

- **Om medisyne voorraad aan te teken** (of verander/verwyder) (opsioneel), gaan na Gesondheid > Medisyne Voorraad. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- Wanneer behandelings rekords aangeteken word, word die medisyne voorraad outomaties opgedateer.
- Op die Dagboek en Bestuurskalender skerm onder die Voorraad naby Verval kategorie sal 'n waarskuwing verskyn indien die betrokke besending medisyne naby die vervaldatum is.

# Voeding

## 82. Voer- en lek voorraad:

- **Om voer- en lek voorrade aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Voeding > Voer en Lek Voorraad. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- **Om 'n verslag te skep van voer- en lek voorraad**, gaan na Verslae > Voer en Lek > Voer- en Lek Voorraad. [Moet nog ontwikkel word]

## 83. Voer en lek uitgesit per kamp:

- **Om voer- en lek wat in 'n spesifieke kamp of kraal uitgesit is aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Voeding > Voer en Lek Uitgesit per Kamp. **Let wel:** Voer en Lek Uitgesit per Kamp word *nie* gekoppel aan die diere in die betrokke kamp op daardie tydstip nie.
- **Voer- en lek voorraad** (sien hierbo), word **outomaties opgedateer** indien die uitsit daarvan in kampe aangeteken word by Voer en Lek Uitgesit per Kamp, *mits* die toepaslike voorraad item gekies word en die hoeveelheid aangeteken word.
- **Om 'n verslag te skep van voer- en lek gebruik per kamp**, gaan na Verslae > Voeding > Voer- en Lek Uitgesit per Kamp.

## Ander data

### 84. Fotos en dokumente:

- **Om dier fotos en dokumente** (bv. aankoopfaktuur, DNA sertifikaat, vrugbaarheid/ dragtigheidsertifikaat, verkoopfaktuur) **op te neem** (of verander/verwyder), gaan na Ander Data > Fotos en Dokumente. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
  **Let wel:** Fotos in BMP, GIF, JPEG PNG en TIFF formaat en dokumente in enige formaat kan ingetrek word. 'n **Video** kan ook as 'n dokument ingetrek en vertoon word.
- **Om 'n dier se fotos op die hoofskerm op te kyk**, gaan op die Dier Uitleg na die Fotos opkykskerm.
- **Om 'n dier se dokumente (insluitende videos) op die hoofskerm op te kyk**, gaan op die Dier Uitleg na die Dokumente opkykskerm, kies die betrokke dokument en kliek op Vertoon Dokument.
- **Om 'n dier se foto op die Stamboom verslag te druk**, gaan na Verslae > Dier, Stamboom en Nageslag > Stamboom en kies die opsie Druk Foto van Dier bo-aan die skerm.
- **Om 'n dier, sy stamboom en nageslag se fotos op een skerm te vertoon**, gaan op die hoofskerm na die Dier Uitleg > Fotos opkykskerm en kliek onder die dier se foto op die Stamboom en Nageslag Foto Blaaier knoppie.
- **Wenk: Om 'n foto van 'n dier na Logix te stuur,** sien paragraaf 95.

### 85. Dagboek en bestuurskalender:

- BenguFarm BEEF het 'n interne dagboek wat geïntegreer is met die bestuurskalender funksie.
- BenguFarm se bestuurskalender werk interaktief met die data in die databasis. Byvoorbeeld: As jy 'n herinnering in die Dagboek & Bestuurskalender wil hê om dragtigheidstoetse 42-dae nadat die dekseisoen geëindig het, te doen, moet jy dit so opstel by Opstellings > Bestuurskalender Opstellings. Wanneer jy BenguFarm oopmaak, sal dit kyk of daar enige vroulike diere in die kudde is met 'n dekrekord(s) 42-dae plus gelede en sonder 'n dragtigheidstoetsrekord na die dek (eind) datum. Indien dit wel sulke diere kry, sal dit 'n herinneraar ("reminder") in die Dagboek en Kalenderbestuur vertoon om dragtigheidstoetse te doen. As jy op die herinneraar kliek, sal dit 'n lys van vroulke diere vertoon wat vir dragtigheid getoets moet word.
- **Om jou eie bestuurskalender op te stel**, gaan na Opstellings > Bestuurskalender Opstellings. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- **Om die bestuurstake en ander dagboekinsrywings te sien**, gaan na Ander Data > Dagboek en Bestuurskalender. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- By Opstellings > Kuddes > **Herinneraars** kan jy stel dat die dagboek en geïntegreerde bestuurskander vertoon wanneer BenguFarm BEEF oopgemaak word (by verstek is dit aangeskakel) en kan die tydperk gestel word (verstek is 7 dae) wat items in die dagboek vertoon moet word.
- **Let wel**: Wanneer kalwers se geboortedata op die Kalwingskerm aangeteken word, die veld "Voeg By Tot Prestasietoetsgroep" gemerk is, en die Kalwing skerm toegemaak word, verskyn 'n "Herbreken Outomatiese Dagboekinskrywings vir Prestasietoets Weegdatums" skermpie. Indien "Bereken" gekliek word, sal BenguFarm die **datums bereken wanneer die betrokke groep kalwers geweeg moet word vir die onderskeie prestasietoetsgewigte.** Wanneer die betrokke groep kalwers geweeg moet word vir 'n sekere prestasietoetsgewig (bv. Speengewig), sal 'n herinneraar in die dagboek vertoon.

### 86. Prosedures:

- Die Prosedures skerm is bedoel om aktiwiteite of prosedures soos kalwers gespeen, onthoring, kastreer, hoewe gesny, biopsies geneem, sementoetse, skedewas, toetse vir siektes, diere gemerk, ensovoorts aan te teken.
- **Om 'n lys te skep waarop prosedures aangeteken kan word,** gaan na Verslae > Siektes – Voorkoming en Behandeling > Inentings, Doserings, Aanvullings en Prosedures (aantekenlys). By Kies Items om te Druk, kies die prosedures wat jy wil aanteken en voeg dit met die pyltjie wat regs wys by tot die Items wat Gedruk sal Word.
- **Om prosedures aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Ander Data > Prosedures. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- **Om 'n verslag te skep van prosedures,** gaan na Verslae > Ander Verslae > Prosedures.
- **Om die prosedures van 'n dier op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Prosedures opkykskerm. Om dit op die Kudde Uitleg te vertoon, gaan op die hoofskerm se Kudde Uitleg na Vertoon Opsies > kliek op die Stel My Kolomme om te Vertoon Op (ikoon heel bo).
- **Wenk**: Dit word aanbeveel om, waar nodig, die verstek lys van prosedures uit te brei. Dit kan gedoen word deur te gaan na Opstellings > Prosedures.

## 87. Algemene kudde uitgawes

- Sien paragraaf 84, afdeling Uitgawes aanteken in BenguFarm, vir die aantekening van uitgawes per dier of per kamp.
- **Om algemene kudde uitgawes** (bv. arbeid, diesel, SA Stamboek fooie, telersgenootskap fooie, ens.) **vir die betrokke kudde aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Ander Data > Algemene Kudde Uitgawes. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- **Om 'n verslag te skep van algemene kudde uitgawes vir die betrokke kudde,** gaan na Verslae > Kudde Ontleding > Algemene Kudde Uitgawes.
- **Om 'n verslag te skep wat 'n opsomming gee van alle inkomstes en uitgawes aangeteken vir die betrokke kudde,** gaan na Verslae > Kudde Ontleding > Kudde Inkomste en Uitgawes Opsomming.

## 88. Reënval:

- **Om historiese reënval data vanaf Excel in te trek**, sien Bylaag B.
- **Om reënval aan te teken** (of verander/verwyder) (per lokaliteit), gaan na Ander Data > Reënval. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- Op dieselfde skerm kan 'n **verslag** (met verskeie opsies) **geskep word van reënval**.

## 89. Diverse voorrade:

- **Om diverse voorrade** (bv. krippe, voerbakke, baalhouers) **aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Ander Data > Diverse Voorraad. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.

## 90. Kamp aktiwiteite:

- **Om aktiwiteite wat aan 'n spesifieke kamp gekoppel word** (bv.brand, ontbos, voerplek geskuif, heining onderhoud, paaie geskraap, drinkplek skoongemaak) **aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Ander Data > Kamp Aktiwiteite. **Let wel:** Kamp aktiwiteite word *nie* gekoppel aan die diere in die betrokke kamp op daardie tydstip nie.
- **Om 'n verslag te skep van kamp aktiwiteite**, gaan na Verslae > Kampe > Kamp Aktiwiteite.

## 91. Diere gesien:

- **Om diere wat gesien is ("animal sightings") op 'n spesifieke datum en kamp en/of GPS koördinate aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Ander Data > Diere Gesien.
- **Om 'n verslag te skep van diere wat gesien is**, gaan na Verslae > Dier Lyste en Getalle > Diere Gesien. **Wenk:** Met die Diere Gesien vs Kamp opsie, word al die diere wat gesien is gelys en langsaan elke dier in watter kamp die dier tans in BenguFarm is. Met die Kampe vs Diere Gesien opsie, word al die diere wat in BenguFarm in sekere kamp(e) is gelys en langaan in watter kamp en wanneer die dier laas gesien is.

## 92. Versekering:

- **Om versekering data van diere aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Ander Data > Versekering.
- **Om 'n verslag te skep van versekering inligting**, gaan na Verslae > Ander Verslae > Versekering.

## 93. Toekennings:

- **Om toekennings van diere** (bv. Elite Koei) **aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Ander Data > Toekennings.
- Toekennings kan op die volgende verslae vertoon word:
  - Teelkudde Seleksie [Verslae > Inspeksies en Seleksies > Teelkudde Seleksie]
  - My Verslae [Verslae > My Verslae > Dierdata > Kolomme > Toekennings]
- **Om die toekennings van 'n dier op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Algemeen opkykskerm en rol af tot by die toekenning velde.

## 94. Inspeksie puntings: (Slegs van toepassing op sekere rasse)

- Sekere telersgenootskappe (bv. Drakensberger) teken punte van 'n reeks eienskappe aan by inspeksie van diere. Om sulke puntings aan te teken (of verander/verwyder), gaan na Ander Data > Inspeksie Puntings.
- **Om die inspeksie puntingdata van 'n dier op die hoofskerm op te kyk,** gaan op die Dier Uitleg na die Algemeen opkykskerm en rol af tot by die Punting velde.

- **Om 'n verslag te skep van sulke inspeksie puntings**, gaan na Verslae > Inspeksies en Seleksies > Puntings Verslag.
- **Let wel**: Om jou eie punte van sekere eienskappe (bv. Algemene Voorkoms Punt of Kondisie Punt) aan te teken in BenguFarm BEEF, sien paragraaf 67.

## 95. Wagyu karkas data: (Slegs beskikbaar indien ras opgestel is as Wagyu)

- **Om karkas data van diere aan te teken** (of verander/verwyder), gaan na Ander Data > Wagyu Karkas Data.

## 96. Kudde notas:

- **Om algemene notas wat betrekking het op die *kudde as geheel* aan te teken**, gaan na Ander Data > Kudde Notas.
- **Om kudde notas op te kyk**, gaan op die Dier Uitleg van die hoofskerm na die Kudde Notas opkykskerm.

# Verslae

## 97. My dierdata verslae:

- **Die My Dierdata Verslae funksie is baie kragtig om jou eie pasgemaakte ("customised") verslae op te stel** en te stoor vir latere gebruik. Gaan na Verslae > My Verslae > Dierdata.
- Kliek bo-aan die skerm op **Kies Diere (Kriteria)** en dan onderaan op Kies Diere met Kies Diere Skerm **OF** stel kriteria op om diere te kies deur op die "+" regs onder-aan die skerm te kliek. Gebruik die **HULP** funksie indien nodig.
- Kliek bo-aan die skerm op **Verslag Kolomme (Uitleg)** en kies onder die betrokke afdeling die velde wat jy wil insluit in die verslag.
- Kliek bo-aan die skerm op **Besigtig Verslag** om te sien hoe die verslag gaan lyk. Indien jy die diere op 'n spesifieke veld wil sorteer, kliek op die betrokke kolom se opskrif.
- Kliek onderaan die skerm op **Vertoon Verslag**. Kies Druk of Eksporteer.
- Om die kriteria en/of die uitleg te stoor vir latere gebruik, kliek onderaan die skerm op **Stoor Kriteria en Uitleg**.
- Om gestoorde kriteria en/of uitlegte te laai, kliek onderaan die skerm op **Laai Kriteria en Uitleg**.
- **Wenke**:
    - Op die Verslag Kolomme skerm kan leë kolomme ook gekies word om byvoorbeeld opmerkings of notas aan te teken.
    - Op die My Verslae > Verslag Kolomme (Uitleg) in die kolom Opskrif van Kolom op Verslag, kan die verstek kolomopskrifte verander word met eie gekose opskrifte. Die nuut gekose kolomopskrifte kan gestoor word met die "stiffy" ikoon regs onderaan die skerm.
    - Die gestoorde kriteria kan op die hoofskerm se groepfilter asook op die Kies Diere skerm gebruik word om diere te kies wat aan die kriteria voldoen.
    - Die My Dierdata Verslae kan gebruik word om jou eie uileg op te stel vir sekere verslae, bv. Diere per Kamp of Groep, Kuddelys, Stamboom of Nageslag Opsomming.
    - Onthou om 'n rugsteun te maak van jou eie verslae se uitlegde. [Lêer > Rugsteun en Herstel > Rugsteun my Gestoorde Verslaguitlegde].
    - Die My Dierdata Verslae het 'n sekere beperkings in terme van die kolomme wat beskikbaar is om in te sluit in 'n verslag. 'n Ander opsie is om op die hoofskerm se Kudde Uitleg 'n verslag te skep met die verlangde kolomme. Om dit te doen, sien paragraaf 7.

## 98. Kudde ontleding:

### Gemiddeldes en tendense:

- Die doel met die Gemiddeldes en Tendense verslag is om die gemiddelde meting en/of berekende waarde van 'n geselekteerde eienskap(pe) vir die betrokke kudde grafies te vergelyk vir 'n sekere tydperk, bv. om die gemiddelde speengewig van kalwers te vertoon per die jaar van geboorte vir 'n sekere tydperk. **Let wel:** By verstek word slegs aktiewe en onaktiewe diere *met die betrokke kudde se kuddekenmerk* ingesluit. Hierdie funksie kan ook gebruik word om vaders se nageslag gemiddeldes te vergelyk.
- **Om 'n Gemiddeldes en Tendense verslag te skep,** gaan na Verslae > Kudde Ontleding > Gemiddeldes en Tendense. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.

## Kudde produksie:

- Die doel met die Kudde Produksie Opsomming verslag is om die totale en gemiddelde produksie van die betrokke kudde vir 'n spesifieke tydperk (bv. vir 'n sekere jaar) te bereken vir 'n aantal parameters, bv. totale en gemiddelde speengewig en dit te vergelyk met 'n langtermyn tydperk.
- **Om 'n Kudde Produksie Opsomming verslag te skep,** gaan na Verslae > Kudde Ontleding > Kudde Produksie Opsomming.

## Uitgawes aanteken in BenguFarm:

- Dit word aanbeveel dat kostes en pryse *sonder* BTW aangeteken word.
- **Voorraad aankope**: Die *totale* uitgawe vir die aankoop van voorraad kan op die volgende skerms aangeteken word:
    - Gesondheid > Enstowwe, Doseermiddels en Aanvullings Voorraad.
    - Gesondheid > Medisynes Voorraad.
    - Voeding > Voer- en Lek Voorraad.
    - Ander Data > Diverse Voorraad (bv. lek, voer, konsentrate).
    - Reproduksie > Semen Voorraad.
- **Uitgawe per dier**: Sekere uitgawes kan in BenguFarm per dier aangteken word. Die volgende uitgawes kan per dier op die volgende skerms aanteken word:
    - Reproduksie > Sinchronisasie.
    - Reproduksie > Dekkings > Kunsmatige Inseminasies/Laparoskopieë. **Let wel:** Die strooitjie koste per dier ge-KI word outomaties bereken vanaf die Semen Voorraad, mits die Semen Tipe as Gevries gekies word op die KI skerm en die aankoop prys aangeteken is op die Semen Voorraad skerm.
    - Reproduksie > Dragtigheidsondersoeke.
    - Reproduksie > Embrio Inplantings. **Let wel:** Die koste per dier word *nie* outomaties bereken vanaf die Embrio Voorraad *nie*.
    - Gesondheid > Inentings, Doserings en Aanvullings. **Let wel:** Die koste per dier word outomaties bereken vanaf die Enstowwe, Doseermiddels en Aanvullings Voorraad, mits die besending nommer ingevul word. Indien 'n besendingnommer nie ingevul word nie, sal die laaste aankope se eenheidsprys (totale prys / # eenhede) gebruik word.
    - Gesondheid > Siekte Toetse.
    - Gesondheid > Siektes, Beserings en Behandelings. **Let wel:** Voorsiening word gemaak vir die aanteken van beide veearts en/of medisyne uitgawes. Die medisyne koste per dier word outomaties bereken vanaf die Medisyne Voorraad, mits die besending nommer ingevul word. Indien 'n besendingnommer nie ingevul word nie, sal die laaste aankope se eenheidsprys (totale prys / # eenhede) gebruik word.
    - Ander Data > Prosedures. Uitgawes vir prosedures (bv. vrugbaarheidstoetse, DNA analises, oorplaatjies, ens.) wat per dier gedoen word kan hier aangeteken word.
    - Verskuiwings > Aankope. Koste by aankoop wat nie by die koopprys ingesluit is nie (bv. vervoerkoste) kan in die Koste per Dier-veld aangeteken word.
    - Verskuiwings > Verkope, Vrektes en Uitskotte. Koste by verkope wat nie by die verkoopprys ingesluit is nie, kan in die Koste per Dier-veld aangeteken word.
- **Uitgawe per Kamp:** Sekere uitgawes (bv. feed and lek uitgesit, voer uitgesit, kamp ontbos, voorbrande gemaak, heinings opgerig, ens.) kan nie per dier aangteken word nie, maar dit kan wel per kamp aangeteken word. In ag genome die aantal diere in die kamp, kan ‛n gemiddelde koste per dier wel bereken word. Hierdie tipe uitgawes per kamp kan by Voeding > Voer en Lek Uitgesit per Kamp en Ander Data > Kamp Aktiwiteite aanteken word. **Let wel:** Indien die betrokke item, bv. winterlek, aangeteken is by Voer en Lek Voorraad *en* die betrokke voorraad item gekies word op die Voer en Lek Uitgesit per Kamp skerm, sal die uitgawe outomaties bereken word. Andersins kan die uitgawe aangeteken word op die Voer en Lek Uitgesit per Kamp skerm.
- **Uitgawe per Kudde:** Sekere uitgawes (bv. arbeid, brandstof, telersgenootskap fooie, ens.) kan nie per dier of per kamp aangteken word nie, maar dit kan wel aangeteken word as algemene uitgawes vir die *betrokke kudde*. Hierdie tipe uitgawes per kudde kan op die Algemene Kudde Uitgawes skerm [Ander Data > Algemene Kudde Uitgawes] aanteken word. **Wenk:** Indien jy meer as een kudde op *dieselfde* databasis het, kan, waar van toepassing, algemene uitgawes in die ALL kudde aangeteken word. Uitgawes wat per dier aangeteken kan word (bv. vrugbaarheid ondersoeke, dragtigheid ondersoeke, DNA analises) maar wat nie per dier aangeteken is nie, kan hier as ‛n totale uitgawe vir die betrokke kudde aangeteken word.

**Kudde inkomste en uitgawes opsomming:**

- Die doel met die Kudde Inkomste en Uitgawes Opsomming verslag is om die inkomste en uitgawes vir die betrokke kudde per item vir 'n spesifieke tydperk (bv. vir 'n finansiële jaar) te bereken.
- **Om 'n Kudde Inkomste en Uitgawes Opsomming verslag te skep,** gaan na Verslae > Kudde Ontleding > Kudde Inkomste en Uitgawes Opsomming. **Let wel:** Voorrade aangekope (sien hierbo) sal *nie* as uitgawe verskyn op hierdie verslag nie. Dit sal slegs as uitgawe verskyn indien die gebruik daarvan aangeteken is per dier, kamp of kudde.

## Data Stuur/Trek In:

### 99. Stuur dierfotos na Logix (Slegs van toepassing op kuddes wat lid is van SA Stamboek se Logix Beef)

- Telers van rasse wat SA Stamboek as diensverskaffer gebruik, kan fotos van diere direk vanuit BenguFarm na Logix stuur. Hierdie foto word dan op die betrokke dier se profiel op Logix gelaai en is beskikbaar vir, onder andere, voornemende kopers.
- **Om 'n foto van 'n dier direk vanuit BenguFarm na Logix te stuur**, gaan na Data Stuur/Trek In > Stuur > Stamboek/LNR > Dier Fotos. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig. Die verstek foto van die gekose dier(e) sal gestuur word. Indien geen foto as 'n verstek foto gemerk is in BenguFarm nie, sal 'n foto lukraak gekies word uit die beskikbare fotos van die betrokke dier.

### 100. Stuur Fase C / D prestasietoets aansoek na diensverskaffer:

- Sien paragraaf 67.

### 101. Stuur elektroniese EID leser lêers:

- Hierdie funksie word gebruik om 'n elektroniese lêer met betrokke diere se visuele ID Nommer (VID) en die elektroniese nommer (EID) kombinasies te skep met die doel om hierdie nommers deur middel van die betrokke EID leser se sagteware (bv. Tru-Test Data Link) op die EID leser te laai. Sodra dit gedoen is, stel dit die betrokke EID leser in staat om die dier se VID te vertoon wanneer die betrokke dier se EID geskandeer word.
- Hierdie funksie is tans vir slegs die Tru-Test SRS2, Tru-Test XRS2, Tru-Test XRS2, Tru-Test XRS2i, Agrident APR500, Agrident APR600, Allflex 450, Allflex Allflex 650 en Agrident AWR300 lesers beskikbaar.
- **Om 'n elektroniese lêer met diere se visuele ID Nommer (VID) en die elektroniese nommer (EID) kombinasies te skep**, gaan na Data Stuur/Trek In > Stuur > Elektroniese EID Leser Lêers. **Let wel:** Slegs diere met EIDs op rekord in BenguFarms sal ingesluit word in die lêer.

### 102. Voerinnames intrek vanaf voerstelsel:

- Om voerinnames vanaf 'n voerstelsel in te trek in BenguFarm BEEF, moet jy by die voerstelsel 'n lêer (in CSV formaat) skep met die betrokke diere se nommers en voerinnames.
- **Om die CSV lêer met voerinnames in te trek**, gaan na Data Stuur/Trek In > Trek In > Voerinnames vanaf Voerstelsel. Kliek regs bo-aan die skerm en kies die CSV lêer wat ingetrek moet word. Kies die intrek opsies van toepassing en kliek Trek In.
- Indien die betrokke voerstelsel se lêeruitleg nog nie voorheen opgestel en gestoor is 'n uitleg nie, moet dit eers gedoen word. **Om die betrokke voerstelsel se lêeruitleg op te stel**, kliek by Kies Elektroniese Formaat op die Voeg By en Verander Elektroniese Lêerformate (rooi notaboekie ikoon). Om 'n nuwe formaat op te stel, kliek op Nuwe en voltooi die besonderhede. By Kolomme in Elektroniese Lêer, spesifiseer watter data in watter kolom in die CSV lêer voorkom. Dit word gedoen deur op die "+" regs onder op die skerm te kliek. Kliek nou *onder* die kolomopskrif "Data in hierdie Kolom" en kies die data wat in kolom nr 1 (of kolom A) voorkom. Herhaal vir al die kolomme wat jy wil intrek. Indien 'n spesifieke kolom se data nie ingetrek moet word nie, kies die opsie "Data Nie van Toepassing". Stoor. Kontak jou BenguFarm agent vir hulp, indien nodig.
- **Om 'n verslag te skep van voerverbruik**, gaan na Verslae > Produksie > Voerverbruik.

### 103. Sinchroniseer BenguFarm MOBILE:

Sien die BenguFarm Mobile handleiding vir instruksies hoe om gebruikers op te stel, data te sinchroniseer, ens. Op daardie skerm is 'n skakel om die Mobile handleiding af te laai vanaf die BenguFarm webwerf.

## Opstellings:

### 104. My diervelde:

- Indien jy data wil aanteken waarvoor daar nie elders voorsiening gemaak is nie (bv. Oogpigment Persentasie), kan jy jou eie velde hiervoor opstel. Om dit te doen, gaan na Opstellings > My Diervelde.

- Om data in hierdie velde aan te teken, gaan na Diere > Verander Diere (Tabel Uitleg) **OF** gaan na Diere > Voeg by & Verander Diere (Enkel Dier Uitleg) > My Velde.
- Om data aangeteken in hierdie velde op te kyk op die hoofskerm, gaan op die Dier Uitleg na die My Velde opkykskerm. Om dit op die Kudde Uitleg te vertoon, gaan op die hoofskerm se Kudde Uitleg na Vertoon Opsies, merk die betrokke veld(e) onder die My Kolomme afdeling en kliek op Stoor Opsies as Kudde Verstek. Maak BenguFarm toe en weer oop, gaan op die hoofskerm se Kudde Uitleg na die My Kolomme afdeling.
- My Dierdata velde kan slegs op die My Dierdata Verslae ingesluit word deur te gaan na Verslae > My Verslae > Dierdata. Kliek op Verslag Kolomme (Uitleg) en kies dan My Velde.

## Opsies:

## 105. Besigtig en opdateer my rekeningbesonderhede:

- **Om jou BenguFarm rekeningbesonderhede aanlyn op te kyk**, gaan na Opsies > Besigtig my Rekeningbesonderhede.
- Hierdie skerm kan ook gebruik word om die nuutste lisensiefaktuur aan te vra indien jy dit nie ontvang het nie of verlê het.
- **Let wel**: Hierdie funksie sal slegs werk indien die rekenaar aanlyn is, die BenguFarm rekeningnommer (BPU….) aangeteken is in BenguFarm en die rekeningnommer en die betrokke databasis se Rekenaar Identifikasie Kode op die BenguFarm admin stelsel aangeteken is. Indien jou rekenaar nie toelaat dat jy konnekteer nie, de-aktiveer jou rekenaar se anti-virus program tydelik en probeer weer.
- **Om jou BenguFarm-rekeninginligting op te dateer**, kontak asseblief Philna Moulich by 051 4100 910 of stuur vir haar 'n e-pos na registration@benguelasoft.co.za. Verskaf aan haar jou BenguFarm-rekeningnommer en die inligting wat verander moet word.

## 106. Aksie sleutels

- Die doel met aksiesleutels is om vinnig sekere info wat gereeld gebruik word, bv. jou kudde se kuddekenmerkletters, in te voeg wanneer ’n dier opgesoek word op ID Nommer. Gestel jou kudde se kuddekenmerkletters is ABC. Jy kan dan hierdie letters as ’n aksiesleutel opstel.
- **Om ’n aksiesleutel op te stel**, kliek op die “+” regs onderaan die Definieer Aksie Sleutels skerm, vul die betrokke letters (bv. ABC) in in die Waarde om te Vertoon kolom, kies ’n F-sleutel (bv. F2) in die Sleutel kolom en Stoor.
- Wanneer ’n dier se nommer ingetik moet word, druk die Function (Fn) en die betrokke F-sleutel (bv. F2) gelyktydig op die sleutelbord. In die voorbeeld hierbo, sal die ABC dan ingetik wees.

## 107. Maak databasis leeg:

Hierdie funksie word slegs in uitsonderlike gevalle gebruik om ’n databasis leeg te maak. Jou BenguFarm agent sal jou na hierdie funksie verwys wanneer nodig en aan jou die wagwoorde verskaf om toegang te kry tot hierdie funksie. **Let wel**: Dit word sterk aanbeveel dat ‘n rugsteun gemaak word van die betrokke databasis voordat hierdie funksie gebruik word.

## Toevoegings

## 108. Voerkraal bestuurder:

Die Voerkraal Bestuurder skerm is 'n een-venster funksie vir die aanteken, verwerking en verslaggewing van alle voerkraaldata. Vir ‘n groep diere wat in die voerkraal inkom, word ’n bestuursperiode groep geskep per kraal. Diere kan gekies word uit die betrokke kudde óf, in die geval van aangekoopte diere, basiese dierrekords kan baie maklik en vinnig geskep word. Hierdie diere word dan aan die betrokke bestuursgroep gekoppel. Indien nodig, kan diere ook geskuif word tussen krale. Voer uitgesit kan per kraalgroep aangeteken word en dit word *pro rata*, gebaseer op die diere metaboliese gewig, toegedeel aan die diere in die betrokke kraal. Op grond van die beraamde voerinname word ‘n beraamde voeromsetverhouding per dier bereken.

Individuele dierrekords, insluitende kostes, kan in die Voerkraal Bestuurder aangeteken word vir aankoopdata, inentings, siektes en behandelings, prosedures (bv. groeistimulant inplantings), gewigte en verkoop/slagdata, insluitende lewendegewig, karkasgewig en uitslagpersentasie. Bestuurskostes (bv. arbeid), rente op kapitaal (gebaseer op dier se aankoopprys en tydperk in voerkraal) en prosesseringskoste by aankoms (bv. oorplaatjies, inentings, groeistimulant inplantings) kan ook aangeteken word. Per dier berekeninge word gedoen vir gewigstoename, laaste twee GDTs, totale koste, inkomste en netto wins. Opsommings van kraalgroepe word verskaf vir totale voerhoeveelhede, gemiddelde voeromsetverhouding, gemiddelde GDT, totale koste, inkomste en netto wins. Gebruik die **Help** funksie indien nodig.

## Hulp

## 109. Teamviewer afstand ondersteuning:

- Die BenguFarm agente gebruik TeamViewer sagteware om aanlyn ondersteuning te lewer direk op jou rekenaar.
- Indien jy nie TeamViewer sagteware op jou rekenaar het nie, kan jy dit aflaai en installeer by www.teamviewer.com. Indien jy tydens installasie by tipe gebruik "Personal" kies, is gebruik van die program gratis.
- Indien Teamviewer geïnstalleer is, kan dit, wanneer nodig vir aanlyn ondersteuning, direk vanuit BenguFarm oopgemaak word op die hoofskerm by Hulp > Teamviewer Afstand Ondersteuning.
- Om die Teamviewer sagteware te opgradeer na die nuutste weergawe, kliek op Laai Nuutste Teamviewer Af.

## 110. Vinnige Skakels:

- Hierdie skerm verskaf skakels na die mees gebruikte funksies in BenguFarm. Dit is veral van hulp vir nuwe gebruikers om vinnig 'n funksie in BenguFarm te vind.

# Bylaag A

# Opsomming – Basiese Take om te doen in BenguFarm BEEF

(Kronologiese volgorde)

## 1. Voor die Teelseisoen:

1.1. Stel die nuwe Kalfseisoen op [Opstellings > Kalfseisoene].

1.2. Maak seker dat al die koeie, verse en teelbulle (insluitend KI bulle) op rekord is in BenguFarm BEEF. Indien nodig, trek die betrokke diere se Logix data in [Data Stuur/Trek In > Logix Direk > Trek Diere In] of skep dier rekords met die hand [Diere > Voeg Diere by Wizard]. Merk die teelbulle as "Teel/KI Bul" [Diere> Voeg by en Verander Diere (Enkel Dier Uitleg)].

1.3. Druk 'n lys van teelbare verse en koeie [Verslae > Reproduksie > Dekbare Verse en Koeie (aantekenlys)].

1.4. Bereken die intelingpersentasies van nageslag vir beplande parings [Reproduksie> Inteel Berekening vir Beplande Parings], **OF**

1.5. Gebruik die GENETICS telingsmodule om die beste parings vir jou spesifieke teeldoelwitte te bepaal [Reproduksie > BenguFarm GENETICS Telingsbestuur Module].

1.6. As verse en/of koeie gesinchroniseer word, teken die sinchronisasies aan [Reproduksie > Synchronisasie].

## 2. Begin van die Teelseisoen:

2.1. Druk 'n lys, indien nodig, om werklike dekbesonderhede (datum, bul, koei, ens.) aan te teken [Verslae > Reproduksie > Dekkings (aantekenlys)].

2.2. Teken die dekkings aan op BenguFarm BEEF [Reproduksie > Dekkings > Natuurlike Dekkings of Kunsmatige Inseminasies/Laparoskopieë].

2.3. Druk 'n verslag van die bestaande dekkings [Verslae > Reproduksie > Bestaande Dekkings (Deklyste)].

## 3. Einde van die Teelseisoen:

3.1. STOETTELERS: Stuur die dekkingsdata in elektroniese (csv) formaat na SA Stamboek of die LNR [Data Stuur/Trek In > Stuur > Stamboek/LNR > Dekkings].

## 4. Dragtigheidsondersoeke:

4.1. Druk 'n lys om die dragtigheidsondersoek uitslae op aan te teken [Verslae > Reproduksie > Koeie & Verse vir Dragtigheidsondersoek (aantekenlys)].

4.2. Teken die dragtigheidsondersoek uitslae aan op BenguFarm BEEF [Reproduksie > Dragtigheidsondersoeke].

4.3. Druk 'n verslag van die dekkings en dragtighede [Verslae > Reproduksie > Dekkings en Dragtighede].

4.4. Druk 'n verslag met 'n opsomming van dekkings en dragtighede per bul en/of seisoen [Verslae > Reproduksie > Dekopsomming per Bul en/of Seisoen].

## 5. Voor die Kalfseisoen:

5.1. STOETTELERS: Stel nuwe geboorte kontemporêre groepe op [Opstellings > Geboorte Kontemporêre Groepe].

5.2 Druk 'n verslag van die verse en koeie naby kalwing [Verslae > Reproduksie > Verse en Koeie naby Kalwing (aantekenlys)].

## 6. Tydens die Kalfseisoen:

6.1. Teken die kalwings (en kalwers) aan [Reproduksie > Kalwings].

6.2. STOETTELERS: Stuur nuwe geboortes in elektroniese (csv) formaat na SA Stamboek of LNR [Data Stuur/Trek In > Stuur > Stamboek/LNR> Geboortekennisgewings].

6.3. Trek die lêer (BIRTHS...) met die rekenaarnommers wat van Logix ontvang is, in BenguFarm BEEF in [Data Stuur/Trek In > Logix Direk > Trek Ontbrekende Rekenaarnommers In].

## 7. Einde van die Kalfseisoen:

7.1. Druk 'n verslag van die verse en koeie wat gekalf of nog nie gekalf het nie [Verslae > Reproduksie > Verse en Koeie Gekalf /Nog nie Gekalf (aantekenlys)].
7.2. Druk 'n verslag van kalwers gebore in die kalfseisoen [Verslae > Reproduksie > Geboortes].
7.3 Druk 'n verslag met 'n opsomming van dekkings, dragtighede en kalwings per bul en/of seisoen [Verslae > Inspeksies en Seleksies > Dekking Opsomming per Bul en/of Seisoen].
7.4. Druk 'n verslag van die koeie wat swak presteer volgens sekere reproduksie- en dragtigheid minimum standaarde [Verslae > Reproduksie > Reproduksie en Dragtigheid Seleksie].
7.5 Indien dit nie reeds outomaties bereken is deur BenguFarm nie, bereken weegdatums vir prestasietoetsing vir kalwers gebore in hierdie kalfseisoen [Produksie > Bereken Geldige Weeg/Toetsdatums].

## 8. DNA Ouerskap Kontrole (STOETTELERS, wanneer nodig):

8.1. Druk 'n DNA diensaanvraagvorm wat saam met die betrokke diere se biologiese monsters na die DNA laboratorium gestuur moet word [Data Stuur/Trek In > Stuur > DNA Profieleringdienste Vorms en kies die betrokke laboratorium wat jy gebruik].
8.2. Druk etikette vir die merk van die koeverte waarin biologiese monsters van diere geplaas word vir instuur na na 'n biobank of 'n DNA laboratorium [Data Stuur/Trek In > Stuur > DNA Profieleringdienste Vorms > Druk Biologiese Monster Etikette].
8.3 Trek die ouerskapverslag lêer wat van SA Stamboek (via die DNA laboratorium) ontvang is in BenguFarm BEEF in vir opname van die DNA nommers en opdatering van die betrokke diere se korrekte ouers volgens die ouerskap uitslae [Data Stuur/Trek In > Logix Direk > Trek DNA Ouerskappe], **OF**
8.3. Teken die toepaslike diere se DNA nommers in BenguFarm BEEF aan wanneer jy die ouerskapverslag van die DNA-laboratorium ontvang. [Diere > Verander Diere (Tabel Uitleg)].

## 9. Diere Ent, Doseer, Dip en Aanvullings gee:

9.1 Druk 'n lys vir die aantekening van inentings, doserings, dip en aanvullings [Verslae > Gesondheid > Inentings, Doserings, Dip, Aanvullings en Prosedures (aantekenlys)].
9.2 Teken inentings, doserings, dip en aanvullings aan [Gesondheid > Inentings, Doserings, Dip en Aanvullings].
9.3 Druk 'n verslag van inentings, doserings, dip en aanvullings [Verslae > Gesondheid > Inentings, Doserings, Dip en Aanvullings].

## 10. Weeg Diere:

10.1. Druk 'n lys vir die aantekening van diere se gewigte tydens weging [Verslae > Produksie > Weeglys (aantekenlys)].
10.2. Indien van toepassing, trek gewigte van die skaal in BenguFarm BEEF in (waar van toepassing) [Data Stuur/Trek In > Trek In > Gewigte van Skaal of Tru-Test XR5000 Integrasie] **OF**
10.3. Teken aan en verwerk die gewigte vir prestasietoetsdoeleindes [Produksie > Gewigte vir Prestasietoetsing].
10.4. STOETTELERS: Stuur die prestasietoetsdata in elektroniese (csv) formaat na Stamboek of die LNR [Data Stuur/Trek In > Stuur > Stamboek/LNR > Prestasietoetsdata].
10.5. STOETTELERS: Trek die lêer (BEEFTEST...) met die diensverskaffer berekende prestasietoetsdata wat ontvang is van Logix in BenguFarm BEEF in [Data Stuur/Trek In > Logix Direk > Trek Diensverskaffer Berekende Prestasietoetsdata In].
10.6. Druk 'n verslag van die diere se verwerkte gewigte (indekse, ens.) [Verslae > Produksie > Prestasietoetsresultate].
10.7. Druk 'n verslag van die diere se gewigte en toenames (vir gereelde weging, bv. in 'n groeitoets of voerkraal) [Verslae > Produksie > Gewigte en Toenames].

## 11. Voor Speen (STOETTELERS, indien van toepassing)

11.1. Voltooi die nodige Op-die-plaas (Fase D) en/of Sentrale (Fase C) Prestasietoetse aansoekvorms en stuur dit na die LNR of Stamboek. [Data Stuur/Trek In > Stuur> LNR/Stamboek > Fase C/D Prestasietoets Aansoek].

## 12. Wanneer nuwe Teelwaardes (EBVs) beskikbaar is: (slegs STOETTELERS)

12.1. Trek nuwe teelwaardes in BenguFarm BEEF in met die Logix Direk opsie [Data Stuur/Opneem > Logix Direk > Trek Teelwaardes In].

## 13. Voor Inspeksie van Diere: (slegs STOETTELERS)

13.1 Skep 'n inspeksie verslag van diere wat geïnspekteer moet word. [Verslae > Inspeksies en Seleksies > Inspeksie Lys].

## 14. Na inspeksie van Diere: (slegs STOETTELERS):

14.1. Trek die lêer (INSPECTIONS...) met die inspeksie data wat ontvang is van Logix in BenguFarm BEEF in [Data Stuur/Trek In > Logix Direk > Trek Inspeksies In].

## 15. Diere Verkoop, Geslag, Uitgeskot, Gevrek of Verlore geraak:

15.1. Vir veilings of uit-die-hand-verkope, druk 'n veilingskatalogus [Verslae > Aankope, Veilings, Verkope, Vrektes en Uitskotte > Veilingskatalogus].

15.2. Druk ’n Veeverwydering Sertifikaat, indien van toepassing [Verslae > Aankope, Veilings, Verkope, Vrektes en Uitskotte > Veeverwydering Sertifikaat].

15.3Teken die verkope en die uit-kudde data aan van diere wat verkoop is of die kudde verlaat het vir ander redes [Verskuiwings > Verkope, Vrektes en Uitskotte].

15.4. Druk 'n verslag van die diere wat verkoop is, of die kudde verlaat het vir ander redes [Verslae > Aankope, Veilings, Verkope, Vrektes en Uitskotte > Verkope, Vrektes en Uitskotte].

15.5. STOETTELERS: Stuur die oordrag en/of kansellasie kennisgewings in elektroniese (csv) formaat na SA Stamboek of die LNR [Data Stuur/Trek In > Stuur > Stamboek/LNR > Oordragte en Kansellasies].

# Bylaag B

# Intrek van CSV-formaat / Excel Data

Met hierdie funksie kan data wat in 'n Excel lêer aangeteken is, ingetrek word in BenguFarm. Hierdie funksie is spesifiek vir kuddes wat nie data vanaf 'n ander bron (bv. Logix) kan intrek nie.

Om 'n lys te sien van al die data wat vanaf Excel in BenguFarm ingetrek kan word, sien die tabel aan die einde van Bylaag B.

**Baie belangrik:**

- **Indien nuwe dierrekords geskep moet word** vanaf die ingetrekte data, moet minstens die volgende data ingetrek word : Dier ID Nr, Geslag, Geboortedatum, Ras- of Spesiekode en Statuskode. Indien die presiese geboortedatum van 'n dier onbekend is, kies 'n benaderde datum, byvoorbeeld 01-10-2018 vir diere gebore in 2018.
- **Indien data by bestaande diere se data gevoeg moet word**, moet die betrokke diere se ID Nr en/of elekroniese nommer (EID) in die csv lêer *presies* dieselfde wees as op BenguFarm.

## Stappe om data voor te berei en in te trek:

**NB:** Maak eerstens seker dat die "**List Separator**" en "**Decimal Symbol**" opstellings in Windows korrek is. Gaan na Control Panel > Region > Additional Settings > List Separator. Die "List Separator" moet 'n komma "," te wees. Indien dit 'n kommapunt ";" is, verander dit na 'n komma. Die "Decimal Symbol" moet 'n punt "." wees. Indien dit komma "," is, verander dit na 'n punt ".". Kliek Apply en OK.

**1. Voorbereiding van data om dit in te trek:**

1.1. Skep vir elke kudde 'n aparte Excel lêer.

1.2. Vir elke dier in die kudde (koeie, verse, kalwers en bulle) waarvan jy data wil intrek in BenguFarm BEEF, moet jy sorg dat alle **beskikbare data** (bv, Dier ID Nr, Geboortedatum, Geslag, Moeder ID Nr, Vader ID Nr, ens.) in dieselfde Excel lêer en een blad ("sheet") is. Indien jy **data van vanaf meer as een blad wil intrek**, maak seker dat die Dier ID Nr en Geslag presies dieselfde is op al die blaaie om te verhoed dat duplikaat dierrekords geskep word met die intrek van die addisionele data by bestaande diere in BenguFarm.

1.3. Behalwe vir die kolomopskrifte, verwyder al die lyne wat nie dierdata bevat nie, bv. leë lyne en opsommings.

1.4. Vir data waar daar **meer as een rekord is vir 'n spesifieke tipe data** (bv. wegings aangeteken op meer as een datum), moet daar vir elke bykomende rekord (bv. weegdatum en gewig) 'n aparte lyn in die Excel blad geskep word om al die rekords in te trek.

1.5. Maak seker dat die **datums** in die Excel lêer in een van die volgende twee formate gestoor is, nl. dd/mm/yyyy of yyyy/mm/dd. Bv. 30 Nov 2010 moet gestoor wees as 30/11/2010 of 2010/11/30. Die "/" kan enige karakter wees, bv. "-". Jy kan Excel se "Cell Formatting" funksies gebruik om datums te verander wat nie in die korrekte formaat is nie. As 'n datum nie gespesifiseer is nie of nie in die korrekte formaat is nie, sal daardie datums geskep/verander word na 01/01/1980 wanneer die data ingetrek word.

1.6. Vir moeders en vaders om korrek gekoppel te word aan 'n dier, moet die **ID Nr van die vaders en moeders** PRESIES ooreenstem met die ID Nr waar hulle in die lêer as 'n dier gelys is. (Kleinletters sal outomaties na hoofletter omgeskakel word). As 'n moeder of vader nie self as 'n dier gelys is nie, sal 'n dier wel geskep word met default waardes. **Indien die moeder en/of vader onbekend is**, los bloot die betrokke veld in die Excel lêer leeg.

1.7. Ten einde **Ras, Status** (**A** = Akief – Lewendig in die kudde of **na** = Onaktief - Dood/Verkoop/Nie in kudde) **en Voorkoms Opmerkings** in te trek, moet die Status, Ras, en Opmerking kodes in die Excel lêer ooreenstem met die Rasse, Status en Voorkoms Opmerkings **kodes** in BenguFarm.

1.8. Ten einde die **kampe, bestuursgroepe, inentings,** ens. te kan intrek, moet die betrokke item reeds opgestel wees in BenguFarm (Opstellings > [betrokke item]). In die Excel lêer wat ingetrek moet word, moet die betrokke items se kodes in die Excel lêer ooreenstem met die **kodes** in BenguFarm.

1.9. **Daar mag geen kommas in enige velde wees nie. Alle desimale moet punte wees en in die notas veld mag daar nie kommas wees nie.**

1.10. Vervang alle ' tekens (indien enige) met ` (links van 1 op sleutelbord).

1.11. **Berekenings** (soos ouderdom, tussenkalfperiodes en horinggroei) kan nie ingetrek word nie – dit sal in die program bereken word nadat die data ingetrek is, mits die data benodig vir die berekenings beskikbaar is.

1.12. Stoor die Excel (xls of xlsx formaat) lêer in **CSV (Comma Delimited) formaat**. Om dit te doen, maak die betrokke lêer oop in Excel, gaan na File > Save As... en kies by File Type "CSV - Comma Delimited" formaat en kliek op "Save". Indien daar **meer as een blad ("sheet") in die Excel lêer is, moet elkeen apart na 'n CSV lêer gestoor word en apart ingetrek word**, aangesien jy slegs een blad in 'n CSV lêer kan stoor.

1.13. Maak die CSV lêer in Notepad oop (nie Excel) en **kontroleer die volgende**:

1.13.1. Maak seker die List Separator is 'n komma (,), nie 'n kommapunt (;) nie. Indien nodig, kan die List Separator opstelling verander word deur te gaan na Computer > Control Panel > Regional > Additional Settings > List separator.

1.13.2. Maak seker lang nommers (veral elektroniese nommers [EID]) is nie omgeskakel in eksponent formaat wanneer die lêer in CSV formaat gestoor word nie.

1.14. Maak 'n nota in watter **lyn/ry die <u>data</u> in die CSV lêer begin**. Kolomopskrifte moet byvoorbeeld nie ingetrek word nie.

**Voorbeeld van data formaat vir intrek van nuwe diere in BenguFarm:**

| ID Nr | Geslag | Geb Datum | Ras | Status | Kamp | Moeder | Vader | Gewig | Weegdatum |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 130124 | M | 15-10-2013 | BON | A | K1 | | | 235 | 01-05-2014 |
| 140020 | V | 01-10-2014 | BON | A | K1 | | | 210 | 03-05-2015 |
| 150001 | V | 01-10-2015 | BON | A | K1 | | | 195 | 03-05-2016 |
| 150002 | V | 01-10-2015 | BON | A | K1 | | | 215 | 03-05-2016 |
| 150025 | V | 01-10-2015 | BON | A | K1 | | | 220 | 03-05-2016 |
| 160011 | V | 03-09-2016 | BON | A | K1 | | | 205 | 15-05-2017 |
| 160036 | M | 27-09-2016 | BON | A | K1 | | | 233 | 15-05-2017 |
| 160036 | | | | | | | | 450 | 20-11-2017 |
| 160123 | V | 11-11-2016 | BON | A | K1 | | | 182 | 15-05-2017 |
| 170001 | V | 01-09-2017 | BON | A | K2 | 140002 | 130124 | 210 | 02-05-2018 |
| 170002 | V | 03-09-2017 | BON | A | K2 | | 130124 | 225 | 02-05-2018 |
| 170003 | V | 05-09-2017 | BON | A | K2 | | 130124 | 218 | 02-05-2018 |

## 2. Trek die data in vanaf die CSV formaat lêer in BenguFarm:

2.1. Gaan in BenguFarm na die spesifieke kudde waarvoor jy data wil intrek.

2.2. **Gaan na Data Stuur/Trek In > Trek In > Databasis > Oop Lêerformaat (CSV).** [Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig].

2.3. Kliek regs bo-aan die skerm op "Soek..." en **kies die csv lêer** van die spesifieke kudde wat jy wil intrek.

2.4. Intrek opsies:

2.4.1. By "Data Begin op Lyn #" **kies op watter lyn die data in die csv lêer begin**. (Kolomopskrifte moet nie ingetrek word nie).

2.4.2. Kies die toepaslike intrek opsies. Indien onseker, behou die verstek opsies.

2.4.3. Indien addisionele data by bestaande diere se rekords ingetrek moet word, moet die betrokke diere se ID Nr en/of EID en geslag in die csv lêer *presies* dieselfde wees as op BenguFarm. Om te verhoed dat duplikaat diere geskep word, verwyder die regmerkie by Skep Diere wat nie Bestaan nie onder Intrek Opsies.

2.5. **Spesifiseer watter data in watter kolom in die CSV lêer voorkom**. Dit word gedoen deur op die "+" regs onder op die skerm te kliek. Kliek nou *onder* die kolomopskrif "Data in hierdie Kolom Gestoor" en kies die data wat in kolom nr 1 (of kolom A) voorkom. Herhaal vir al die kolomme wat jy wil intrek. Indien 'n spesifieke kolom se data nie ingetrek moet word nie, kies die opsie "slaan oor – moenie intrek nie".

2.6. By "**Geslag, Manlik=**" in die "Waar/Ja=" kolom (heel regs) vul in wat in die geslag kolom in die csv lêer staan by manlike diere, bv. "M". Slegs die diere met "M" in daardie kolom sal ingetrek word met geslag as manlik, die res outomaties as vroulik.

2.7. Kontroleer dat al die kolomme wat ingetrek moet word korrek gespesifiseer is. Indien alles korrek is, kliek op "Trek In".

2.8. Let op dat diere se name verander word na hoofletters wanneer die data ingetrek word.

2.9. **Indien die dierrekords vir een of ander rede nie korrek ingetrek het nie**, moet die foutiewe rekords eers verwyder word voordat die data weer ingetrek word. Die data kan as volg verwyder word:

2.9.1. Gaan na Diere > Verander Diere (Tabel formaat).

2.9.2. Kliek op Laai Nuwe Seleksie van Diere (regs bo-aan die skerm), skakel die Nie-aktiewe filter (regs bo-aan die skerm) aan, kies al die betrokke diere wat verwyder moet word. (Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig).

2.9.3. Kliek Verwyder Rekords (regs onderaan die skerm) en Stoor.

## Data wat vanaf 'n CSV lêer ingetrek kan word in BenguFarm

**Identifikasie:**
- Dier ID Nr (visueel)
- Dier ID Nr (Verwyder hakie inligting)
- Elektroniese ID Nr (EID)
- QR ID
- Rekenaarnommer
- Dier ID (amptelik)
- Dier Naam
- DNA Nr
- Skaal Nr
- Naspeurbaarheid Nr
- RGD Nr

**Algemene Dier Data:**
- Geboortedatum
- Geslag, Manlik =
- Status (kode)
- Lewendig, Ja =
- Kuddemerk
- Jaar (van geboorte)
- Volgnommer
- Vader ID Nr
- Vader EID Nr
- Vader Ras (kode)
- Moeder ID Nr
- Moeder EID Nr
- Moeder Ras (kode)
- Ontvanger Koei ID Nr
- Geb. datum Onseker, Ja =
- Kalfseisoen (kode)
- Geboortestatus (Enkel, Tweeling, Drieling) (kode)
- Dektipe (kode)
- Kleur (kode)
- Horingstatus (kode)
- Familielyn
- Ras (kode)
- Sub-ras (kode)
- Afdeling (kode)
- Nie vir Registrasie
- Groepe (kode)
- Notas

- Mikroskyfie Datum Ingeplant
- Mikroskyfie Plek Ingeplant
- Voorkoms Opmerkings (kode)
- Teler
- Eienaar
- Boekwaarde
- Markwaarde
- Rassamestelling Ras 1
- Rassamestelling % 1
- Rassamestelling Ras 2
- Rassamestelling % 2
- Rassamestelling Ras 3
- Rassamestelling % 3
- Rassamestelling Ras 4
- Rassamestelling % 4

**Inspeksie Data:**
- Geïnspeketeer, Ja =
- Inspeksie Datum
- Inspeteur
- Goedgekeur, Ja =
- Visuele Punt
- Afkeurrede (kode)

**Genomiese Resultate data:**
- Myostatin Toetsdatum
- nt821

**Kastrasie Data:**
- Gekastreer, Ja =
- Kastreer Datum

**Kamp Verskuiwing Data:**
- Kamp (kode)
- Datum geskuif
- Rede geskuif (kode)

**Veearts Besoek Data:**
- Veearts Besoek Datum
- Veearts Naam

**Siekte en Parasiet Toetse Data:**
- Datum Getoets
- Getoets Vir
- Positief, Ja =
- Tieter/Telling

**Siektes & Behandelings Data:**
- Datum Siek
- Veearts Naam
- Siekte/Besering (kode)
- Medisyne/Behandeling (kode)
- Opmerking

**Inentings, Doserings, Dip en Aanvullings Data:**
- Datum Geënt
- Veearts Naam
- Geënt Teen (kode)
- Middel (kode)
- Dosis
- Koste
- Opmerking

**Mismonsters & Interne Parasiete Data:**
- Datum Monster geneem
- Parasiet spesie (kode)
- Parasiet Telling (# Eiers / gram)
- Opmerking

**Tand Data:**
- Tipe Tande (kode)
- Aantal Tande
- Tande Toestand (punt)

**Dekkings Data:**
- Kalfseisoen (kode)
- Dektipe (Nat=1; KI=3; EI=4)
- Tipe Semen (kode)
- Geslag Geskeide Semen
- Bul ID Nr
- Bul 2 ID Nr
- Multi Bulle
- Datum In
- Dutum Uit

**Dragtigheid Data:** (Vroulike diere)
- Ondersoek Datum
- Dragtig, Ja =
- Periode Dragtig
- Periode Tipe [(W)eke / (M)aande]
- Siklus (kode)
- # Fetusse (1, 2, 3) (kode)

**Gewigte & Eienskappe Data:**
- Geboortegewig
- Moeder se gewig by kalwing
- Voorpeen Weegdatum
- Voorspeen Gewig
- Speen Weegdatum
- Speengewig
- Moeder se gewig by Speen
- 12 Maande Weegdatum
- 12 Maande Gewig
- 18 Maande Weegdatum
- 18 Maande Gewig
- Algemene Gewig Weegdatum
- Algemene Gewig

**BREEDPLAN Gewigte Data:**
- Breedplan 200 Dae Gewig
- 200 Dae Weegdatum
- Breedplan 400 Dae Gewig
- 400 Dae Weegdatum
- Breedplan 600 Dae Gewig
- 600 Dae Weegdatum

**Puntings Data:**
- Punting Datum
- Kondisiepunt
- Temperamentpunt

**Liggaamsmates Data:**
- Liggaamsmates Datum
- Mate Kode
- Mate Waarde
- Skouerhoogte
- Heuphoogte
- Skofhoogte
- Koplengte
- Oorlengte
- Skrotumomtrek
- Pelvis Hoogte
- Pelvis Breedte Voor
- Pelvis Breedte Agter
- Ander Eienskap

**RTU Mates:**
- Metingsdatum
- Kruis Vetdiepte
- Rib Vetdikte
- Oogspieroppervlakte
- Marmering

| | | |
|---|---|---|
| | | **Dier Gesien Data:**<br>Dier Gesien Datum<br>Gesien Deur<br>Gesien in Kamp (kode)<br>GPS Lengte<br>GPS Breedte<br>Opmerking<br>**Aankoop Data:**<br>Datum aangekoop<br>Verkoper<br>Prys<br>Oorspronklike ID Nr<br>Datum Aankoms op Plaas<br>**Verkope, Vrektes en Uitskotte Data:**<br>Datum Verkoop/Dood<br>Verkoop, Ja =<br>Eie Rede vir Uit Kudde (kode)<br>Amptelike Rede (kode)<br>Verkoop Aan<br>Karkasgewig<br>Inkomste Basis (kode)<br>Uitslag Persentasie<br>Inkomste per kg<br>Prys<br>Karkas Klassifikasie<br>Datum Plaas Verlaat<br>Koste<br>Opmerking<br>**Reënval Data:**<br>Datum<br>Plek<br>Hoeveelheid (mm)<br>Opmerking |

# Bylaag C

# Tru-Test XR5000 Skaal Data Uitruiling

**Die BenguFarm BEEF module intergreer met die Tru-Test XR5000 skaal, mits die nodige opstellings gedoen is.** Gewigte en verskeie ander tipes data wat op die Tru-Test XR5000 aangeteken is, kan direk vanaf die skaal in BenguFarm ingetrek word.

## Voordat die XR5000 skaal gebruik word:

**Vir videos met stap-vir-stap instruksies om die XR5000 skaal op te stel om met BenguFarm te integreer, data vanaf die skaal in te trek en na die skaal te stuur,** besoek die BenguFarm "Support Channel" op YouTube by: youtube.com/@BenguFarm:

- Tru-Test XR5000 Integration – **Setting up Scale Field Links**.
- Tru-Test XR5000 Integration: **Adding, Updating and Deleting Animals**.
- Tru-Test XR5000 Integration: **Drafting**.

- Die XR5000 se drywers en sagteware (Tru-Test Data Link) moet vooraf op die rekenaar geïnstalleer wees op Windows voordat BenguFarm in staat sal wees om met die XR5000 te kommunikeer. Hierdie drywers en sagteware word deur Tru-Test agent verskaf saam met die skaal. Indien nodig, kontak asseblief die Tru-Test agent in hierdie verband. **Let wel:** Die Tru-Test Data Link sagteware moet *toe* wees vir BenguFarm om met die skaal te kommunikeer. Skakel die skaal aan en verbind dit aan die rekenaar met die verskafde USB kabel.
- Gaan in BenguFarm na Data Stuur/Trek In > Tru-Test XR5000 Skaal Integrasie > Skaalveld Opstellings en maak seker die betrokke skaalvelde is korrek opgestel sodat die data wat aangeteken word op die skaal na die korrekte ooreenstemmende velde in BenguFarm ingetrek kan word. Gebruik die **Hulp** funksie vir stap-vir-stap instruksies.
- Maak seker dat, waar van toepassing, die betrokke velde (bv. Kampe) reeds in BenguFarm opgestel is en dat die betrokke item (bv. Ras, Kamp, Kalfseisoen) se *kode* ingevoer word op die skaal wanneer die dierrekords geskep word op die skaal.

## Aanteken van data op die XR5000 skaal:

- **Indien die diere nog glad nie in BenguFarm geskep is nie,** kan die EID leser OF die Tru-Test XR5000 skaal gebruik word om dierrekords te skep en in BenguFarm in te trek:
  - Dit is belangrik om die volgende data aan te teken om die dier se rekord met die nodige basiese data te skep wanneer die data in BenguFarm ingetrek word: Visuele ID-nr (VID) en / of Elektroniese ID-nr (EID) (indien van toepassing), Geslag, Geboortedatum, Raskode en Statuskode. Indien ras- en/of status nie aangeteken word nie, sal die ras by verstek geskep word vanaf die betrokke kudde se opstellings en die status as aktief.
  - Indien die presiese geboortedatum van 'n dier onbekend is, kies 'n benaderde datum, byvoorbeeld 01-10-2018 vir diere gebore in 2018.
  - **Indien geen VID aangeteken word (bv. waar VIDs nie gebruik word nie)** nie en die betrokke opstelling [Opstellings > Kuddes > ID Metodes en Nommering > Skep ID Nr (Visueel) vanaf EID (Elektroniese ID Nr) waar geen ID Nr gespesifiseer is nie] is gedoen, sal die laaste x aantal syfers van die EID outomaties ingevul word as die VID. Indien nie, word die volledige EID as VID gebruik.
  - **Om diere op die Tru-Test XR5000 skaal te registreer**, is dit belangrik om bogenoemde data aan te teken.
- **Indien die diere reeds met VIDs, ens. in BenguFarm geskep is** en dan eers word die EID skyfies aan die diere aangebring, kan die **Tru-Test XR5000 skaal** gebruik word om EIDs in BenguFarm in te trek by bestaande dierrekords. Om dit te kan doen, moet die VID van die betrokke dier PRESIES soos dit op BenguFarm is op die XR5000 ingelees word by die betrokke EID. Wanneer die betrokke skaalsessie data dan in BenguFarm ingetrek word [Data Stuur/Trek In > Tru-Test XR5000 Integrasie > Trek Skaaldata In], merk die opsie Trek Elektroniese ID Nr (EID) Veranderings In en kliek Trek In. **LET WEL:** Maak 'n rugsteun van die BenguFarm databasis vóórdat die EIDs ingetrek word vanaf die XR5000. Sien paragraaf 19 van die handleiding.

## Intrek van data vanaf die XR5000 skaal in BenguFarm:

**Vir 'n video met stap-vir-stap instruksies om data vanaf die XR5000 skaal in te trek,** besoek die BenguFarm "Support Channel" op YouTube by: youtube.com/@BenguFarm > Tru-Test XR5000 Integration – Import Data from the Scale.

- Skakel die skaal aan en verbind die XR5000 aan die rekenaar met die verskafde USB kabel. **Let wel:** Die Tru-Test Data Link sagteware moet TOE wees.
- Maak seker jy is in die betrokke kudde waarna die nuwe diere en/of nuwe data van bestaande ingetrek moet word.
- Gaan na Data Stuur/Trek In > Tru-Test XR5000 Skaal Integrasie > Trek Skaaldata In.
- Kies die betrokke Skaalsessie en kliek op Laai. Gebruik die **Hulp** funksie vir stap-vir-stap instruksies.
- **Om dierrekords wat van diere wat op die XR5000 geregistreer is in BenguFarm te skep**, merk die Onbekend / Skep Nuwe Dier blokkie regs onderaan die skerm en maak 'n regmerkie in die Skep kolom langs die diere wat in BenguFarm geskep moet word. **Wenk:** Merk die Onbekende / Skep Nuwe Dier Mode en gebruik dan die vier knoppies onder links op die skerm om maklik die betrokke (onbekende) diere in die Skep kolom te merk.
- Kliek op Trek In.

## Sorteer ("draft") diere met die XR5000 skaal:

**Vir 'n video met stap-vir-stap instruksies om diere met die XR5000 skaal te sorteer,** besoek die BenguFarm "Support Channel" op YouTube by: youtube.com/@BenguFarm > Tru-Test XR5000 Integration – Drafting.

## Voeg by, opdateer en verwyder diere op die XR5000 skaal:

**Vir 'n video met stap-vir-stap instruksies om diere op die XR5000 skaal by te voeg, opdateer en te verwyder,** besoek die BenguFarm "Support Channel" op YouTube by: youtube.com/@BenguFarm > Tru-Test XR5000 Integration – Adding, Updating and Deleting Animals.

## Hergebruik van EIDs:

- Wanneer 'n dier verkoop word of doodgaan kan die EID weer gebruik word op 'n nuwe dier, behalwe waar die EIDs vir naspeurbaarheid gebruik word, in welke geval die EIDs natuurlik nie hergebruik mag word nie.
- Indien verkope en vrektes op die EID leser of op die BenguFarm MOBILE toepassing aangeteken word, word die betrokke EID Nommers outomaties verwyder wanneer die betrokke data ingetrek word**.** Indien verkope en vrektes direk in BenguFarm aangeteken word en daar is een of meer diere met 'n EID op rekord, sal 'n waarskuwing verskyn met opsies om die EID(s) te verwyder (aanbeveel) of dit te behou. Kies dat die EID(s) verwyder word, behalwe waar die EIDs vir naspeurbaarheid gebruik word, in welke geval die EIDs natuurlik nie verwyder moet word nie.
- **BAIE BELANGRIK**: ***Voordat*** **EIDs hergebruik word:**
    - **Maak seker dat alle diere waarvan die EIDs verwyder is, onaktief is in BenguFarm.**
    - **Gaan in BenguFarm na Diere > Verwyder Elektroniese ID Nrs (EIDs) van Onaktiewe Diere** om te verseker dat alle betrokke EIDs verwyder is van die onaktiewe diere in BenguFarm. **Let wel**: Voordat jy hierdie funksie uitvoer, maak eers seker dat die status van die diere wat verkoop/dood is, onaktief is**.**
    - **Gaan in BenguFarm na Data Stuur/Trek In > Tru-Test XR5000 Skaal Integrasie > Eksporteer Dierrekords na Skaal en kliek Verwyder Diere sonder EIDs op BenguFarm vanaf Skaal** alvorens die skaal gebruik word om registrasies, gewigte of ander data met die hergebruikte EIDs op die skaal aan te teken, om te verseker die EID word met hergebruik aan die *nuwe* dier se rekord gekoppel. Indien nagelaat is om vooraf die Verwyder Diere met Onaktiewe EIDs vanaf Skaal funksie uit te voer om verkoopte en dooie diere te verwyder van die XR5000, sal data teenoor die diere wat vroeer die EID gehad het, aangeteken word. Die gevolg is dat waar skaaldata daarna ingetrek word, afhangende van opstellings, data in BenguFarm gekorrupteer kan word. Gebruik die **Hulp** funksie vir stap-vir-stap instruksies.
    - Indien nagelaat is om EIDs te kanselleer en nuwe kalwings is op die EID leser aangeteken wat nie-gekanselleerde EIDs aan toegeken is, kan die gevorderde opsies gebruik word om daardie diere met die betrokke EIDs onaktief te maak en die EID van die bestaande diere te verwyder.

# Bylaag D

# Agrident en Allflex EID Lesers Data Uitruiling

**Die BenguFarm BEEF module intergreer met die Agrident/Allflex APR500 / APR600 / APR450 / APR650 en AWR300 EID lesers**. Verskillende tipes data soos registrasie van nuwe diere, dekkings, dragtighede, kalwings, gewigte, inentings & doserings, siektes & behandelings, kamp- of bestuursgroep verskuiwings, prosedures, diere gesien ("animal sightings"), liniêre puntings (bv. bouvormpunte), RTU metings, verkope en sterftes kan op die EID leser aangeteken word. Hierdie inligting kan dan in BenguFarm ingetrek word. Toepaslike lys opsies soos kampe, bestuursgroepe, siektes/beserings, medisynes en entstowwe/doseermiddels kan ook van BenguFarm na die EID leser gestuur word.

## Voordat die Agrident/Allflex EID leser gebruik word:

**Vir 'n video met stap-vir-stap instruksies om die Agrident/Allflex EID leser op te stel om met BenguFarm te integreer,** besoek die BenguFarm "Support Channel" op YouTube by: youtube.com/@BenguFarm > Uploading of Tasks to EID Reader – **Agrident/Allflex APR500, 600, 650 and AWR300**.

- **Die EID leser se drywers en sagteware moet geïnstalleer wees** op Windows voordat BenguFarm in staat sal wees om met die EID leser te kommunikeer. Hierdie drywers en sagteware word deur die Agrident/Allflex agent verskaf saam met die EID leser leser. Indien nodig, kontak asseblief die Agrident/Allflex agent in hierdie verband.
- **Kliënte wat van BKB se DSS (Decision Support Services) gebruik maak:**
  - Stel jou BenguFarm agent in kennis dat jy 'n BKB DSS kliënt is. Dit sal dan op BenguFarm se administratiewe stelsel aangeteken word en BenguelaSoft sal 'n *Bevestiging van aktivering van BenguFarm BKB DSS intregasie* epos aan die kliënt stuur.
  - Die BKB DSS take moet in BenguFarm aangeskakel word. Dit word gedoen deur te gaan na Opstellings > Kuddes > Ander > Allflex APR / AWR Taak Kategorie. Verander die opsie van Verstek na BKB - DSS en kliek Stoor. Let op dat die rekenaar aanlyn moet wees wanneer jy hierdie verstelling doen, aangesien jou BKB DSS lidmaatskap teenoor ons administratiewe stelsel bevestig moet word.
- **Om te kies watter tipes data op die EID leser aangeteken kan word**, gaan in BenguFarm na Data Stuur/Trek In > Trek In > Agrident APR500/APR600, AWR300 en Allflex 450/650 Lesers > Verander EID Leser Take. **Baie belangrik**: Take moet NIE verander word indien daar data op die EID leser is wat nog nie ingetrek is in BenguFarm nie. 'n Maksimum van nege take kan op 'n slag op die EID leser opgestel word vir die APR500 leser. Sekere take het opsies sodat die gebruiker die opsie kan kies wat sy spesifieke behoeftes pas. **Let wel:** Die Kansellasies en Kampverskuiwings taak het onderafdelings:
  - Kampverskuiwings / Bestuursgroep verskuiwings*
  - Kansellasies: Oordragte (verkope) / Kansellasies (dood, weg).
- **Om bulle te merk as teelbulle**, gaan in BenguFarm na Diere > Voeg by en Verander Diere (Enkel Dier Uitleg), soek die bul (onthou om die Onktiewe dier filter aan skakel in geval van KI bulle) en merk ("highlight") die bul. Maak 'n regmerkie in die veld "Teel/KI Bul" en Stoor. In die "Mating" taak sal slegs bulle wat in BenguFarm gemerk is as **teelbulle** beskikbaar wees.
- **Om lyste wat op die EID leser gebruik gaan word (bv. kalfseisoene, kampe, bestuursgroepe, entstowwe) op te stel**, gaan in BenguFarm na Opstellings en kies die betrokke opstelling.
- **Om items in die kieslyste vir siektes/beserings, medisynes en entstowwe & doseermiddels wat nie gebruik word nie te verberg en/of addisionele items by te voeg op die EID leser**, gaan in BenguFarm na Opstellings > Siektes, Beserings en Parasiete/Medisynes/Entstowwe, Doseermiddels en Aanvullings. Om items te verwyder, verwyder die regmerkie in die In Gebruik en Toestel kolomme langs die betrokke items. Om items by te voeg, kliek op die "+" regs onder en volooi die besonderhede. Kliek Stoor.
- **Om bogenoemde lyste van Bengufarm na die EID leser te stuur**, gaan nou in BenguFarm na Data Stuur/Trek In > Trek In > Agrident APR500/APR600, AWR300 en Allflex 450/650 Lesers en kliek op Vee Uit en Dateer Leser Data. **Let wel:** Maak seker dat alle data op die EID leser reeds ingetrek is in BenguFarm voordat die Vee Uit en Dateer Leser Data Op funksie uitgevoer word.

## Aanteken van data op die Agrident/Allflex EID leser:

- **Indien die diere nog glad nie in BenguFarm geskep is nie,** kan die EID leser gebruik word om dierrekords te skep en in BenguFarm in te trek:
  - Dit is belangrik om die volgende data aan te teken om die dier se rekord met die nodige basiese data te skep wanneer die data in BenguFarm ingetrek word: Visuele ID-nr (VID) en / of Elektroniese ID-nr (EID)

(indien van toepassing), Geslag, Geboortedatum, Raskode en Statuskode. Indien ras- en/of status nie aangeteken word nie, sal die ras by verstek geskep word vanaf die betrokke kudde se opstellings en die status as aktief.
    - Indien die presiese geboortedatum van ’n dier onbekend is, kies ’n benaderde datum, byvoorbeeld 01-10-2018 vir diere gebore in 2018.
    - **Indien geen VID aangeteken word (bv. waar VIDs nie gebruik word nie)** nie en die betrokke opstelling [Opstellings > Kuddes > ID Metodes en Nommering > Skep ID Nr (Visueel) vanaf EID (Elektroniese ID Nr) waar geen ID Nr gespesifiseer is nie] is gedoen, sal die laaste x aantal syfers van die EID outomaties ingevul word as die VID. Indien nie, word die volledige EID as VID gebruik.
    - **Om diere op die EID leser te registreer**, moet die registrasie taak gebruik word.
- **Indien die diere reeds met VIDs, ens. in BenguFarm geskep is** en dan eers word die EID skyfies aan die diere aangebring, kan die registrasie taak op die EID leser gekies word, die EID gelees word met die EID leser en die VID van die betrokke dier PRESIES soos dit op BenguFarm is op die EID leser ingelees word sonder om al die ander velde van die registrasie taak te voltooi. Wanneer die data dan vanaf die EID leser in BenguFarm ingetrek word, sal slegs die EIDs in BenguFarm bygevoeg word tot die betrokke diere se bestaande rekords, sonder om ander velde te verander. **Wenk:** Die **Tru-Test XR5000 skaal** kan as alternatief tot die EID leser gebruik word om EIDs in BenguFarm in te trek by bestaande dierrekords. Om dit te kan doen, moet die VID van die betrokke dier PRESIES soos dit op BenguFarm is op die XR5000 ingelees word by die betrokke EID. Wanneer die betrokke skaalsessie data dan in BenguFarm ingetrek word [Data Stuur/Trek In > Tru-Test XR5000 Integrasie > Trek Skaaldata In], merk die opsie Trek Elektroniese ID Nr (EID) Veranderings In en kliek Trek In. **LET WEL:** Maak ‘n rugsteun van die BenguFarm databasis vóórdat die EIDs ingetrek word vanaf die EID leser (of die XR5000). Sien paragraaf 19 van die handleiding.
- **Aantekening van Kalwings:**
    - Op die Kalwing skerm kan die **vader van die kalf** nie aangeteken word nie. Met die intrek van die kalwing data koppel BenguFarm die vader aan die betrokke kalf op grond van die dekkingsdata van die betrokke koei/vers. Om te verseker dat met die intrek van die data vanaf die EID leser in BenguFarm die betrokke vader gekoppel word aan elke kalf, maak seker dat die betrokke dekkings/embrio inplantings (en dragtigheidsondersoek uitslae, indien van toepassing) reeds aangeteken is in BenguFarm BEEF *voordat* kalwings aanteken word. Indien daar meer as een dekking (bv. KI en natuurlik) kwalifiseer (m.a.w. wat binne die minimum en maksimum dragtigheidsperiode is soos opgestel by Opstellings > Kuddes > Dekkings, Dragtighede en Lammings) as die moontlike dekking, sal BenguFarm by verstek die *tweede* dekking kies as die vader wanneer die kalwings ingetrek word. Indien daar nie ’n dekking op rekord is binne die minimum en maksimum dragtigheidsperiode nie, sal die vader nie gekoppel kan word nie en sal dan ?ONBEKEND? wees. **Nota**: Indien daar wel ’n dekking(s) op rekord is, maar die vader nie gekoppel is met intrek van die data nie, kan dit agterna met ’n admin funksie gekoppel word. Kontak jou BenguFarm agent om met laasgenoemde te help.
    - **Aborsies, doodgebore kalwers asook kalwers wat dood is kort na geboorte** moet ook aangeteken word om die betrokke ooie se dragtigheidstatus te verander en om hul reproduksierekords volledig te maak. Op die Kalwing skerm kan die lamstatus by geboorte (bv. lewendig, aborsie, dood gebore) ongelukkig nie aangeteken word nie. Ons beveel aan dat die volgende prosedure gevolg word vir die aantekening van aborsies en dooie kalwers:
        - Neem ‘n EID en merk dit **“Dooie Kalf”** en hou dit altyd byderhand wanneer kalwings aangeteken word. Gebruik hierdie EID vir ALLE dooie kalwers. Wanneer kalwingsdata ingetrek word in BenguFarm, kies die opsie “Merk kalwers met EID as onaktief” en vul die “Dooie Kalf” EID Nommer in die bokkie in. Alle (dooie) kalwers met hierdie EID sal dan met intrek van die kalwings outomaties met kalfstatus Dood na Geboorte en status Onakief aangeteken word in BenguFarm.
        - Gee ’n **fiktiewe visuele nommer** (VID) vir sulke kalwers, bv. 22**9001** (volgnommer buite die normale reeks) vir die eerste dooie kalf in 2022, 22**9002** vir die twee een, ens.
- **Om verkope en vrektes op die EID leser aan te teken**, gaan na die die “Kansellasies en Kampverskuiwings” taak en kies die “Kansellasies > Oordragte” (vir verkope) of die “Kansellasies > Verwyder” (vir vrektes of uitskotte) opsie.

## Intrek van data vanaf die Agrident/Allflex EID leser in BenguFarm:

- Verbind die EID leser met die rekenaar met die verskafde USB kabel.
- Indien meer as een kudde in BenguFarm opgestel is en registrasies ingetrek word, gaan na die betrokke kudde in BenguFarm. **Let wel**: Indien kalwings ingetrek word, sal die kalf ingetrek word in die kudde waarin die koei is, behalwe waar die koei onbekend is, in welke geval die kalf ingetrek sal word in die kudde waarin jy is wanneer die data ingetrek word.
- Gaan in BenguFarm na Data Stuur/Trek In > Trek In > Agrident APR500/APR600, AWR300 en Allflex 450/650 Lesers. BenguFarm sal outomaties die EID leser opspoor en konnekteer.

- Maak seker die **intrekopsies** is korrek.
- Kliek op Trek Data van Leser In om te begin met die intrek van die data. BenguFarm sal die data van die leser haal en probeer om dit in te trek. As ou data wat voorheen ingetrek is, weer ingetrek word, sal die sagteware die gebruiker in kennis stel en die duplikaatdata ignoreer.
- Met intrek van **dekkings** vanaf die EID leser, sal die kalfseisoen waarmee die dekdatums ooreenstem, outomaties bygevoeg word. Indien geen kalfseisoen gevind word waar die dekdatums ooreenstem nie, sal die kalfseisoen wat op BenguFarm as die Huidige Kalfseisoen gekies is, bygevoeg word.
- Sien die paragraaf Aantekening van **Kalwings** hierbo vir verduideliking van koppeling van die vader aan die kalf met die intrek van kalwings.
- Met intrek van **kalwings** vanaf die EID leser sal die kalfseisoen wat op BenguFarm as die Huidige Kalfseisoen gekies is, outomaties bygevoeg word.
- 'n Log van die intrek aktiwiteit sal op die skerm vertoon word. Gaan deur die lys en kontroleer dat alle rekords ingetrek is. Maak 'n aantekening van foute wat in rooi uitgelig word. In die meeste gevalle is dit waar 'n dier nie gevind kan word in BenguFarm nie. 'n Dier kan nie gevind word indien die EID (Elektroniese ID Nr) van die dier nie in BenguFarm is nie of indien dit verkeerd is in BenguFarm. Elektroniese ID Nrs van diere kan in BenguFarm aangeteken word by Diere > Verander Diere (Tabel Uitleg). Sodra ontbrekende Elektroniese ID Nrs aangeteken is, probeer weer om die data van die EID leser in te trek.
- Nadat die data ingetrek is, kan diere gekies word en aan groepe of kampe gekoppel word deur op Koppel Diere aan Groep te kliek. Indien nodig, kan addisionele data van 'n dier aangevul word om die diere se data meer volledig te maak. Sien die Aanteken van addisionele data in BenguFarm paragraaf hieronder.
- **Nota:** Wanneer data ingetrek word vanaf die EID leser, word die betrokke data leer ook outomaties gestoor (normaalweg by C:/Program Files (x86)/BenguelaSoft/BenguFarm/Electronic/APR/), vir ingeval dit later (nadat die data uitgevee is op die EID leser) benodig word. Hierdie lêers is slegs bedoel vir kontrole doeleindes en moet NIE weer op 'n latere stadium ingetrek word NIE, aangesien dit die BenguFarm databasis korrup kan maak.

## Uitvee van data en opdatering van lyste op die Agrident/Allflex EID leser:

- **Nadat die EID leser data ingetrek is in BenguFarm,** maak eers seker dat alles korrek en volledig is deur die betrokke data te kontroleer op die hoofskerm. Indien alles korrek en volledig is, moet die bestaande data op die EID leser uitgevee word. Om dit te doen, kliek op Vee Uit en Dateer Leser Data Op.
- **BAIE BELANGRIK:** *Voordat* EIDs hergebruik word, is dit krities belangrik dat die Vee Uit en Dateer Leser Data Op stap gedoen word – sien die paragraaf oor die hergebruik van EIDs hieronder.
- Tydens die uitvee en opdatering proses sal toepaslike lyste soos teelbulle, kampe, bestuursgroepe, siektes/beserings, medisynes en en entstowwe/doseermiddels van BenguFarm na die EID leser gestuur word om die betrokke lyste op die EID leser te opdateer.
- Sodra die uitvee en opdatering proses klaar is, maak die Agrident APR500/APR600, AWR300 en Allflex 450/650 Lesers Data Uitruiling skerm toe en ontkoppel die EID leser van die rekenaar.

## Hergebruik van EIDs:

- Wanneer 'n dier verkoop word of doodgaan kan die EID weer gebruik word op 'n nuwe dier, behalwe waar die EIDs vir naspeurbaarheid gebruik word, in welke geval die EIDs natuurlik nie hergebruik mag word nie.
- Indien verkope en vrektes op die Agrident/Allflex EID leser of op die BenguFarm MOBILE toepassing aangeteken word, word die betrokke EID Nommers outomaties verwyder wanneer die betrokke data ingetrek word**.** Indien verkope en vrektes direk in BenguFarm aangeteken word en daar is een of meer diere met 'n EID op rekord, sal 'n waarskuwing verskyn met opsies om die EID(s) te verwyder (aanbeveel) of dit te behou. Kies dat die EID(s) verwyder word, behalwe waar die EIDs vir naspeurbaarheid gebruik word, in welke geval die EIDs natuurlik nie verwyder moet word nie.
- **BAIE BELANGRIK: *Voordat* EIDs hergebruik word:**
    - **Maak seker dat alle diere waarvan die EIDs verwyder is, onaktief is in BenguFarm.**
    - **Gaan in BenguFarm na Diere > Verwyder Elektroniese ID Nrs (EIDs) van Onaktiewe Diere** om te verseker dat alle betrokke EIDs verwyder is van die onaktiewe diere in BenguFarm. **Let wel**: Voordat jy hierdie funksie uitvoer, maak eers seker dat die status van die diere wat verkoop/dood is, onaktief is**.**
    - **Gaan in BenguFarm na Data Stuur/Trek In > Trek In > Agrident/Allflex APR450/500/600/650 en AWR300 Lesers en kliek Vee Uit en Dateer Leser Data Op** alvorens die EID leser gebruik word om registrasies of kalwings met die hergebruikte EIDs aan te teken om te verseker die EID word met hergebruik aan die *nuwe* dier se rekord gekoppel. Indien nagelaat is om vooraf die Vee Uit en Dateer Leser Data Op funksie uit te voer om verkoopte en dooie diere te verwyder van die EID leser, sal enige nuwe diere wat op die EID leser aangeteken word, onmiddelik weer gekanselleer word. Dit is dus krities dat daar geen ou verkope of vrektes (oordragte of kansellasies) rekords op die EID leser oor is nie.

## Aanteken van addisionele data in BenguFarm BEEF:

Sekere take op die Agrident/Allflex EID leser maak nie voorsiening vir die aantekening van *alle* data waarvoor BenguFarm BEEF voorsiening maak nie. Die Dekkings taak maak byvoorbeeld nie voorsiening om dekkings te koppel aan 'n sekere kalfseisoen nie. Sulke data kan, nadat die data ingetrek is vanaf die EID leser, in BenguFarm bygevoeg word deur na die betrokke tipe data se aantekenskerm te gaan (bv. Reproduksie > Natuurlike Dekkings), te kliek op Laai Bestaande Rekords en die addisionele/ontbrekende data by te voeg. Om algemene dierdata (bv. Kalfseisoen) by te voeg of the verander, gaan na Diere > Verander Diere (Tabel Uitleg). Gebruik die **HULP** funksie indien nodig.

**Data wat nie op die Agrident/Allflex EID lesers aangeteken kan word nie:**
Afhangende van watter taak opsie by sekere take gekies word, kan die volgende data nie op die EID leser aangeteken word nie:

- **Registrasie > (Nuwe dier / Oorplaatjie verandering):**
  - Ras
  - Geboortedatum onseker
  - Kamp, datum geskuif, rede geskuif
  - Vader en Moeder
  - Teelbul
  - Aankoopdatum, prys, by wie gekoop
- **Sinchronisasie:**
  - Gedoen deur (persoon)
  - 1ste Inspuiting Datum
  - 2de Inspuiting Datum
  - Uitgehaal Datum
  - Koste per Dier
  - Opmerking
- **Dekkings (Natuurlik / KI)**
  - Kalfseisoen* (Met intrek van data vanaf die EID leser, sal die kalfseisoen waarmee die dekdatums ooreenstem, outomaties bygevoeg word. Indien geen kalfseisoen gevind word waar die dekdatums ooreenstem nie, sal die kalfseisoen wat op BenguFarm as die Huidige Kalfseisoen gekies is, bygevoeg word).
  - Semen Tipe (KI)
  - Insemineerder (KI)
  - Koste per Dier (KI)
  - Besending Nr (KI)
  - Opmerking
- **Dragtigheidsondersoek:**
  - Metode (bv. Sonar)
  - Gedoen deur (persoon)
  - Koste per Dier
  - Opmerking
- **Kalwing:**
  - Kalfseisoen* (Met intrek van data vanaf die EID leser, sal die kalfseisoen wat op BenguFarm as die Huidige Kalfseisoen gekies is, outomaties bygevoeg word).
  - Kamp en Kamp verskuiwing
  - Status by geboorte (bv. lewend, aborsie, doodgebore, dood na geboorte) [Taak 8014 maak voorsiening dat kalfstatus by geboorte op die EID leser aangeteken kan word].
  - Status tans (bv. aktief, onaktief)
- **Weeg:**
  - Verander (waar toepaslik) Gewigtipe (bv. Algemene Gewig na Speengewig)
- **Inentings (ook doserings, dip, aanvullings):**
  - Geënt/doseer teen (siekte)
  - Besending Nr
  - Koste per Dier
  - Geënt/doseer deur (persoon)
  - Opmerking
- **Siektes en Beserings:**

    - Besending Nr
    - Medisyne koste
    - Veearts koste
    - Opmerking
- **Kansellasies en Kampverskuiwings > Kansellasies > Verkoop (oordrag) / Dood (verwyder):**
    - Prys (indien verkoop)
    - Rede
    - Amptelike rede (slegs stoet)
    - Verlaat plaas datum
    - Inkomste basis (bv. Per Kg Lewende Gewig)
    - Inkomste per kg
    - Dier Gewig
    - Karkas Gewig
    - Karkas Klassisifikasie
    - Verlies (Randwaarde – indien dood, vermis, gesteel)
    - Opmerking

# Bylaag E

# Tru-Test EID Lesers Data Uitruiling

**Die BenguFarm BEEF module intergreer met die Tru-Test SRS2/SRSi/XRS2/XRS2i EID lesers**. Verskillende tipes data soos registrasie van nuwe diere, dekkings, dragtighede, kalwings, gewigte, inentings & doserings, siektes & behandelings, kamp- of bestuursgroep verskuiwings, prosedures, diere gesien ("animal sightings"), liniêre puntings (bv. bouvormpunte), RTU metings, verkope en sterftes kan op die EID leser aangeteken word. Hierdie inligting kan dan in BenguFarm ingetrek word. Toepaslike lys opsies soos kampe, bestuursgroepe, siektes/beserings, medisynes en entstowwe/doseermiddels kan ook van BenguFarm na die EID leser gestuur word.

## Voordat die Tru-Test SRS2/SRSi/XRS2/XRS2i EID leser gebruik word:

**Vir 'n video met stap-vir-stap instruksies om die Tru-Test SRS2, SRS2i, XRS2 of XRS2i EID leser op te stel om met BenguFarm te integreer**, besoek die BenguFarm "Support Channel" op YouTube by: youtube.com/@BenguFarm > Uploading of Tasks to EID Reader – Tru-Test EID Reader Integration **- SRS2, XRS2 of XRS2i.**

# Bylaag F

# Embrio Spoelings en -Inplantings

## Prosedure om embrio spoelings en -inplantings aan te teken in BenguFarm:

**1. Skenker koeie en KI bulle:**

1.1. Maak seker dat die embrioskenker koeie/verse en die KI bulle waarmee hulle geïnsemineer gaan word op rekord is in die stoetkudde op BenguFarm.

1.2. Om te verseker dat die embrioskenker koeie/verse bo-aan die lys van vroulike diere op die Embrio Spoelings en Voorraad skerm vertoon word, gaan na die Voeg By en Verander Diere (Enkel Dier Uitleg) skerm, soek die toepaslike vroulike dier en verlig ("highlight") die dier se ID Nr. Maak 'n merkmerk in die veld "Ova Skenker" en kliek op Stoor. Dit sal ook verseker dat die embrioskenker koeie/verse op die APR500 / APR600 EID-leser (waar van toepassing) opgelaai word en bo-aan die lys van vroulike diere gelys word wanneer embrio spoelings aangeteken word.

**2. Skep dierrekords vir die (kommersiële) ontvanger koeie:**

2.1. Om embrio inplantings aan te teken, moet daar dierrekords vir die ontvanger koeie in BenguFarm wees. Ten einde die proses vir die aantekening van embrio spoelings en inplantings, data versending na Stamboek en algemene administrasie te vergemaklik, stel ons voor dat die ontvanger koeie in **dieselfde** (stoet) kudde moet wees as die kudde waarin die skenker koeie is.

2.2. Indien die ontvangerkoeie nog nie dierrekords in BenguFarm het nie, gaan in die stoetkudde na Diere > Voeg Dier by Wizard en skep dierrekords met die beskikbare inligting vir die betrokke ontvanger koeie.

2.3. **Let wel:** Indien die ontvanger koeie kommersiële (nie-stoet) koeie is, moet in ag geneem word dat die skep van hul dierrekords in die stoetkudde sal beteken dat die aantal diere in die stoetkudde nie korrek sal wees nie. Hou dit in gedagte wanneer na die Diergetalle en –Waardes verslag, die Kuddelys verslag en die Diere per Kamp of Groep verslae gekyk word. Dit sal ook beteken dat wanneer die Vergelyk BenguFarm en Logix Kuddelyste verslag geskep word, die BenguFarm kuddelys noodwendig sal verskil van die Logix kuddelys.

**3. Teken dekkings (gewoonlik KI) aan vir die skenker koeie:**

3.1. Gaan na Reproduksie > Dekkings > Kunsmatige Inseminasie/Laparoskopieë (of Natuurlike Dekkings) en teken die dekkings aan vir die stoet skenker koeie.

**4. Teken spoelings aan:**

4.1. Gaan na Reproduksie > Embrio Spoelings en Voorraad.

4.2. Kies die koei wat gespoel is (links bo-aan die skerm) en kliek Voeg By. Vul die besonderhede van die spoeling in en kliek Stoor. **Nota**: Ons beveel aan dat jy by Groepnommer die skenker koei se ID Nommer en spoeldatum (bv. AB110025 15-11-2014) invul.

4.3. Om 'n verslag van embriospoelings te skep, gaan na: Verslae > Reproduksie > Embrio Spoelings.

**5. Teken embrio voorraad aan:**

5.1. Gaan na Reproduksie > Embrio Spoelings en Voorraad.

5.2. Kies die Skenker Koei (links bo-aan die skerm), kies die Groep Nommer, vul die toepaslike velde in die Multi Verander / Voeg Nuwe By gedeelte van die skerm in en kliek Voeg Embrios By.

5.3. Op die skermpie wat in die regkantse boonste hoek oopgemaak het, vul die embrios se besonderhede in en kliek Skep. Vul by Agtervoegsel die skenker koei se nommer in. Die embrio nommer sal dan geskep word met die die hoeveelste embrio gevolg deur die skenker koei se nommer, bv. **1**ABC150020, **2**ABC20150020, ens. Indien nodig, verander die individuele embrios se inligting (bv. die Graad mag verskil tussen embrios). Kliek Stoor.

6. **Teken inplantings aan:**
   6.1. Gaan na Reproduksie > Dekking/KI//Embrio Inplanting Wizard > Voeg Nuwe Nuwe Dekking/KI/Embrio Inplanting By > Embrio Inplanting en teken die inplantings van die embrios in die ontvangerkoeie aan.
   6.2. Kies die skenker koei in die Multi Verander / Voeg Nuwe By gedeelte van die venster, kies die bul deur wie die embrio verwek is, kies die ontvanger koei, inplantdatum, ens. Om 'n embrio uit die voorraad in te plant, moet jy in die Embrio Groep en -ID velde die betrokke embrio wat ingeplant is, kies uit die voorraad. Kliek Voeg Dier By en indien alles korrek is, kliek Stoor.
   6.3. Om 'n verslag van embriospoelings en inplantings te skep, gaan na: Verslae > Reproduksie > Embrio Spoelings en Inplantings.

7. **Stuur die inplantings data na Stamboek:**
   7.1. Gaan na Data Stuur/Trek In > Stuur > Stamboek > Embrio Inplantings (Skedule O).
   7.2. Onder Seleksie Kriteria, kies die betrokke inplantings wat jy wil stuur. Nota: Indien jy spesifieke diere kies, is dit die *ontvanger* koeie se nommers wat sal verskyn.
   7.3. Kliek Lys Inplantings Volgens Seleksie Kriteria. Kontroleer of daar enige diere gemerk is onder die Foute afdeling. Indien alles korrek is, kliek Vertoon Drukstuk.
   7.4. Indien alles korrek en volledig is, kliek regs bo-aan die skerm op die drukker knoppie en druk die verslag.
   7.5. Teken die dokument by elke inplanting in afdelings B en D en stuur dit dan na die dataklerk by SA Stamboek wat met die betrokke ras werk.

8. **Teken dragtighede aan:**
   8.1. Gaan na Reproduksie > Dragtigheidsondersoeke en teken die dragtighede van die ontvangerkoeie aan.
   8.2. In die Multi Verander / Voeg Nuwe By gedeelte van die skerm, kies die betrokke kalfseisoen links bo-aan die venster en voltooi die betrokke velde. Kliek regs bo-aan die skerm op Voeg Nuwe Ondersoek By.
   8.3. Voltooi die dragtigheidstydperke en wanneer alles korrek en volledig is, kliek Stoor.

9. **Teken kalwings aan:**
   9.1. Gaan na Reproduksie > Kalwings en teken die kalwers aan wat gebore is uit die embrio inplantings. Let wel: Kies die *ontvanger* koei as die koei wat gekalf het.

10. **Stuur geboortekennisgewings:**
    10.1 Gaan na Data Stuur/Trek In > Stuur > Stamboek/LNR > Geboortekennisgewings. Kliek op Lys Geboortes Nog Nie Gestuur Nie.

## **Prosedure om die kolleksie van oösiete, *in vitro* bevrugting en embrio-inplantings aan te teken in BenguFarm:**

Tans maak BenguFarm nie spesifiek voorsiening vir die aantekening van die kolleksie van oösiete en *in vitro* bevrugting nie. Ons beveel aan dat die kolleksie van die oösiete hanteer word asof dit embrios is, m.a.w. asof die skenkerkoei gedek (gewoonlik KI) is, bevrugting in die skenkerkoei plaasgevind het en die embrios gespoel is. Die stappe om dit aan te teken is dan basies dieselfde as hierbo beskryf vir embrio spoeling en –inplantings.

# Bylaag G

# Breedplan as Diensverskaffer – Opstellings, Data Stuur en -Intrek Funksies

## 1. Opstellings:

- Om die **kudde op te stel**, gaan in BenguFarm BEEF na **Opstellings > Kuddes**:
  - Onder **Algemeen**, vul by **Genootskap LID Nr** jou telersgenootskap/Breedplan lID Nommer (bv. 0123456, sonder die raskode) in en kliek op **Stoor**.
  - **Diensverskaffers**:
    - By **Registrasie, Prestasie en Teelwaardes** kies **Breedplan** as die diensverskaffer.
      **Nota**: BenguFarm BEEF sal vir jou 'n opsie gee om die **ID formaat** van nuwe diere in jou kudde te verander na die Breedplan formaat (YYNNNNHHHH). Kies hier **"Nee".** (Die verstek format, nl. HHHHYYNNN, word aanvaar deur die meeste telersgenootskappe en Breedplan). [Indien jy per abuis "Ja" gekies het, kan jy die diere wie se ID Nommers nou in die Breedplan format is terug verander na die ou formaat (HHHHYYNNNN), m.a.w. eers die Kuddekenmerk dan die Jaar van Geboorte en dan die Volgnommer. Om dit te doen, gaan na Lêer > Ondersteuning > Verander ID Nommers en/of Name. Kies dan opsie 1 met die verstek formaat (HHHHYYNNNN)].
    - By **Telersgenootskap,** kies jou telersgenootskap, bv. SASANTA (SA Santa Gertrudis).
    - By **Epos Dekkings, Geboortekennisgewings, Oordragte en Kansellasies**, vul in jou **registrerende owerheid/telersgenootskap se epos adres**, bv. info@limousin.co.za.
    - By **Epos Prestasietoetsdata**, vul in jou **registrerende owerheid/ telersgenootskap se epos adres**, bv. info@limousin.co.za en kliek op **Stoor**.
  - **Prestasietoetsdata:**
    - By **Maksimum Toelaatbare Ouderdomsverskil tussen Diere in Dieselfde Prestasietoetsgroep** (dae), kies 100 dae.
    - By **Prestasietoets Fases waarin Diere Getoets Word,** merk die betrokke **Breedplan gewigte** (regterkantste kolom) wat jy normaalweg gaan aanteken. [Hierdie opstelling is nie krities nie – dit word net gebruik in die BenguFarm BEEF Dagboek om jou te herinner om diere te weeg op die betrokke datums vir die gekose gewigte]. Kliek op **Stoor.**
  - **Let wel:** Maak asseblief jou BenguFarm BEEF toe en weer oop vir die Breedplan funksies om te vertoon by Data Stuur/Trek In.
- Om **verdere Breedpan opstellings** te doen, gaan in BenguFarm BEEF na **Opstellings > Breedplan** (heel onder-aan die lys):
  - Hier kan opstellings gedoen word vir **Waarnemingskodes**, **Bestuursgroepe** en **Prestasietoetsgroepe** soos benodig. Kliek op die **"+"** regs onder aan die skerm om 'n nuwe rekord te skep en vul die betrokke Kode en Naam (beskrywing) in. Kliek op **Stoor.**
  - Hier kan jy ook die nuutste **Ras- en Kuddegemiddelde Teelwaardes** aanteken as jy wil hê dit moet vertoon word op BenguFarm BEEF hoofskerm saam met 'n dier se eie teelwaardes. Kliek op **Stoor**.

  **Nota**: Indien nodig, skakel asseblief met jou telersgenootskap of met Breedplan vir inligting oor hoe om die Breedplan opstellings hierbo te doen.

## 2. Intrek van Breedplan data ontvang van die telersgenootskap:

- **Kontak asseblief jou telersgenootskap en versoek hulle om vir jou die volgende Breedplan lêers te stuur** vir intrek in plaassagteware soos BenguFarm:
  - ANIMALS.DAT óf ANIMALS.CSV
  - WEIGHTS.DAT óf WEIGHTS.CSV
  - TRAITS.DAT óf TRAITS.CSV
  - GROUPEBV.DAT óf EBV_EXTENDED.CSV
  - COMPUTER NUMBERS.DAT
- **Om hierdie Breedplan datalêers in te trek,** gaan na Data Stuur/Trek In > Trek In > Databasis > BreedPlan. Maak seker die kudde en ras (bo-aan die skerm) is korrek. Maak ook seker die kudde se Genootskap LID Nommer is opgestel by Opstellings > Kuddes > Algemeen. **Let wel:** Indien die datalêer in

zip formaat ontvang is, moet die DAT of CSV lêers eers "extract" word. Kliek regs op die zip lêer en kies Extract All.

- Om die **dierdata** lêer in te trek, gaan na **Stap 1: Trek Hoof (Diere) Lêer In**, kliek op "Soek…" en kies die "**..._ANIMALS.DAT**" óf **..._ANIMALS.CSV** lêer. Kliek op "Trek in".
  **Let wel:**
  - Hierdie funksie sal slegs diere skep indien die dier *nie* reeds in BenguFarm BEEF databasis is *nie*.
  - Bestaande diere word by verstek onveranderd gelaat. Indien bestaande diere se data (bv. teelwaardes) opgedateer moet word, maak seker die opsie Dateer Bestaande Diere Op gemerk is. Let op dat EBVs ingetrek word vanaf die GROUPEBV lêer, nie die ANIMALS lêer nie.
  - Bestaande diere word slegs op rekenaarnommer of amptelike ID nommer gesoek. Indien die dier alreeds in die BenguFarm BEEF databasis is, maar die rekenaarnommer en amptelike ID nommer *nie* ingevul is *nie*, sal hierdie funksie *nie* die bestaande dier identifiseer *nie* met die gevolg dat 'n nuwe dierrekord geskep sal word wat in effek 'n duplikaat van die oorspronklike dier sal wees.
  - Nadat die ANIMALS lêer ingetrek is, gaan na Diere > Verander Diere (tabel uitleg). Kliek op Laai 'n Nuwe Seleksie van Diere, skakel die Onaktiewe filter aan en kies ALLE diere. Terug in die Verander Diere skerm, by Kies Velde om te Vertoon kies Kuddekenmerk, Jaar en Volgnommer. Maak seker dat hierdie velde volledig en korrek is vir ALLE diere. Voltooi/verander waar nodig. Stoor.
- Om die **gewigte en eienskappe** lêer in te trek, gaan na **Stap 2: Trek Lêer met Gewigte en Eienskappe In**, kliek op "Soek…" en kies die "**..._ TRAITS.CSV**" lêer. Kliek op "Trek in".
- Om die **gewigte** lêer in te trek, gaan na **Stap 2: Trek Lêer met Gewigte In (Breedplan Ou Formaat)**, kliek op "Soek…" en kies die "**..._WEIGHTS.DAT**" lêer. Kliek op "Trek in".
- Om die **eienskappe** lêer in te trek (indien van toepassing), gaan na **Stap 3: Trek Lêer met Eienskappe In (Breedplan Ou Formaat)**, kliek op "Soek…" en kies die "**..._TRAITS.DAT**" lêer. Kliek op "Trek in".
- Om die **rekenaarnommers** lêer in te trek, gaan na **Stap 1b: Trek Lêer met Rekenaar Nrs In**, kliek op "Soek…" en kies die "**..._COMPUTER NUMBERS.DAT**" lêer. Kliek op "Trek In".
- Om die **teelwaardes** lêer in te trek, gaan na Data Stuur/Trek In > Trek In > BreedPlan > Teelwaardes. Kliek op "Soek…" en kies die "..._**GROUPEBV**.DAT" óf **EBV_EXTENDED.CSV** lêer. Kliek op "Trek In". **Let wel:** die Breedplan kudde- en rasgemiddelde teelwaaredes word *nie* ingesluit in die Breedplan EBV lêer nie. Om die nuutste ras- en kuddegemiddelde teelwaardes per hand in te voer in BenguFarm, sien paragraaf 1 hierbo.
- Om **prestasietoetsdata** verwerk deur die LNR se Intergis in te trek, gaan na Data Stuur/Trek In > Trek In > LNR > Diensverskaffer Berekende Prestasietoetsdata.

## 3. Aanteken van dekkings:

- **Let asseblief op die volgende rakende die aanteken van dekkings om te verseker dat die dekkings- en geboortedata wat na die betrokke telersgenootskap gestuur word, aanvaar sal word deur die Breedplan stelsel:**
  - Behalwe vir die ID Nommers, moet die betrokke bulle se Kuddekenmerk (KKM), Jaar en Volgnommer velde en/of die die Dier se Naam moet ingevul wees in BenguFarm voordat die dekkings aangeteken word. Om dit te kontroleer en/of dit in te vul waar dit ontbreek, gaan na Diere > Verander Diere (Tabel Uitleg). Onder Kies Kolomme Om te Vertoon, kies die velde Kuddekenmerk, Jaar en Volgnommer. Maak seker hierdie drie velde is voltooi vir alle diere.
  - Indien **multi-bulle dekkings** gedoen word, moet multi-bulle groepe voor die tyd by BreedPlan geregistreer word. Kontak jou telersgenootskap vir die prosedure om 'n multi-bul groep te registreer. BreedPlan sal 'n naam aan daardie multi-sire groep toeken. VOORDAT jy dekkings aanteken, moet jy dus eers die groep by Breedplan registreer en die groep se naam by hulle kry. Let op dat alle bulle in 'n groep se afdeling SP moet wees. Sodra die groep se naam ontvang is, moet jy in BenguFarm 'n manlike dier met daardie kode skep. Die maklikste om dit te doen is by Diere > Voeg Diere by Wizard. Sit die groep se naam in as die ID Nr (Visueel) en die Amptelike ID. Jy kan so 'n "bul" onaktief maak (dis nie 'n werklike dier nie). Merk die "bul" as "Teel/KI Bul" sodat hy bo-aan die lys verskyn waar 'n bul gekies moet word wanneer dekkings aangeteken word. Jy teken dus dekkings en geboortes aan met hierdie dekbeeldige "bul". Die dekkings sal sodoende NIE in BenguFarm met 'n regmekrie as "Multisire" gemerk word nie. BreedPlan tel die multi-bulle op omdat jy die naam van

die multi-bul groep as "bul" gebruik het. Wanneer geboortes aangeteken word, moet hierdie groepnaam gekies word as die "vader".

## 4. Stuur data na jou registrerende owerheid/telersgenootskap:

- **Om data te stuur na die betrokke telersgenootskap/registrerende owerheid**, gaan na Data Stuur/Trek In > Stuur > Breedplan.
  - **Om dekkings te stuur**, kliek op Dekkings. Indien Kalfseisoen gekies word, sal alle dekkings gekoppel aan daardie kalfseisoen gestuur word. Indien Dekkings tussen Datums gekies word al alle dekking in daardie tydperk gestuur word PLUS dekkings vanaf die koei se vorige kalfdatum tot en met die volgende kalfdatum (indien van toepassing) [soos bereken volgens die aanvanklike seleksie van dekkings], anders tot op die datum waarop dit gestuur word. Kliek nou op Skep Elektroniese Lêer om 'n elektroniese lêer van die betrokke data te skep. BenguFarm BEEF sal nou poog om die elektroniese lêer outomaties aan 'n e-pos boodskap te heg en in jou verstek e-pos program (bv. Outlook) se "Outbox" te plaas.
  - **Om geboortekennisgewings te stuur**, kliek op Geboortekennisgewings > Lys Geboortes nog nie Gestuur nie. Kliek nou op Skep Elektroniese Lêer om 'n elektroniese lêer van die betrokke geboortes te skep. BenguFarm BEEF sal nou poog om die elektroniese lêer outomaties aan 'n e-pos boodskap te heg en in jou verstek e-pos program (bv. Outlook) se "Outbox" te plaas. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
  - **Om gewigte, mates en skandeer data** (insluitende eienskappe, waar van toepassing) **te stuur**, kliek Gewigte, Mates en Skandeer Data en kies die betrokke prestasietoets of gewigte geneem tussen datums. Kliek op Skep Breedplan Elektroniese Lêer om 'n elektroniese lêer van die betrokke data te skep. BenguFarm BEEF sal nou poog om die elektroniese lêer outomaties aan 'n e-pos boodskap te heg en in jou verstek e-pos program (bv. Outlook) se "Outbox" te plaas.
  - **Om oordragte en kansellasies te stuur**, kliek op Oordragte en Kansellasies > Lys Kansellasies en Oordragte wat nog nie Gestuur is nie. **LET OP: Oordragte en Kansellasies kan nie elektronies gestuur word nie.** Wanneer die betrokke diere gekies is, kliek op (Druk) Oordragte of (Druk) Kansellasies afhangend van watter data jy wil stuur. Kliek op Eksporteer en skep 'n pdf formaat lêer. Let op waar jy die lêer stoor word. Skep 'n nuwe e-pos boodskap met jou e-pos program (bv. Outlook), heg die lêer aan die e-pos en stuur dit na die betrokke telersgenootskap/registrerende owerheid. Gebruik die **Hulp** funksie indien nodig.
- Indien BenguFarm BEEF vir een of ander rede **nie** die elektroniese lêer outomaties aan 'n e-pos kan heg nie, sal 'n boodskap verskyn om jou hiervan te waarsku. Let op waar jy die lêer stoor wat aan die e-pos geheg moet word (bv. C:\BenguFarm\Beef\Exports\Kudde of C:\Program Files\BenguelaSoft\BenguFarm\Electronic\Send). Volg die instruksies op die boodskap skerm vir hulp om self 'n nuwe e-pos boodskap met jou e-pos program (bv. Outlook) te skep, die betrokke lêer aan die e-pos te heg en dit te stuur na die betrokke telersgenootskap/registrerende owerheid.

# Bylaag H

# Berekenings in BenguFarm-BEEF – Beskrywings en Seleksie Riglyne

| Fases en Eienskappe | Beskrywing |
|---|---|
| **Algemeen** | |
| Ouderdom van Dier | Die ouderdom van 'n dier word as volg vertoon op die hoofskerm:<br>• 0 – 634 dae in Dae<br>• 635 - 730 dae in Maande<br>• 731+ dae in Jare. |
| Grootvee-eenhede (GVE) | Die GVE berekening in BenguFarm word gedoen volgens die kategorie waarin die dier is (bv. Volwasse Koeie) en die gemiddelde raamgrootte van jou koeie soos opgestel by Opstellings > Kuddes > Liggaamsmates > Koeie se Raamgrootte. Om te sien hoe die die kategorieë in BenguFarm opgestel word, gaan na Verslae > Dierlyste en Getalle > Diergetalle en -waardes > Kies Metode van Berekening en kliek op die opstellingsikoon (notaboekie met pen). |
| **Reproduksie en Geboorte** | |
| Verwagte Kalfdatum | Verwagte kalfdatum berekenings in BenguFarm hang eerstens daarvan af of daar 'n dragtigheidsondersoek vir die betrokke dier gedoen is of nie:<br>1. Indien 'n dragtigheidsondersoek gedoen is, die dier dragtig bevind is en die tydperk dragtig aangeteken is in BenguFarm, word die verwagte kalfdatum as volg bereken: Ondersoekdatum MINUS Tydperk dragtig op ondersoekdatum PLUS Normale dragtigheidsperiode (soos opgestel by Opstellings > Kuddes > Dekking, Dragtigheid en Kalwing).<br>2. Indien 'n dragtigheidsondersoek wel gedoen is, die dier dragtig bevind is, maar die tydperk dragtig nie aangeteken is in BenguFarm nie:<br>2.1. Die *vroegste* moontlike kalfdatum (indien gekies by Opstellings > Kuddes > Dragtighede en Kalwing > Bereken *Eerste* moontlike Verwagte Kalfdatum) word as volg bereken: Eerste dekdatum sedert die laaste kalfdatum OF waar verskeie dragtigheidsondersoeke sedert die laaste kalfdatum gedoen is, die eerste dekking sedert die vorige ondersoek PLUS Normale dragtigheidsperiode.<br>2.2. Met die opstelling "Bereken Verwagte Kalfdatums sonder Dekinligting" [Opstellings > Kuddes > Dekking, Dragtighede en Kalwing] aangeskakel (dit is by verstek aangeskakel vir die GAME module), word die verwagte kalfdatum bereken sonder dat daar enige dekkings of dragtigheidsondersoeke in die program aangeteken is.<br>2.2.1. Vir verse ouer as "Minimum Ouderdom van Verse by Eerste Dekking " (Opstellings > Kuddes > Dekking, Dragtigheid en Kalwing) word die verwagte kalfdatum bereken as datum van "Minimum Ouderdom van Verse by Eerste Dekking" PLUS die "Normale Periode Dragtig".<br>2.2.2. Vir koeie met dae sedert laaste kalfdatum meer as die "Gemid. Periode van Kalwing tot weer Gedek word" (Opstellings > Kuddes > Dekking, Dragtigheid en Kalwing) word die verwagte kalfdatum bereken as die laaste kalfdatum PLUS die "Gemid. Periode van Kalwing tot weer Gedek word" (indien > 0, anders die "Ovulasiesiklus") PLUS die "Normale Periode Dragtig". Hierdie berekening word vertoon op die hoofskerm en My Verslae (Laaste Dekking - Geen dekinligting maar het verwagte kalfdatums), Verse en Koeie naby Kalwing verslag, indien "Minimum dae sedert laaste Kalwing (geen dekkings)" gemerk is (by verstek gemerk in die GAME module) en die Verse en Koeie Gekalf/Nie Gekalf Nie" verslag. Hierdie metode bereken dus die vroegste moontlike kalfdatum. Deur die verstek "Minimum Ouderdom van Verse by Eerste Dekking" en/of "Gemid. Periode van Kalwing tot weer Gedek word" opstellings te |

| | | |
|---|---|---|
| | verander, kan die verwagte kalfdatum berekening meer akkuraat gemaak word. | |
| **Reproduksie en Geboorte** | **Beskrywing** | **Algemene riglyne vir Seleksie** |
| Ouderdom Eerste Kalwing (OEK) | Ouderdom (in maande) wanneer die koei vir die eerste keer gekalf het. | Selekteer koeie met 'n lae ouderdom eerste kalwing, in ag genome wanneer hulle vir die eerste keer gepaar is. |
| Ouderdom Laaste Kalwing (OLK) | Ouderdom (in maande) wanneer die koei die laaste keer gekalf het. | Nie gewoonlik gebruik in seleksie - slegs vir inligting. |
| Eerste Tussenkalfperiode (Eerste TKP) | Tydperk (in dae) tussen die eerste en tweede kalfdatums. | Skot koeie met 'n hoë eerste inter-kalwing periode uit, in ag genome wanneer hulle vir die eerste keer en vir die tweede keer gepaar is. |
| Laaste Tussenkalfperiode (Laaste TKP) | Tydperk (in dae) tussen die laaste twee kalfdatums. | Skot koeie met 'n hoë laaste inter-kalwing periode uit. |
| Gemid. Tussenkalfperiode (Gemid. TKP) | Gemiddelde tydperk (in dae) tussen kalwings oor al die kalfdatums. | Skot koeie met 'n hoë gemiddelde inter-kalwing periode uit. |
| Dae Sedert Laaste Kalwing (DSLK) | Die tydperk (in dae) sedert die laaste kalfdatum. | Skot koeie met 'n hoë dae sedert laaste kalwing waarde uit. |
| Reproduksie Indeks (RI) | Die RI evalueer die algehele reproduksie prestasie van 'n koei, met OEK en die gemiddelde TKP in ag geneem. Let asseblief dat DSLK, om tegniese redes, **nie** in ag geneem word in die berekening van die RI nie.<br>Met behulp van die RI kan koeie met verskillende OEK en TKPs direk vergelyk word, bv. 'n koei wat gekalf het op 24, 48 en 60 maande ouderdom sal dieselfde RI hê as 'n koei wat gekalf het op 36, 48 en 60 maande. Let asseblief op dat die RI se standaard van vergelyking 'n nasionale standaard is soos vasgestel deur SA Stamboek. | Skot koeie met 'n lae reproduksie-indeks uit. |
| Geboortegewig verhouding (GGV) | Die verhouding van kalfgewig by geboorte gedeel deur die koeigewig by kalwing, uitgedruk as 'n persentasie. | Selekteer vir 'n gemiddelde (± 7,4%) geboortegewig verhouding. Hoë (bo 8,5%) geboortegewig verhoudings word geassosieer met moeilike kalwings. |
| Tydgenote (Tydg.) | 'n Kontemporêre groep (of tydgenote) is 'n groep diere wat gebore is in dieselfde jaar en seisoen (dus ongeveer dieselfde ouderdom), op dieselfde plek (dieselfde trop of plaas), van dieselfde geslag, en dieselfde bestuur is van geboorte tot die tyd van meting (dieselfde voedingstatus, datum van meting, ens.) Alle prestasie indekse (met die uitsondering van Gestandariseerde Sentrale Groeitoetse (Fase C1 en C2) word bereken binne 'n kontemporêre groep. In Gestandariseerde Sentrale Groeitoetse word die GDT en VOV indekse bereken op 'n kumulatiewe rollende gemiddeld van alle bulle van die betrokke ras wat oor die afgelope 10 jaar getoets is by daardie spesifieke toetssentrum. | Die aantal tydgenote gee 'n aanduiding van die akkuraatheid van die indeks berekeninge: Hoe meer die aantal tydgenote, hoe meer betroubaar is die indekse. Hoe minder, hoe minder betroubaar.<br>Let wel: Korrek gedefiniëerde kontemporêre groepe (in BenguFarm genoem prestasietoetsgroepe) is uiters noodsaaklik vir akkurate prestasietoetsing en teelwaarde beramings. Kontemporêre groepe moet op so 'n wyse gedefiniëer word dat alle betekenisvolle omgewingseffekte – behalwe daardie waarvoor daar in die evaluasiemodel gekorrigeer word, bv. kalfouderdom en moederouderdom – dieselfde is vir alle diere binne 'n spesifieke groep. Dit, gekombineer met goeie genetiese verbindings tussen groepe, sal verseker dat BLUP die genetiese en omgewingseffekte binne |

| | | |
|---|---|---|
| | | enige spesifieke groep effektief kan skei. |
| **Voorspeen (Fase A1)** | | |
| 100 Dae Aangepaste Gewig (100D G) | Voorspeen gewig aangepas (of gekorrigeer) vir die ouderdom van die kalf (na 'n standaard ouderdom van 100 dae) en aangepas vir die ouderdom van die moeder. Die ouderdom-van-moeder aanpassingsfaktor is 'n additiewe faktor om die kalf se gewig aan te pas na 'n volwasse koei basis en word bepaal deur die ouderdom van die moeder, ras van die moeder en die geslag van die kalf. | Gebruik die 100 Dae GDO Indeks vir seleksie - sien hieronder. |
| 100 Dae GDO (100D GDO) | Die ouderdom-van-moeder aangepaste gemiddelde gewigstoename (in g) per dag vanaf geboorte tot 100 dae ouderdom. | Gebruik die 100 Dae GDO Indeks vir seleksie – sien hieronder. |
| 100 Dae GDO Indeks (100D Ind) | Die 100 Dae GDO (Voorspeen) Indeks word bereken deur die kalf se 100 Dae GDO waarde te deel deur die gemiddelde 100 Dae GDO van die betrokke groep (tydgenote) kalwers en word uitgedruk as 'n persentasie.<br>Omdat 'n kalf grootliks afhanklik is van sy moeder melk vir groei op 'n vroeë ouderdom, is die 100 Dae indeks 'n goeie evaluasie van 'n koei se melkproduksie. | Skot koeie uit met twee of meer kalwers met 'n lae (onder 90) 100 Dae GDO Indeks en/of met 'n lae gemiddelde 100 Dae GDO Indeks oor al haar nageslag. Moenie verse (of bulle) met 'n lae 100 Dae Indeks hou vir vervanging nie. |
| **Speen (Fase A2)** | | |
| 205 Dae Aangepaste Gewig (205D G) | Speengewig aangepas (of gekorrigeer) vir die ouderdom van die kalf (na 'n standaard ouderdom van 205 dae) en aangepas vir die ouderdom van die moeder. Die ouderdom-van-moeder aanpassing faktor is 'n additiewe faktor om die kalf se gewig aan te pas na 'n volwasse koei basis en word bepaal deur die ouderdom van die moeder, ras van die moeder en die geslag van die kalf. | Gebruik die 205 Dae GDO Indeks vir seleksie - sien hieronder. |
| 205 Dae GDO (205D GDO) | Die ouderdom-van-moeder aangepaste gemiddelde gewigstoename (in g) per dag vanaf geboorte tot 205 dae ouderdom. | Gebruik die 205 Dae GDO Indeks vir seleksie - sien hieronder. |
| 205 Dae GDO Indeks (205D Ind) | Die 205 Dae GDO (Speen) Indeks word bereken deur die kalf se 205 Dae GDO waarde te deel deur die gemiddelde 205 Dae GDO van die betrokke groep (tydgenote) kalwers en word uitgedruk as 'n persentasie. Die 205 Dae Indeks 'n evaluasie van beide 'n koei se melkproduksie en die kalf se groeitempo tot by speenouderdom. | Die 205 Dae GDO Indeks is 'n evaluering van beide' n koei se melkproduksie en die kalf se groeitempo tot op speen. Skot koeie uit met twee of meer kalwers met 'n lae (onder 90) 205 Dae GDO Indeks **en/of** met 'n lae gemiddelde 205 Dae GDO Indeks oor al haar nageslag. Moenie verse (of bulle) met 'n lae 205 Dae GDO Indeks hou vir vervanging nie. |
| Tydgenote (Tydg.) | Sien hierbo. | |
| Koeidoeltreffendheid (KD) | Koeidoeltreffendheid evalueer die speengewig (aangepas vir ouderdom tot 205 dae) van 'n koei se kalf in vergelyking met haar eie metaboliese of onderhoudsgewig (gewig tot die mag 0.75) by kalwing (of speen indien nie aangeteken tydens kalwing). Bv. 'n koei van 500kg wat 'n kalf van 250 kg speen is meer doeltreffend as 'n koei van 600kg wat 'n kalf van dieselfde gewig speen. | Gebruik die Koeidoeltreffendheidsindeks vir seleksie - sien hieronder. |

| | | |
|---|---|---|
| Koeidoeltreffendheidsindeks (KDI) | Die Koeidoeltreffendheidsindeks word bereken deur die KD waarde te deel deur die gemiddelde KD van die spesifieke groep koeie en kalwers en word uitgedruk as 'n persentasie. | Skot koeie uit met twee of meer lae (onder 90) Koeidoeltreffendheidsindekse en/of met 'n lae gemiddelde Koeidoeltreffendheidsindeks. |
| Produksie per Produktiewe Jaar (PPJ) | Die Produksie per Produktiewe Jaar bereking is die kg speenkalfproduksie (gekorrigeer na 205 dae ouderdom) per produktiewe jaar van die koei. Dit neem dus OEK, gemid. TKP en gemid. 205 dae gewig van 'n koei se kalwers in ag. | Skot koeie uit met 'n Produksie per Produktiewe Jaar syfer wat meer as 10% onder die gemiddeld van die kudde is. |
| Speengewigverhouding (SGV) | Die kalf se ouderdom-aangepaste (tot 205 dae) speengewig gedeel deur die koeigewig by speen van die kalf, uitgedruk as 'n persentasie. Indien by Opstellings > Kuddes > Prestasietoetsing die opsie Bereken Gemiddelde Moeder Speengewigverhouding gebaseer op Individuele Diere AFgeskakel word, word die speengewigte van meerlinge bymekaar getel om die verhouding te bereken. | Streef na 'n gemiddelde Speengewigverhouding van 45 - 50%. Skot koeie uit met 'n lae (onder 40%) gemiddelde speengewig verhouding. |
| Wanneer word 'n kalf as gespeen beskou? [Sien Opstellings > Kuddes > Ander > Interpreteer Nul Speengewig asof die dier Gespeen is]. | 'n Kalf word as gespeen beskou indien:<br>• 'n Gewig met Gewigtipe = Speengewig (A2) aangeteken is binne die minimum en maksimum ouderdomsperk vir speengewig (151-270 dae oud); EN / OF<br>• 'n Speen prosedure aangeteken is (Ander Data> Prosedures). | |
| % Kalwers Gespeen (vir 'n spesifieke koei) | Die aantal gespeende kalwers van 'n koei gedeel deur die totale aantal kalwers wat gespeen kon gewees het as 'n persentasie. (Nota: 'n Kalf word as gespeen gereken indien dit 'n geldige speengewig het (geweeg binne die ouderdomsgrense vir prestasietoetsing) EN die kalf se gewigtipe moet "Speengewig" wees EN/OF die kalf moet 'n "Speen" rekord het by Prosedures). | Skot koeie uit met 'n lae % Kalwers Gespeen waarde. |
| Dragtigheid % | Die aantal koeie dragtig gedeel deur die aantal koeie wat **gepaar** is as 'n persentasie. | |
| Kalf % | Die aantal koeie gekalf gedeel deur die aantal koeie wat **gepaar** is as 'n persentasie. | |
| **12 Maande (Fase B1)** | | |
| 365 Dae Aangepaste Gewig (365D G) | Jaargewig aangepas (of gekorrigeer) vir die ouderdom van die dier (na 'n standaard ouderdom van 365 dae) en aangepas vir die ouderdom van die moeder. Die ouderdom-van-moeder aanpassingsfaktor is 'n additiewe faktor om die dier se gewig aan te pas na 'n volwasse koei basis en word bepaal deur die ouderdom van die moeder, ras van die moeder en die geslag van die kalf. | Gebruik die 365 Dae GDO Indeks vir seleksie - sien hieronder. |
| 365 Dae GDO (365d GDO) | Die gemiddelde gewigstoename (in g) per dag vanaf geboorte tot 365 dae ouderdom. | Gebruik die 365 Dae GDO Indeks vir seleksie - sien hieronder. |
| 365 Dae GDO Indeks (365D Ind) | 365 Dae GDO (12 maande) Indeks word bereken deur die dier se 365 Dae GDO waarde te deel deur die gemiddelde 365 Dae GDO van die betrokke groep (tydgenote) diere, uitgedruk as 'n persentasie.<br>Omdat die 365 Dag-indeks bereken word op die groei vanaf geboorte, dit is 'n funksie van beide die moeder se melkproduksie, die kalf se groeivermoë tot op speen en die naspeense groeivermoë tot 12 maande. | Skot verse en bulle met 'n lae (onder 90) 365 Dae GDO Indeks uit. |

| **18 Maande (Fase B2)** | | |
|---|---|---|
| 540 Dae Aangepaste Gewig (540D G) | 18-maande gewig aangepas (of gekorrigeer) vir die ouderdom van die dier (na 'n standaard ouderdom van 540 dae) en aangepas vir die ouderdom van die moeder. Die ouderdom-van-moeder aanpassing faktor is 'n additiewe faktor om die dier se gewig aan te pas na 'n volwasse koei basis en word bepaal deur die ouderdom van die moeder, ras van die moeder en die geslag van die kalf. | Gebruik die 540 Dae GDO Indeks vir seleksie - sien hieronder. |
| 540 Dae GDO (540D GDO) | Die gemiddelde gewigstoename (in g) per dag vanaf geboorte tot 540 dae ouderdom. | Gebruik die 540 Dae GDO Indeks vir seleksie - sien hieronder. |
| 540 Dae GDO Indeks (540D Ind) | 540 Dae GDO (18 maande) Indeks word bereken deur die dier se 540 Dae GDO waarde te deel deur die gemiddelde 540 Dae GDO van die betrokke groep (tydgenote) kalwers, uitgedruk as 'n persentasie.<br>Omdat die 540 Dae-indeks bereken word op die groei vanaf geboorte, is dit nie net 'n funksie van naspeense groeivermoë nie, maar ook groeivermoë tot op speen. | Skot verse en bulle met 'n lae (onder 90) 540 Dae GDO Indeks uit. |
| **Gestandariseerde Sentrale Groeitoetse (Fase C) en Op-die-Plaas Groeitoetse (Fase D)** | | |
| Gemiddelde Daaglikse Toename (GDT) | Die gemiddelde gewigstoename (in g) per dag **gedurende die groeitoets**. | Gebruik die GDT Indeks vir seleksie - sien hieronder. |
| GDT indeks (GDT Ind) | GDT indeks word bereken deur die bul se GDT waarde te deel deur die gemiddelde GDT van die betrokke groep (tydgenote) bulle, uitgedruk as 'n persentasie.<br>Die GDT indeks is 'n evaluering van 'n bul se naspeense groeivermoë. | Skot bulle met 'n lae (onder 90) GDT Indeks uit. |
| Gemiddelde Daaglikse toename per dag van Ouderdom (GDO) | Die gemiddelde gewigstoename (in g) per dag vanaf geboorte tot aan die einde van die Fase C of -D toets. | Gebruik die GDO Indeks vir seleksie - sien hieronder. |
| GDO Indeks (GDO Ind) | GDO Indeks word bereken deur die bul se GDO waarde te deel deur die gemiddelde GDO van die betrokke groep (tydgenote) bulle, uitgedruk as 'n persentasie.<br>Die GDO Indeks (soos die 540 Dae GDO Indeks) is 'n funksie van beide voorspeense- en naspeense groei. | Skot bulle met 'n lae (onder 90) GDO Indeks uit. |
| Voeromsetverhouding (VOV) [Slegs Gestandariseerde Sentrale Groeitoetse] | Die aantal kg voer wat die bul verbruik per kg gewigstoename tydens die Fase C toetsperiode (84 dae).<br>**Let wel:** Hoe laer die VOV waarde, hoe beter. | Gebruik die VOV Indeks vir seleksie - sien hieronder. |
| Voeromsetverhouding Indeks (VOV Ind) [Slegs Gestandariseerde Sentrale Groeitoetse] | Voeromsetverhouding indeks druk die gemiddelde VOV van die betrokke groep (tyd) bulle uit as persentasie van die bul se VOV waarde.<br>**Let wel:** Hoe hoër die VOV Indeks, hoe beter.<br>Die VOV indeks is 'n evaluering van die doeltreffendheid van die omskakeling van voer in gewigstoename. | Skot bulle met 'n lae (onder 90) VOV Indeks uit. |

| | | |
|---|---|---|
| Residuele Voerinname (RVI) | Residuele voerinname is 'n maatstaf van voerdoeltreffendheid en word gedefinieer as die verskil tussen die werklike voerinname 'n dier en sy verwagte voerinname gebaseer op die grootte en groei. Dit is onafhanklik van die vlak van produksie, en hoe laer die waarde is hoe meer doeltreffend is die dier. | Skot diere uit met 'n hoë Residuele Voerinname waarde. |
| Risuduele Daaglikse Toename (RDT) en RDT indeks | Residuele Daaglikse Toename word gedefinieer as die verskil tussen die werklike en voorspelde daaglikse gewigstoename gebaseer op die regressie van die daaglikse gewigstoename op metaboliese mid gewig en voerinname. Residuele daaglikse toename verteenwoordig die hoeveelheid van die liggaamsgewig-toename wat nie verreken word deur verskille in voerinname en metaboliese mid gewig. In die algemeen, is Residuele Daaglikse Toename geassosieer met vinniger groeitempos terwyl dit onafhanklik is van verskille in voerinname. | Skot diere uit met 'n lae Residuele Voerinname waarde. |
| Kleiberverhouding (KV) [Slegs Op-die-Plaas Groeitoetse] | Die bul se GDT gedeel deur die metaboliese of onderhoudsgewig (eindgewig tot die mag 0.75). | Gebruik die Kleiberverhouding Indeks vir seleksie - sien hieronder. |
| Kleiberverhouding Indeks (KV Ind) [Slegs Op-die-Plaas Groeitoetse] | Kleiberverhouding indeks word bereken deur die bul se KV waarde te deel deur die gemiddelde KV van die betrokke groep (tydgenote) bulle, uitgedruk as 'n persentasie. Die Kleiberverhouding is 'n **indirekte** evaluasie van die doeltreffendheid van die omskakeling van voer in gewigstoename. | Skot bulle met 'n lae (onder 90) Kleiberverhouding Indeks uit. |
| **Liggaamsmates** | | |
| Gekorrigeerde Skrotumomtrek (Gekor. SO) | Skrotumomtrek soos gemeet aan die einde van die Fase C of -D toets aangepas (gekorrigeer) vir die liggaamsgewig van die bul na 'n standaardgewig (bv. 425 kg) per ras. Skrotumomtrek is 'n indirekte evaluasie van testes volume. Groter testes word geassosieer met 'n groter volume semen produksie en ook tot 'n mindere mate, met hoër gehalte semen. | Skot bulle met 'n lae (10% of meer onder die gemiddelde en/of onder die minimum rasstandaard) Gekorrigeerde Skrotumomvang uit. (bv. kudde gemiddeld = 340mm – skot bulle met 'n aangepaste skrotumomvang onder 315mm uit). |
| Gekorrigeerde Skouerhoogte (of Heuphoogte, afhangend van ras) (Gekor. SH (of HH)) | Skouerhoogte (of Heuphoogte) soos gemeet aan die einde van die Fase C of -D toets aangepas (gekorrigeer) vir die ouderdom van die bul na 'n standaard ouderdom van 365 dae.<br>Skouerhoogte (of Heuphoogte) is 'n aanduiding van die raamgrootte van die dier. | Skot bulle met uiters lae of hoë Aangepaste Skouerhoogte (of Heuphoogte) uit. |
| Gekorrigeerde Liggaamslengte (Gekor. LL) | Liggaamslengte soos gemeet aan die einde van die Fase C of -D toets aangepas aangepas (gekorrigeer) vir die ouderdom van die bul na 'n standaard ouderdom van 365 dae. | Selekteer bulle met 'n bogemiddelde Aangepaste Liggaamslengte. |
| Lengte/Hoogte verhouding (H:L verhouding) | Liggaamslengte gedeel deur Skouerhoogte (of Heuphoogte) verhouding. | Selekteer bulle met 'n bogemiddelde Lengte/Hoogte Verhouding. |

| | | |
|---|---|---|
| **Bosluisweerstand** | | |
| Bosluisweerstand Indeks<br>(BW Ind)<br>[Slegs veld Op-die-Plaas Groeitoetse] | Die aantal bosluise op spesifieke plekke op die liggaam van die bul kan met gereelde tussenposes tydens die Fase D toets getel word. Die Bosluisweerstand Indeks word bereken deur die gebruik van die logaritme van die totale aantal bosluise op 'n bul in verhouding met die logaritme van die gemiddelde aantal bosluise getel op die betrokke groep (tydgenote) bulle, uitgedruk as 'n persentasie.<br>Die Bosluisweerstand Indeks evalueer die relatiewe weerstand van die dier teen bosluis besmetting. | Selekteer bulle met 'n bogemiddelde Bosluisweerstand Indeks. |
| **Karkaseienskappe (RTU Metings)** | | |
| Binnespierse Vet (marmering) % (BSV %) | Die % binnespierse vet (marmering) in die oogspier, soos gemeet deur ultrasoniese skandering van die lewendige dier.<br>Hoër binnespierse vet % hou verband met smaakliker en sagte vleis. | Gebruik die binnespierse vet % Indeks vir seleksie - sien hieronder. |
| Binnespierse Vet (marmering) % Indeks<br>(BSV % Ind) | Binnespierse Vet % Indeks word bereken deur die dier se BSV % waarde te deel deur die gemiddelde BSV% waarde van die betrokke groep (tydgenote) diere, uitgedruk as 'n persentasie. | Selekteer vir 'n bogemiddelde Binnespierse Vet % Indeks INDIEN dit as belangrik geag word en/of van ekonomiese waarde is vir jou mark. |
| Karkas Rooivleis %<br>(KRV %) | Die persentasie van die karkasgewig wat bestaan uit vleis, insluitende binnespierse vet. | Gebruik die Karkas Rooivleis % Indeks vir seleksie - sien hieronder. |
| Karkas Rooivleis % Indeks<br>(KRV % Ind) | Karkas Rooivleis % indeks word bereken deur die dier se KRV % waarde te deel deur die gemiddelde KRV % waarde van die betrokke groep (tydgenote) diere, uitgedruk as 'n persentasie. | Selekteer vir 'n bogemiddelde Karkas Rooivleis % Indeks. |
| Spier %<br>(S %) | Die persentasie spier in die karkas relatief tot die lewende gewig van die dier. Die S % berekening is lewende gewig x uitslag % x KRV %. | Gebruik die Spier % Indeks vir seleksie - sien hieronder. |
| Spier % Indeks<br>(S % Ind) | Spier % indeks word bereken deur die bul se S % waarde te deel deur die gemiddelde S % waarde van die betrokke groep (tydgenote) diere, uitgedruk as 'n persentasie. | Selekteer vir 'n bogemiddelde Spier % Indeks. |
| Kg Voorspelde Rooivleis<br>(Kg VRV) | 'n Beraming van die kilogram spier wat die lewendige dier sal produseer (in karkas vorm). | Selekteer vir 'n bogemiddelde Kg Voorspelde Rooivleis. |
| **Retensie van Nageslag (slegs vir geregistreerde/stoet beeste)** | | |
| Goedkeuring %<br>(Goedgek. %)<br>[Slegs van toepassing op stoetteling beeste met verpligte inspeksie vir registrasie doeleindes] | Goedkeuring % is die aantal nageslag goedgekeur tydens inspeksie, gedeel deur die aantal nageslag wat aangebied was vir inspeksie, uitgedruk as 'n persentasie. | Selekteer koeie en bulle met 'n bogemiddelde Goedkeuring % oor hul nageslag. |

| **Pelviese Metings** | | |
|---|---|---|
| Aangepaste Pelviese Area (APA) | Aangepaste Pelviese Area word bereken deur die pelviese opening hoogte te vermenigvuldig met die pelvis opening breedte, aangepas vir die dier se ouderdom en geslag.<br>Aangepaste Pelviese Area word gebruik om die kalwingsgemak te voorspel by verse. | Skot verse met 'n lae Aangepaste Pelviese Area uit **of** gebruik die Aangepaste Pelviese Area Indeks vir seleksie - sien hieronder. |
| Aangepaste Pelviese Area Indeks (APA Ind) | Aangepaste Pelviese Area Indeks word bereken deur die dier se APA waarde te deel deur die gemiddelde APA van die betrokke groep (tydgenote) diere, uitgedruk as 'n persentasie. | Skot verse met 'n lae (onder 90) Aangepaste Pelviese Area Indeks uit. |

# Bylaag I

# Kontakbesonderhede

Vir navrae en hulp met betrekking tot BenguFarm BEEF, skakel asseblief jou **toegekende** agent.

| NAAM | KAPASITEIT | KANTOOR | SEL NO | E-POS |
|---|---|---|---|---|
| Leslie Bergh | Projekleier & Agent | Pretoria | 082 801 2026 | bengufarm@gmail.com |
| Philna Moelich | Registrasie van Sagteware | Bloemfontein | 051 410 0910 | registration@benguelasoft.co.za |
| Johan de Jager | Agent | Potchefstroom | 083 305 1042 | jjager@mweb.co.za |
| Jolandi de Jager | Agent | Potchefstroom | 083 601 9383 | beefpro@mweb.co.za |
| Tinus Viljoen | Agent | Paarl | 072 470 8386 | tinusviljoen1958@gmail.com |
| Erick Joosten | Agent | Somerset-Wes | 082 204 2379 | erickjoosten@gmail.com |
| Dolf Cloete | Agent | Vryburg | 082 660 3266 | dolfcloete@gmail.com |
| Internasionale skakelkode vir Suid-Afrika: +27 | | | | |

**Webwerf: www.bengufarm.co.za**

BenguFarm agente maak gebruik van **Teamviewer sagteware vir afstand (Internet) ondersteuning.** Teamviewer kan, indien geïnstalleer, vanuit BenguFarm oopgemaak word deur op die hoofskerm te gaan na Hulp > Teamviewer Afstand Ondersteuning. Indien nie geïnstalleer, kan Teamviewer afgelaai en geïnstalleer word by www.teamviewer.com. Indien jy ondersteuning met behulp van Teamviewer benodig, maak jou Teamviewer oop (maak seker jou Internet verbinding is aangeskakel) op "Remote Control", kontak jou BenguFarm agent en verskaf aan hom/haar jou Teamviewer ID en wagwoord.

# Opleidingskursusse en individuele opleiding

BenguFarm BEEF gebruikers word per e-pos deur middel van die BenguFarm Nuusbrief in kennis gestel van die betrokke datums, plekke en ander detail wanneer daar kursusse gereël is. Hierdie inligting word ook op die webwerf www.bengufarm.co.za > Training geplaas.

Vir individuele of klein groepie (1-3 persone) of aanlyn opleiding, kontak jou BenguFarm agent of kontak mnr. Leslie Bergh by 082 801 2026 of e-pos bengufarm@gmail.com of mnr. Johan de Jager by 083 305 1042 of e-pos jjager@mweb.co.za.